

**DIE INVLOED VAN ADOLESSENSIE OP DIE
HUWELIKSBEVREDIGING VAN DIE OUERS IN
DIE VROEË MIDDELJARE: 'N
MAATSKAPLIKEWERKERSPESIEK**

deur

Catharina Johanna Evert

Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes vir die
graad

Magister Artium in Maatskaplike Werk

In die

Fakulteit Geesteswetenskappe

Universiteit van Pretoria

PRETORIA

STUDIELEIER: DR. C.E. PRINSLOO

Oktober 2002

VOORWOORD

Ek wil graag my opregte dank en waardering teenoor die volgende uitspreek:

- ❖ **My Hemelse Vader aan wie ek al die eer gee en dank vir Sy krag en liefde.**
- ❖ **My studieleier, Dr. Prinsloo vir al u waardevolle raad, ondersteuning en moeite.**
- ❖ **Me. Rina Owen van Rekenaarondersteuning vir u verwerking en interpretasie van die data.**
- ❖ **My ouers, John en Sintia vir al julle liefde, geduld, hulp en ondersteuning dwarsdeur my studies.**
- ❖ **My suster, Sintie vir al jou hulp, moeite en ondersteuning.**
- ❖ **Riaan vir al jou aanmoediging, geloof en liefde.**
- ❖ **Conrad Appelcryn, vir al die rekenaar hulp en figure.**
- ❖ **Mnr. F. Maree vir die hulp en leiding rakende die respondente.**
- ❖ **Dank aan al die respondente vir die deelname.**
- ❖ **Mnr. P. Zeelle vir die taalkundige versorging.**

Karen C.J. Evert

PRETORIA, OKTOBER 2002

“The source of love is deep in us and we can help others realize a lot of happiness. One word, one action, one thought can reduce another person’s suffering and bring that person joy”

Thic Nhat Hanh

OPSOMMING

DIE INVLOED VAN ADOLESSENSIE OP DIE HUWELIKSBEVREDIGING VAN DIE OUERS IN DIE VROEË MIDDELJARE: 'N MAATSKAPLIKEWERKERSPEKTIEF

deur

Catharina Johanna Evert

Studieleier: Dr. C.E. Prinsloo
Departement Maatskaplike werk
Universiteit van Pretoria

Graad: Magister Artium in Maatskaplike Werk

Huwelike in die Suid-Afrikaanse samelewing word tans met radikale veranderings gekonfronteer. Beraders en terapeute word gekonfronteer met middeljarige huweliksmaats wat met verskeie probleme presenteer wat hulle huweliksverhouding beïnvloed. Dikwels het die egpaar kinders in die fase van adolessensie wat soms ook 'n bron van konflik is. Die huweliksverhouding van die ouers moet egter op een of ander manier, hetsy positief of negatief, beïnvloed word deur die fase van adolessensie van die kinders, maar inligting in die Suid-Afrikaanse konteks oor hierdie invloed kon nie opgespoor word nie.

Die navorsingsprobleem is geformuleer op grond van die gesin wat deur twee veranderinge, naamlik die fase van adolessensie en die fase van die vroeë middeljarige terselfdertyd beweeg. Hierdie tydperk in die gesin word ook aan 'n hoë egskeidingsyfer in die Suid-Afrikaanse konteks herken.

Dit is baie moeilik om die aanvang en beeëindiging van die fase van adolessensie kronologies volgens 'n ouderdom te onderskei. Hierdie lewensfase het sy eie unieke

individuele aanvang- en beeëindigingstyd vir elke adolessent. Die adolessente fase word in twee periodes verdeel.

Dit blyk dat laat adolessensie (vanaf 15/16 jaar tot volwassenheid) 'n meer komplekse periode is as vroeë adolessensie (11 jaar tot 15/16 jaar) vanweë die meer gevorderde ontwikkelinge in die laat periode. Daar is 'n beduidende ooreenkoms dat die fase van adolessensie soortgelyk is as die fase van die vroeë middeljarige aangesien beide deur seksuele- en identiteitskrisisse gaan, rolverdeling, emosionele aanpassing, herassessering van waardes- en finansiële probleme ervaar.

Nes die fase van adolessensie kan daar teoreties na verskeie ouderdomme verwys word as poging om die middeljarige af te baken. Hierdie lewensfase kan egter ook nie in 'n presiese kronologiese ouderdom afgebaken word nie. Die literatuur dui aan dat die huweliksbevrediging van die egmaats in die fase van die vroeë middeljarige wel meer negatief beïnvloed kan word deur die fase van adolessensie.

Die doel van hierdie ondersoek is om verkennende navorsing uit te voer na die invloed wat die fase van adolessensie op die huweliksbevrediging van die ouers in hulle vroeë middeljarige het. Die kwantitatiewe navorsingsproses is gevolg in die navorsing, alhoewel navorsingsmetodes uit beide die kwantitatiewe- en kwalitatiewe benaderings gebruik is. 'n Navorsingsvraag is soos volg geformuleer: Wat is die invloed wat die fase van adolessensie op die huweliksverhouding van die middeljarige ouers het? Die vraag was deur middel van die verkennende navorsingsontwerp en met behulp van gestandaardiseerde skale (kwantitatiewe data-insamelingsmetode) en aangesig-tot-aangesig onderhoude (kwalitatiewe data-insamelingsmetode) ondersoek. Die kwantitatiewe data se resultate bestaan uit die verwerking van die respondente se biografiese gegewens, asook die gestandaardiseerde skale vir huwelikstevredenheid, -gesinsverhouding en -ouergesindheid. Die kwalitatiewe data se resultate bestaan uit die verwerking van die aangesig-tot-aangesig onderhoude.

Alle kwalitatiewe asook kwantitatiewe data het 'n ooreenkomstige antwoord op die navorsingsvraag verskaf. Hierdie data het aangedui dat die adolessent wel die ouers se huweliksverhouding beduidend meer negatief as positief beïnvloed.

Verdere navorsing deur middel van in-diepte gevallestudies, asook navorsing met gesinne waar die adolessent in of die vroeë of in die laat adolessensie is, word aanbeveel.

SUMMARY

THE INFLUENCE OF ADOLESCENCE ON THE MARITAL SATISFACTION OF THE PARENTS IN THEIR EARLY MIDDLE YEARS: A SOCIAL WORK PESPECTIVE

By

Catharina Johanna Evert

Supervisor: Dr. C.E. Prinsloo
Department of Social Work
University of Pretoria

Degree: Magister Artium in Social Work

Marriages within the South-African context are currently being confronted with radical changes. Counselors and therapists' are regularly being confronted with middle age marital partners who present with problems that have an effect on the marital relationship. In most cases, the marital couple has children in the phase of adolescence who are at times a source of conflict. The marital relationship of the parents is affected either positively or negatively through the children who are in a phase of adolescence, although information in the South-African context could not be found.

The research problem is being formulated on the basis that these families are experiencing two changes at the same time, namely; the phase of adolescence and the phase of the early middle years. During this period, the family is also exposed to a high divorce rate in the South-African context.

It is very difficult to separate the beginning and the end of the phase of adolescence on a chronological age. This life phase has its own unique individual beginning and end for each adolescent.

The phase of adolescence can be divided into two periods. It seems that late adolescence (from 15/16 years to adulthood) is a more complex period compared to the early adolescence (11 years to 15/16 year), due to the more advanced development in the late period. There is a recognizable similarity between the phase of adolescence and the phase of early middle years because both phases are exposed to sexual- and identity crises, role changes, emotional adaptation, re-assessment and problems regarding values and finances.

Just like the phase of adolescence it is difficult to divide the middle years into specific age groups. It is therefore very difficult to add a precise chronological division to it. The literature shows that the marital satisfaction of marital couples who are in their early middle years is influenced in a more negative way by the phase of adolescence.

The aim of the study was to investigate the influence of the phase of adolescence on the marital satisfaction of the parents. The quantitative research process was followed during the research, however research methods from both the quantitative- and the qualitative approaches were used. The research question was formulated as follows: What is the influence of the phase of adolescence on the marital satisfaction of the middle age parents. The question was researched by explorative research designs, by methods of standardized scales (quantitative data) and face-to-face interviews (qualitative data). The results of the quantitative data consist of analyzing the respondent's biographical information as well as the standardized scales for marital satisfaction, family relations and parental attitudes. The results of the qualitative data consist of the interpretation of the face-to-face interviews.

All the quantitative- and qualitative results had a similar outcome in terms of the research question. This data proven that the adolescents influence their middle age parents marital satisfaction, more negatively than positively.

Future research with in-depth case studies as well as research with families where the adolescents are either in the early or late stages of adolescence is proposed.

SLEUTELTERME

Lewensfases

Adolesensie

Vroeë middeljare

Gesinne

Huwelik

Huweliksbevrediging

Ontwikkelingstake

Fisiese ontwikkeling

Sosiale ontwikkeling

Kognitiewe ontwikkeling

KEY WORDS

Phase of life

Adolescence

Early middle age

Families

Marriages

Marital satisfaction

Developmental phases

Physical development

Social development

Cognitive development

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1.....	1
INLEIDING TOT DIE ONDERSOEK.....	1
1.1 INLEIDING.....	1
1.2 MOTIVERING VIR DIE KEUSE VIR DIE ONDERWERP.....	2
1.3 PROBLEEMFORMULERING.....	3
1.4 DOELSTELLING EN DOELWITTE.....	9
1.4.1 Doelstelling.....	9
1.4.2 Doelwitte.....	9
1.5 NAVORSINGSVRAAG VIR DIE STUDIE.....	10
1.6 NAVORSINGSBENADERING.....	10
1.6.1 Kwantitatiewe benadering.....	11
1.6.2 Kwalitatiewe benadering.....	12
1.6.3 Gekombineerde kwantitatiewe-kwalitatiewe benadering.....	13
1.6.3.1 Twee-fase model.....	14
1.6.3.2 Dominante minder-dominante model.....	14
1.6.3.3 Gemengde metodologiese ontwerp model.....	14
1.7. SOORT NAVORSING.....	14
1.8 NAVORSINGSONTWERP.....	15
1.9 NAVORSINGSPROSEDURE EN WERKWYSE.....	16
1.9.1 Kwantitatiewe data-insamelingsmetodes.....	16
1.9.2 Kwalitatiewe data-insamelingsmetodes.....	18
1.10 VOORONDERSOEK.....	19
1.10.1 Literatuurstudie.....	19
1.10.2 Konsultasie met deskundiges.....	21
1.10.3 Uitvoerbaarheid van die ondersoek.....	22
1.10.4 Toetsing van meetinstrumente.....	23
1.10.4.1 Kwantitatiewe meetinstrument.....	23
1.10.4.2 Kwalitatiewe meetinstrument.....	24
1.11 OMSKRYWING VAN UNIVERSUM, AFBAKENING VAN STEEKPROEF EN WYSE VAN STEEKPROEFNEMING.....	24
1.12 ETIESE ASPEKTE.....	26
1.13 DEFINISIES VAN HOOFKONSEPTE.....	27
1.13.1 Fase van adolessensie.....	27

1.13.2	Fase van die middeljare.....	28
1.13.3	Huweliksverhouding.....	29
1.13.4	Huweliksbevrediging.....	29
1.14	BEPERKING EN LEEMTES IN DIE ONDERSOEK.....	30
1.15	INDELING VAN NAVORSINGSVERSLAG.....	31
1.16	SAMEVATTING.....	32
HOOFSTUK 2.....		33
DIE FASE VAN ADOLESSENSIE.....		33
2.1	INLEIDING.....	33
2.2	AARD VAN ADOLESSENSIE.....	33
2.2.1	Afbakening van die fase van adolessensie.....	33
2.2.2	Omskrywing van die fase van adolessensie.....	35
2.3	ONTWIKKELINGSTAKE VAN DIE FASE VAN ADOLESSENSIE.....	35
2.3.1	Kognitiewe ontwikkeling.....	35
2.3.1.1	Karaktereienskappe van die formele operasionele fase.....	37
2.3.1.2	Persoonlikheidsontwikkeling.....	38
2.3.1.3	Selfkonsepontwikkeling.....	39
2.3.1.4	Identiteitsontwikkeling.....	40
2.3.1.5	Kulturele- en omgewingsinvloede op die kognitiewe vlak.....	41
2.3.1.6	Optredes van die adolessent vanweë kognitiewe ontwikkeling.....	43
2.3.2	Fisiese ontwikkeling.....	45
2.3.2.1	Liggaamsveranderinge.....	45
2.3.2.2	Seksuele veranderinge.....	46
2.3.2.3	Hormonale veranderinge.....	49
2.3.2.4	Die invloed van die vroeë- teenoor laat intrede van fisiese veranderinge by die adolessent.....	51
2.3.2.5	Probleme weens die fisiese veranderinge.....	51
2.3.3	Normatiewe ontwikkeling.....	53
2.3.3.1	Morele ontwikkeling.....	53
2.3.3.2	Geestelike ontwikkeling.....	55
2.3.4	Sosiale ontwikkeling.....	55
2.3.4.1	Sosiale verhoudinge.....	56
2.3.4.2	Ouerskapstyle tydens die fase van adolessensie.....	58
2.3.4.3	Konflik tussen die adolessent en die ouers.....	59
2.3.4.4	Die fase van die middeljare teenoor die fase van adolessensie.....	60
2.3.4.5	Verandering van die adolessent se status.....	63

2.3.4.6	Ontwikkelingstake wat die sosiale ontwikkeling beïnvloed.....	65
2.4	SAMEVATTING.....	68
	HOOFSTUK 3.....	73
	DIE FASE VAN DIE VROEË MIDDELJARE.....	73
3.1	INLEIDING.....	73
3.2	AARD VAN DIE VROEË MIDDELJARE.....	73
3.2.1	Afbakening van die fase van die vroeë middeljare.....	73
3.2.2	Omskrywing van die fase van die vroeë middeljare.....	75
3.3	ONTWIKKELINGSTAKE VAN DIE FASE VAN DIE VROEË MIDDELJARE.....	76
3.3.1	Kognitiewe ontwikkeling.....	77
3.3.1.1	Toebroodjie generasie.....	78
3.3.1.2	Mortaliteit.....	79
3.3.1.3	Leë-nes fase.....	80
3.3.1.4	Skoonouers en grootouers.....	81
3.3.1.5	Broers en susters.....	82
3.3.1.6	Vorraadopname.....	83
3.3.2	Fisiese ontwikkeling.....	84
3.3.2.1	Ligaams veranderinge.....	85
3.3.2.2	Seksuele veranderinge.....	86
3.3.2.3	Hormonale veranderinge.....	87
3.3.3	Sosiale ontwikkeling.....	89
3.3.3.1	Die huwelik in die vroeë middeljare.....	89
3.3.3.2	Beroepsbeoefening soos in die fase van die vroeë middeljare.....	93
3.3.3.3	Ander sosiale verhoudinge in die fase van die vroeë middeljare.....	100
3.4	SAMEVATTING.....	106
	HOOFSTUK 4.....	109
	EMPIRIESE NAVORSING.....	109
4.1	INLEIDING.....	109
4.2	DIE NAVORSINGSPROSES.....	109
4.2.1	Keuse van navorsingsonderwerp.....	109
4.2.1.1	Navorsingsonderwerp.....	109
4.2.1.2	Probleem-identifisering.....	110
4.2.2	Pobleemformulering.....	111
4.2.2.1	Literatuurstudie.....	111

4.2.2.2	Formele probleemformulering.	112
4.2.3	Konseptualisering en operasionalisering.	114
4.2.3.1	Sentrale konsepte.....	114
4.2.3.2	Navorsingsvraag.....	114
4.2.3.3	Navorsingsontwerp.....	114
4.2.3.4	Data-insamelingsmetode.....	115
4.2.4	Data-insameling.....	115
4.2.4.1	Loodsstudie.....	115
4.2.4.2	Steekproef.....	116
4.2.5	Analisering en interpretering van data.	116
4.3	KWANTITATIEWE DATA.....	117
4.3.1	Afdeling 1: Biografiese gegewens.....	117
4.3.2	Afdeling 2: Resultate van die Hudsonskale.....	131
4.4	KWALITATIEWE DATA.....	158
4.4.1	Aangesig-tot-aangesig onderhoude.....	159
4.5	SAMEVATTING.....	174
HOOFSTUK 5.....		176
ALGEMENE SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS.....		176
5.1	INLEIDING.....	176
5.2	HOOFSTUK 1: INLEIDING TOT DIE ONDERSOEK.....	177
5.2.1	Samevatting.....	177
5.2.2	Gevolgtrekkings.....	177
5.2.3	Aanbevelings.....	178
5.3	HOOFSTUK 2: DIE FASE VAN ADOLESSENSIE.....	179
5.3.1	Samevatting.....	179
5.3.2	Gevolgtrekkings.....	181
5.3.3	Aanbevelings.....	182
5.4	HOOFSTUK 3: DIE FASE VAN DIE VROEË MIDDELJARE.....	183
5.4.1	Samevatting.....	183
5.4.2	Gevolgtrekkings.....	184
5.4.3	Aanbevelings.....	185
5.5	HOOFSTUK 4: EMPIRIESE ONDERSOEK.....	186
5.5.1	Samevatting.....	186
5.5.2	Gevolgtrekkings.....	187
5.5.3	Aanbevelings.....	189
5.6	TOETS VAN DOELSTELLING EN DOELWITTE.....	192

5.6.1	Doelstelling.....	192
5.6.2	Doelwitte.....	192
5.6.2.1	Doelwit 1.....	192
5.6.2.2	Doelwit 2.....	193
5.6.2.3	Doelwit 3.....	193
5.6.2.4	Doelwit 4.....	193
5.7	TOETS VAN DIE NAVORSINGSVRAAG.....	194
5.7.1	Navorsingsvraag.....	194
5.8	SLOTOPMERKING.....	195
	BRONNELYS.....	196

LYS VAN TABELLE

Tabel 1:	Egskeidingsyfer van die Suid-Afrikaanse bevolking van 1997-1998.....	1
Tabel 2:	Duur van huwelike tydens egskeiding, waar wit minderjarige kinders betrokke was in die Suid-Afrikaanse gemeenskap van 1997-1998.....	7
Tabel 3:	Die grense van die fase van adolessensie.....	34
Tabel 4:	Blasi en Miltons se vier vlakke van identiteit.....	40
Tabel 5:	Fases van groei by seuns en dogters tydens puberteit.....	47
Tabel 6:	Ouderdomsverspreiding van die egmaats (N=47).....	118
Tabel 7:	Ouderdomsverspreiding van die adolessente (N=25).....	119
Tabel 8:	Opvoedkundige kwalifikasie (N=48).....	120
Tabel 9:	Opvoedkundige kwalifikasie van die adolessent (N=25).....	122
Tabel 10:	Huidige beroep van die egmaats (N=48).....	123
Tabel 11:	Huwelikstatus van die egmaats (N=48).....	124
Tabel 12:	Duur van egmaats se huidige huwelik (N=25).....	126
Tabel 13:	Totale aantal kinders per gesin (N=59).....	128
Tabel 14:	Adolessente se posisie in huis (N=25).....	130
Tabel 15:	Indeks van huwelikstevredenheid: Individuele telling van die egmaats saam gegroepeer (N=46).....	132
Tabel 16:	Ek voel ek sou 'n ander lewensmaat gekies het as ek weer die kans sou kry (N=46).....	134
Tabel 17:	Ek voel ons verhouding verbrokkel (N=46).....	135
Tabel 18:	Ek voel dat ons nie genoeg belangstellings deel nie (N=46).....	137
Tabel 19:	Ons verhouding is baie stabiel (N=46).....	138
Tabel 20:	Indeks vir ouergesindheid: Individuele tellings van die egmaats saam gegroepeer (N=46).....	140
Tabel 21:	Ek hou nie van my kind nie en ek wens ek het nie hierdie kind gehad nie (N=46).....	142
Tabel 22:	Ek het 'n weersin in my kind en ek haat my kind (N=46).....	143
Tabel 23:	Indeks vir gesinverhoudinge: Individuele tellings van die respondente as gesin saam gegroepeer (N=72).....	146
Tabel 24:	Dis regtig vir my onbelangrik om by my gesin te wees (N=72).....	149
Tabel 25:	Ek wens ek was nie deel van hierdie gesin nie (N=72).....	150
Tabel 26:	My gesinslede argumenteer te veel (N=72).....	151

Tabel 27:	Gesamentlike tabel vir die vergelyking van die Indeks van huwelikstevredeheid, ouergesinheid en gesinsverhoudinge	153
Tabel 28:	Pearson se korrelasie koëffisiënt (N=72).....	156
Tabel 29:	Getabuleerde samevatting van die invloed wat die adolessent het op die atmosfeer in die huis	172
Tabel 30:	Getabuleerde samevatting van die wyse hoe die adolessent die ouers se huwelikstevredenheid kan beïnvloed.....	173

LYS VAN FIGURE

Figuur 1:	Ouderdomspatrone van die egskeidings onder Suid-Afrikaanse mans vir 1997.....	5
Figuur 2:	Ouderdomspatrone van die egskeidings onder Suid-Afrikaanse mans vir 1998.....	6
Figuur 3:	Moontlike hoeveelheid adolessente betrokke in egskeidings waar die Ouers se huwelik na 10-19 jaar ontbind is in 1997.....	7
Figuur 4:	Moontlike hoeveelheid adolessente betrokke in egskeidings waar die Ouers se huwelik na 10-19 jaar ontbind is in 1998.....	8
Figuur 5:	Skematiese voorstelling van die navorsingsverslag.....	31
Figuur 6:	Opvoedkundige kwalifikasie van die man (N=23).....	120
Figuur 7:	Opvoedkundige kwalifikasie van die vrou (N=25).....	121
Figuur 8:	Opvoedkundige kwalifikasie van die adolessent (N=25).....	122
Figuur 9:	Huidige beroep van die man (N=23).....	123
Figuur 10:	Huidige beroep van die vrou (N=25).....	124
Figuur 11:	Huwelikstatus van die egmaats (N=48).....	125
Figuur 12:	Duur van huidige huwelik (N=25).....	127
Figuur 13:	Gemiddelde ouderdom van egmaats se kinders (N=59).....	129
Figuur 14:	Adolessent se posisie in huis (N=25).....	130
Figuur 15:	Ek voel dat ek 'n ander lewensmaat sou kies as ek weer die kans sou kry (N=46).....	135
Figuur 16:	Ek voel ons verhouding verbrokkel (N=46).....	136
Figuur 17:	Ek voel dat ons nie genoeg belangstellings deel nie (N=46).....	137
Figuur 18:	Ons verhouding is baie stabiel (N=46).....	138
Figuur 19:	EK hou nie van my kind nie (N=46).....	142
Figuur 20:	Ek wens ek het nie hierdie kind gehad nie (N=46).....	143
Figuur 21:	Ek het 'n weersin in my kind (N=46).....	144
Figuur 22:	Ek haat my kind (N=46).....	144
Figuur 23:	Dis regtig vir my onbelangrik om by my gesin te wees (N=72).....	149
Figuur 24:	Ek wens ek was nie deel van hierdie gesin nie (N=72).....	150
Figuur 25:	My gesinslede argumenteer te veel (N=72).....	151
Figuur 26:	Skematiese voorstelling van die navorsingsverslag.....	176

LYS VAN BYLAE

Bylaag 1:	Dekbrief aan respondente: vroeë middeljarige ouers.....	202
Bylaag 2:	Dekbrief aan respondente: adolessente.....	204
Bylaag 3:	Hudsonskaal: Indeks van huweliksbevrediging.....	205
Bylaag 4:	Hudsonskaal: Indeks van ouergesindheid.....	206
Bylaag 5:	Hudsonskaal: Indeks van gesinsverhoudinge.....	207

HOOFSTUK 1

INLEIDING TOT DIE ONDERSOEK

1.1 INLEIDING

Huwelike in die Suid-Afrikaanse samelewing word tans met radikale veranderings gekonfronteer. Die kinders uit hierdie huwelike word ook aan veranderinge en vernuwing blootgestel. Die ekonomiese druk, werkloosheidsyfer, minimalisering van normes en waardes, dwelmmisbruik, portuurgroepdruk en verskillende ouerskapstyle is slegs enkele van die blootstellings. Vrae na hierdie eksterne invloed op die gesinsinteraksie is reeds nagevors. Die vraag ontstaan egter na die interne invloed wat binne die gesinsinteraksie plaasvind.

Studies oor die huweliksverhouding van vroeë middeljarige ouers, die fase van adolessensie en die ouers se invloed op adolessensie word individueel breedvoerig in veelsydige bronne beskryf en verklaar. Navorsing oor die invloed van die fase van adolessensie op die huweliksbevrediging en huweliksverhouding van die ouers is egter beperk. Halford & Markman (1997: 225) noem dat die meeste huweliksmaats die koms van kinders as 'n normale deel van die volwasse lewensiklus beskou. Die huweliksmaats word dan genoodsaak om hulle prioriteite te hersien en selfs hulle beroepe tydelik te staak ter wille van die versorging van die kinders. Ambert (1997:24) meld dat daar onsekerheid is oor die impak van adolessente se gedrag op die ouers se verhouding. Dit is wel duidelik dat die ouers se verhouding 'n rol speel tydens die interaksie met die adolessent. Die fase van adolessensie is die fase waar identiteitskrisisse ervaar word. So ook staan die fase van die middeljare bekend vir die gekompliseerde verandering waardeur die individue gaan. Die bestudering en verkenning van die interaksie en invloede in hierdie twee fases is nie alleen noodsaaklik vir uiteindelijke hulpverlening aan gesinne in hierdie fase nie, maar is ook 'n uitdaging.

Studies toon dat kinderlose huweliksmaats dikwels hoër huweliksbevrediging ervaar as huweliksmaats wat dieselfde tydperk getroud is, maar reeds kinders het. Halford & Markman (1997:225) beklemtoon egter dat ouers die invloed van jonger kinders op hulle huweliksverhouding grootliks as positief omskryf.

Hoofstuk 1: Inleiding tot die ondersoek

Hulle ervaar dat jonger kinders hulle nader aan mekaar bring, interafhanklikheid verhoog, hulle 'n gemeenskaplike doel laat ontwikkel en aan hulle vreugde verskaf. In dieselfde studie is die negatiewe aspekte ook erken, maar hierdie aspekte was in die minderheid. Van die negatiewe aspekte wat in die studie uitgewys is, was onder andere konflik tussen huweliksmaats en die huweliksmaats se behoefte aan meer tyd saam.

Halford & Markman (1997: 225) is van mening dat indien die positiewe en negatiewe aspekte wel met mekaar vergelyk word, die negatiewe aspekte wel 'n groter invloed op die huweliksmaats het as wat die positiewe aspekte het, veral waar die kinders in die fase van adolessensie is. Die presiese omvang van die invloed is egter onbekend aangesien die skrywers noem dat daar minimale navorsing en/of literatuur oor die invloed van adolessensie op die huweliksverhouding en huweliksbevrediging van die ouers is. Dit is wel bekend dat die fase van adolessensie gepaard gaan met groot veranderinge. (Vgl. Lamanna & Riedman, 1991:414 en Carter & McGoldrick, 1999:274.) Wanneer die kind in die fase van adolessensie veranderinge ondergaan, ondergaan die ouers as huweliksmaats ook 'n verandering ten opsigte van die aanvang van die fase van die middeljare. Beide ouers en adolessente gaan dus deur 'n fase van verandering.

Lauer & Lauer (1997:327) noem dat nie alle individue noodwendig 'n middeljare-krisis ervaar nie, maar almal ervaar wel verskeie uitdagings asook vrese ten opsigte van die nuwe fase. Vrouens is geneig om die veranderinge van die middeljare vroeër as die man te beleef, naamlik rondom die ouderdom van vyf-en-dertig.

1.2 MOTIVERING VIR DIE KEUSE VAN DIE ONDERWERP

In die navorser se daaglikse praktykbeoefening is en word sy gereeld gekonfronteer met middeljarige huweliksmaats wat met verskeie probleme presenteer wat hulle huweliksverhouding beïnvloed. In die meeste gevalle het die huweliksmaats gewoonlik kinders in die fase van adolessensie wat soms ook 'n bron van konflik is. Die huweliksverhouding van die ouers moet egter op een of ander manier, hetsy positief of negatief, beïnvloed word deur die fase van adolessensie van die kinders, maar inligting in die Suid-Afrikaanse konteks oor hierdie invloed kon nie opgespoor word nie.

Hierdie ongedefinieerde invloed het die ondersoek na die invloed van die fase van adolessensie op die vroeë middeljarige ouers geregverdig. Die navorser is van mening dat die gesin in die vroeë middeljare met adolessente deur twee ontwikkelingsfases terselfdertyd moet beweeg wat óf tot groei óf tot konflik in die gesin kan lei. Die egskeidingsyfer vir 1997 en 1998 onder mans is die hoogste in die ouderdomskerf van 30-39. Die statistiek toon dat die fase van die middeljare gekenmerk word deur 'n hoë egskeidingsyfer. Huwelike wat na 10-19 jaar van huweliksluiting ontbind was in 1997 het sowat 4 121 kinders beïnvloed. Die waarskynlikheid is groot dat hierdie kinders in hulle fase van adolessensie was tydens die ontbinding van hulle ouers se huwelike. (Vgl. Statistics South Africa: Marriages and divorces, 2000: PO307.) Die egskeidingsyfer is hoog en daarom wou die navorser poog om te bepaal of hierdie egskeidingsyfers gekoppel kan word aan die feit dat egpare/ouers/gesinne deur twee ontwikkelingsfases tegelyk beweeg het tydens die ontbinding van die huwelike.

Die navorser het 'n besondere belangstelling in die huwelik en die funksionering daarvan. Die fase van adolessensie en die -middeljare is beide ontwikkelingsfases waar diverse behoeftes en veranderinge teenwoordig is. Binne die maatskaplike-werkprofessie kan gesinne met konflik rondom hierdie ontwikkelingsfases hulp en leiding ontvang om sodoende positief deur hulle ontwikkelingstake te beweeg. Hierdie studie het bloot die interaksie verken en moet opgevolg word met verdere in diepte ondersoeke na die hantering- en probleemoplossingsvaardighede.

1.3 PROBLEEMFORMULERING

Volgens Lamanna & Riedman (1991: 414) en Carter & McGoldrick (1999:274) ontstaan daar 'n periode in die gesin waar veranderinge van fases in die lewensiklus by sowel die ouer as by die adolessent plaasvind. Die ouers se fokus is grootliks op hulleself vir die veranderinge in hulle lewens. Hulle wil hulle huwelik en beroep herdefinieer met die doel om te bepaal wat hulle reeds in hulle lewe bereik het (Lamanna & Riedman, 1991:414). Dit is duidelik dat die twee ontwikkelingsfases in 'n gesin potensiële konflik kan veroorsaak. Dit is dus duidelik dat sowel die fase van adolessensie as die fase van die middeljare erken word as komplekse fases, aangesien daar uiteenlopende ontwikkelingstake binne die fase moet plaasvind. Hierdie twee fases is meestal teenwoordig binne dieselfde periode in 'n gesin. Die vraag ontstaan of die fase van adolessensie die huwelik van die middeljarige ouers beïnvloed en indien wel, tot watter mate.

Hoofstuk 1: Inleiding tot die ondersoek

Die mening word gehuldig dat die huwelik verseker deur die fase van die middeljare beïnvloed word en deur verandering gaan (Prinsloo, 1994: 256). Die huwelik ontwikkel vanaf 'n voltydse verantwoordelike versorger van klein kinders na ouers wat vooropgestelde ideale vir hulle adolessent het. Vir die vrou is dit soms die eerste geleentheid om weer buite die huis te werk en so die finansiële druk te verminder.

Almeida, Wethington & Chandler (1991:58) en Halford & Markman (1997:225) is dit eens dat die hoeveelheid en spasiëring van kinders ook die huweliksbevrediging kan beïnvloed. Huweliksmaats met meer kinders, naby mekaar gespaseer, presenteer met 'n laer vlak van huweliksbevrediging. 'n Sogenaamde U-funksionering kan ook in 'n gesin ontstaan. Die funksionering is gebaseer op data wat bewys het dat huweliksbevrediging afneem met die koms van die ouers se eerste kind. Wanneer die kinders egter die huis verlaat, verhoog die huweliksbevrediging weer. Dit toon dus dat die fase van adolessensie ongeveer die laagtepunt in die U-vorm is. (Vgl. Noller & Callon, 1991:60 en Halford & Markman, 1997:225.) Daar is selfs bevind dat die vader se huweliksbevrediging styg as die oudste kind die huis verlaat, terwyl die moeder se bevrediging eers styg as al die kinders die huis verlaat het.

Robin & Foster (1989:10) meld dat kinders in die fase van adolessensie dit as 'n uitdaging beskou om gesinsregulasies en reëls te verskuif en te verander om so hulle onafhanklikheid te bekom. Hulle verwag dat die ouer-kind verhouding so moet verander sodat die adolessent sonder enige probleme in en uit die gesinsisteem kan beweeg. Die adolessent se soeke na onafhanklikheid is die hoofkonsep waar rondom ouer-adolessent konflik draai. Verskille ten opsigte van vriende, huistake en verhoudinge met die teenoorgestelde geslag lei tot ernstige konflik.


Lauer & Lauer (1997:325) konstateer dat in die tydperk wat die ouers met hulle adolessente probleme ervaar, ervaar hulle ook met ander familieledede probleme asook persoonlike probleme. Hierdie ouers ervaar die probleem van 'n toebroodjie-generasie. Dit beteken hulle het 'n verantwoordelikheid teenoor hulle adolessente kinders, maar ook teenoor hulle eie ouers. Die huweliksmaats moet dus nie net die adolessent se lewensfase hanteer nie, maar ook hulle eie ouers se behoeftes aan fisiese-, finansiële- en/of emosionele bystand. Die fase van die vroeë middeljare waar daar adolessente in die huishouding is, word ook gekenmerk aan finansiële druk. (Vgl. Lauer & Lauer, 1997:325.) Kinders vra meer geld soos wat hulle ouer word. Adolessente is finansiëel 'n groot uitgawe ten opsigte van die kos wat hulle nuttig, klere, mediese versorging, vervoer en opvoeding.

Hoofstuk 1: Inleiding tot die ondersoek

In sommige gesinne kan 'n adolessent se swak gedrag soms tot voordeel van die ouers se huwelik wees en selfs 'n egskeiding voorkom. Robin & Foster (1989:180) meen dat huwelikskonflik altyd deur die hele gesin gevoel word. Die adolessent toon swak gedrag om so die ouers te forseer om meer aandag aan hom/haar en sy/haar gedrag te gee as aan hulle eie konflik. In 'n sekere opsig kan daar selfs afgelei word dat die adolessent hom-/haarself opoffer vir die behoud van die ouers se huwelik.

Buiten vir die verantwoordelikhede wat huweliksmaats teenoor mekaar, die adolessent en grootouers het, het hulle ook 'n verantwoordelikheid teenoor hulle huwelik. Die ouers vind dat hulle die kwaliteit van hulle huwelik evalueer. (Vgl. Lauer & Lauer, 1997:327.) Hierdie evaluering gaan dikwels gepaard met bekommernis oor die verouderingsproses en die huweliksmaats dink eerder aan hoeveel tyd hulle oor het om te lewe as hoeveel tyd hulle al gehad het. In sommige gevalle kom die huwelik in die vroeë middeljarige fase as staties voor en huweliksmaats voel dat daar geen groei of opwinding meer plaasvind nie. Een van die huweliksmaats kan selfs aan 'n egskeiding dink om so nuwe verhoudinge elders te begin.

Figuur 1: Ouderdomspatrone van die egskeidings onder Suid-Afrikaanse mans vir 1997



Hoofstuk 1: Inleiding tot die ondersoek

Figuur 2: Ouderdomspatrone van die egskedings onder Suid-Afrikaanse mans vir 1998




Figure 1 en 2 toon dat die egskedingsyfer van mans van alle bevolkingsgroepe die hoogste is waar die mans in hulle vroeë middeljare is. Ironies is dat die wit bevolkingsgroep se egskedingsyfer heelwat hoër is as dié van ander bevolkingsgroepe. Volgens figuur 1 was sowat 7 050 wit mans in 1997 in hulle vroeë middeljare tydens die ontbinding van hulle huwelik, teenoor die sowat 7 150 wit middeljarige mans in 1998. In 1998 was 20% van alle wit mans betrokke in 'n egskeding in hulle vroeë middeljare. (Vgl. Statistics South Africa: Marriages and divorces, 2000: P0307.) Die bron verwys na rasseverdeling in die historiese konteks en geen statistiek oor die vroulike geslag se egskedingsyfer was beskikbaar nie.

Tabel 1: Egskedingsyfer van die Suid-Afrikaanse bevolking van 1997-1998

BEVOLKINGSGROEP	1997	1998
Asiërs	5%	5%
Wit	45%	40%
Kleurlinge	14%	11%
Swart	21%	19%

Volgens tabel 1 is die egskedingsyfer in 1997 in Suid-Afrika, naamlik 34 231, ietwat laer as in 1998, naamlik 35 792. Vanaf 1997 tot 1998 het die egskedingsyfer met 1 561 toegeneem. (Vgl. Statistics South Africa: Marriages and divorces, 2000: P0307.) Hierdie statistiek in tabel 1 toon dat ongeveer 40% van die land se egskedings, blanke egskedings is, wat 'n baie hoë persentasie verteenwoordig.


Hoofstuk 1: Inleiding tot die ondersoek

Tabel 2: Duur van huwelike tydens egskeiding, waar wit minderjarige kinders betrokke was in die Suid-Afrikaanse gemeenskap van 1997-1998

DUUR VAN DIE HUWELIK IN JARE	KINDERS BETROKKE	
	1997	1998
0-04 jaar	4 757	4 397
05-09 jaar	4 230	3 980
10-14 jaar	2 361	2 287
15-19 jaar	1 660	1 651
20-24 jaar	1 077	1 024
25-29 jaar	714	634
30-34 jaar	316	288
35-39 jaar	129	129
40-44 jaar	30	45
45-49 jaar	16	4
50 +	5	4
TOTAAL	15 295	14 443


Tabel 2 dui aan dat in 1997 daar 15 295 wit kinders betrokke was by die ontbinding van hulle ouers se huwelik, teenoor die ietwat minder kinders, naamlik 14 443, in 1998. Volgens tabel 2 het huwelike wat na 10-19 jaar ontbind was, in 1997 sowat 4 021 kinders beïnvloed, terwyl 3 938 kinders in 1998 beïnvloed was. (Vgl. Statistics South Africa: Marriages and divorces, 2000: P0307.) Daar word spesifiek op hierdie tydperk gefokus aangesien die waarskynlikheid hoog is dat die kinders betrokke in hierdie huwelik in die fase van adolessensie was tydens die ontbinding van die ouers se huwelike.

Figuur 3: Moontlike hoeveelheid adolessente betrokke in egskeidings waar die ouers se huwelik na 10-19 jaar ontbind is in 1997



Hoofstuk 1: Inleiding tot die ondersoek

Figuur 4: Moontlike hoeveelheid adolessente betrokke in egskeidings waar die ouers se huwelik na 10-19 jaar ontbind is in 1998



Dit wil dus volgens figuur 3 voorkom dat in 1997 daar ongeveer 24.5% kinders in 'n moontlike fase van adolessensie was tydens die egskeiding van hulle ouers. Hierteenoor toon figuur 4 dat daar in 1998 'n moontlikheid van 24.9% adolessente kinders betrokke was. Die statistiek toon dus dat die egskeidingsyfer by die vroeë middeljarige huweliksmaats hoog is, en dat die waarskynlikheid van kinders in die fase van adolessensie wat betrokke is tydens egskeiding, ook relatief hoog is. Dit is egter onbekend of die kinders wel die oorsaak is vir die betrokke egskeidingstatistiek. Kennis oor hierdie invloed is egter noodsaaklik aangesien dit:

- 'n kennisbasis vir 'n beter dienslewering ten opsigte van voorkoming van probleme gedurende die fases daar sal stel,
- sal lei tot die bevordering van terapeutiese dienslewering in die maatskaplikewerkprofessie aan diegene wat reeds probleme op die terrein ervaar, en
- die veld verken vir moontlike verdere navorsing.

1.4 DOELSTELLING EN DOELWITTE

Die doelstelling en doelwitte word soos volg omskryf.

1.4.1 Doelstelling:

Die doel van hierdie studie is soos volg.

Om ondersoek in te stel na die invloed van die fase van adolessensie op die huweliksbevrediging van die vroeë middeljarige ouers.

Die volgende doelwitte word na aanleiding van bogenoemde doelstelling geformuleer:

1.4.2 Doelwitte:

- Doelwit 1

Om 'n ondersoek in te stel, deur middel van 'n literatuurstudie, na die ontwikkelingstake van die fase van adolessensie, fase van die vroeë middeljare en die invloed van die fase van adolessensie op die huweliksverhouding van die ouers.

- Doelwit 2

Om deur middel van 'n ondersoek vas te stel wat die aard van die invloed van die fase van adolessensie op die huweliksverhouding van die ouers is.

- Doelwit 3

Om aan die hand van die teoretiese en die empiriese ondersoek gevolgtrekkings en aanbevelings te maak vir die gebruik van multi-professionele kundiges in praktykbeoefening.

Hoofstuk 1: Inleiding tot die ondersoek

- Doelwit 4

Om nuwe hipoteses te vorm vir toekomstige studies in die veld.

Hierdie navorsing sal uiteindelik in terme van die Suid-Afrikaanse omstandighede geïnterpreteer word.

1.5 NAVORSINGSVRAAG VIR DIE STUDIE

In hierdie ondersoek word daar gebruik gemaak van verkennende navorsing en dus is daar volgens Mouton & Marais (1996:43) geen voorafgaande hipotese nie. Die navorser is van mening dat die invloed van die fase van adolessensie op die huweliksverhouding van die ouer 'n tema is waaroor nog weinig teorie en literatuur beskikbaar is. Die doel van hierdie ondersoek is dus juis om 'n nuwe hipotese te ontwikkel wat vir toekomstige studies gebruik kan word.

Die navorsingsvraag wat vir die studie gestel is, is soos volg:

Wat is die invloed wat die fase van adolessensie het op die huweliksbevrediging van die ouers in die vroeë middeljare?

Hier word spesifiek na 'n navorsingsvraag verwys aangesien daar gebruik gemaak word van verkennende navorsing. De Vos (1998:124) noem dat verkennende navorsing fokus op die verkenning van 'n navorsingsvraag weens die tekort aan kennis en inligting oor die betrokke onderwerp.

1.6 NAVORSINGSBENADERING

Vir die doel van hierdie studie het die navorser spesifiek die gekombineerde benadering gevolg aangesien sy hoofsaaklik vanuit 'n kwantitatiewe benadering gewerk het, maar tog kwalitatiewe data-insamelingsmetodes ook benut het. Om enige verwarring te voorkom, word hierdie twee benaderings eers individueel omskryf en dan as 'n kombinasie.

1.6.1 Kwantitatiewe benadering

In die gebied van geesteswetenskappe word kwantitatiewe navorsing erken as 'n hoogs geformuleerde vorm van navorsing, wat maklik beheerbaar is en met behulp van gestandaardiseerde metodes plaasvind (De Vos, 1998:15). Newman (1998:106) beweer dat 'n kwantitatiewe navorsingsbenadering aan die hand van sekere terminologie geïdentifiseer kan word. Tipiese konsepte is byvoorbeeld veranderlikes en 'n navorsingsvraag. Literatuur oor soortgelyke ondersoeke was nie beskikbaar nie en dus moes hierdie veld eers verken word. 'n Verkennende navorsingsontwerp is gebruik aangesien daar nie kennis oor die onderwerp bestaan het nie en die navorser meer kennis oor die onderwerp wou insamel en dit tans openbaar.

Die volgende eienskappe van 'n kwantitatiewe navorsingsbenadering word deur De Vos (1998:242 en 243) uitgelig, naamlik:

- data word ingesamel deur die navorser om so 'n hipotese te vorm, wat tipies is van 'n verkennende navorsingsontwerp,
- daar is duidelike veranderlikes teenwoordig in die studie,
- die metingsinstrument is in die vorm van 'n gestandaardiseerde instrument,
- die ontwerp is gestandaardiseerd, en
- data-analisering vind plaas op 'n gestandaardiseerde metode.

Reid & Smith in De Vos (1998:71) sluit by die bogenoemde eienskappe aan deur die volgende:

- die navorser se rol is om 'n objektiewe observeerder te wees,
- die studie is gefokus op relatiewe spesifieke vrae en/of hipoteses,
- die data-insamelings prosedures asook -metingsmetodes is meer betroubaar aangesien gestandaardiseerde metodes benut word,

Hoofstuk 1: Inleiding tot die ondersoek

- die data-insamelaars vermy situasies waar 'n persoonlike interpretasie gemaak kan word,
- die meetinstrument is gefokus om spesifieke veranderlikes wat kwantitatief is, deur middel van skale te meet, en
- statistiese metodes word gebruik om assosiasies en verskille tussen die veranderlikes te bepaal.

1.6.2 Kwalitatiewe benadering

In teenstelling omskryf Burns (2000:10) die kwalitatiewe benadering as 'n benadering in sosiale interaksie, ten doel om die interaksie te omskryf en sin te maak daaruit, sodat daar 'n subjektiewe betekenis aan die intervensie gekoppel kan word. Op grond van die definisie, word die volgende eienskappe uitgelig.

- Die navorsing vind dikwels plaas in die respondent se natuurlike omgewing.
- Die doel is om menslike gedrag te verstaan, en nie te verklaar nie.

In De Vos (1998:71 en 72) noem Reid en Smith die volgende aansluitende eienskappe.

- Die navorser poog om 'n eerstehandse, holistiese begrip van die verskynsel te verkry deur middel van 'n meer buigbare strategie van data-insameling.
- Metodes soos deelnemende observasie en ongestruktureerde onderhoude word gebruik om meer in diepte kennis te bekom.
- Kwalitatiewe metodologie berus op die aannames wat deur 'n enkele navorsingstudie eerstehandse inligting bekom het.

Die twee benaderings, soos bo bespreek, is dus verskillend van mekaar. De Vos (1998:241) beklemtoon die verskil deur te noem dat die kwantitatiewe benadering 'n wetenskaplike verklaring is weens universele wette.

Hoofstuk 1: Inleiding tot die ondersoek

Die hoofdoel is om op 'n objektiewe wyse die sosiale wêreld te meet, hipoteses te toets en menslike gedrag te beheer. Die kwalitatiewe benadering is egter holisties wat ten doel het om die sosiale lewe te toets en te verstaan, asook betekenis daaraan te gee. Die navorser het die gekombineerde benadering gevolg om so betroubare metingsinstrumente te kon gebruik asook meer subjektiewe data te kon bekom om so die interaksie beter te verstaan.

1.6.3 Gekombineerde kwantitatiewe-kwalitatiewe benadering

De Vos (1998:358) noem dat die gekombineerde benadering dikwels moeiliker is as verwag. Alhoewel daar van die “gekombineerde” benadering gepraat word, is dit dikwels eerder 'n situasie van een benadering, alhoewel beide benaderings se data-insamelingsmetodes benut word.

Duffy in De Vos (1998:359) noem dat die gekombineerde metodes soos een van die volgende kombinasies kan plaasvind.

- Teoretiese kombinasie: Verskeie persepsies word gevolg in die analisering van een stel data.
- Data kombinasie: Die poging om verskillende observasies te bekom deur middel van verskillende steekproewe om so die teorie op meer as een manier te toets.
- Ander kombinasie: Hier word gebruik gemaak van verskeie waarnemings, onderhoude en analiste in 'n spesifieke studie.
- Metodologiese kombinasie: Hier word twee of meer data-insamelingsmetodes gekombineerd in 'n spesifieke studie gebruik.

Die Vos (1998:359) noem egter dat dit belangrik is dat die navorser die term “kombinasie” in sy/haar studie spesifiek omskryf. Vir die doel van hierdie studie het die navorser spesifiek die metodologiese kombinasie gebruik aangesien daar 'n data-insamelingsmetodes uit beide benaderings teenwoordig was.

Creswell in De Vos (1998:360 en 361) verwys na drie modelle hoe die gekombineerde benadering gevolg kan word.

1.6.3.1 Twee-fase model

In die model sal die navorser die kwantitatiewe navorsingsproses volg en die studie voltooi in die proses. Terselfdertyd sal die navorser ook 'n onafhanklike kwalitatiewe navorsingsproses volg. Hierdie kombinasie lei dikwels tot verwarring, aangesien dit dikwels moeilik is om die korrelasie tussen die twee studies te bemerk.

1.6.3.2 Dominante minder-dominante model

Die tweede model is waar die navorser die studie voorhou in 'n enkele dominante benadering met een klein komponent van die ander benadering. Die navorser het in die studie gebruik gemaak van die dominante minder-dominante model, aangesien 'n kwantitatiewe benadering deurgaans benut was, en daar slegs 'n kwalitatiewe data-insamelingsmetode by die proses gevoeg was. Die voordeel van die model is dat daar 'n konstante paradigma in die studie was, alhoewel daar gedetailleerde informasie rakende die onderwerp bekom was nie.

1.6.3.3 Gemengde metodologiese ontwerp model

Hierdie model verteenwoordig die hoogste vlak van gemengde paradigmas. Die navorser sal deurgaans aspekte van die kwalitatiewe- en kwantitatiewe benadering meng. Studies in terme van progamevaluasie maak dikwels hiervan gebruik.

Vervolgens word daar op die soort navorsing, die navorsingsontwerp en navorsingsprosedures gefokus. Hierin sal deurgaans gevind word dat daar hoofsaaklik vanuit 'n kwantitatiewe benadering gewerk word.

1.7 SOORT NAVORSING

Die mens is konstant besig om homself en sy omgewing beter te probeer verstaan. Mouton & Marais (1996:7) omskryf die definisie van geesteswetenskaplike navorsing as 'n menslike aktiwiteit waar sosiale realiteit objektief bestudeer word met die doel om die verskynsel te verstaan. Die navorser het presies dit ten doel, aangesien daar menslike aktiwiteite objektief bestudeer gaan word.

Hoofstuk 1: Inleiding tot die ondersoek

De Vos (1998:20) definieer geesteswetenskaplike navorsing as 'n wetenskaplike ondersoek na 'n relevante probleem wat 'n antwoord kan verskaf tot voordeel van die maatskaplikewerkprofessie. Hierdie navorsing ontwikkel ook die tegnologie op die vakgebied met die doel om 'n betekenisvolle intervensie te vestig.

Vir die doel van hierdie ondersoek is daar gebruik gemaak van toegepaste navorsing. Newman (1998:22) is van mening dat toegepaste navorsing 'n tipe navorsing is wat 'n oplossing soek na 'n spesifieke probleem wat praktykgerigte take bevorder. Die hoofdoel is om die kennis wat opgedoen word, direk in die praktyk toe te pas om so probleme op te los of te voorkom. Die navorser het gepoog om kennis op te doen oor die invloed van die fase van adolessensie op die huweliksverhouding van die ouers, om so 'n basis te kan vorm vir toekomstige studies.

1.8 NAVORSINGSONTWERP

Newman (1998:2) konstateer dat 'n navorsingsontwerp ten doel het om 'n plan te voorsien om sosiale vrae te beantwoord. Die ontwerp is 'n stel besluite wat geneem word wat dan as riglyn dien met 'n praktiese benuttingswaarde. Vir die doel van die ondersoek was daar gebruik gemaak van 'n verkennende navorsing. Babbie (1992:90) en Newman (1998:19) definieer 'n verkennende navorsingstudie as 'n studie waarvoor daar nie baie kennis bestaan nie en dus meer inligting wil openbaar oor 'n onderwerp. Alle inligting oor die onderwerp word as belangrik geag. Dit is 'n gestruktureerde studie wat konsepte rondom 'n verskynsel verken. Hierdie studie lê ook 'n basis vir toekomstige studies. 'n Nuwe hipotese oor 'n bestaande verskynsel word dus ontwikkel. (Vgl. De Vos, 1998:19.) Bless & Higson-Smith (1995:42) meld dat verkennende navorsing daarop gerig is om insig te bekom oor 'n situasie/verskynsel/gemeenskap/individu as gevolg van 'n gebrek aan inligting oor die betrokke onderwerp.

Die navorser het gebruik gemaak van hierdie soort navorsing omdat daar minimale navorsing oor die invloed van die fase van adolessensie op die huweliksverhouding van die ouers bestaan. Geen Suid-Afrikaanse literatuur vanuit 'n maatskaplikewerkbenadering kon opgespoor word nie. Die navorser het dus meer inligting verkry deur die interaksie te verken en het 'n basis daargestel vir toekomstige navorsing.

Vir die benutting van hierdie ontwerp is daar gebruik gemaak van nie-waarskynlikheidsteekproefnemings. Die steekproef word in diepte bespreek in 1.11. Die verkennende navorsingsontwerp word aan die hand van sekere prosedures en werkwyses uitgevoer.

1.9 NAVORSINGSPROSEDURE EN WERKWYSE

Die navorser het gebruik gemaak van 'n dominante minder-dominante model en dus is die gekombineerde kwantitatiewe-kwalitatiewe benadering hier van toepassing. Die kwantitatiewe navorsingsbenadering was in hierdie ondersoek as die dominante benadering beskou en dus moes die navorsingsprosedures en -werkwyses hiermee ooreengekom het. Die navorser het ook eerste die kwantitatiewe data-insamelingsmetodes benut.

1.9.1 Kwantitatiewe data-insamelingsmetodes

Bless & Higson-Smith (1995:100) noem dat kwantitatiewe navorsing numeries is, meer betroubaar en maklik om toe te pas, veral by statistiese tegnieke. De Vos (1998:89) verwys na drie tegnieke vir kwantitatiewe data-insamelingsmetodes, naamlik:

- vraelyste,
- *checklist*, en
- indeks en skale.

Vir die doel van hierdie studie het die navorser met die aanvang van die data-insamelingsproses gebruik gemaak van vraelyste en skale.

Die New Dictionary of Social Work (1995:51) definieer 'n vraelys soos volg: "A set of questions on a form which is completed by the respondent in respect of a research project".

Hoofstuk 1: Inleiding tot die ondersoek

Die navorser het vraelyste waar die skale aangeheg was, per hand afgelewer. De Vos (1998:155) omskryf die self-geadmistrateerde vraelyste as 'n vraelys wat per hand aan die respondent verskaf word en dan binne 'n bepaalde tyd weer afgehaal word. In hierdie studie het die navorser die vraelyste per hand afgegee en na 'n periode van een week, telefonies met die respondente 'n tyd gereël om die vraelyste weer af te haal. Newman (1998:251) meld dat hierdie self-geadmistrateerde vraelyste bepaalde voordele en nadele het. Die voordele is dat die respondente hierdie vraelyste kan voltooi soos dit vir hulle gemaklik is. Die responskoers is ook hoog aangesien die navorser die vraelyste weer persoonlik afhaal. Die nadeel is egter dat die respondente se reaksies op die vrae nie waarneembaar is nie.

Volgens Babbie (1992:282) en De Vos (1998:156) moet die vraelyste aan sekere beginsels voldoen en dit word vervolgens gemeld.

- Daar moet sekerheid oor die benodigde informasie en dus word die korrekte vrae geformuleer en onnodige vrae vermy.
- Die formaat van die vraelys moet korrek en professioneel wees. 'n Duidelike omskrywing ten opsigte van die doel van die navorsing, versekering van konfidensialiteit, die naam, adres en telefoonnommer van die navorser was teenwoordig.
- Newman (1998:233) beklemtoon dat lang, dubbelsinnige, sinnelose vrae vermy moet word. Emosionele en leidende vrae moet ook vermy word. Die formaat van die vraelys was volgens die sekere vereiste geskryf.
- Die vraelys moet deur 'n loodsstudie gaan. Die vraelys is eers aan 'n paar deskundiges en mense wat aan die respondent-vereistes voldoen, gegee. Hierdie mense het verwarring, foute en leemtes uitgelig. Die navorser het deskundiges in die veld gevra om deel te vorm van die loodsstudie.

Na afloop van die voorondersoek was die navorser seker dat die vraelyste wel aan hierdie beginsels voldoen. Hierdie vraelyste het hoofsaaklik die biografiese inligting weergegee. Die skale was egter die meetinstrument vir die navorsingsvraag. Vir die doel van hierdie studie het die navorser gebruik gemaak van die volgende gestandaardiseerde Hudsonskale.

Hoofstuk 1: Inleiding tot die ondersoek

- Indeks van huwelikstevredenheid (meet die egmaats se tevredenheid binne hulle huwelik).
- Indeks van ouerlikegesindheid (meet die egmaats se gesindheid as ouers).
- Indeks van gesinsverhoudinge (meet die verhoudinge binne die gesin).

Babbie (1992:167) omskryf 'n skaal soos volg:

“A scale is constructed through the assignment of scores to patterns of attributes. A scale takes advantage of any intensity structure that may exist among attributes.”

- Die doel van 'n skaal word deur Newman (1998:157) aangevoer as 'n meetinstrument wat deur 'n navorser gebruik word om vas te stel hoe 'n individu oor iets spesifiek voel. Skale is dus waardevol vir die doel van konseptualisering en operasionalisering.

Hierdie skale is deur die Universiteit van Pretoria se Statistiese Departement verwerk. Uit hierdie data het die navorser drie gesinne uit die respondente geïdentifiseer wat volgens die data probleme ervaar, hetsy in hulle huwelikstevredenheid, ouergesindheid en/of gesinsverhoudinge. Hierdie drie gesinne is genader vir meer inligting volgens die kwalitatiewe data-insamelingsmetode.

1.9.2 Kwalitatiewe data-insamelingsmetodes

Tydens die kwalitatiewe data-insameling het die navorser gebruik gemaak van die aangesig-tot-aangesig onderhoud. Garbers (1997:292) en Newman (1998:253) verwys na 'n aangesig-tot-aangesig onderhoud as 'n onderhoud waar die navorser die respondent aangesig-tot-aangesig nader oor die onderwerp. Hierdie tipe onderhoud kan in verskeie vorms plaasvind. Vir die doel van die studie het die navorser gebruik gemaak van 'n ongestruktureerde onderhoud met 'n skedule. Dit beteken dat die navorser 'n skedule volg as riglyn wat uit bepaalde vrae bestaan.

Hoofstuk 1: Inleiding tot die ondersoek

Hierdie vrae hoef nie in 'n bepaalde volgorde gevra te word nie, alhoewel dit alle relevante inligting kan bekom. Bless & Higson-Smith (1995:110) konstateer dat die tipe onderhoud baie funksioneel is vir verkennende navorsing, aangesien die respondent direk sy weergawe/ervaring van die onderwerp kan deurgee.

Burns (2000:427) noem dat die navorser se luistervaardighede en nie-verbale kommunikasie 'n groot rol speel by die sukses van die onderhoud. Die navorser het die drie geïdentifiseerde gesinne tuis genader en drie vrae aan hulle voorgelê om so te bepaal wat hulle ervaring is rondom die navorsingsvraag.

1.10 VOORONDERSOEK

'n Voorondersoek word gedefinieer as: *"The process whereby the research design for a prospective survey is tested."* (Vgl. New Dictionary of Social Work, 1995:15.)

Dit is dus duidelik dat die navorsingsproses deur die voorondersoek getoets word. Die voorondersoek speel 'n belangrike rol in die navorsingsproses, aangesien die ondersoek die navorser geïnterekeer het ten opsigte van kennis oor die betrokke studie (De Vos, 1998:179). Die voorondersoek bestaan uit die volgende komponente, naamlik:

- die literatuurstudie,
- konsultasie met deskundiges,
- die uitvoerbaarheid van die ondersoek, en
- die toetsing van die vraelys (meetinstrument).

Die voorondersoek word aan die hand van die bogenoemde vier komponente bespreek.

1.10.1. Literatuurstudie

Bless & Higson-Smith (1995: 23) en Newman (1998:141) beklemtoon die noodsaaklikheid van 'n literatuurstudie. Die literatuurstudie het die volgende doelstellings bereik.

Hoofstuk 1: Inleiding tot die ondersoek

- Verskeie perspektiewe en teorieë is bestudeer om so die teoretiese raamwerk af te rond.
- Die nuutste ontwikkeling en relevante inligting oor die navorsing is bekom.
- Tekortkominge in die veld asook leemtes in vorige studies is geïdentifiseer.
- Verskillende navorsingstudies is met mekaar vergelyk om so verbindings, analogieë of ooreenkomste op te merk.
- Definisies is bestudeer wat die navorser self in hierdie navorsing benut het.
- Die voordele en nadele van vorige navorsing is bestudeer om hierdie navorsing te verbeter.

Die navorser besef dat 'n literatuurstudie ook gevare inhou. (Vgl. Bless & Higson-Smith, 1995:23.) Navorsers word soms beïnvloed deur die kennis vanuit die literatuurstudie, of kan selfs sekere karaktereienskappe klaar aanvaar, sonder verdere agtergrond. Die navorser het gevind dat al die moontlike literatuur wat beskikbaar is, hoofsaaklik op die negatiewe invloed van die fase van adolessensie op die huweliksverhouding van die ouers fokus. Dit kan daartoe aanleiding gee dat die navorser alreeds 'n hipotese wil vorm en dus nie die navorsingsvraag objektief benader nie.

Die navorser het gepoog om literatuur op te spoor rondom die invloed van die fase van adolessensie op die huweliksverhouding van die ouers. Veelsydige literatuur oor die fase van adolessensie/vroeë middeljarige ouers en die invloed van ouers op die adolessent is opgespoor. Dit wil voorkom asof geen vorige navorsing oor die betrokke onderwerp uitgevoer is nie. Halford & Markman (1997:225) noem dat inligting oor die invloed van die fase van adolessensie op die huweliksbevrediging van die ouers in die vroeë middeljare baie beperk is. Die navorser is van mening dat navorsing slegs betekenisvol uitgevoer kan word indien die navorser oor genoegsame kennis oor die onderwerp beskik het. Volgens De Vos (1998: 180) verskaf die literatuurstudie nie net 'n oriëntasie ten opsigte van die onderwerp nie, maar definieer ook die beplanning vir die implementering van die studie. Geen Suid-Afrikaanse literatuur met betrekking tot die onderwerp kon gevind word nie.

Hoofstuk 1: Inleiding tot die ondersoek

Halford & Markman (1997:232) konstateer dat navorsing na die invloed van die fase van adolessensie op die huweliksverhouding van die ouers minimaal op internasionale vlak gedoen is. Die navorser het ook in haar eie soektog na literatuur hierdie leemte, veral in die Suid-Afrikaanse konteks, opgemerk.

Die navorser het 'n rekenaarsoektog geloods deur die vakreferent van die Akademiese Inligtingsdiens, Universiteit van Pretoria. Een van die soektogte was deur middel van die RGN-databasis (Nexus) van geregistreerde Suid-Afrikaanse navorsing, wat magister- en doktorsale studies insluit. Deur middel van hierdie soektog het die navorser duplisering uitgeskakel aangesien daar geen vorige navorsing in Suid-Afrika oor die betrokke onderwerp gedoen is nie. Die vakreferent het verdere soektogte geloods deur middel van UPEXplore en die Internet.

1.10.2 Konsultasie met deskundiges

Ondanks die waardevolle inligting wat verkry is deur middel van 'n literatuurstudie, bly die inligting steeds 'n gedeeltelike kennis van die onderwerp. Dit was dus waardevol om die menings van deskundiges te verkry. Volgens De Vos (1998:180) kan deskundiges die navorser ook verwar. Dit is daarom belangrik dat die navorser reeds genoegsame agtergrondkennis oor die onderwerp het om verwarring uit te skakel. Deskundiges se menings is egter meer voordelig as nadelig.

Die navorser het maatskaplike werkers, huweliksberaders, sielkundiges, akademici en ander kundiges op die gebied van gesinsverhoudinge betrek. Die meetinstrument, vraelys en 'n gestandaardiseerde skaal, is ook deur deskundiges geëvalueer om seker te maak dat die instrument betroubaar en geldig is. Die ervaring van deskundiges het die navorser toegerus met meer waardevolle inligting, insig oor die onderwerp en sowel tegniese as praktiese aspekte uitgelig.

Die volgende deskundiges is genader.

- Mev. E. du Preez, 'n Kliniese sielkundige verbonde aan die Universiteit van Pretoria is genader om nie net haar teoretiese kennis te deel nie, maar ook haar praktiese ervaring vanuit haar privaatpraktyk.

Hoofstuk 1: Inleiding tot die ondersoek

- Mev. R Gunter, 'n maatskaplike werker by die Sentrum vir Menslike Ontwikkeling, is genader weens haar jare ervaring by die Christelike Maatskaplike Raad waar sy by verskeie geleenthede met die vroeë middeljarige ouers en hulle adolessente gewerk het.
- Mnr. J. Hattingh, 'n Voorligtings- en Kliniese sielkundige by die Sentrum vir Menslike Ontwikkeling, het sy ervaringe rondom die fase van die vroeë middeljarige en die fase van adolessensie met die navorser gedeel.
- Mnr. P. Johnson, 'n Kliniese sielkundige aan die Universiteit van Suid-Afrika en ook sy eie praktyk behartig het 'n wye akademiese kennis asook praktykkennis op intemasionale vlak, wat waardevolle inligting weerspieël.
- Mnr. H. Kruger, 'n Kliniese sielkundige by die Sentrum vir Menslike Ontwikkeling het onlangs gekwalifiseer en het baie interessante postmodernistiese sieninge en bewerings oor dié invloed.
- Dr. R. Wilkens, 'n dosent aan die Vista-universiteit met akademiese kwalifikasies in Kommunikasiekunde, Voorligtingsielkunde en Opvoedkunde wat huweliksvoorligting as 'n aspek van haar professionele lewe beskou.

1.10.3 Uitvoerbaarheid van die ondersoek

Die navorser is van mening dat die ondersoek 'n uitvoerbare studie sou wees. De Vos (1998:181) meld dat die navorser 'n praktiese beeld moet kan visualiseer van die navorsing in terme van die doelwitte, hulpbronne, universum, die navorsingsprosedures en data-insamelingsmetodes en selfs moontlike leemtes.

Die doelstelling en doelwitte was almal realisties en uitvoerbaar. Die navorser het verskeie hulpbronne geïdentifiseer naamlik: Perspektief Opleidingskollege wat die gestandaardiseerde skale verskaf en die Departement Statistiek (aan die Universiteit van Pretoria) vir die statistiese verwerking van die data. Die data-insamelingsmetodes is bruikbaar en betroubaar, veral as in ag geneem word dat die navorser van drie verskillende metodes gebruik gemaak het. Dit was noodsaaklik dat die navorser, tydens die data-insameling, die konfidensialiteit van die respondente verseker het en die data as vertroulik hanteer het.

1.10.4 TOETSING VAN MEETINSTRUMENTE

Die navorser het vier gesinne wat aan die kriteria voldoen, genader om vir die doel van toetsing die vraelys en skale te voltooi om so die bruikbaarheid te meet. Die navorser het hierdie vraelys en skale self verwerk en die data geassesseer, aangesien dit min data was. Na afloop van die verwerking van die data, het die navorser al vier gesinne genader vir die aangesig-tot-aangesig onderhoud om so die kwalitatiewe data ook te verkry. Hierdie meetinstrumente is dus deur die navorser geëvalueer.

1.10.4.1 Kwantitatiewe meetinstrument

Die navorser het gebruik gemaak 'n biografiese vraelys en gestandaardiseerde meetinstrumente (skale) wat deur Perspektief Opleidingskollege verskaf word. Tydens die voorondersoek is gevind dat al drie skale asook die biografiese vraelys al die relevante inligting kan bekom en dus bruikbaar was. Volgens De Vos (1998:131-147) is daar in kwantitatiewe navorsing vier basiese beginsels om die vraelys/skaal te meet of te toets en dit word vervolgens weergegee.

- Die instrument moet geldig en betroubaar wees. Aangesien die skale gestandaardiseerd is, is dit betroubaar en geldig.
- Die instrument moet kort en verstaanbaar wees en maklik geïnterpreteer kan word. Die skale asook vraelys was kort en in die respondente se moedertaal.
- Die probleem is geëksploreer deur vrae/waarneming van die respondent.
- Die probleem kon op vier maniere gemeet word, volgens:
 - die frekwensie,
 - die aanwesigheid/afwesigheid,
 - die intensiteit, en
 - die tydperk waarin die probleem teenwoordig is.

Hierdie skale het slegs die aanwesigheid/afwesigheid en intensiteit gemeet.

De Vos (1998:134) konstateer dat die geldigheid en betroubaarheid van die meetinstrument van groot belang is. Die skrywer definieer geldigheid as die vraelys /skaal se vermoë om die toepaslike konsepte korrek te meet. Die geldigheid sal bepaal of die vraelys/skaal meet wat dit veronderstel is om te meet. Aangesien hierdie vraelyste deur 'n voorondersoek blootgestel was aan kritiek, was die navorser van mening dat die biografiese vraelys geldig was. Die gestandaardiseerde skale is betroubaar en geldig weens die status daarvan.

1.10.4.2 Kwalitatiewe meetinstrument

Vir die gebruik van aangesig-tot-aangesig onderhoude moet die navorser die respondente telefonies en in persoon opvolg. Burns (2000:427) noem dat die voorondersoek vir 'n ongestruktureerde onderhoud, die navorser selfvertroue gee om dit vir die werklike navorsing uit te voer. Die navorser erken die bevinding van die skrywer aangesien dit vir haar meer selfvertroue verskaf het. Die navorser het verder gevind dat tydens die voorondersoek al die vrae in die skedule verstaanbaar en maklik beantwoordbaar was.

1.11 OMSKRYWING VAN UNIVERSUM, AFBAKENING VAN STEEKPROEF EN WYSE VAN STEEKPROEFNEMING

Die universum wat gebruik is, is alle vroeë middeljarige wit huweliksmaats tussen die ouderdom 35-45 jaar met een of meer biologiese kind/ers in die fase van adolessensie (ouderdom 13-18 jaar). 'n Steekproef word omskryf as 'n klein hoeveelheid van die totale objekte, gebeure of mense wat gesamentlik die onderwerp van die studie is. (Vgl. Burns, 2000:90.) Aangesien dit verkennende navorsing was, het die navorser die universum afgebaken na slegs vyftig huweliksmaats (25 gesinne).

Hoofstuk 1: Inleiding tot die ondersoek

Vir die doel van die ondersoek het die navorser van doelbewuste steekproeftrekking gebruik gemaak, aangesien daar 'n doelbewuste seleksie van sekere respondente was, en daar dus nie 'n waarskynlikheid is dat enige individu deel sal vorm van die steekproef nie. Hierdie betrokke steekproef val onder nie-waarskynlikheidsteekproeftrekking. Aan die hand van Bless & Higson-Smith (1995: 89 en 95) word doelbewuste nie-waarskynlikheidsteekproeftrekking omskryf as 'n steekproef wat uit die universum geneem word op grond van die navorser/veldwerker se eie oordeel ten opsigte van bepaalde noodsaaklike karaktereienskappe wat vir die navorsing benodig word. Daar is met ander woorde nie 'n waarskynlikheid dat enige persoon aan die studie sou deel hê nie. Newman (1998:206) meld dat 'n doelbewuste steekproef die volgende karaktereienskappe het, naamlik:

- die steekproef word vir 'n spesiale situasie benut,
- daar word gebruik gemaak van die oordeel van kundiges in die seleksie van respondente, en
- respondente word geselekteer met 'n bepaalde doel.

Newman (1998:206) konstateer dat die doelbewuste nie-waarskynlikheidsteekproef gebruik word waar die steekproef unieke gevalle moet wees wat voldoen aan die respondent-spesifikasie. Vir die uitvoering van die ondersoek is daar vyftig wit egmaats in die vroeë middeljare met kind/ers in die fase van adolessensie geselekteer. Daar word spesifiek op wit huweliksmaats gefokus aangesien hierdie respondentegroep makliker bekombaar is vir die navorser en tydens die probleemformulering die hoogste egskeidingsyfer in die Suid-Afrikaanse bevolking het. Die respondente moes aan die volgende kriteria voldoen, naamlik:

- wit huweliksmaats in die fase van die vroeë middeljare (ouderdomsgroep 35-45),
- die huweliksmaats moet 'n biologiese kind/ers in die fase van adolessensie hê (ouderdom 13-18 jaar),
- die respondente moet almal Afrikaanssprekend wees, en
- Witbank omgewing.

1.12 ETIESE ASPEKTE

Aangesien die geesteswetenskappe die mens bestudeer, speel etiek 'n belangrike rol. Die verantwoordelikheid ten opsigte van die etiese aspekte in 'n navorsingsondersoek lê op die skouers van die navorser. Volgens Levy (1993:2) is etiek, dit wat as reg en verkeerd bestempel kan word, en omskryf etiese aspekte soos volg:

“It is a set of moral principles which is suggested by an individual or group, is subsequently widely accepted, and which offers rules and behavioural expectations about the most correct conduct towards experimental subjects and respondents, employers, sponsors, other researchers, assistants and students.”

Die navorser het volgens Newman (1998:443-451) en Burns (2000:26-28) die volgende aspekte in die navorsing eerbiedig, naamlik:

- Geen respondent is op enige manier benadeel nie. Die navorser is van mening dat die respondente geen fisiese- of emosionele nadeel ervaar het as gevolg van die navorsing nie, aangesien die studie slegs verkennend van aard was.
- Alle inligting in verband met die navorsing is bekend gemaak aan die respondente. Die navorser het 'n duidelike omskrywing (ook bekend as die dekblad) van die doel en beginsels uiteengesit en aan die vraelys en skale geheg.
- Die respondente is op geen manier mislei nie. Die navorser is van mening dat die dekblad hierdie aspek uitgeskakel het.
- Die respondente se privaatheid is nie geskend nie. Die navorser het aanvanklik aan die respondente die doel van die navorsing verduidelik en aan hulle die keuse gegee of hulle wou deelneem. Daar was geen dwang of manipulasie nie. Vertroulikheid was deurgaans beklemtoon en respondente kon enige tyd van die studie onttrek het.

Hoofstuk 1: Inleiding tot die ondersoek

- Die navorser is gekwalifiseerd en opgelei. Die navorser is by die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoepe asook by *South African Association for Social Workers In Private Practice* geregistreer.
- Die hulpbronne wat benut is, het die etiese kodes duidelik verstaan. Die Statistiese Departement van die Universiteit van Pretoria was die enigste hulpbron wat direk met die data gewerk het. Hierdie instansie is bekend met die etiek van navorsing.
- Die finale verslag is volgens die navorser objektief en 'n duidelik verhaling van die studie. Die leemtes word in die hoofstuk duidelik uiteengesit. Die data word as 'n MA-verhandeling weergegee.
- Geen respondent het die onderwerp as sensitief en emosioneel beleef nie en dus was geen vorm van hulp nodig nie.

Die navorser konstateer dat die etiese aspekte van groot belang is, en dus was daar deurgaans intensiewe aandag daaraan gegee.

1.13 DEFINISIES VAN HOOFKONSEPTE

Die konsepte wat in hierdie studie na vore kom, is bekende maatskaplikewerkterminologie. Dit is egter belangrik om dit presies te definieer om verwarring uit te skakel en die terme word vervolgens omskryf:

1.13.1 Die fase van adolessensie

Carter & McGoldrick (1999:275) beweer dat die fase van adolessensie 'n lewensfase is waar die kind die ouderdom van 13 bereik. Deel van hierdie lewensfase is drie bepaalde ontwikkelingstake waardeur die adolessent beweeg. Eerstens tree daar 'n fisiese verandering in, waar die seuns se stemme verdiep, breër borskas en skouers ontwikkel en hulle meer eet. Die dogter ontwikkel borste en vroulike heupe. Tweedens is daar 'n seksuele verandering waar seuns begin ejakuleer rondom die ouderdom van 15 jaar, terwyl die dogters se menstruasiesiklus in aanvang tree. Derdens vind daar 'n emosionele verandering plaas waar die adolessent onafhanklik wil wees en in eie reg erken wil word.

Hoofstuk 1: Inleiding tot die ondersoek

Seuns is geneig om konfliktsituasies aggressief te hanteer, terwyl dogters maklik skreeu of huil. Die fase van adolessensie verwys na 'n spesifieke lewensfase. Volgens Bigner (1998:358) is dit die tydperk waar die kind die ouderdom van 11 betree. Hy beskou die vroeë fase van adolessensie as die fase waar puberteit intree aan die begin van 11-jarige ouderdom tot 16-jarige ouderdom. Die laat fase van adolessensie is wanneer psigososiale verandering vanaf 16-18 jaar intree.

Lauer & Lauer (1997:325) omskryf die fase van adolessensie as 'n fase waar die kind deur drie soorte veranderinge tegelyk beweeg. 'n Fisiese verandering tree in waar die adolessent in voorkoms en grootte verander. Tydens die intellektuele verandering redeneer en onderhandel die adolessent deurgaans. Laastens is daar ook 'n sosiale verandering waar die adolessent homself as onafhanklik en volwasse beskou.

Vir die doel van hierdie studie sal die navorser fokus op die adolessent wat 11-18 jaar oud is.

1.13.2 Die fase van die middeljare

Volgens Carter & McGoldrick (1999:274) is die middeljare 'n lewensfase waar die mens in die ouderdom 45-65 jaar is. Tydens hierdie fase vind daar gewoonlik vyf ontwikkelingsstake plaas. Eerstens ervaar middeljariges 'n toebroodjie-geïntegreerde aangesien die middeljarige nou in sy eie ouers en kinders se versorging en behoeftes moet voorsien. Tweedens word die middeljarige met mortaliteit gekonfronteer, soos wat eie ouers afsterf. Derdens vind herdefiniëring plaas ten opsigte van die middeljarige se verhouding met sy kinders, aangesien hulle dan onafhanklik raak en moontlik die huis verlaat. Vierdens beleef die middeljarige dat sy gesin weer uitbrei soos wat kinders trou en vermeerder en dus moet die middeljarige daarby berus. Laastens vind herdefiniëring plaas rondom die middeljarige se verhouding met broers en susters.

Die vroeë middeljare verwys spesifiek na die tydperk vanaf 35-jarige ouderdom. Vrouens is geneig om hierdie verandering vroeër waar te neem as mans. Die vrou raak bewus van haar fisiese verandering, naamlik 'n voller figuur, plooië, gryshare en die menopouse wat nader kom. Mans is geneig om ook 'n voller figuur te ontwikkel en bles te word.

Hoofstuk 1: Inleiding tot die ondersoek

Die skrywer noem dat huweliksbevrediging in hierdie fase toeneem, alhoewel sommige huweliksmaats hulle huwelik as staties beleef. (Vgl. Lauer & Lauer, 1997: 325.) Vir die doel van hierdie studie is die fase van die vroeë middeljare gesien as die fase waar individue tussen 35 en 45 jaar oud is.

1.13.3 Huweliksverhouding

Die huwelik staan bekend as die verbinding tussen 'n man en 'n vrou. Alpaslan (1994:17) verwys na die huweliksverhouding as 'n verhouding wat uit veertien basiese komponente bestaan om 'n geheel te vorm. Hierdie komponente staan bekend as 'n gesin van herkoms, kommunikasie, konflikhantering, huweliksmotief, huwelikskeuse, seksualiteit, selfbeeld, potensiele groeiruumte, beroepsbeoefening, rolverdeling, finansies, ouerskap, skoonouers en geloofsgroei. Volgens Van Staden (1992:8) bestaan die huwelik egter net uit twaalf komponente. Die skrywer se komponente is soortgelyk as dié van die vorige verwysing, maar huweliksmotief en huwelikskeuse word nie as komponente uitgelig nie. Van Staden (1992:8) is van mening dat hierdie twaalf komponente die funksioneringsareas van 'n huweliksverhouding is.

Vir die doel van hierdie studie is die huweliksverhouding gesien as 'n sosiaal aanvaarbare verbintenis tussen 'n man en 'n vrou wat voorsiening maak vir 'n seksuele verhouding en die geboorte van kinders op 'n wettige wyse.

1.13.4 Huweliksbevrediging

Benokraitis (1999:242) verwys na huweliksbevrediging soos volg: *"It is whether or not a husband or wife (or both) see their marriage as good"*. Daar is klaarblyklik geen vaste definisie vir die term nie, en dus is die skrywer van mening dat die sukses- en bevredigingsomskrywing van 'n huwelik deur die huweliksmaats se persoonlike evaluasie die mate van huweliksbevrediging sal aandui. Hierdie evaluasie word uitgevoer op grond van konsepte soos geluk, sukses, aanpasbaarheid en integrasie. Aangesien die gekonseptualiseerde definiëring van die term huweliksbevrediging skaars en onbegrens is, het die navorser vir die doel van die studie gefokus op huweliksbevrediging as die persoonlike evaluasie van die huweliksmaats ten opsigte van hulle eie huwelik se wedersydse aanpassing, persoonlike bevrediging, integrasie, geluk en sukses.

1.14 BEPERKING EN LEEMTES IN DIE ONDERSOEK


'n Effektiewe navorsingsverslag moet die beperkings en leemtes uitwys. Mauer in Garber (1997:385) meld dat die negatiewe bevindinge van belang is aangesien daar metodologiese foute ontdek word en herhaling van die foute dan in toekomstige studies vermy kan word.

- Alhoewel daar 25 egmaats in die steekproef teenwoordig was, het van die respondente nie al die skale voltooi nie, wat dus die responskoers asook data benadeel het.
- Weens die klein steekproef in die empiriese ondersoek, kan die resultate nie veralgemeen word nie.
- Hierdie studie het onder andere gehandel oor die fase van adolessensie. Die navorser het gevind dat die hele fase 'n lang periode is, met diverse veranderinge. Indien die navorser eerder op 'n periode in die fase gefokus het, byvoorbeeld die laat adolessensie, sou die resultate oor die invloed van die fase van adolessensie waarskynlik anders gelyk het.
- Al die respondente was doelbewus op 'n nie-waarskynlikheidssteekproef geselekteer. Omdat hierdie gesinne normaal funksionerende gesinne was, was dit waarskynlikheid hoog dat hulle self geen probleme rakende die navorsingsvraag kan hê nie. Die navorser is van mening dat indien sy eerder probleemgevalle geïdentifiseer het, die resultate waarskynlik meer direk sou wees.
- Al die respondente is ook wit Afrikaanssprekende gesinne. Hierdie data is dus gladnie van toepassing op ander kulturele groepe nie. Die beleving van die fase van adolessensie en die fase van die vroeë middeljare kan waarskynlik dieselfde wees as in ander kulture, maar die normes en waardes verskil van kultuur tot kultuur en daarom is die data nie veralgemeenbaar nie.

1.15 INDELING VAN NAVORSINGSVERSLAG

Die navorsingsverslag bestaan uit vyf hoofstukke en die inligting sien soos volg daaruit:

Figuur 5: Skematiese voorstelling van die navorsingsverslag



1.16 SAMEVATTING

- 1.16.1 Navorsing oor die invloed van die fase van adolessensie en die ouers se invloed op die huweliksbevrediging en huweliksverhouding van die ouers is volgens soektogte beperk.
- 1.16.2 Die probleem is geformuleer op grond van die gesin wat deur twee veranderinge, naamlik die fase van adolessensie en die fase van die vroeë middeljare terselfdertyd beweeg. Hierdie tydperk in die gesin word ook aan 'n hoë egskedingsyfer in die Suid-Afrikaanse konteks waargeneem.
- 1.16.3 Die studie het ten doel gehad om 'n ondersoek in te stel na die invloed van die fase van adolessensie op die huweliksbevrediging van die ouers in hulle vroeë middeljare.
- 1.16.4 Die navorsingsvraag in die studie is gestel na die invloed wat die fase van adolessensie het op die huweliksbevrediging van die ouers in hulle vroeë middeljare.
- 1.16.5 Hierdie studie is deur middel van die gekombineerde kwalitatiewe-kwantitatiewe benadering uitgevoer. Die kombinasie was metodologies van aard en volgens die dominante minder-dominante model uitgevoer.
- 1.16.6 Die soort navorsing vir hierdie ondersoek is toegepaste navorsing, aangesien die navorser ten doel het om 'n oplossing te soek na 'n spesifieke probleem wat praktykgerigte take kan bevorder.
- 1.16.7 Die studie is uitgevoer deur middel van 'n verkennende navorsingsontwerp. Die navorser het die verkennende navorsingsontwerp bespreek.
- 1.16.8 Die kwantitatiewe data-insamelingsmetode was vraelyste en skale, terwyl die kwalitatiewe data-insamelingsmetode 'n aangesig-tot-aangesig onderhoud was.
- 1.16.9 Die beperkinge en leemtes is deur die navorser uitgelig aangesien dit 'n bydrae kan lewer vir toekomstige studies.

HOOFSTUK 2

DIE FASE VAN ADOLESSENSIE

2.1 INLEIDING

Die term adolessent word dikwels sinoniem gesien met rebellie en moeilikheid. Dit is egter 'n aanduiding dat 'n adolessent waarskynlik homself in 'n vermoeiende periode van sy lewe bevind en dit moontlik is dat verwarrende gedrag periodiek kan voorkom. Adolessensie is 'n fase in die lewensiklus van die mens. Newman & Newman (1997:60) omskryf lewensfases as periodes in die lewe wat gekenmerk word aan bepaalde gedrag in elke periode. Hierdie fases beweeg in 'n spesifieke rigting van ontwikkeling. Elke nuwe fase is 'n opvolg van dit wat in die vorige fase plaasgevind het. Die aanvang van elke nuwe fase word aangedui met uitdagings, take, sentrale prosesse, psigo-sosiale krisisse en verhoudinge. Elke fase is egter uniek en gee aanleiding tot die leer van nuwe vaardighede en vermoëns. Die fase van adolessensie voldoen ook aan hierdie vereistes en is een van die mees dinamiese lewensfases. Die doel van hierdie hoofstuk is om adolessensie as 'n lewensfase te bestudeer. Die aard en die ontwikkelingstake van die fase van adolessensie word bespreek, aangesien kennis oor die adolessent belangrik is om sodoende insig te verkry ten opsigte van die verhouding tussen die adolessent en sy middeljarige ouer.

2.2 AARD VAN ADOLESSENSIE

2.2.1 Afbakening van die fase van adolessensie

Volgens Lauer & Lauer (1997:320) en Benokraits (1999:63) word die lewensfases van die gesin in ses fases verdeel, naamlik:

- jong volwassene wat die ouerhuis verlaat,
- pas getroude egmaats,
- die gesin met jong kinders,
- die gesin met adolessente,
- leë-nes fase – kinders verlaat die ouerhuis, en
- die ouers in die bejaarde fase.

Hoofstuk 2: Die fase van adolessensie

Vir die doel van hierdie studie word daar op die gesin met adolessente gefokus. Alhoewel dit moeilik is om adolessensie af te perk tot sekere kronologiese ouderdomme, kan daar wel aanvaar word dat die fase van adolessensie tussen elf- en dertienjarige ouderdom intree en die fase eindig gewoonlik tussen die ouderdom sewentien en twee-en-twintig jaar. (Vgl. Gouws & Kruger, 1994:4.)

Die fase van adolessensie word gekenmerk aan twee periodes met bepaalde veranderinge. Steinberg (1985:6); Cunnings (1995:5); Newman & Newman (1997:63) en Bigner (1998:358) verwys soos volg na die twee periodes:

- vroeë adolessensie: vanaf puberteit, 11 jaar tot 15/16 jarige ouderdom, en
- laat adolessensie: vanaf 15/16 jaar tot volwassenheid.

Steinberg (1985:6) omskryf die bogenoemde periodes soos volg:

Tabel 3: Die grense van die fase van adolessensie

	Vroeë adolessensie	Laat adolessensie
Biologies	Puberteit tree in.	Ontwikkel vermoë vir seksuele voortplanting.
Emosioneel	Begin losmaak van ouers.	Ontwikkel 'n sin van eie identiteit.
Kognitief	Raak bewus van die redeneringsvermoë.	Ontwikkel 'n gevorderde vermoë om te redeneer.
Interpersoonlik	Begin om fokus te verskuif weg van ouers na die portuurgroep.	Ontwikkel 'n totale intimiteit met die portuurgroep.
Sosiaal	Begin volwasse werk-, gesin- en vriendskapsrolle inneem.	Totaal aangepas by die volwasse status en verantwoordelikhede.
Opvoedkundig	Betree hoërskool.	Betree senioriteit in hoërskool.

Die aanvang van beide die twee periodes is direk waarneembaar. Om die einde van adolessensie te bepaal, is egter baie moeiliker, aangesien die ontwikkelingstake minder sigbaar is en die einde van adolessensie eerder gekenmerk word aan 'n variasie van sosiale-, wetlike-, sielkundige- en ekonomiese veranderinge. Vanuit 'n sosiale konteks eindig adolessensie wanneer die adolessent volwasse rolle begin aanneem.

Hoofstuk 2: Die fase van adolessensie

In Suid-Afrika word die adolessent wettig as 'n volwassene gesien op ouderdom 18 jaar, wanneer hy/sy mag stem. Volwaardige volwassenheid tree egter eers op 21 jaar in, wanneer die adolessent mondig word, en so nie langer sy/haar ouers se toestemming nodig het om wetlike keuses uit te oefen nie. (Vgl. Gouws & Kruger, 1994:3.) Vervolgens word die verskillende ontwikkelingstake bespreek.

2.2.2 Omskrywing van die fase van adolessensie

Die geneigdheid bestaan om die woord adolessent sinoniem met rebellie en moeilike gedrag te beskou. Tog is adolessensie veel meer as dit. Die woord adolessent kom van die latynse woord, *adolescere*, wat letterlik beteken: "om groot te word". Dit is egter moeilik om 'n kronologiese ouderdom aan adolessensie te koppel. (Vgl. Hopkins, 1983:2-3; Noller & Callon, 1991:1; Gouws & Kruger, 1994:3; Crockett & Crouter, 1995:3 en Cunnings, 1995:5.) Adolessensie is die fase waar transformasie tussen kind en volwassene plaasvind.

Gouws & Kruger (1994:3) is van mening dat dit redelik maklik is om die aanvang van adolessensie te bemerk aangesien dit gekenmerk word aan sekere fisiese- en geestelike veranderinge. Gedurende puberteit groei die liggaam, voortplantingsorgane raak funksioneel en seksuele karaktereenskappe ontstaan. Tog is die fase van adolessensie tradisioneel gekenmerk aan 'n periode van stres, innerlike konflik en rebellie. Die adolessent kan egter nie net bloot as 'n rebel beskou word nie, maar eerder as 'n individu wat deur 'n moeilike fase beweeg, wat met verskeie ontwikkelingstake gepaard gaan. (Vgl. Hopkins, 1983:3; Gouws & Kruger, 1994:3; Cunnings, 1995:117; Bigner, 1998:358 en 359, en Carter & McGoldrick, 1999:276.) Hierdie ontwikkelingstake van die fase van adolessensie vind plaas ten opsigte van kognitiewe-, fisiese-, normatiewe- en sosiale ontwikkeling.

2.3 ONTWIKKELINGSTAKE VAN DIE FASE VAN ADOLESSENSIE

2.3.1 Kognitiewe ontwikkeling

Jean Piaget, die welbekende Switserse bioloog en wetenskaplike, het een van die grootste bydraes ten opsigte van kinders se kognitiewe ontwikkeling gelewer. Piaget het geglo dat die kind se kognitiewe ontwikkeling in 'n sekere patroon plaasvind, waar daar dan sekere karaktereenskappe toegeken kan word aan elke ontwikkeling.

Hoofstuk 2: Die fase van adolessensie

Volgens hom is die hoogste vlak van intellektuele ontwikkeling gedurende die fase van adolessensie. (Vgl. Gouws & Kruger, 1994:46 en Newman & Newman, 1997:664.) Steinberg (1985:9) verwys na die kognitiewe ontwikkeling tydens adolessensie as die proses waar die adolessent oor hom-/haarself dink en so 'n persoonlikheid, selfkonsep en identiteit ontwikkel. Cunnings (1995:77) meld dat daar vanaf 12/13jarige ouderdom drastiese fisiese verandering intree soos die adolessent sy volwasse voorkoms ontwikkel. Die adolessent se kognitiewe ontwikkeling vind egter stadiger plaas as die fisiese verandering waar die adolessent dus meer volwasse voorkom. Die adolessent se kognitiewe vermoë is egter nog nie soos dié van 'n volwassene nie. Dit is verwarrend aangesien die adolessent reeds 'n volwasse voorkoms het, maar nie noodwendig redeneer soos 'n volwassene nie.

Lauer & Lauer (1997:325) konstateer dat die adolessent se intellektuele veranderinge daartoe lei dat sy ouers as egmaats 'n derde persoon bykry wat in die gesin saam redeneer en besluite wil neem. (Vgl. Cunnings, 1995:117.) Rondom die ouderdom van 13-14 jaar begin die adolessent sy vermoë om te redeneer ontwikkel, alhoewel hy dan vanuit 'n idealistiese perspektief redeneer. Slegs tydens volwassenheid word daar op 'n logiese en realistiese wyse geredeneer. Adolessente in die vroeë fase van adolessensie is geneig om nie aan die gevolge van hulle gedrag en dade te dink nie. Die navorser is van mening dat hierdie idealistiese perspektiewe en onverantwoordelike gedrag tot konflik kan lei, omdat die adolessent dan op 'n nie-logiese onrealistiese wyse redeneer.

Tydens adolessensie vind hierdie kognitiewe ontwikkeling op 'n formele operasionele metode plaas. (Vgl. Rice, 1990:177; Gouws & Kruger, 1994:4; Cunnings, 1995:121 en Newman & Newman, 1997:644.) Die kind kan vanaf 11-12 jaar begin om logies te dink en probleme op te los. Die formele operasionele fase word gedefinieer as die fase waar die ontwikkeling van die karaktereenskappe soos byvoorbeeld: om op 'n meer abstrakte wyse te kan dink en betrokke te kan raak in 'n variasie van kognitiewe aktiwiteite soos redeneringsvermoë, toekoms en tyd persepsie en hipotese toetsing, plaasvind. Dit wil egter voorkom of die meerderheid jong adolessente nie direk oor hierdie vermoë beskik nie. Hierdie karaktereenskappe lewer 'n groot bydrae tot die adolessent se persoonlikheid-, selfkonsep- en identiteitsontwikkeling.

2.3.1.1 Karaktereienskappe van die formele operasionele fase

- **Abstrakte denke**

Die adolessent ontwikkel die vermoë om te kan redeneer oor konsepte van liefde, haat en geregtigheid. (Vgl. Gouws & Kruger, 1994:48 en 49 en Newman & Newman, 1997:644.) Hy/sy ontwikkel die vermoë om sensitiewe reëlik te kan lewer op situasies. Tog is die adolessent terselfdertyd baie meer krities teenoor hom-/haarself.

- **Proporsionele denke**

Die filosoof, Piaget, sien die begrip vir die verhouding tussen realiteit en fantasie as 'n sterk eienskap van die formele operasionele fase. Piaget is van mening dat die adolessent die 'fantasie' as primêr beskou en die 'realiteit' as sekondêr beleef. (Vgl. Gouws & Kruger, 1994:49 en Newman & Newman, 1997:644.) Soos wat die adolessent ontwikkel, so verander hierdie kognitiewe konsep sodat die 'realiteit' as primêr beskou word en die 'fantasie' as sekondêr beleef word.

- **Hipotetiese didaktiese denke**

Die adolessent wat die vermoë het om hipotetiese didaktiese gedagtes te ontwikkel, het die vermoë om veranderlikes sistematies te isoleer, om so 'n probleem op te los en weer die veranderlikes saam te voeg om 'n individuele of gesamentlike invloed te bepaal. (Vgl. Gouws & Kruger, 1994:50 en Newman & Newman, 1997:644.) Die adolessent wat hierdie fase bereik het, het die vermoë om hipoteses te vorm en te toets, ontwikkel.

Gouws & Kruger (1994:52) en Newman & Newman (1997:645) is van mening dat die adolessent wat die karaktereienskappe van die formele operasionele fase bereik het die vermoë besit om abstrak te dink, hipoteses te formuleer, inkorrekte vergelykings te erken, te onderskei tussen die werklikheid en 'n fantasie, probleemoplossend op te tree en begrip vir moeilike situasies/take te toon.

Hoofstuk 2: Die fase van adolessensie

Hierdie karaktereienskappe van die formele operasionele fase maak deel uit van die adolessent se persoonlikheid. Vervolgens word die ontwikkeling van die persoonlikheid bespreek.

2.3.1.2 Persoonlikheidsontwikkeling

Volgens Gouws & Kruger (1994:83) word persoonlikheid soos volg gedefinieer:

“A stable set of characteristics and tendencies that determine those commonalities and differences in the psychological behaviour (thoughts, feelings, actions) of people that have continuity in time and that may or may not be easily understood in terms of the social and biological pressures of the immediate situation.”

Gouws & Kruger (1994:83 en 95) meen dat die persoonlikheid gesien kan word as die som van wat 'n persoon is, hoe 'n persoon hom-/haarself beleef (selfkonsep) , hoe 'n persoon hom-/haarself laat voorkom en hoe ander mense hom/haar beleef. Daar bestaan soveel verskillende teorieë oor die adolessent se persoonlikheidsontwikkeling, alhoewel, nie een teorie omskryf die totaliteit van die kognitiewe ontwikkelingsfase nie.

Die navorser het hoofsaaklik op Carl Rogers, 'n humanistiese-fenomenologiese denker, se teorie gefokus. Volgens Meyer, Moore & Viljoen (1988:395) lê die kern van Rogers se persoonlikheidsteorie in die basiese vertroue in die konstruktiewe potensiaal van 'n individu, sy essensieel doelgerigte aard, sy voortuitstrewenheid en sy vermoë om te verander. Daarmee saam beklemtoon Rogers egter die belangrikheid van die persoon se subjektiewe beleving van hom-/haarself, naamlik die selfkonsep.

2.3.1.3 Selfkonsepontwikkeling

Volgens Rogers in Meyer, *et al.* (1988:395) en Gouws & Kruger (1994:9) word die selfkonsep soos volg omskryf:

“The self-concept denotes the organised consistent conceptual gestalt composed of perception of the characteristics of the ‘I’ or ‘me’ and the perceptions of the relationships of the ‘I’ and ‘me’ to others and to various aspects of life, together with the values attached to these perceptions. It is a gestalt which is available to awareness though not necessarily in awareness. It is a fluid and changing gestalt, a process, but at any given moment it is a specific entity.”

Die selfkonsep verwys dus na die prentjie wat die persoon van hom-/haarself het en die waarde wat hy/sy aan hom-/haarself heg. Meyer, *et al.* (1988:399); Rice (1990: 184) en Gouws & Kruger (1994:91 en 92) koppel bepaalde karaktereenskappe aan die selfkonsep. Hierdie karaktereenskappe word vervolgens bespreek.

- **Selfkonsep is kompleks**

Die selfkonsep bestaan uit verskillende dimensies wat daartoe aanleiding gee dat hierdie konsep gekompliseerd is. Daar is ‘n fisiese- (liggaam), persoonlike-, familie-, sosiale- en morale dimensies betrokke. Al hierdie dimensies ondergaan ‘n verandering gedurende adolessensie en vandaar die kompleksiteit.

- **Selfkonsep is dinamies**

Die selfkonsep kan van tyd-tot-tyd en van situasie-tot-situasie verander. So sal die adolessent byvoorbeeld die aand ‘n baie positiewe selfbeeld hê, wat dan die volgende oggend kan verdwyn wanneer hy/sy ‘n puisie op sy/haar gesig ontdek.

- **Selfkonsep is georganiseerd**

Die individu het verskeie konsepte oor hom-/haarself. Alle konsepte is nie ewe belangrik nie, alhoewel die konsepte wat vir die individu belangrik is, ‘n groter impak het op die selfkonsep as konsepte wat nie van belang is nie.

Hoofstuk 2: Die fase van adolessensie

'n Positiewe selfbeeld is nie net belangrik vir die adolessent se eie geestesgesondheid nie, maar beïnvloed ook hoe die adolessent se interaksie met die portuurgroep, gemeenskap en gesin sal plaasvind. (Vgl. Gouws & Kruger, 1994:93.) Cunnings (1995:231); Bigner (1998:359); Gunter (2002) en Kruger (2001) beweer dat die identiteitsontwikkeling 'n verdere aspek van die kognitiewe ontwikkelingstaak van 'n adolessent is. Gouws & Kruger (1994:83) is van mening dat die identiteit die samevoeging van die persoonlikheid en selfkonsep is.

2.3.1.4 Identiteitsontwikkeling

Vanaf die ouderdom 11 tot 14 jaar begin die adolessent homself vrae vra oor wie hy is, hoekom hy so is en wat hy wil word. Hierdie ontwikkelingstaak is gewoonlik voltooi aan die einde van adolessensie rondom die ouderdom van 18 tot 25 jaar (Cunnings, 1995:231; Bigner, 1998:359; Gunter, 2001 en Kruger, 2001.) Sommige mense bereik later in hulle volwassenheid die eindpunt van die taak, terwyl daar selfs volwassenes is wat die taak nooit voltooi nie.

Cunnings (1995:244) verwys na Blasi en Miltons se vier vlakke van identiteit. Die vlakke word in Tabel 4 uiteengesit:

Tabel 4 : Blasi en Miltons se vier vlakke van identiteit

Ontwikkelings vlak	Identiteits vlak	Spesifieke aspekte van self
Vroeë adolessent (10-14/15 jaar)	Sosiale rol identiteit.	Pre-identiteits vlak; idee van self gebaseer op eksterne voorkoms; geen konkrete denke oor self.
Middel adolessent (14/15-17/18 jaar)	Identiteits observasie.	Ontwikkel 'n interne begrip vir self, selfreflektering vermeerder, omskryf identiteit in terme van gevoelens.
Laat adolessensie (18 jaar en ouer)	Beheer van identiteit.	Ontwikkel vaste persoonlike standaarde en idees, konsep van persoonlike identiteit is gevorm.
Volwassenheid	Stabiele identiteit.	Outonome besluitneming, persoonlike belange by menslike probleme, behoefte om eerlik met ander te wees.

Hoofstuk 2: Die fase van adolessensie

Cunnings (1995:243) meld dat die sosiale rol identiteit, wat voorkom by vroeë adolessensie, gebaseer is op die uiterlike voorkoms en die konsep van persoonlike onvolwassenheid. Daar is nog geen vaste idees of 'n eie identiteit ontwikkel op hierdie ouderdom nie. Dus is die adolessent konstant behep met sy voorkoms en gedrag. Die navorser huldig die mening dat hierdie identiteitsvlak tot hoë konflik kan lei vanweë die egosentrisiteit van die adolessent.

Identiteit observasie fokus op die adolessent wat bewus word van sy innerlike selfkonsep en tree dus meer opreg op, op grond van eksterne en die kunsmatige persoonlike karaktereenskappe (Cunnings, 1995: 243). Die adolessent se identiteit is egter nog nie ten volle ontwikkel op hierdie vlak nie, en hy/sy toon dus makliker emosies en gevoelens. Cunnings (1995:243); Bigner (1998:358 en 359); Gunter (2001) en Kruger (2001) noem dat die beheer van identiteit gefokus is op die adolessent se vermoë om sy/haar innerlike self waar te neem en op grond van dit, sy/haar norme en waardes te vorm. Hier sal die adolessent ook begin verantwoordelikheid neem vir eie gedrag, wil sekere doelwitte bereik, wil graag probleme oplos en wil verantwoordelikheid neem vir wat hy/sy met sy/haar eie lewe gaan doen. Hierdie beherende vlak verskyn egter nie voor die laat adolessensie (18 jaar en ouer) nie.

As deel van die persoonlikheid-, selfkonsep- en identiteitsontwikkeling, beleef die adolessent ook individuele identifisering met 'n bepaalde geslagsrol. Kognitiewe verskille tussen seuns en dogters hou sterk verband met kulturele- en omgewingsinvloede en word ook soos volg deur Cunnings (1995:254) omskryf:

2.3.1.5 Kulturele- en omgewingsinvloede op die kognitiewe vlak

- **Aggressie**

Cunnings (1995:254) is van mening dat enige manlike persoon van enige kultuur meer aggressief voorkom as die vroulike persoon en daarom is seuns meer betrokke by fisiese rusies en bakleiery. Hierdie verskil kom reeds op tweejarige ouderdom voor en is die slagoffer gewoonlik ook manlik. Seuns en mans word wel minder aggressief oor tyd, maar bly steeds meer aggressief as vrouens. Hierdie aggressie is egter slegs fisiese aggressie. Geslagsverskille ten opsigte van verbale aggressie of enige ander nie-fisiese aggressie is nog nie geslagsverband bewys nie.

Hoofstuk 2: Die fase van adolessensie

- **Sensitiwiteit**

Die vroulike geslag oor alle kulture en ouderdomme is geneig om mense te wil verstaan en hulle te wil help om emosies te verwerk. Die vrou staan bekend as die sensitiewer en meer emosionele wese. (Cunnings, 1995:254.) Dit is klaarblyklik die rede waarom adolessente dogters meer emosioneel voorkom.

- **Verbale vermoë**

Vanaf geboorte tot en met adolessensie het seuns en dogters dieselfde verbale vermoëns. Teen 11/12jarige ouderdom begin daar verbale verskille intree. Dogters verkry superioriteit en presteer beter op skool. Die dogters vaar ook beter in begrip, tale, verbale take met analogie en kreatiewe skrif. Cunnings (1995:254) beweer dat meer onlangse studies wel getoon het dat hierdie verskil besig is om te verminder.

- **Visuele vermoë**

Hier word spesifiek verwys na die vermoë om figure en objekte in ruimte te visualiseer en in verhouding met mekaar te sien, byvoorbeeld drie dimensionele sig. Tydens die kinderjare is daar nie 'n verskil in geslag ten opsigte van dié vermoë nie. Tydens adolessensie is daar 'n merkbare verskil waar seuns se vermoë heelwat hoër is as dié van dogters. Hierdie verskil is ook konstant regdeur volwassenheid.

- **Wiskundige vermoë**

Rondom die ouderdom van 12 of 13 begin seuns se wiskundige vermoë toeneem. Dit wil dus voorkom dat tydens adolessensie en volwassenheid seuns meer wiskundig aangelê is as dogters.

Ondanks die kognitiewe verskille wat tussen die adolessente seun en dogter bestaan, is daar wel by die adolessent soortgelyke optredes, ongeag geslagsrolle, vanweë die kognitiewe ontwikkeling wat plaasvind.

2.3.1.5 Optredes van die adolessent vanweë kognitiewe ontwikkeling

Die adolessent beleef eie redenasies oor persoonlike optredes op verskeie vlakke en hierdie vlakke word word vervolgens omskryf.

- **Idealistiese rebel**

Lamanna & Riedman (1991:414) beweer dat die sosiale gemeenskap van volwassenes verwag om 'n sekere stel waardes te handhaaf. Dit is hier waar die adolessente ervaar dat hulle verskillende waardes as hulle ouers moet handhaaf om so hulle volwasse status te bekom. Volgens Rice (1990:180) en Crockett & Crouter (1995:3) is die adolessent in 'n tydperk waar hy homself reeds in volwasse rolle visualiseer. Die adolessent beskou homself as volwasse en wil so hanteer word. Die adolessent sal selfs die realiteit opweeg teenoor die ideaal wat hy nastreef en sodoende gedrag uitoefen wat aan sy ideaal voldoen. Bigner (1998:359) en Carter & McGoldrick (1999:275) beweer dat adolessente ook sterk beïnvloedbaar is deur die media. Hulle waardes, gedrag en sieninge oor verhoudinge, kleredrag en kommunikasie word grootliks deur die media beïnvloed en bepaal. Die navorser is van mening dat die oorsprong van die adolessent se optrede en gedrag dikwels ook by die portuurgroep lê. Die portuurgroep dra by tot die idealisme en eksperimentele soeke van die adolessent (Ambert, 1997:29). Slegs in laat adolessensie begin die adolessent realisties raak oor sy ideaal en tree dan ook meer toepaslik op.

- **Hipokritiek**

As gevolg van die teenstrydige gedrag tussen wat adolessente sê en doen, word hulle dikwels beskuldig dat hulle hipokritieke neigings is. Die adolessent sal byvoorbeeld vra dat die gesin sy privaatheid respekteer, maar terselfdertyd nie sy eie gesin se privaatheid terug respekteer nie (Rice, 1990:181). Newman & Newman (1997:647) konstateer dat die adolessent voel dat niemand hom verstaan nie en niemand insig vir sy lewe het nie. Die navorser huldig die mening dat hierdie hipokritiek tot misverstande kan lei asook geweldige druk op die kommunikasie in die ouer-kind verhouding, asook die ouers se verhouding kan plaas.

- **Egotisme**

Rice (1990:183); Newman & Newman (1997:647); Bigner (1998:358) en Gunter (2001) huldig die mening dat die adolessent die vermoë ontwikkel om oor homself as persoon met sekere idees te dink. Die adolessent raak egter so behep met homself, dat hy voel almal is behep met hom, en vandaar die egosentrisiteit. Die adolessent beleef homself op 'n verhoog waar hy voor 'n denkbeeldige gehoor moet optree. Die adolessent is geneig om nie net selfgesentreerd te wees nie, maar ook selfingenomend te wees. Volgens Newman & Newman (1997:647) kan die adolessent se egotisme 'n invloed hê op die adolessent se sosiale interaksie en probleemoplossings.

- **Lewensplanontwikkeling**

Die adolessent fokus op 'n toekomsplan met ideale. Hierdie lewensplan behels dikwels besluitneming oor beroepe en professionele opleiding. (Vgl. Rice, 1990:185.) Die navorser is van mening dat die ouers baie bekommerd en gespanne is oor hulle adolessent se besluitnemingsproses ten opsigte van die keuse van beroep en aktiwiteite na skool.

Die vermoë om operasioneel te dink, het verskeie invloede op die adolessent se persoonlikheid en gedrag. Die adolessent raak aanvanklik egosentries, introspektief en bewus van die self soos die eie kinderlewe ontgroeï word. Die adolessent begin al meer en meer oor homself dink, sodat hy 'n volwasse identiteit en selfkonsep kan ontwikkel. (Vgl. Rice 1990:191 en 192; Bigner, 1998:359 en Johnson, 2001.) Teen die laat adolessensie verskuif die klem van egotisme en jong idealisme na 'n realistiese lewensplan.

Wanneer die adolessent sy volle kognitiewe vlak ontwikkel het, begin hy oor sy eie denke dink. Hierdie vermoë toon die effektiewe intellek. Dit is hier waar die adolessent redeneer oor onafhanklikheid, waardes en vryheid (Rice, 1990:180; Cunnings, 1995:121 en Lauer & Lauer, 1997:325). Ondanks die dinamiese kognitiewe ontwikkeling, gaan die adolessent ook deur bepaalde fisiese ontwikkelinge wat deel vorm van die adolessente lewensfase.

2.3.2 Fisiese ontwikkeling

Gouws & Kruger (1994:19); Cunnings (1995:146); Newman & Newman (1997:639) en Carter & McGoldrick (1999:276) meld dat die fisiese veranderinge by die adolessent op verskillende tye voorkom. Daar is wel in verskeie lande gevind dat die ouderdom waarop kinders volwassenheid begin bereik al vroeër en vroeër plaasvind.

By sommige adolessente tree dit vroeër in as by ander en gewoonlik groei die dogters vinniger as die seuns. Die fisiese veranderinge is gewoonlik volbring wanneer die adolessent die sekondêre skool verlaat. Hierdie tendens van die ontwikkeling wat al vroeër sigbaar is, is veral by ontwikkelde lande waar adolessente blootgestel is aan gesonder eetgewoontes, gevorderde mediese hulp en sanitêre geriewe wat so siektes minimaliseer. Gouws & Kruger (1994:20) en Newman & Newman (1997:644) beweer dat in lande soos Engeland en Amerika is hierdie sirkulêre eienskap duidelik sigbaar in vergelyking met onderontwikkelde lande. In Suid-Afrika, waar daar 'n variasie van sosio- en ekonomiese diversiteit teenwoordig is, het hierdie eienskappe nog nie sy kruin bereik nie. Alhoewel sekere Suid-Afrikaanse groepe 'n vroeë volwassening aandui, bereik die grootste hoeveelheid adolessente hulle volwassenheid eers later as ontwikkelende lande se adolessente. (Vgl. Cunnings, 1995:154 en Berk, 2000:202.) Tydens die fisiese ontwikkeling vind daar seksuele veranderinge, hormonale veranderinge en veranderinge in die adolessent se skelet struktuur plaas en dit word vervolgens bespreek.

2.3.2.1 Liggaams veranderinge

Fisiese groei vind gewoonlik plaas nadat puberteit in aanvang getree het. Die adolessent se liggaamsdele groei nie almal gelyk nie. Die ontwikkeling van stamina, krag, koördinasie en motoriese vermoëns tydens die middelkinderjare word voortgesit in die fase van adolessensie. Die adolessent kom lomp voor, maar die lompheid normaliseer soos wat die adolessent ontwikkel. Die adolessent se skelet word harder en die spiere sterker. Meeste adolessente dogters is geneig om minder aktief te wees, omdat hulle lomp voel. (Vgl. Gouws & Kruger, 1994:19; Cunnings, 1996: 154 en Carter & McGoldrick, 1999: 276-278.) Die hande en voete groei eerste en daarna word die arms en bene langer. Fisiese groei tot volwassenheid neem ongeveer een tot ses jaar by dogters en ongeveer twee tot vyf jaar by seuns. Seuns se veranderinge van puberteit tree egter eers so twee jaar na die dogters in.

Volgens Carter & McGoldrick (1999:276-278) tree die verandering by dogters in vanaf 9jarige ouderdom en by seuns vanaf elf jaar. Aan die einde van adolessensie word die seuns ongeveer 5 cm langer as dogters. (Vgl. Cunnings, 1995:154 en Berndt, 1997:505 en 506.) Tydens puberteit ontwikkel die adolessent ook spiere. Die seun ontwikkel veral rondom die bors, arms, skouers, boude en bene. Dogters is geneig om meer vet op te gaar wat soms tot negatieweit teenoor hulle eie liggame lei.

Gouws & Kruger, (1994:17); Berndt, (1997:505) en Newman & Newman (1997:632) beweer dat die hormonale veranderinge wel die oorsaak is vir 'n toename in liggaamslengte en –massa en liggaamsproporsie wat verander. Hierdie groei wat plaasvind, tree in rondom die ouderdom nege en 'n half en veertien en 'n half. Dogters bereik hulle volwasse liggaamslengte ongeveer twee jaar voor seuns. Die adolessent se groeiproses beïnvloed ook die skelet- en spierdimensie. Dit veroorsaak lompheid en algemene swak koördinasie, wat algemeen is by die adolessent. Die tempo van groei word bepaal deur genetiese-, emosionele- en omgewingsfaktore. Hierdie tempo verskil van adolessent tot adolessent.

2.3.2.2 Seksuele veranderinge

Die fisiese ontwikkeling in die fase van adolessensie word dikwels eerste gekenmerk aan die seksuele veranderinge wat as puberteit bekend staan (Newman & Newman, 1997:632). In Latyn word puberteit as '*pubertas*' aangehaal wat; '*age of manhood*' beteken. In kort is puberteit die fase waar die individu se voortplantingsorgane begin funksioneer en seksuele veranderinge intree. (Vgl. Steinberg, 1985:24; Cunnings, 1995:153 en Bigner, 1998:358.) Wanneer die adolessent seksueel vroeër ontwikkel, plaas dit die adolessent in 'n groter seksuele versoeking wat indirek meer stres tot gevolg het. (Vgl. Gouws & Kruger, 1994:20 en Newman & Newman, 1997:644.) Cunnings (1995:154) beweer dat die adolessent ter voorbereiding oor genoegsame kennis moet beskik oor die aard en omvang van puberteit aangesien puberteit die aanvang van fisiese ontwikkeling aandui en stres by die adolessent so verminder word. Hierdie seksuele veranderinge word deur Cunnings (1995:162); Newman & Newman (1997:634-639) en Berk (2000:201 en 202) in die volgende tabel 5 uitgebeeld.

Tabel 5: Fases van groei by seuns en dogters tydens puberteit

Fase	Dogters		Seuns	
	Ouderdom	Veranderinge	Ouderdom	Verandering
1	8-11	Geen uitwendige verandering. Ovariums vergroot. Hormonale produksie begin.	9-10	Geen uitwendige verandering. Manlike hormone raak aktief. Testis vergroot. Begin sperms produseer.
2	11-12	Borste ontwikkel. Gewig en lengte neem toe. Vet om heupe kom voor. Skaamhare kom voor.	12-13	Gewig en lengte neem toe. Tepels vergroot en verkleur. Testis vergroot steeds. Skaamhare kom voor.
3	12-13	Borste vergroot. Skaamhare verdonker. Vagina vergroot. Menstruasie begin.	13-14	Penis word langer. Testis en skrotum vergroot. Skaamhare verdonker. Spiere ontwikkel. Gesighare word sigbaar. Stem verdiep.
4	13-14	Borste vergroot steeds. Skaamhare is soos volwasse. Ovarium bly vergroot. Ovulasie begin voorkom.	14-15	Penis word breër. Testis, skrotum bly vergroot. Eerste ejakulasie. Onderarmhare kom voor. Stem verdiep. Gesig word olierig.
5	15-17	Volwasse voorkoms. Borste klaar ontwikkel. Volle lengte bereik. Menstruasie in roetine. Ovuleer elke maand.	16-18	Volwasse voorkoms. Geslagsdele soos volwasse. Liggaamshare kom voor. Groei kan voortgaan tot vroeë twintiger jare.

Hoofstuk 2: Die fase van adolessensie

Cunnings, 1995:147 beweer dat puberteit se intrede wissel soos wat elke adolessent geneties verskil. (Vgl. Noller & Collan, 1991:1; Berndt, 1997:505 en Gouws & Kruger, 1994:16.) Noller & Collan (1991:1) is van mening dat puberteit by die adolessent gewoonlik intree op dieselfde ouderdom as wat dit ingetree het met die ouers tydens hulle adolessensie. Sekere omgewingsfaktore kan egter ook 'n rol speel by die aanvang van puberteit, byvoorbeeld, goeie voeding, hoë vlakke van stres en die hoeveelheid fisiese oefening. Gene verskaf die instruksies vir fisiese ontwikkeling, terwyl die omgewingsfaktore die boodskap beïnvloed wat die gene dra (Cunnings, 1995:148). Indien die adolessent se gene dus bepaal dat hy lank is, maar daar is sekere omgewingsfaktore, byvoorbeeld te veel stres, dan kan die adolessent nie die ontwikkeling bereik wat die gene verwag nie.

Die adolessent beleef hierdie seksuele veranderinge gewoonlik met skok of met verbasing. Hulle beleef hierdie veranderinge en vorm 'n bepaalde betekenis aan die ervaring met hulle eie liggaam. Elke adolessent se belewenis verskil en dus beleef elkeen puberteit op 'n unieke manier. Gevoelens soos opgewondenheid, onsekerheid, skaamheid en teruggetrokkenheid kom voor. Hierdie drastiese liggaamsveranderinge wat gepaard gaan met verskillende belewenisse en gevoelens, kan lei tot probleme en stres by die adolessent. Die adolessent is bang dat die veranderinge dalk verkeerd is of dat sy/haar liggaam nie normaal gaan ontwikkel nie.

Cunnings (1995:154) beweer dat puberteit omskryf kan word as die ontwikkelingsverskynsel wat verantwoordelik is vir die aanvang van die fisiese verandering by die adolessent. Een van die belangrikste manifestasies van die seksuele veranderinge in die adolessent se liggaam, is die ontwikkeling van die primêre en sekondêre seksuele karaktereienskappe. (Vgl. Gouws & Kruger, 1994:18; Cunnings, 1996:154; Newman & Newman, 1997:632 en Carter & McGoldrick, 1999: 276-278.) Primêre seksuele karaktereienskappe is die eerste seksuele verandering wat intree, soos die ontwikkeling van die penis, testis en prostaatklier by seuns, en die ontwikkeling van die vagina, uterus en ovarium by dogters. Sekondêre seksuele karaktereienskappe is die fase waar die liggaamsontwikkeling die onderskeid tussen adolessent en volwassene en tussen man en vrou aandui. (Vgl. Gouws & Kruger, 1994:18; Newman & Newman, 1997:632 en Berk, 2000:202.) Hierdie karaktereienskappe verwys na die ontwikkeling van manlike gesigshare, vroulike borste, onderarm- en skaamhare en die verandering van die veltekstuur.

2.3.2.3 Hormonale veranderinge

Volgens Steinberg (1985: 25) speel die endokriene sisteem 'n belangrike rol in die proses van puberteit. Die begin van puberteit word bepaal deur die endokriene klier, wat hormone in die bloedstroom afskei. Die endokriene sisteem ontvang die instruksie om die sirkulêre vlakke van sekere hormone te verhoog of te verlaag. So word adrenalien gereguleer (Steinberg, 1985: 25). Hierdie hormone werk saam met sekere liggaamselle wat dan sekere fisiese transformasies teweeg bring. Gouws & Kruger (1994:20) en Cunnings (1995:155) beweer dat die fluktuierende vlakke van sekere hormone ook die oorsaak vir bepaalde gedrag by adolessente is.

Estrogeen en testosteroon is seksuele hormone wat beide deur die liggaam geproduseer word. Cunnings (1995:156) is van mening dat te veel testosteroon seuns aggressief maak, terwyl te veel estrogeen by dogters hulle meer emosioneel maak. Steinberg (1985:27) beweer dat tydens adolessensie seuns meer testosteroon produseer en dogters se estrogeenvlakke styg wat dan sekere veranderinge in die liggaam veroorsaak, naamlik:

- **Menstruasie**

Menstruasie is 'n verandering wat slegs by die adolessente dogters plaasvind. Menstruasie behels drie aspekte, naamlik ovaluasie, die verandering van weefsel in die uterus en die onbevugte eierselletjie wat deur middel van bloed uitgeskei word. (Vgl. Cunnings, 1995:164; Newman & Newman, 1997:637; Carter & McGoldrick, 1999: 278 en Berk, 2000:201.) Die ouderdom waarop dogters begin menstreeer verskil geweldig, omdat menstruasie bepaal word deur genetiese-, ekonomiese- en voedingsfaktore. (Vgl. Gouws & Kruger, 1994:22.) Die gemiddelde ouderdom waarop menstruasie begin, is 12.8 jaar, alhoewel daar dogters is wat vroeër reeds begin. Menstruasie word ervaar as 'n status van vrouwees, alhoewel dogters dit verskillend beleef. In Suid-Afrika word baie dogters groot met mites rondom menstruasie wat hulle verwagtinge en belewenis intensifiseer. (Vgl. Gouws & Kruger, 1994:23; Cunnings, 1995:164; Carter & McGoldrick, 1999: 278 en Berk, 2000:201.) Adolessente wat ouer is, is minder bewus van hulle liggaam tydens menstruasie as jonger adolessente.

- **Ejakulasie**

Gouws & Kruger (1994:23); Cunnings (1995:165); Newman & Newman (1997:639); Carter & McGoldrick (1999: 278) en Berk (2000:203) beweer dat net soos adolessente dogters met 'n menstruasiesiklus begin, seuns reeds met ejakulasie vanaf 9jarige ouderdom begin. Alhoewel seuns vanaf geboorte reeds 'n ereksie kan vorm, kan hulle egter nog nie sperms produseer nie totdat die seun se liggaam genoeg testosteroon vervaardig nie. Adolessente seuns raak gewoonlik bewus van hulle liggaam se vermoë om te ejakuleer nadat hulle 'n "*wet dream*" of masturbasie beleef het. (Vgl. Gouws & Kruger, 1994:23 en Cunnings, 1995:166.) Hierdie "*wet dream*" word omskryf as 'n droom wat 'n seun ervaar waar spontane saadstorting gedurende die droom plaasvind.

- **Stem wat breek**

'n Belangrike fisiese verandering is die verdieping of verlaging van die adolessent se stemklank. Hierdie verandering in stemklank word veroorsaak deur androgeen wat die selle in die larinks stimuleer en daarom vergroot die selle. Omdat hierdie verandering oor 'n sekere tydperk intree, is dit normaal dat die seun se stem skielik skiller of dieper kan klink. Gouws & Kruger (1994:24) beweer verder dat die seuns se stemme ook geneig is om te verander wanneer hulle gespanne of opgewonde is, byvoorbeeld as hulle mense moet toespreek. Dogters se stemme verdiep wel, maar is nie so intens soos by die seuns nie.

- **Aknee**

Aknee kom voor by ongeveer 85% van adolessente as gevolg van 'n toename in die aktiwiteite van die sekresie wat deur kliere in die vel afgeskei word. By die adolessent kom aknee voor in die vorm van puisies, swartkoppies of witkoppies wat gewoonlik op die gesig, skouers, rug en boude voorkom. (Vgl. Gouws & Kruger, 1994:24.) In sommige gevalle kan hierdie aknee lei tot infeksie, wat permanente letsels kan veroorsaak. Die adolessent word selfbewus vanweë die letsels en vandaar ontstaan sielkundige- en emosionele probleme. Dit is dus belangrik dat aknee so gou as moontlik behandel moet word.

2.3.2.4 Die invloed van die vroeë- teenoor laat intrede van fisiese ontwikkeling by die adolessent

Cunnings (1995:166 en 167) beweer dat adolessente wat in 'n vroeë ouderdom reeds in puberteit gaan, met 'n hoër intelligensie koëffisiënt (IK) presenteer as adolessente wat later puberteit deurgaan. Daar is verder bewys dat dogters wat gou lank is ook met 'n hoër IK presenteer. Seuns wat vroeër ontwikkel, is ook geneig om later as leiers uit te staan wat hulle portuurgroep oorheers en 'n sterk selfbeeld handhaaf. Die adolessente dogter wat deur 'n vroeë adolessente ontwikkeling beweeg, is geneig om teruggetrokke en skaam te wees. Die seun wat deur 'n latere ontwikkeling gaan, is meer onseker oor homself en wonder of hy normaal sal ontwikkel. (Berndt, 1997:506-507; Newman & Newman, 1997:640-641 en Berk, 2000:206.) Adolessente stel meer belang in afsprake met die teenoorgestelde geslag. Die adolessent wat reeds vroeg deur puberteit beweeg, is gewoonlik die leidende party om al sy vriende daaraan bekend te stel.

Volgens Cunnings (1995:186) ervaar die jong adolessent seksualiteit baie moeiliker as die laat adolessent, aangesien hulle soveel meer aspekte soos emosies, veranderinge, keuses en sielkundige behoeftes moet verwerk. Die jong adolessent wat 'n swak verhouding met sy ouers het, is geneig om lae seksuele belangstelling te hê, maar eerder fisiese streling, drukkie en ondersteuning na te streef. Jong adolessente dogters sal selfs hulle emosionele behoeftes vervul deur ouer seuns as geselskap op te soek. Dit is egter meer problematies aangesien die ouer adolessent meer seksueel geprikkel is, wat dus meer druk op die jong adolessent plaas.

2.3.2.5 Probleme weens die fisiese ontwikkeling

Die adolessent is gewoonlik die gesondste individu van alle mense in al die lewensfases. Tydens adolessensie is die kindersiektes verby en die kroniese siektes van volwassenes lê voor. Tog word die adolessent met verskeie probleme gekonfronteer. Padongelukke is een voorbeeld waar adolessente al meer geraak word. (Vgl. Gouws & Kruger, 1994:25 en Berk, 2000:209.) Daar is 'n tendens dat meer seuns as dogters betrokke is, aangesien die seuns meer kans vat en soms so hulle manlikheid wil bewys. *“Adolescents believe that they are special and that bad things happen only to others.”*

Hoofstuk 2: Die fase van adolessensie

Die adolessent is ook meer blootgestel aan verskeie dwelms en die gebruik daarvan verhoog gesondheidsprobleme. Daar is verskeie soorte dwelms, en die gevolge varieer ook na gelang van die tipe dwelm. Algemene gesondheidsprobleme wat voorkom as gevolg van dwelms is depressie, selfmoordneigings, gewigsverlies, seksuele oordraagbare siektes, tienerswangerskappe en hallusinasies. (Vgl. Newman & Newman, 1997:655 en Berk, 2000:202.) Gouws & Kruger (1994:22) en Cunnings (1995:169) is van mening dat die meerderheid westerse adolessente hulle liggame meer negatief as positief beleef. Die adolessent sien sy/haar eie liggaam in dieselfde konteks met sy/haar gevoel van eiewaarde en hierdie konteks sal bepaal hoe hy/sy hom-/haarself beleef. Die adolessent word onbewustelik opgeweeg teen ander adolessente se voorkoms, prestasies en sukses. Dit veroorsaak dat die adolessent eerder 'n ideale self aanhang en so homself negatief beleef. Aspekte van die fisiese ontwikkeling, byvoorbeeld seksuele ontwikkeling, aknee en 'n obsessie met die self, het 'n groot rol oor hoe die adolessent sy/haar liggaamsvoorkoms beleef. As die adolessent se liggaamsvoorkoms nie kongruent is met die verwagtinge van die portuurgroep nie, kan die adolessent hom-/haarself as onaanvaarbaar beleef.

Dogters is geneig om hulle liggame meer negatief te beleef as seuns en wil konstant gewig verloor. Vandaar ontstaan afwykings soos eetversteurings. Daar is selfs bevind dat dogters so jonk as ses en sewe alreeds 'n obsessie met slankheid het. Seuns is geneig om 'n behoefte te hê om meer spiere te ontwikkel en so frisser voor te kom. Cunnings (1995:171) en Carter & McGoldrick (1999:275) is van mening dat die media ook verantwoordelik is vir adolessente se negatiewe gedrag. Die media proklameer byvoorbeeld dat maer dames meer aantreklik is, en dus wil adolessente dogters slanker wees.

'n Tekort aan korrekte voedingstowwe kan verskeie afwykings veroorsaak byvoorbeeld, kalsium- en proteinafwykings. Eetversteurings neem ook toe aangesien adolessente, veral dogters, deurgaans 'n obsessie het met hulle voorkoms. Siektes wat wel voorkom, is Anorexia Nervosa en Bulimia Nervosa. Volgens Gouws & Kruger (1994:28); Newman & Newman (1997:653) en Berk (2000:209) is Anorexia die kompulsiewe gewoonte waar die adolessent hom-/haarself uithonger uit vrees om vet te word. Dit is meestal algemeen onder dogters wat vroeg puberteit bereik. Anorexia lyers verloor 25%-50% van hulle liggaamsgewig.

Menstruasie stop dikwels omdat die siklus 'n minimum van 15% liggaamsvet nodig het. Die Anorexialyer ontken gewoonlik die probleem en dus is daar slegs 'n 50% rehabilitasie syfer.

Gouws & Kruger (1994:28); Newman & Newman (1997:654) en Berk (2000:210) omskryf Bulimia as 'n eetversteuring waar die individu na elke maal sy/haar voedsel sal vomeer. Een vyfde van alle Anorexialyers ontwikkel Bulimia. Bulimia is veral algemeen onder dogters wat onder groot druk staan om te presteer.

Cunnings (1995:184) en Berk (2000:210) meld dat adolessente soms betrokke raak in 'n intieme verhouding as gevolg van 'n emosionele en/of interpersoonlike behoefte, wat egter niks met seks te doen het nie. Die adolessent sal byvoorbeeld aanvaarding soek, sy selfbeeld probeer verbeter, eensaamheid verminder, woede ontlaai of sommer net verveligheid vermy. Dit is egter gevaarlik om intimiteit te gebruik om nie-intieme behoeftes te vervul. Die adolessent wat nie sekerheid het oor sy eie normes en waardes nie, vind dit moeiliker om hierdie probleme te hanteer.

2.3.3 Normatiewe ontwikkeling

Normatiewe ontwikkeling word volgens Gouws & Kruger (1994:174) in twee komponente verdeel, naamlik morele- en geestelike ontwikkeling.

2.3.3.1 Morele ontwikkeling

Die woord 'moraal' is afkomstig van die latyns "*moralis*" wat beteken 'gewoonte' of 'metode'. Hierdie 'gewoonte' of 'metode' word daargestel deur die gemeenskap. Kinders groei van peuter af met bepaalde norme. Soos wat die adolessent ouer word, word hy/sy meer gemaklik om oor hom-/haarself te dink en so sy/haar eie besluite te neem. Die adolessent het ook die vermoë om verskillende opsies teenoor mekaar op te weeg aangesien die adolessent se gedagtes meer abstrak en buigbaar is. Gedurende adolessensie word die adolessent meer abstrak, krities en rasioneel oor sy/haar morele benaderings. Tydens die adolessent se morele en kognitiewe ontwikkeling begin die adolessent al die variasies en sosiale en politieke standpunte te bevraagteken en te ondersoek. Volgens Gouws & Kruger (1994:174-176) kom die volgende aspekte voor met betrekking tot die morele ontwikkeling gedurende adolessensie.

Hoofstuk 2: Die fase van adolessensie

- Die adolessent se morele persepsie word meer abstrak en minder konkreet.
- Daar is 'n groter kommer oor wat reg is, en minder kommer oor wat verkeerd is.
- Morele keuses word meer kognitief benader.
- Morele keuses word minder egosentries.
- Morele keuses word emosioneel en kan tot spanning lei.

- **Aspekte wat die morele ontwikkeling beïnvloed**

Die kognitiewe verandering gedurende adolessensie het 'n invloed op die adolessent se morele ontwikkeling. Hierdie moraal word volgens Robin & Foster (1989:28); Cunnings (1995:301) en Lauer & Lauer (1997:325) beïnvloed deur die adolessent se denke oor die volgende:

- wette en reëls,
- gewete,
- persoonlike rolverdeling,
- outoriteit,
- siviele reg,
- kontrak, vertroue en oordeel,
- straf,
- eiendomsreg en –waarde,
- waarde van lewe,
- waarheid, en
- seks en seksuele liefde.

Om 'n morele keuse te maak, beteken om 'n keuse tussen twee van die bogenoemde te doen. Die struktuur waarbinne die adolessent 'n morele keuse maak, vind volgens Cunnings (1995:302) aan die hand van die volgende twee persepsies plaas, naamlik:

- dit wat die adolessent as waardevol binne elke morele aspekte vind, en
- die rede waarom die adolessent die bogenoemde aspekte belangrik beskou.

Morele waardes word egter slegs gevolg indien die individu in hierdie waardes glo.

2.3.3.2 Geestelike ontwikkeling

Die term “*religion*” verwys na die geestelike band/verhouding wat tussen mense en ‘n hoër mag bestaan. Geloof speel nog altyd ‘n groot rol in die mens se lewe. Kinders is maklik beïnvloedbaar en glo enige iets. Voor die adolessent die sekondêre skool betree, begin die individu se persepsies van geloof verander. Die adolessent beleef die geestelike komponent op ‘n meer persoonlike vlak met ‘n dieper betekenis. (Vgl. Gouws & Kruger, 1994:188.) Weens die adolessent se vermoë om abstrak te dink, kan die adolessent meer geduldig en minder emosioneel en dogmaties wees teenoor die verskillende geloofrigtings. ‘n Geloof is egter baie belangrik aangesien dit die adolessent hoop en selfvertroue gee. Dit verskaf ‘n verwagting van die ewige lewe. Die volgende aspekte van geestelike ontwikkeling tydens adolessensie word soos volg bespreek (Gouws & Kruger, 1994:190).

- Die adolessent wat aktief betrokke is by ‘n geestelike groep, toon ‘n hoër vlak van geestelike verbintenis.
- Georganiseerde geloofsgroep is van sentrale belang vir die adolessent, na aanleiding van die groot hoeveelheid adolessente wat ‘n bepaalde geloof aanhang en hom-/haarself daartoe verbind.
- Manlike adolessente en studente wat ‘n geestelike verbintenis het, is meer suksesvol as adolessente en studente wat geen geestelike anker het nie.
- Die adolessent se geestelike geloof beïnvloed direk morele gedrag en ontwikkeling.
- Laastens het die adolessent ‘n geloof nodig sodat hy/sy betekenis aan sy/haar lewe kan gee.

2.3.4 Sosiale ontwikkeling

Net soos die kognitiewe, fisiese en normatiewe ontwikkelingstake sekere eise van die adolessent verg, so verg die sosiale ontwikkeling bepaalde eise. Die adolessent is in ‘n fase waar hy/sy wegbeweeg van die ouers en so ook die ouers se norme en waardes bevraagteken. Terselfdertyd word die band wat die adolessent met sy/haar portuurgroep het, sterker. Weens die sterk band wat daar ontstaan, kan die adolessent konflik en twis met sy/haar portuurgroep baie intens en pynvol beleef.

Dit kom dus voor dat die adolessent deur veranderinge gaan ten opsigte van al sy sosiale verhoudinge. (Vgl. Gouws & Kruger, 1994:110.) Gouws & Kruger (1994:110-116) omskryf die sosiale ontwikkeling van die adolessent in terme van vyf sosiale verhoudinge wat vervolgens bespreek word:

2.3.4.1 Sosiale verhoudinge

- **Verhouding met broers en susters**

Alhoewel daar baie navorsing gedoen is oor die broer/suster verhouding, is daar weinig inligting oor die verhouding waar die broer/suster kombinasie in die fase van adolessensie is (Gouws & Kruger, 1994:116 en Berk, 1997:448 en 449). Dit is baie onwaarskynlik om die adolessent se broer/suster verhouding te omskryf as vreedsaam en liefdevol. Die oudste kind mimiek gewoonlik outoritêre ouers se gedrag. Kinders met 'n ouer broer is geneig om meer aggressief en selfgeldend voor te kom. Tydens adolessensie voel die adolessente dogter nader aan haar suster en 'n adolessente seun nader aan sy broer.

- **Verhouding met onderwysers en volwassenes**

Min inligting ten opsigte van die adolessent se verhouding met ander volwassenes wat vir hom belangrik is is beskikbaar. Anders as jong kinders, aanvaar die adolessent nie bloot alles wat 'n volwassene, byvoorbeeld hulle onderwyser, sê nie en hulle mening word betwyfel. (Vgl. Gouws & Kruger, 1994:116.) Die adolessent se fisiese ontwikkeling veroorsaak ook dat admirasies vir 'n onderwyser kan ontwikkel na verliefdheid, waar die adolessent fantaseer oor 'n meer intieme verhouding met die onderwyser. Dit is daarom belangrik dat die verhouding tussen die adolessent en 'n volwassene baie konkreet hanteer word.

- **Verhouding met portuurgroep**

Die jong adolessent se verhouding met ander adolessente neem toe wanneer hy/sy die primêre skool verlaat en hierdie groep staan bekend as die portuurgroep. Die portuurgroep speel 'n belangrike rol by die selfkonsep en selfaktulisering van die adolessent.

Hoofstuk 2: Die fase van adolessensie

Die adolessent spandeer baie tyd met sy portuurgroep en deel ook meer intieme en emosionele aspekte met die groep. Enige aspek wat die adolessent nie met sy/haar ouers kan bespreek nie, word met die groep bespreek. Die portuurgroep bepaal ook wat die norme en waardes, tradisies, taal en selfs kleredrag vir die groep is. Die adolessent poog gewoonlik om aan al die vereistes te voldoen om sodoende aanvaarding te verkry. (Vgl. Gouws & Kruger, 1994:117; Berndt, 1997:509; Newman & Newman, 1997:658-679; Gunter, 2001 en Wilkens, 2001.) Volgens Johnson (2001) het die heteroseksuele portuurgroep van die grootste invloed op die adolessent.

- **Verhouding met vriende**

Hier word hoofsaaklik gefokus op die verhouding wat die adolessent teenoor 'n individuele vriend, as met die hele portuurgroep handhaaf. Die adolessent selekteer 'n vriend wat grootliks eenders is as hy-/syself. (Gouws & Kruger, 1994:125). Hulle sal dikwels byvoorbeeld dieselfde probleme in gemeen hê. Hulle beïnvloed mekaar sodat hulle amper 'n spieëlbeeld van mekaar word. Die adolessent is geneig om hierdie vriendskap baie intens te beleef, en word baie tyd en energie aan die vriendskap spandeer.

- **Verhouding met die ouers**

Berndt (1997:442 en 443) beweer dat een van die kardinale aspekte van die adolessent se verhouding met sy/haar ouers die strewe na onafhanklikheid, selfbesluitneming en outonomie is. Die adolessent poog om meer onafhanklik te wees terwyl die ouer poog om meer beheer oor die adolessent te verkry. Hierdie behoeftes ontstaan nie wanneer die adolessent die fase ingaan nie, maar reeds van 'n vroeë ouderdom waar die hoogtepunt tydens adolessensie bereik word. Volgens Lamanna & Riedman (1991:414); Gouws & Kruger (1994:111 en 112); Ambert (1997:17) en Lauer & Lauer (1997:311 en 312) poog die ouers om die adolessent op verskeie maniere te hanteer en daaruit spruit die volgende verskillende ouerskapstyle.

2.3.4.2 Ouerskapstyle tydens die fase van adolessensie

- **Outoritêre ouers**

Hierdie tipe ouers volg 'n tradisionele ouerskapstyl. Die ouer staan aan hoof, is die enigste spreker in die gesin en maak ook die reëls en norme in die huishouding. Die adolessente staan onder streng gesag met geen outonome reg nie.

Adolessente wat in 'n outoritêre huis groot word is geneig om ongelukkig, ongeïntereseerd, geïntereerd en sonder motivering voor te kom. Die adolessent is gewoonlik minder kreatief, skaam, het 'n lae selfbeeld, het 'n negatiewe gevoel teenoor sy ouers en daaruit spruit 'n adolessent wat rebelleer, probleemgedrag toon en dit moeilik vind om onder gesag te staan. Wilkens (2001) is egter van mening dat die ouer wat 'n outoritêre ouerskapstyl uitoefen, minder probleme met die adolessent beleef, aangesien die ouer goeie beheer oor die adolessent uitoefen.

- **Gesaghebbende ouer**

Die gesaghebbende ouer het die hoogste gesag in die huishouding. Tog kan die adolessent onderhandel en sy/haar standpunt beredeneer, maar die ouers handhaaf die finale sê. Hierdie ouers poog om 'n oop kommunikasiekanaal te handhaaf met begrip en buigbaarheid. Die ouers is ook meer sensitief vir die adolessent se emosies wat so 'n gelukkiger en meer selfversekerde adolessent verseker.

- **Permissiewe ouer**

Die permissiewe ouers is toegeeflik, sonder beheer en die adolessent handhaaf geen vrees teenoor die ouer nie. Die adolessent se mening word hoog geag en gerespekteer en dus nie teengegaan deur die ouers nie. Die adolessent wat uit so 'n ouerskapstyl kom, is gewoonlik onseker oor hom-/haarself, tree impulsief op en het weinig selfbeheersing.

- **Onbetrokke ouer**

Die ouers is totaal onbetrokke by hulle adolessent se lewe. Die adolessent is vry om enige gedrag te toon en besluite te neem sonder dat die ouers eers daarvan kennis neem. Dit wil voorkom asof die tipe ouers nie eens bewus is van hulle adolessent se bestaan nie.

Die navorser is van mening dat ongeag vir die bepaalde ouerskapstyl, daar altyd 'n potensiaal vir konflik tussen die ouer en die adolessent is.

2.3.4.3 Konflik tussen die adolessent en die ouers

Berndt (1997:414) en Berk (2000:206) is van mening dat die adolessent se vermoë om te redeneer 'n groot rede vir verhoogde konflik kan wees. Steinberg (1985:132 en 133) en Lamanna & Riedman (1991:414) beweer dat dit onregverdig is om te sê dat die fase van adolessensie die oorsaak van konflik in 'n gesin is. Tog moet daar erken word dat dit 'n tydperk met veranderinge in die gesinsisteem is. Die gesin is 'n sisteem met verhoudingsveranderinge na gelang van die behoeftes en belange van die gesinslede. Sekere vooropgestelde idees staan vas binne 'n gesin, byvoorbeeld wie die reëls maak, wie beheer het en besluite neem. Wanneer een van die gesinslede 'n verandering ondergaan (hetsy emosioneel of fisies) beteken dit dat die verandering die hele gesin gaan raak en verander. Robin & Foster (1989:10) meld dat kinders in die fase van adolessensie hulle gesinsregulasies en reëls as 'n uitdaging beskou om dit te verskuif en te verander om so hulle onafhanklikheid te bekom. Hulle verwag dat die ouer-kind verhouding so moet verander sodat die adolessent in-en-uit die gesinsisteem kan beweeg, sonder enige probleme. Hierdie strewe na onafhanklikheid by die adolessent, is die hoofkonsep waarrondom ouer-adolessente konflik draai. Verskille ten opsigte van vriende, huistake en verhoudings met die teenoorgestelde geslag lei tot ernstige konflik. Die navorser konstateer dat die adolessent se eie wil en egosentrisiteit gesamentlik met die verskille tussen ouer en adolessent aanleiding kan gee tot diverse invloede op die ouer-adolessent verhouding asook op die ouers se verhouding afsonderlik.

Hoofstuk 2: Die fase van adolessensie

Gouws & Kruger (1994:115) is van mening dat onlangse studies die bestaan van die '*generasiegaping*' betwyfel, aangesien dit voorkom dat die verhouding tussen ouers en die kinders eerder verbeter en positief is. Meeste adolessente voel daar is goeie en positiewe band tussen hulle en hulle ouers. Dit is wel duidelik dat daar wel konflik kan voorkom en wel na aanleiding van een van die volgende redes, naamlik:

- fisiese veranderinge in die adolessent,
- die aanvang van volwasse seksualiteit,
- behoefte aan onafhanklikheid,
- die soeke na 'n eie identiteit,
- ouers se eie fase van die middeljare, en
- transformasie van gesinspatrone en –interaksie.

Gouws & Kruger (1994:116) noem dat die konflik egter ook kan ontstaan as gevolg van sosiale of kulturele faktore. Die huidige wydverspreide konflik in Suid-Afrika, kan ook aanleiding gee dat die Suid-Afrikaanse adolessent meer rusteloos voorkom.

Dit is wel bekend dat die fase van adolessensie gekenmerk word aan veranderinge wat tot interne konflik en moontlike identiteitskrisisse kan lei. Die ouers gaan egter ook deur bepaalde veranderinge vanweë die vroeë middeljarige ouderdom wat hulle betree.

2.3.4.4 Die fase van die middeljarige teenoor die fase van adolessensie

Steinberg (1985:135) en Rice (1990:428) beweer dat die tipiese ouer van 'n adolessent tussen die ouderdom van 35 tot 45 jaar is. Hierdie ouers beleef dikwels die ouderdom as 'n moeilike fase waar filosofe selfs daarna verwys as die middeljarige krisis.

Volgens Steinberg (1985:135) en Rice (1990:428) is die ontwikkelingstake van die ouers soortgelyk as dié van die adolessent. Eerstens gaan beide deur 'n fisiese verandering. Terwyl die adolessent in die periode fisies groei, seksueel ontwikkel en op hierdie fase as die mees aantreklikste beskou word, ervaar die ouers 'n bekommernis oor hulle eie aantreklikheid en seksuele aantrekkingskrag. Tweedens ervaar beide ouers en adolessent 'n krisis rondom die persepsie van tyd en toekoms. Die adolessent dink sistematies oor sy toekoms terwyl die ouer moet besin oor die feit dat veranderinge in hulle toekoms beperk is.

Hoofstuk 2: Die fase van adolessensie

Die adolessent se toekoms is idealisties en breed terwyl die ouers se toekoms beperk is. Dordens beweer Rice (1990:428) dat die psigo-sosiale take van die middeljarige ouer en adolessent ooreenstem. Hierdie psigo-sosiale take word soos volg bespreek:

- **Seksuele identiteitskrisis**

Rice (1990:428) beweer dat beide ouers en kinders hulle seksualiteit bevraagteken gedurende die middeljare en adolessensie. Die liggaamsveranderinge gedurende puberteit dwing die adolessent om sy nuwe seksualiteit te konseptualiseer. Soos wat die adolessente dogter die menstruasie siklus moet aanvaar, so ervaar die ma in die vroeë middeljare ook sekere vorme van heraanpassing, veral met die aanbreek van menopouse en liggaamsveranderinge.

- **Rolverdeling**

Beide adolessent en ouer bevraagteken hulle rol in die samelewing. Die adolessent word dikwels deur die ouers gedwing om die rolle te vervul wat die ouer nie in sy adolessensie kon vervul nie. Vrae oor toekomsverwagtinge en beroepe ontstaan by die adolessent. Rice (1990:429) is verder van mening dat die ouers geneig is om hulle rolle as ouer en grootouer te herevalueer.

- **Outoriteit**

Rice (1990:429) beweer verder dat die ouer die gevoel ervaar van verminderde beheer oor die adolessent. Die adolessent poog doelbewus om onafhanklik te word en so sy eie besluite te neem. Die ouers kan hierdie adolessent se soeke na onafhanklikheid baie moeilik beleef aangesien hulle voel dat hulle mening, raad en gesag nie meer soveel waarde vir die adolessent het nie.

- **Emosionele aanpassing**

Die middeljare en adolessensie verg intensiewe emosionele aanpassings. Die adolessent is in 'n proses om as individu in eie reg te ontwikkel en so 'n identiteit op te bou.

Hoofstuk 2: Die fase van adolessensie

Volgens Rice (1990:429) kan die adolessent versigtig wees om onafhanklikheid na te streef indien die ouer vryheid oorbeklemtoon. In gevalle waar die ouer die adolessent verbied om onafhanklikheid te verkry, ontwikkel die adolessent se emosies in dié van pyn en verwerping.

- **Herassessering van waardes**

Ouers en adolessente beleef 'n fase van teenstrydige waardes. Hierdie botsende waardes kan ook binne die adolessent of ouer as individu voorkom en nie net noodwendig met die teenoorgestelde generasie nie. Die ouer word gekonfronteer met veranderde waardes binne die samelewing en dus word hulle eie tradisionele waardes bevraagteken Rice (1990:429). Adolessente selekteer nuwe waardes wat dikwels teenstrydig met die waardes van die ouers is, en selfs die ouers kan skok.

Benokraitis (1999:251) het bevind dat waardes binne die gesin, soos byvoorbeeld ondersteuning, wedersydse respek en kommunikasie die grootste toets moet deurgaan wanneer die kinders in 'n fase van adolessensie is. Buiten vir die bogenoemde aspekte waardeur die adolessent gaan, word hulle ook gekonfronteer met egskedings, werkloosheid, geweld en dwelms.

- **Finansies**

Steinberg (1985:137) konstateer dat nie net die adolessent blootgestel word aan sekere veranderinge nie, maar dat die hele gesin, waar adolessente is, deur sekere veranderinge gaan. Een van die grootste veranderinge is dié van finansies. Die gesin se finansies word gewoonlik onder druk geplaas as daar adolessente in die huishouding is. Die adolessent groei geweldig vinnig en daarby is die klere wat adolessente dra duur. Die portuurgroep van die adolessent plaas ook druk op die adolessent om sekere kosmetiese middels, laserskywe en hoëtroustelle te bekom wat duur kan wees. Intussen poog die ouers om geld te spaar om die adolessent vir naskoolse studies/opleiding te kan stuur.

- **Resultaat van konflik**

Aangesien die ouer en die adolessent deur identiteitskrisisse gaan en dus deur sekere veranderinge beweeg, is die potensiaal vir konflik baie hoog. Elke generasie is so betrokke met sy eie probleme en krisis, dat die ander generasie se behoeftes en probleme dan verkeerd of geensins geïnterpreteer word nie.

Lamanna & Riedman (1991:414) konstateer dat 'n kompromie tussen die ouer en adolessent moeilik bekombaar is, aangesien die adolessent nie wil insien hoekom sy gedrag en idees moet verander nie, veral as dit nie die ouers benadeel nie. As die ouers daarop aandring om alles in die huishouding op hulle manier te handhaaf, dan verwag die adolessent presies die teenoorgestelde – dat die huishouding eerder op sy adolessente manier uitgevoer moet word. Dit lei tot magskonflik binne die ouer-adolessente verhouding. (Rice, 1990:430) noem dat hierdie verskille maak dat baie ouers en adolessente vir 'n lang tydperk nie funksionele kommunikasie kan handhaaf nie, en herstel eers jare na beide deur hulle aanpassing gegaan het.

Steinberg (1985:96); Lamanna & Riedman (1991:414) en Lauer & Lauer (1997:325) konstateer dat binne die raamwerk van hierdie vyf sosiale verhoudinge, die adolessent se status ook deur veranderinge gaan. Die adolessent ontvang sekere voordele en regte wat aan dié van 'n volwassene behoort. Dit beteken dat die adolessent meer vryheid, onafhanklikheid en mag met verantwoordelikheid bekom. Hierdie verandering word soos volg deur Steinberg (1985:96) omskryf:

2.3.4.5 Verandering van die adolessent se status

- **Interpersoonlike status**

Die adolessent word op 'n meer volwasse wyse aangespreek, terwyl daar ook van hulle verwag word om sekere sosiale verhoudings met hulle ouers en die gemeenskap te handhaaf (Steinberg, 1985:96). Hier word onbewustelik baie druk op die adolessent geplaas om aan sekere verantwoordelikhede te voldoen.

- **Verandering in politieke status**

Tydens laat adolessensie word die adolessent toegelaat om deel te hê aan sekere gemeenskapsbesluite, byvoorbeeld nasionale stemreg. Steinberg (1985:96) meld dat die adolessent in sekere lande beseft dat sy land hom/haar selfs kan verplig om militêre diensplig te voltooi. Hierdie verpligting en voorregte kan geweldige spanning by die adolessent veroorsaak.

- **Ekonomiese status**

Om die smaak van volwassenheid te ervaar, gaan ook gepaard met sekere finansiële voordele en verpligtinge. Steinberg (1985:96) beweer dat in Amerika, waar die adolessent onder die ouderdom van 16 jaar werksaam is, sy inkomste die besit van sy ouers is. In vissersgemeenskappe sal 'n seun byvoorbeeld sy pa op visvanggeleenthede vergesel. Sodra die ouers van mening is dat die seun aan die nodige vereistes voldoen, word daar van hom verwag om voltydse vis te vang om so die gesin ekonomies te ondersteun.

- **Wetlike status**

In die meerderheid lande moet die adolessent reeds in sy laat adolessensie wees om te kwalifiseer vir sekere wetlike status, byvoorbeeld, dobbel, die gebruik van alkohol en motorbestuur. Steinberg (1985: 97) konstateer dat sekere voedselgeregte in sekere kulture slegs aan lede van die gemeenskap gegee mag word wat aan die nodige volwasse kwalifikasies voldoen. Sodra die adolessent egter deel het aan die volwasse voorregte/status, word hy/sy blootgestel aan sekere wetlike instutisies. In die Suid-Afrikaanse regsisteem waar jeug betrokke is, word die adolessent anders benader en gevonnissen as 'n volwassene bo die ouderdom van 21 jaar.

Die sosiale ontwikkeling van 'n adolessent word bepaal deur sy eie kognitiewe ontwikkeling en sy/haar geleenthede vir interpersoonlike interaksie. Soos wat die kind in 'n adolessent ontwikkel, ervaar hy/sy gekompliseerde sosiale interaksies wat baie verskil van sy/haar kognitiewe struktuur. Die navorser is van mening dat kognitiewe ontwikkeling gedeeltelik ook binne die gesin plaasvind aangesien die sosiale interaksie hoog is en dus moet herdefiniëring van rolle plaasvind om positiewe interaksie te verseker.

Hoofstuk 2: Die fase van adolessensie

Om sosiale kennis op te doen, moet die adolessent leer dat mense verskil ten opsigte van hoe hulle dinge ervaar, beleef en beplan (Cunnings, 1995:270-272). Daar is egter sekere aspekte wat die sosiale ontwikkeling beïnvloed en dit word vervolgens bespreek:

2.3.4.6 Ontwikkelingstake wat die sosiale ontwikkeling beïnvloed

In alle literatuur word daar deurgaans na die adolessent verwys as 'n individu met 'n diverse hoeveelheid ontwikkelingstake (kognitief, fisies, normatief en sosiaal) en dat hierdie ontwikkelingstake mekaar wederkerig beïnvloed. Dit is dus onafwendbaar dat daar probleme sal wees in elke aspek van die ontwikkeling. (Vgl. Gouws & Kruger, 1994:128.) Die wyse hoe elke ontwikkelingstake die sosiale ontwikkeling beïnvloed, word vervolgens bespreek:

- **Kognitiewe ontwikkeling**

- **Egotisme**

Tydens die ontwikkeling van die kognitiewe, raak kinders minder egosentries en meer bewus van hulle rol in die samelewing. Teen die tyd wat die kind adolessensie bereik het, het hy reeds geleer om binne 'n sosiale gemeenskap te beweeg, alhoewel daar steeds 'n vorm van egosentrisiteit teenwoordig is. Ekstreme egosentrisiteit kom veral voor tydens die vroeë adolessensie en verminder dan rondom die ouderdom van 16 tot 21 jaar. (Vgl. Cunnings, 1995:270.) Egosentrisiteit kan maklik as selfsug oorkom wat konflik kan aanhits.

- **Denkbeeldige gehoor**

Die jong adolessent is geneig om te voel dat hy konstant op 'n verhoog is waar hy die hoofkarakter is. Cunnings (1995:271) beweer dat die adolessent selfs glo dat almal geïnteresseerd is in sy lewe en vandaar het hy die hoofrol in sy verbeelding. Soos wat die adolessent egter ouer word, beleef hy/sy die wêreld meer realisties en sien hy/sy dat mense eerder in hulle eie lewens geïnteresseerd is as in iemand anders se lewe.

➤ Persoonlike idealisering

Cunnings (1995:272) is van mening dat die adolessent geneig is om oor hom-/haarself te idealiseer en selfs 'n wensdenkery oor hom-/haarself het. Hierdie droomwêreld is meer teenwoordig by die jonger adolessent. Soos wat die adolessent egter ontwikkel, verminder sy egosentrisiteit en begin hy/sy meer realisties dink oor sy/haar eie lewe.

• Fisiese ontwikkeling

Die houding teenoor seksuele aspekte is deurgaans in 'n proses van verandering. Die mens vind aspekte soos masturbasie, voor- en buitehuwelikse seks en homoseksualiteit meer aanvaarbaar. Gouws & Kruger (1994:129) konstateer dat die adolessent weg beweeg van die indirekte, relatiewe vreeslose gevoel teenoor seksualiteit na meer komplekse, emosioneel gelaaide seksuele gevoelens en aktiwiteite. Hierdie seksuele verandering fokus veral op masturbasie, vroeë seksuele aktiwiteite en homoseksualiteit.

➤ Masturbasie

Gouws & Kruger (1994:129) beweer dat masturbasie, of seksuele selfbevrediging, algemeen is in die fase van adolessensie en dikwels die eerste seksuele ervaring. In die verlede was masturbasie gesien as immoreel. Vandag word dit egter erken as normaal, gesond en beskou as 'n aktiwiteit wat die adolessent seksuele bevrediging gee, sonder dat hy/sy betrokke hoef te raak by 'n verhouding waarvoor hy/sy emosioneel nie gereed is nie. Masturbasie en seksuele fantasie is slegs skadelik indien die adolessent dit as 'n plaasvervanger gebruik vir 'n sosiale aktiwiteit en tydverdryf.

➤ Vroeë seksuele aktiwiteite

Die romantiese interaksie van die adolessent word gekenmerk deur verskillende fases van hande vashou, soen, ligte betasting (bo die middel), intieme betasting (onder die middel) en seksuele omgang. Newman & Newman (1997:699) noem dat die huidige tendens toon dat die adolessent al vinniger deur hierdie fase beweeg wat teweeg bring dat die adolessent se verhouding vinniger ontwikkel en gouer meer intiem raak.

Hoofstuk 2: Die fase van adolessensie

Gouws & Kruger (1994:129 en 130) spreek egter 'n groot kommer uit oor die seksueel aktiewe adolessent in terme van ongewenste swangerskappe en seksuele oordraagbare siektes.

Dit is dus nie verbasend dat die huidige syfers vir adolessente swangerskappe en aborsie so hoog is nie, aangesien al meer adolessente seksueel aktief raak en dikwels nie voorbehoedmiddels gebruik nie. In Suid-Afrika is meer as 30% van alle babas, dié van adolessente. Dogters onder die ouderdom van 16 jaar gee jaarliks aan 50 000 babas geboorte in Suid-Afrika. Die swanger adolessent wat gewoonlik nie in die huwelik tree nie, is meer onafhanklik en idealisties. In Amerika is sowat 40% van alle swanger adolessente se babas geaborteer en sowat 10% van die swanger adolessente het 'n miskraam gehad. Psigo-sosiale probleme as gevolg van 'n aborsie is onafwendbaar. (Vgl. Gouws & Kruger, 1994:132 en 133.) Hierdie probleme is gewoonlik depressie, woede, vrees vir 'n hoër straf, nagmerries, rou en verlies van alle belangstelling in seksualiteit.

➤ Homoseksualiteit

Tans is daar meer openlikheid en aanvaarding teenoor homoseksuele mense. Die adolessent wat 'n homoseksuele oriëntasie het, beleef egter meer probleme om met sy/haar eie seksualiteit vrede te maak. (Vgl. Gouws & Kruger, 1994:130.) Die adolessent onderdruk dan gewoonlik hulle gevoelens en oriëntasie uit vrees vir verwerping.

• Normatiewe ontwikkeling

Omdat die adolessent 'n lid van die gemeenskap is, word hy/sy gekonfronteer met waardes, norme, gebruike, tradisies, gewoontes en geestelike aanhangings. Die gemeenskap lê ook sekere reëls, riglyne en konsepte van reg en verkeerd neer. Een van die belangrike ontwikkelingstake van die adolessent is om persoonlike waardesisteme daar te stel. Die adolessent se normatiewe ontwikkeling sluit sowel morele as geestelike ontwikkeling in, wat soos volg bespreek word.

- **Sosiale ontwikkeling**

- **Portuurgroepinteraksie**

Soos wat die adolessent ouer word, ontwikkel hy sosiaal en ten opsigte van sy verhouding met sy portuurgroep. Volgens Cunnings (1995:275) neem die adolessent se portuurgroep toe in grootte en kompleksiteit. Hulle geniet dit om meer tyd saam met die portuurgroep deur te bring, aangesien hulle verhouding meer betrokke en intiem raak. Adolessente is geneig om na hulle vriende te keer vir emosionele ondersteuning. Dit het tot gevolg dat 'n gesin se rol as emosionele ondersteuningsstelsel bedreig of verswak word. Die skrywer is van mening dat die bedreiging hoër is in laer sosiale gesinne en woonbuurte (Carter & McGoldrick, 1999:274).

- **Toekoms-en-tyd-persepsies**

Die vermoë om oor abstrakte konsepte te dink, is deel van die ontwikkelingsproses van adolessensie. Hierdie karaktereienskappe dwing die adolessent om oor sy rol in die sosiale omgewing te dink. Die adolessent se vermoë om oor toekomspersektiewe te dink, is eerder deel van die ontwikkeling van die sosiale konteks as deel van die kognitiewe ontwikkeling. Volgens Cunnings (1995: 276) is die jonger adolessente is meer behep met hulle interpersoonlike verhoudings en die verandering in hulle lewenstyl, terwyl die ouer adolessent meer behep is met toekomstige prestasies, veral dié wat beroepsgerig is.

Deurgaans kan bemark word dat aanpassing en veranderinge in die adolessent vergemaklik en normaliseer soos wat die adolessent ouer word. Die moontlikheid bestaan dus dat die vroeë adolessent meer druk op die gesinsistelsel en huweliksbevrediging van die ouers plaas.

2.4 SAMEVATTING

2.4.1 Adolessensie is een van die lewensfases waardeur elke individu beweeg. Die doel van hierdie hoofstuk is om die aard en ontwikkelingstake van die fase van adolessensie te omskryf.

Hoofstuk 2: Die fase van adolessensie

2.4.2 Dit is moeilik om die fase van adolessensie aan 'n kronologiese ouderdom te koppel, alhoewel daar twee duidelike periodes onderskei kan word, naamlik 'n vroeë adolessensie vanaf 11 jarige ouderdom en 'n laat adolessensie vanaf v15/16 jarige ouderdom.

2.4.3 Die fase van adolessensie word omskryf in terme van vier ontwikkelingstake wat die adolessent moet voltooi. Hierdie ontwikkelingstake fokus op kognitiewe-, fisiese-, normatiewe- en sosiale ontwikkelinge.

2.4.4 Die kognitiewe ontwikkeling is een van die mees dinamiese ontwikkelingstake aangesien die adolessent sy interne wese herdefinieer.

2.4.4.1 Die hoogste vlak van kognitiewe ontwikkeling van die mens vind plaas gedurende die fase van adolessensie. Die kognitiewe proses in die fase van adolessensie verwys na die wyse hoe die adolessent oor homself dink en lewenskwesties benader. Hierdie ontwikkeling vind op 'n formele operasionele wyse plaas.

2.4.4.2 Die formele operasionele fase word aan sekere karaktereienskappe geken. Die adolessent ontwikkel die vermoë om abstrak te dink, te onderskei tussen die realiteit en fantasie en kan hipoteses vorm en toets.

2.4.4.3 Die adolessent vorm 'n persoonlikheid op grond van die som van wat 'n persoon is, hoe hy/sy hom-/haarself uitleef en hoe ander mense hom/haar beleef.

2.4.4.4 Die selfkonsep is die prentjie wat die individu van hom-/haarself het en die waarde wat die individu daaraan heg. Die adolessent se selfkonsep is kompleks, dinamies en georganiseerd.

2.4.4.5 Vanaf 11 tot 14 jarige ouderdom begin die adolessent hom-/haarself vrae vra oor wie en hoekom hy/sy is. Hierdie denke oor die self vorm die adolessent se identiteit.

Hoofstuk 2: Die fase van adolessensie

2.4.4.6 Die kognitiewe ontwikkeling kan egter beïnvloed word deur kulturele en omgewingsfaktore soos aggressie, sensitiwiteit, verbale-, visuele- en wiskundige vermoëns. Vanweë die adolessent se persoonlikheidsontwikkeling, kan hy/sy met 'n idealistiese rebellie, hipokritiekheid, egotisme of met die ontwikkeling van 'n lewensplan presenteer.

2.4.5 Fisiese ontwikkeling is een van die ontwikkelingstake wat die adolessent met skok, verbasing en onsekerheid beleef.

2.4.5.1 Fisiese ontwikkeling in die fase van adolessensie vind plaas deur bepaalde seksuele-, hormonale- en skeletveranderinge. Seksuele veranderinge tree vanaf 8jarige ouderdom by dogters in en vanaf 11jarige ouderdom by seuns. Puberteit is die aanduiding dat die adolessent se liggaam homself voorberei op die vermoë om te kan voortplant.

2.4.5.2 Die adolessent se skeletveranderinge veroorsaak aanvanklik swak koördinasie en lompheid. Die adolessente seun ontwikkel spiere om die bors, arms, skouers en bene, terwyl die adolessente dogter vet om die heupe en breër heupe ontwikkel.

2.4.5.3 Estrogeen, testosteroon en androgeen is van die hormone wat veranderinge in die fase van adolessensie veroorsaak. Hierdie hormonale veranderinge wat intree, is menstruasie, ejakulasie, veranderde stem frekwensies en aknee.

2.4.5.4 Die adolessent wat vroeër deur die fisiese ontwikkeling beweeg, toon 'n hoër intelligensie koëffisiënt as die adolessent wat later ontwikkel. Adolessente seuns wat vroeër ontwikkel, neig om meer selfvertroue en leiereienskappe te hê en sodoende ook beter te presteer teenoor die adolessente seun wat later ontwikkel. Die adolessente dogter wat vroeër ontwikkel, neig om meer teruggetrokke en skaam te wees.

2.4.5.5 As gevolg van die fisiese ontwikkeling, word die adolessent gekonfronteer met verskeie probleme, soos depressie, dwelms, selfmoordneigings, eetversteurings, seksuele oordraagbare siektes en tienerswangerskappe.

Hoofstuk 2: Die fase van adolessensie

2.4.6 Normatiewe ontwikkeling is die ontwikkelingstaak wat fokus op morele- en geestelike ontwikkeling.

2.4.6.1 Tydens die morele ontwikkeling, 'n komponent van normatiewe ontwikkeling, fokus die adolessent om sy 'manier van dinge doen en aanvaar' asook te herdefinieer en selfs sy eie opinie oor hierdie normes te vorm.

2.4.6.2 Daar is egter verskeie aspekte soos wette, reëls, persoonlike rolverdelings, outoriteite, siviele reg, vertroue en oordeel, straf, eiendomsreg, waarde van lewe en waarheid wat die wyse hoe 'n adolessent oor sy normes dink, kan beïnvloed.

2.4.6.3 Geestelike ontwikkeling het 'n waardevolle bydrae tot die fase van adolessensie, aangesien geestelike ontwikkeling sekuriteit, hoop en sekerheid aan die adolessent verskaf.

2.4.7 Sosiale ontwikkeling is die ontwikkelingstaak wat direk deur al die ander ontwikkelingstake beïnvloed word.

2.4.7.1 Die adolessent se sosiale ontwikkeling vind binne vyf sosiale verhoudinge plaas, naamlik die broer/suster verhouding, verhouding met ander volwassenes, die verhouding met die portuurgroep, die verhouding met 'n individuele vriend en die verhouding wat die adolessent met sy ouers het.

2.4.7.2 Dit wil voorkom dat die broer/suster verhouding gedurende die fase van adolessensie vreedsaam en liefdevol is. Die adolessent bevraagteken die redenasies van volwassenes, byvoorbeeld die mening van sy onderwyser. Die adolessent se verhouding met sy portuurgroep is van die intiemste verhoudinge en beïnvloed dus die adolessent baie maklik. 'n Individuele vriend word deur die adolessent geselekteer op grond van gemeenskaplike probleme/huishoudings/stokperdjies/prestasies. Onafhanklikheid is die grootste strewe binne die verhouding wat die adolessent met sy ouers het.

2.4.7.3 Die ouer poog egter om beheer te behou deur 'n bepaalde ouerskapstyl te volg. Die ouer pas of 'n outoritêre-/gesaghebbende-/permissiewe- of onbetrokke ouerskapstyl toe.

2.4.7.4 Die adolessent se redeneringsvermoë skep meer situasies vir konflik tussen die ouer en die adolessent. Die strewe na onafhanklikheid by die adolessent, is die hoofkonsep waar rondom die ouer-adolessent konflik draai.

2.4.7.5 Die adolessent gaan deur die fase van adolessensie en die ouer beweeg deur die vroeë middeljarige lewensfase. Hierdie gesamentlike proses om deur fases te beweeg, word gekenmerk aan ontwikkeling en groei by beide adolessent en sy ouers. Hierdie ontwikkeling en groei vind plaas in terme van seksuele identiteit, rolverdeling, outoriteit, emosionele-, waarde- en finansiële aanpassings.

2.4.7.6 Tydens die adolessent se sosiale ontwikkeling verander die adolessent se interpersoonlike-, politieke-, ekonomiese- en wetlike status.

2.4.7.7 Die sosiale ontwikkeling word egter deur die ander ontwikkelingtake beïnvloed. Die kognitiewe ontwikkeling lei tot egosentrisiteit, denkbeeldige gehoor optredes en persoonlike idealiseringsituasies. Masturbasie, vroeë seksuele aktiwiteite en homseksualiteit is aspekte van die fisiese ontwikkeling wat 'n effek op die sosiale ontwikkeling het. Die adolessent se normatiewe ontwikkeling dwing die adolessent om sy/haar normes en waardes van alle sosiale fasette te herdefinieer. Die sosiale ontwikkeling kan ook direk deur sy eie ontwikkeling beïnvloed word, deur byvoorbeeld die interaksie van die portuurgroep.

HOOFSTUK 3

DIE FASE VAN DIE VROEË MIDDELJARE

3.1 INLEIDING

In die mens se lewensbestaan is dit normaal om kinders te verwek asook ouer te word. Hierdie verouderingsproses het bepaalde invloede op die psigiese-, emosionele-, fisiese- en sosiale aspekte van elke individu se lewe. Die middeljare, wat deel vorm van hierdie verouderingsproses, is 'n term wat al meer aanvaar en bestudeer word. Hierdie studie handel oor die invloed van die fase van adolessensie op die vroeë middeljarige ouers se huwelik. In hoofstuk twee is die fase van adolessensie omskryf. Die vroeë middeljare word in hierdie hoofstuk breedvoerig bespreek aangesien dit blyk dat hierdie twee fases dikwels terselfdertyd in een gesin aanwesig kan wees. Die menslike verouderingsproses, wat uit verskillende lewensfasies bestaan, gaan gepaard met ontwikkeling en verandering. Dit is dus noodsaaklik dat die omvang van die vroeë middeljare ondersoek word om sodoende kennis te dra van al die ontwikkelinge en veranderinge wat in die fase plaasvind. Vervolgens word die aard van die vroeë middeljare omskryf.

3.2 AARD VAN DIE VROEË MIDDELJARE

3.2.1 Afbakening van die fase van die vroeë middeljare

Gedurende die mens se lewensbestaan sal die mens deur bepaalde fases beweeg. Hierdie lewensfasies word gekenmerk aan veranderinge, problematiek, hoogtepunte en laagtepunte. Prinsloo (2001:51) verwys na ses lewensfasies waardeur die gesin beweeg. (Vgl. ook Aldous, 1978:86; Rice, 1990:170; Lauer & Lauer, 1997:320 en Benokraitis, 1999:2.)

- Fase 1: Ongetroude individu.
- Fase 2: Pasgetroude huweliksmaats.
- Fase 3: Gesin met jong kinders.
- Fase 4: Gesin met adolessente.
- Fase 5: Leë-nes fase.
- Fase 6: Huweliksmaats as bejaardes.

Hoofstuk 3: Die fase van die vroeë middeljare

Net soos die kind in die fase van adolessensie deur veranderinge gaan, ondergaan die ouers as egmaats ook veranderinge in hulle middeljare (Carter & McGoldrick, 1999:282 en Wilkens, 2001). Die navorser fokus vir die doel van die hoofstuk op fase vier, naamlik die gesin met adolessent/e.

Prinsloo (1994:255); Lasswell & Lasswell (1991:13 en 14) en Kruger (2001) is van mening dat die fase van die middeljare tans meer aandag geniet omdat die lewensverwagtinge van die mens hoër is. Hunter & Sundel (1989:8-9) en Benokraitis (1999:288) noem dat in 1900 die gemiddelde mens 50 jaar oud geword het. Teen 1970 het die gemiddelde mens 70 jaar oud geword. In 1991 is bepaal dat die gemiddelde man 71,5 jaar word, terwyl die gemiddelde vrou 78,5 jaar oud word. Die middeljare is 'n fase wat dus ontwikkel het as gevolg van die verlengde lewensverwagting van die mens. Hierdie verlengde lewensverwagting stel die mens ook bloot aan meer lewensveranderinge. Die fase van die middeljare word gekenmerk aan 'n relatiewe hoë egskeidingsyfer en dus kan die veranderinge en aanpassings van die middeljare nie buite rekening gelaat word nie (Prinsloo, 1994:265 en Prinsloo, 2001:54). In die middeljare vind herevaluering van alle besluite wat al geneem is, plaas. Aspekte soos die middeljarige se huwelik, kinders en eie beroep word in oënskou geneem.

Die verskillende lewensfases waardeur die mens beweeg kan nie presies afgebaken word nie. Net so kan daar nie 'n kronologiese ouderdom aan die middeljare gegee word nie. Die fase van die middeljare word deur Benokraitis (1999:288) en Carter & McGoldrick (1999:274) as die tydperk beskou waar die mens 'n ouderdomsperiode van 45-65 betree. (Vgl. Rogers, 1979:11 en 120; Farrell & Rosenberg, 1981:16 en Stein, 1994:25.) Hunter & Sundel (1989:9) is van mening dat die middeljarige veranderinge wel intree rondom die ouderdom van 35-40 tot 60-65, alhoewel Aldous (1978:129) en Lauer & Lauer (1997:425) na die fase van die vroeë middeljare verwys as die tydperk waar die individu ongeveer 35 jaar oud is. Rogers (1979:11) en Prinsloo (1994:31) definieer die periode van die middeljare volgens drie kategorieë, naamlik:

- laat-volwassenheid: 45-54,
- voor-aftrede: 55-64, en
- bejaardheid: 65 en ouer.

Hoofstuk 3: Die fase van die vroeë middeljare

Vir die doel van hierdie studie gaan die navorser die vroeë volwassenheid, of beter bekend as vroeë middeljare (ouderdom 35-45), bestudeer. Tog moet onthou word dat die veranderinge in die middeljare 'n individuele ontwikkelingsperiode is waar elke individu dit op 'n unieke tyd beleef. Die tipiese ouer wat 35-45 jaar oud is, is ook die ouer wat waarskynlik 'n adolessent in die huishouding het.

Lauer & Lauer (1997:325) is van mening dat die ouer tydens hierdie lewensfase sekere veranderinge en vrese beleef, alhoewel die veranderinge nie deur alle mense noodwendig as 'n middeljare-krisis ervaar word nie. (Vgl. Rogers, 1979:120 en 125; Featherstone, Hepworth & Turner, 1991:3 en 35 en Stein, 1994:25.) Die vrou is geneig om die sogenaamde middeljarige veranderinge voor haar man te beleef, naamlik rondom die ouderdom van 35 jaar. Farrell & Rosenberg (1981:46) noem dat die bekende psigo-analis, Erik Erikson, die man in sy middeljare omskryf as 'n individu wat hom tydens die fase van die middeljare maklik in isolasie kan plaas. Hierdie isolasie is dikwels vanweë 'n stresvolle omgewing, soos byvoorbeeld werksverwante stres.

3.2.2 Omskrywing van die fase van die vroeë middeljare

Die navorser is van mening dat die term 'middeljare' dikwels deur die mens as 'n negatiewe lewensfase beskou word as gevolg van die stigma van probleme wat daaraan gekoppel word. Dit is dus noodsaaklik om die term te omskryf. Rogers (1979:17) noem dat Carel Jung, bekende sielkundige, die middeljare soos volg omskryf:

“Between the ages of 35 and 40, certain childhood traits may emerge again. Personality changes evolve, and interests and motivations change. Attitudes stabilize so that by age 50 an individual has become relatively rigid and intolerant.”

Prinsloo (1994:32-34) meld dat die definiëring van die middeljare geen maklike taak is nie, omdat daar met die mens gewerk word. Mense is divers en dus is 'n duidelike afbakening baie moeilik. Die middeljare is wel 'n tydperk waar die gesin blootgestel word aan die aanbreek van die leë-nes fase en voorraadopname doen oor hulle eie lewe.

Hoofstuk 3: Die fase van die vroeë middeljare

Lewensveranderinge word volgens Scanzoni & Scanzoni (1988:327) ervaar wanneer die mens drie aspekte beleef, naamlik: gedragsveranderinge, denke het oor die self as 'anders' en wanneer dit voorkom dat die naasbestaendes hierdie veranderinge waarneem. Die navorser is van mening dat al drie aspekte nie net by die adolessent teenwoordig is nie, maar ook by die ouer in die vroeë middeljare. Dit is dus belangrik om die omvang van die vroeë middeljare te erken en te begryp. Rogers (1979:120) & Benokraitis (1999:287) omskryf die middeljare as 'n fase waar egmaats hulle huwelik en lewe meer geniet aangesien die adolessente uit die huis beweeg. Terwyl die adolessente egter nog in die huis is, neem hierdie vreugdevolle gevoelens nie toe nie.

Die fase van die middeljare word verder gekenmerk aan individuele bewustheid van ouderdom en veral veroudering. (Vgl. Rogers, 1979:122; Featherstone, *et al.* 1991:3 en 35 en Lauer & Lauer, 1997:325.) Die vrou is geneig om bewus te raak van die fisiese veranderinge waardeur sy gaan, byvoorbeeld 'n voller figuur, plooie, gryshare en 'n naderende menopouse. Mans is geneig om bles te word. Rogers (1979:123) meld dat die veranderinge waardeur die man gaan selfs as 'n 'tweede adolessensie' beskou kan word. Nes die adolessent, beweeg die middeljarige deur vrae soos 'wie is ek?'; 'waarheen is ek op pad?' en 'waaroor gaan die lewe?'. Hierdie veranderinge staan ook as die ontwikkelingstake bekend.

3.3 ONTWIKKELINGSTAKE VAN DIE FASE VAN DIE VROEË MIDDELJARE

Die navorser konstateer dat die ontwikkelingstake van die vroeë middeljare dikwels slegs as 'n fisiese taak gesien word, aangesien terme soos 'menopouse' en 'gloede' altyd daaraan gekoppel word, en die afleiding gemaak word dat die fase slegs fisies van aard is. Tog is daar verskeie individuele ontwikkelingstake wat moet plaasvind. Benokraitis (1999:38) omskryf die individuele ontwikkelingstake soos volg:

“Developmental tasks, that is, they learn to fulfill role expectations and responsibilities such as showing affection and support for family members and socializing with people outside the family.”

Louw (1994:476), Carter & McGoldrick (1999:274) en Kruger (2001) is van mening dat gedurende die fase van die middeljare, die gesin moet reageer en aanpas by die verwagtinge van mede gesinslede, asook hul verandering van fases in die lewensiklus.

Hoofstuk 3: Die fase van die vroeë middeljare

Die navorser konstateer dat die gesin, waar die ouers in die vroeë middeljare is met 'n adolessent/e, deur twee fases van lewensveranderinge met sekere ontwikkelingstake, terselfdertyd moet beweeg. Dit kan lei tot groei of konflik in die gesin, aangesien beide ouers en adolessent/e deur 'n fase van verandering beweeg. Die middeljarige ouer met 'n adolessent/e in die gesin, ervaar dat daar veranderinge plaasvind ten opsigte van die ouer-kind verhouding aangesien die adolessente meer onafhanklikheid verlang. Die ouer fokus ook dan op sy eie middeljarige huwelik en beroepskeuses asook bekommernisse oor generasie. Dit is duidelik dat verskeie veranderinge plaasvind en daarom kategoriseer Hunter & Sundel (1989:8-9) die ontwikkelingstake waardeur die vroeë middeljarige moet gaan soos volg:

- kognitiewe ontwikkeling,
- fisiese ontwikkeling, en
- sosiale konteks ontwikkeling.

Op grond van dié verskeie ontwikkelinge word die omvang van die vroeë middeljare se ontwikkelingstake bespreek. Vervolgens word die kognitiewe ontwikkeling omskryf.

3.3.1 Kognitiewe ontwikkeling

Hunter & Sundel (1989:14) en Prinsloo (1994: 33) beweer dat tydens kognitiewe ontwikkeling die middeljarige aan sekere aanpassings rakende die denke blootgestel word. Carter & McGoldrick (1999:274) omskryf vyf kognitiewe aanpassings naamlik: die middeljariges wat deur 'n toebroodjie-generasie gaan waar hulle nie net hulle eie kinders moet versorg nie, maar ook hulle eie bejaarde ouers. Tweedens moet die middeljariges hulleself assesser ten opsigte van persoonlike mortaliteit, veral waar hulle blootgestel was aan 'n ouer se afsterwe. Derdens moet die middeljariges hulle verhouding met hulle kinders herdefinieer, aangesien hulle meer onafhanklik raak en die huis verlaat (beter bekend as die leë-nes fase). Vierdens moet die middeljarige egmaats aanpas by hulle eie gesin wat uitbrei en gesinslede bykry, byvoorbeeld skoonfamilie en kleinkinders. Laastens vind daar ook 'n herdefiniëring plaas ten opsigte van die middeljarige se eie verhouding met broers en/of susters, aangesien dit dié persone is wat hulle die langste ken.

Hoofstuk 3: Die fase van die vroeë middeljare

Om die kognitiewe ontwikkeling te kan bespreek, voeg die navorser ook die proses van voorraadopname by die bepaalde kognitiewe aanpassings. Vervolgens word die kognitiewe ontwikkeling volgens die bogenoemde aanpassings bespreek.

3.3.1.1 Toebroodjie-generasie

Lasswell & Lasswell (1991:39); Lauer & Lauer (1997:325) en Benokraitis (1999:113) meld dat tydens die fase van die middeljare, waar die ouers met die adolessent/e probleme ervaar, ervaar hulle ook met ander familieledede probleme, gesamentlik met hulle eie individuele probleme. Hierdie probleme met familieledede, meestal eie of skoonouers, staan ook bekend as 'n toebroodjie-generasie. Dit beteken dat die middeljarige ouers 'n verantwoordelikheid teenoor hulle adolessente asook teenoor hulle bejaarde ouers het. Hierdie bejaarde ouers het verwagtinge vanuit hulle eie verwysingsraamwerk (gesin van herkoms) rakende hulle middeljarige kinders en hoe die kinders hulle moet ondersteun. Die egmaats moet dus aan hulle bejaarde ouers se behoeftes aan fisiese-, finansiële en/of emosionele bystand voldoen.

Benokraitis (1999:113) meld dat die middeljarige egmaats, maar veral die vrou, bekommerd is oor beide hulle kinders en eie bejaarde ouers. Hierdie kommer het gewoonlik 'n impak op die kwaliteit van die middeljarige egmaats se lewe. Die vrou beleef dit meer intens aangesien sy die versorger van beide generasies is. Die vrou het ook 'n groter risiko vir stresverwante siektes en word soms die 'versteekte pasiënt' in die gesondheidsstelsel genoem. (Vgl. Farrell & Rosenberg, 1981:17 en Lasswell & Lasswell, 1991:392.) Hierdie tydperk waar 'n toebroodjie-generasie teenwoordig is, skep egter 'n geleentheid waar die middeljarige huweliksmaats, hulle persoonlike verhouding met die skoon-/eie ouers kan herdefinieer en aspekte van die verlede kan uitklaar.

Benokraitis (1999:113) omskryf die toebroodjie-generasie soos volg:

“The sandwich generation are often caught in a dependency squeeze between their parents and their children and are also often squeezed to accept work their lives had not prepared them for, since they did not expect to have to seek employment after midlife.”

3.3.1.2 Mortaliteit

Volgens Lauer & Lauer (1997:326) begin die mens tussen die ouderdom 35-39 jaar sy mortaliteit besef en die middeljarige egmaats dink tydens die ouderdom eerder aan hoeveel tyd hulle oor het om te lewe as hoeveel tyd hulle al gehad het. (Vgl. Featherstone, *et al.* 1991:42; Prinsloo, 1994:33 en Stein, 1994:24.) Aldous (1978:129); Johnson (2001) en Prinsloo (2001:59) konstateer dat die afsterwe van 'n ouer 'n normatiewe aspek van lewe is. Die individu in die middeljare ervaar die dood meer realisties en selfs as onafwendbaar (Prinsloo, 1994:33 en 265). Die middeljarige ouer beleef die dood van 'n eie bejaarde ouer dan ook baie traumaties en dus word die dood 'n groter realiteit. Die middeljarige word terselfdertyd gekonfronteer met die dood van persone in dieselfde ouderdomsgroep as hy-/syself. Dit beteken egter nie dat dit maklik is nie. Om 'n ouer te verloor, is 'n baie emosionele aspek en dit is meer gekompliseerd wanneer die kinders reeds in die fase van die middeljare is. Hierdie mortaliteitskwessies het bepaalde veranderinge in die middeljarige se gesinslewe en word deur Benokraitis (1999:298) soos volg uitgebeeld:

- **Die aanvaarding van eie mortaliteit**

Die aanvaarding van 'n individu se eie mortaliteit is een van die moeilikste take gedurende die fase van die middeljare. Die middeljarige besef hy/sy is die beherende generasie, en vra dus nie meer raad by eie ouers nie. Die middeljarige raak ook meer bewus van persoonlike gesondheid, terwyl daar meer definitief na 'n testament en begrafnispolisie omgesien word.

- **Herdefinieer gesinsrolle en –verantwoordelikhede**

Volgens Louw (1994:495) is die middeljarige in dié lewensfase aan hoof van die gesin- en familie-interaksies. Die bejaarde ouers is dikwels nie meer in 'n posisie om na die verantwoordelikhede van die familie om te sien nie, en is genoodsaak om hierdie rol te vervul. Die verantwoordelikheid rondom die behoud van familiebyeenkomste, -waardes en -rituele, is nou in die hande van die middeljarige egmaats.

- **Verandering van die selfkonsep**

Die middeljarige se selfkonsep word sterk geraak en moontlik verander weens die middeljarige se eie insig rakende mortaliteit en herdefiniëring van gesinsrolle. 'n Middeljarige wat die afsterwe van 'n ouer beleef, word gewoonlik meer outonoom en verantwoordelik, wat dan ook 'n aanduiding van middeljarige rypwording is.

Tog bly die dood 'n hartseer en 'n onvermydelike gebeurtenis. Onophoudelike rou vir die afsterwe van 'n ouer dui gewoonlik op onverwerkte aspekte ten opsigte van die afgestorwene. (Vgl. Farrell & Rosenberg, 1981:29 en Benokraitis, 1999:299.) Hierdie aspekte kan egter hanteer word om sodoende verligting teweeg te bring by die middeljarige.

3.3.1.3 Leë-nes fase

Die leë-nes fase is die periode waar die eerste kind die huis begin verlaat en dit duur totdat een of albei die ouers sterf. As gevolg van die mens se hoë lewensverwagting, is dit belangrik dat die leë-nes fase omskryf moet word, aangesien dit problematies kan verloop. (Vgl. Prinsloo, 1994:38.) Benokraitis (1999:251) definieer die leë-nes fase soos volg :

“Particular mothers, experiencing depression and a lessened sense of well-being, when their children left home.”

Die navorser is van mening dat die leë-nes fase nie 'n direkte rol speel in die beplande studie nie, aangesien die adolossent/e nie in die proses is om die huis te verlaat nie. Tog is dit belangrik om genoegsame kennis oor die fase te hê, aangesien die laat adolessente periode oorspoel in die leë-nes fase. Tydens huweliksluiting, is dit normaal dat na afloop van 'n sekere tyd, die man en vrou met 'n gesin begin. Hierdie kinders groei op tot in 'n fase waar hulle die huis wil verlaat om so onafhanklikheid te verkry, en die spreekwoordelike stelling uit te voer, naamlik, om jou eie potjie te krap. In sommige gevalle is dit eerder die ouer wat die kind aanmoedig om die huis te verlaat om so 'n eie gesin te begin. (Vgl. Rogers, 1979:207; Farrell & Rosenberg 1981:151-153 en Prinsloo, 1994:38 en 39.) Wanneer hierdie kind/ers die huis verlaat het, bly die man en vrou weer alleen saam tot een of beide sterf. Dit is dan hier waar die ouers die kenmerklike leë-nes fase betree.

Hoofstuk 3: Die fase van die vroeë middeljare

Die ouers kan 'n gevoel van mislukking ervaar indien hulle kind die huis onsuksesvol verlaat en dus eerder meer probleme het. Die ideaal is dat die kind die huis verlaat na die ouderdom van 18 jaar, aangesien die ouers meer tyd het om hulleself voor te berei op die leë-nes fase.

Die konkrete stap waar die kinders die huis verlaat, kan vir die ouers traumaties wees. Die moeder beleef dikwels die huis as stil en eensaam. Die meeste moeders is dit eens dat daar met verloop van tyd 'n gevoel van verligting ervaar word. Die ouers begin egter van vroeg af voorberei op die losmakingsproses. So is die eerste skooldag reeds 'n stap in die losmakingsproses. Soos wat die kind groei, raak hy/sy meer onafhanklik en oefen keuses uit, wat die ouer dwing om hom-/haarself los te maak van die kind. Wanneer die kinders die huis verlaat, dwing dit die middeljarige ouers om deur bepaalde veranderinge te beweeg waarby hulle noodgedwonge moet aanpas. Die ouer beleef die leë huis as emosioneel, maar terselfdertyd begin hulle met 'n nuwe lewe waar hulle weer alleen saam is. (Prinsloo, 1994:42 en 43; Benokraitis, 1999:291; Gunter, 2001 en Johnson, 2001.) Die leë-nes fase is dus 'n fase wat verskeie uiteenlopende emosies teweeg kan bring, byvoorbeeld dié van verlange asook dié van verligting.

Prinsloo (1994:43 en 72) noem dat sommige ouers se lewe om hulle kinders sentreer. (Vgl. Rogers, 1979:207 en Farrell & Rosenberg, 1981:150-152.) Dus ervaar hierdie tipe ouer die leë-nes fase baie traumaties. Die ouer moet hom-/haarself dus vroeg voorberei op die losmakingsproses. Die leë-nes fase duur ook baie lank. As gevolg daarvan dat huwelike vroeër gesluit word en die egmaats tans minder kinders het as vroeër, breek die fase gouer aan, maar duur tot aftrede. Terselfdertyd word die middeljarige se huwelik blootgestel aan spanning en verantwoordelikhede as gevolg van die ouerlike rol. As die adolessente die huis verlaat, het die ouers meer tyd om weer aan mekaar te spandeer en kommunikasie te verbeter.

3.3.1.4 Skoonouers en grootouers

Die fase van die middeljare word volgens Benokraits (1999:300) gekenmerk as 'n periode waar die gesin kleiner word vanweë die leë-nes fase. Kort daarna word die gesin egter groter, soos die kinders trou en selfs kinders het. Die gesin word dus gedwing om hulle verhouding met mekaar te herdefinieer.

Hoofstuk 3: Die fase van die vroeë middeljare

Gewoonlik is dit vir die middeljarige ouers maklik om 'n skoonseun/-dogter te aanvaar, maar sommige ouers het wel 'n mate van antagonistiese gevoelens teenoor die skoonseun/-dogter. Konflik ontstaan dikwels in gesinne rondom die plek en tye van familiebyeenkomste en -vakansies, aangesien die gesin uitbrei. Middeljarige egmaats ervaar die koms van kleinkinders as 'n bonus. Heelparty grootouers beweer dat die vreugde wat 'n kleinkind verskaf, onbeskryflik is. Die middeljarige oupa en ouma het die geleentheid om weer die ervarings van ouerskap te beleef, maar hulle hoef nie die volle verantwoordelikheid van vier en twintig uur ouerskap te aanvaar nie. Ondanks hierdie positiewe belewenis, is daar volgens Benokraitis (1999:300) en Allen, Blieszner & Roberto (2000:920) wel bepaalde probleme wat kan ontstaan.

- Indien die grootouers geskei is, ontstaan daar dikwels twis oor wie uitgenooi word na partytjies, aangesien daar soms konflik is oor wie die werklike oupa en ouma is (veral grootouers wat 'n nuwe lewensmaat het).
- Indien die middeljarige grootouers se kinders (ouers van kleinkinders) sou skei, kan die grootouers verlang dat hulle besoekure ook in die toesig-en-beheer bepaling van die skeibrief omvat word.
- Indien die middeljarige grootouers se kinders onbevoeg is om na die kleinkinders te kyk, hetsy as gevolg van dwelm-, drankgebruik of siekte, kan daar van die grootouers verwag word om die ouerskap oor die kleinkinders oor te neem.

3.3.1.5 Broers en susters

Die broer en/of suster verhouding is volgens Benokraits (1999:304) en Allen, *et al.* (2000:912) die verhouding wat die langste duur vir die middeljarige, aangesien die middeljarige se broer en/of suster die middeljarige die langste ken. Die vlak van nabyheid binne die verhouding varieer egter, alhoewel daar gevind is dat hierdie verhouding die sterkste is tydens die middeljare. Ondanks afstand en verskille, gaan broers en susters dikwels saam op vakansie of na spesiale geleenthede. Die middeljarige se broers en/of susters moet ook familieverantwoordelikhede herdefinieer of selfs bepaal wie na die bejaarde ouers sal omsien. Hierdie besluitneming het 'n bepaalde stresvolle invloed op die gesin.

3.3.1.6 Voorraadopname

Prinsloo (1994:33); Lauer & Lauer (1997:326) en Benokraitis (1999:296) verwys na die voorraadopname as die proses waar die individu sy/haar lewe in oënskou neem ten opsigte van dit wat reeds bereik is, deur bepalings te maak van die tyd wat oor is in sy/haar lewe om dit wat nie bereik is nie, wel na te streef. Hierdie voorraadopname kan egter tot probleme en krisisse lei. Hunter & Sundel (1989:14) en Prinsloo (1994:259) noem dat die populêre literatuur en media na 'n middeljare-krisis verwys. Die krisis kan omskryf word as die radikale verandering in persoonlikheid, in kombinasies met die herevaluering van doelwitte, prioriteite en bereiking van werksdoelwitte. Indien die middeljarige sy persoonlike aanvanklike ideale nie bereik het nie, mag dit lei tot die sogenaamde middeljare-krisis. Mans is geneig om dit in hulle vroeë veertigerjare te beleef, terwyl vrouens dit reeds in hulle dertigerjare kan ervaar. Daar kan dus aanvaar word dat die middeljarige 'n voorraadopname neem ten opsigte van die tyd wat verby is en die tyd wat nog oorbly.

Farrell & Rosenberg (1981:17); Scanzoni & Scanzoni (1988:329) en Engelsman (1994:36) is van mening dat baie middeljarige egpare in die middeljare ontdek dat hulle drome minimaal bewaarheid is en verskeie krisisse plaasgevind het, byvoorbeeld waar hulle al deur 'n egskeiding beweeg het, kinders aan die dood moes afstaan, werk verloor het en/of van woning moes verander. Sommige egmaats ervaar dit selfs as 'n skok om terug te wees waar hulle was voor hulle huwelik, met ander woorde hulle lewens is weereens gevul met onsekerhede en keuses wat gemaak moet word. Prinsloo (1994:34) beskou die voorraadopname as 'n middeljarige persoon se introspeksie om te bepaal waar die winste en die verliese lê ten opsigte van sy/haar eie lewe. Hierdie introspeksie lei dan tot een van twee gevoelens, naamlik dié van tevredenheid of dié van misnoë.

Buiten die verantwoordelikhede wat die egmaats teenoor mekaar, die adolessente en hulle eie ouers het, het hulle ook huwelik- en persoonlike verwagtinge en ideale. Hattingh (2000) meld dat die middeljarige man, in die Suid Afrikaanse konteks, 'n addisionele aspek tydens die fase oordink. Die huidige middeljarige man was as 'n 18jarige blootgestel aan geweld en aggressie gedurende sy verpligte militêre diensplig.

Hoofstuk 3: Die fase van die vroeë middeljare

Du Preez (2002) verwys na 'n kognitiewe dissonansie, waar die middeljarige man 'n gevoel ontwikkel dat dit wat hy tydens die militêre diensplig ervaar, gedoen en beleef het, teenstrydig is met dit wat hy tans as reg beskou. Hierdie mans moes destyds mense aanval, lewens neem en selfs weerlose kinders en vrouens in die proses seermaak. Hierdie kognitiewe dissonansie kan slegs verander indien die middeljarige man sy denke verander of die kwessie as minder belangrik in sy lewe beskou. Gunter (2002) beweer dat hierdie aspekte dikwels in die vorm van aggressie en traumatiese stres gediagnoseer word. Dit lei tot 'n waarde konflik waar die middeljarige man sy waarde en lewe bevraagteken. Dit wat destyds reg was (die geweld) is tans nie reg nie. Selfs sy eie kinders – wat in die fase van adolessensie is – kan hom herinner aan die weerlose kinders wat onder sy geweld gely het. Hy kan dan skuldgevoelens en selfpersepsies as 'n moordenaar beleef. Dit middeljarige man vind dit dikwels moeilik om oor hierdie ervaringe te praat, en dus verstaan die gesin nie altyd die man se optredes nie. (Vgl. Gunter, 2002 en Hattingh, 2002.) Die navorser is dus van mening dat die middeljarige op 'n kognitiewe vlak, verskeie aspekte moet deurwerk en aanvaar. Vervolgens word die middeljarige se fisiese veranderinge in die lewensfase bespreek.

3.3.2 Fisiese ontwikkeling

Gedurende die middeljare is fisiese veranderinge onvermydelik weens die naderende ouderdom. Hierdie fisiese veranderinge lei dikwels tot angs, vrese en probleme (Rogers, 1979:142; Hunter & Sundel, 1989:32; Prinsloo, 1994:259 en Benokraitis, 1999:290). Vrouens se menstruele siklus verander en dit kan lei tot fisiese- en psigiese probleme. Farrell & Rosenberg (1981:29) en Lauer & Lauer (1997:326) beweer dat behepthed met gesondheid toeneem na die ouderdom van 35 en die middeljarige meer bekommerd raak oor die fisiese veranderinge. Hierdie fisiese veranderinge word meer negatief deur vrouens beleef as mans, maar kan egter makliker deur die huweliksmaats aanvaar word, indien die huweliksverhouding stabiel is (Prinsloo, 1994:275 en Wilkins, 2001). Dit wil dus blyk dat die stabiliteit van die huwelik 'n groot rol speel by die ervaringe van die middeljarige.

Hunter & Sundel (1989:33 en 51) en Prinsloo (1994:49) sien die fisiese veranderinge tydens die middeljare in drie vorme, naamlik; liggaamlike-, seksuele- en hormonale veranderinge. Sommige van hierdie veranderinge vind op verskillende maniere in die vrou en man se liggaam plaas en word, waar nodig, afsonderlik bespreek.

3.3.2.1 Liggaams veranderinge

Daar is 'n paar liggaams veranderinge wat by beide man en vrou voorkom. Rogers (1979:142); Louw (1994:483) en Prinsloo (1994:50) noem dat die middeljarige die geneigdheid ontwikkel om te vergeet en om minder te slaap. Die sintuie, naamlik gehoor, reuk, visie en persepsie van pyn word ook belemmer en dus het die meeste middeljariges bo die ouderdom van vyftig alreeds 'n leesbril. Die middeljarige verloor sy/haar elasticiteit van die vel en dus verskyn daar meer plooië. Die hare verloor die oorspronklike kleur en glans, en vertoon vaal en yl. (Vgl. Hunter en Sundel, 1989:33, Louw, 1994:484 en Prinsloo, 1994:50.) Die skelet raak meer bros, begin afskilfer en kan artritis veroorsaak. Weens hierdie deteriorasie, verloor die individu twee tot vier sentimeters in lengte. Die middeljarige se metabolisme neem af wat tot geleidelike gewigstoename kan lei. Hierdie liggaamlike veranderinge kan egter ook volgens geslag gekenmerk word.

- **Die middeljarige vrou**

Rogers (1979:143); Hunter & Sundel (1989:34) en Prinsloo (1994:51) beweer dat die vrou tydens die middeljare 'n proteïensintese, kalsiumtekort en sout of/en water balans veranderinge ervaar. Die vrou sal vind dat beendisintegrasie, beter bekend as osteoporose, intree. Osteoporose kan verlig word met kalsiumaanvullings en mediese behandeling. Die elasticiteit van die vrou se vel verminder drasties vanaf intrede van die middeljare, terwyl die vrou se spierdigtheid verminder en die ligamente in haar liggaam, wat die spiere aan die been heg, ook verswak. Dit verklaar volgens Louw (1994:483) en Prinsloo (1994:50) hoekom die middeljarige se spierkrag geleidelik begin afneem, veral die been-, rug- en armspiere. Die vrou wat in die twintig- tot dertigjarige ouderdomsgroep val, het gewoonlik die maksimum krag in haar spierstelsel. Die toename in vetselle is kenmerkend van die middeljarige vrou se profiel. Dit is dus wenslik dat die middeljarige vrou 'n gebalanseerde dieet moet volg en gereeld korrekte oefeninge doen om die vetlagie wat vorm, te voorkom. Die uteri en blaas kan ook aanleiding gee tot verskeie probleme soos 'n lekkende blaas. Die vrou is ook geneig om haar aptyt te verloor (Hunter & Sundel, 1989:34 en 35 en Benokraitis, 1999:290). Ander kenmerkende simptome is duiseligheid, warm gloede, sweet, hipertensie, depressie, angstigheid, geïrriteerdheid, humeurigheid en emosionele uitbarstings. Hierdie simptome moet egter nie gesien word as identifiserende faktore by die menopouse sindroom nie.

- **Die middeljarige man**

Volgens Hunter & Sundel (1989:36-37) was die man in sy middeljare tydens die sestigerjare en sewentigerjare omskryf as die man wat 'n manlike menopouse of middeljare-krisis beleef. Meer onlangse studies toon egter dat die middeljarige man wel deur bepaalde veranderinge beweeg. Die man se water- en/of soutbalans en kardiovaskulêre funksies verminder terwyl die proteïnsintese en liggaamskrag afneem. Farrell & Rosenberg (1981:30); Louw (1994:488) en Prinsloo (1994:50) noem dat mans ook 'n vetlagie kan ontwikkel en word dikwels daarna verwys as die man wie se borskas 'n hangkas word. Die immunitêtsisteem verswak ook en dus is daar 'n geneigdheid tot kroniese siektetoestande by die man. Die middeljarige man is meer blootgestel om hartaanvalle te kry. Mans wat 'n aggressiewe, kompeterende, ambisieuse en rustelose persoonlikheid het, is meer geneig om met hartprobleme te presenteer. Die man is geneig om 'n algemene belangstelling in sy gesondheid te verloor en eerder 'n toenemende irritasie en swak aptyt te beleef. Die man kan ook sukkel om te konsentreer terwyl sy libido verminder en kan hy selfs met impotensie sukkel.

3.3.2.2 Seksuele veranderinge

- **Die middeljarige vrou**

Die vrou het tradisioneel bekend gestaan as die party wat slegs aan haar man se seksuele drang bevrediging moes gee as deel van haar rol as vrou. (Vgl. Hunter & Sundel, 1989:33 en Benokraitis, 1999:290.) Tans word die vrou in volle reg erken met haar eie unieke behoeftes. Tog is die seksuele veranderinge tydens die middeljare van die mees traumatiese ervarings. Die vrou se vagina raak smaller weens minder lubrikasie en dit lei tot problematiese en moeilike penetrasie. Dit lei dikwels daartoe dat die middeljarige vrou geneig is om te vrees dat haar seksuele drang sal afneem, maar dit is nie die geval nie. (Vgl. Rogers, 1979:148; Bergler, 1985:33; Hunter & Sundel, 1989:35 en Louw, 1994:487.) Estrogeen neem af en nie androgeen nie. Androgeen is die hormoon wat 'n direkte invloed op die seksuele dryfkrag van 'n vrou het. (Vgl. Prinsloo, 1994: 259). Hunter & Sundel (1989:35) meld dat die vrou meer aktief bly en 'n langer voorspel met kunsmatige lubrikasie nodig het, om vir die vagina wat verdroog het, te kompenseer.

Hoofstuk 3: Die fase van die vroeë middeljare

Vrouens beleef volgens Benokraitis (1999:166) hulle seksualiteit meer positief, aangesien daar nie meer 'n menstruasiesiklus teenwoordig is nie, geen voorbehoedmiddelle benodig word nie en daar dus geen direkte of indirekte vrees is vir 'n moontlike swangerskap nie.

- **Die middeljarige man**

Hunter & Sundel (1989:36 en 37); Louw (1994:483) en Prinsloo (1994:260 en 264) konstateer dat onvergenoegdheid en kommer oor viriliteit 'n algemene gevoel by die man is. Mans se seksuele dryfkrag neem af en ontwikkel soms in impotensie. Ereksies is moeiliker verkrybaar en behoubaar tydens die middeljare. Die man in sy middeljare het dus meer streling en direkte stimulasie nodig om 'n ereksie te ontwikkel. 'n Laer testosteroonvlak is algemeen, en dit gaan gepaard met angstigheid oor die man se persoonlike seksuele bydrae. Die man se testis word kleiner en minder elasties. Die prostaatklier vergroot en dit moet nie altyd toegeskryf word aan veranderinge in die testosteroon aktiwiteit nie aangesien prostaatkanker toeneem. Die seksuele ervaringe van 'n man is ten nouste gekoppel met sy selfbeeld. Die middeljarige man kan betrokke raak in 'n buite-egtelike verhoudings om sy viriliteit te bewys en om so selfs jonger te voel.

3.3.2.3 Hormonale veranderinge

- **Menopause by die vrou**

Die menopause is 'n realiteit waardeur elke vrou beweeg, alhoewel daar verskeie wanpersepsies ten opsigte van die menopause gehandhaaf word. As 'n vrou van die menopause praat, verwys sy gewoonlik na die tydperk waar haar menstruasiesiklus ongereeld raak en later verdwyn. (Vgl. Rogers, 1979:147; Hunter & Sundel, 1989:52; Louw, 1994:483; Prinsloo, 1994:51; Benokraitis, 1999:290 en Carter & McGoldrick, 1999:165.) Sommige mans en vroues verwys na die menopause as die "*change of life*". Daar is verskeie definisies vir die menopause, alhoewel daar aangeneem word dat die vrou in haar menopause is wanneer haar menstruasiesiklus vir 'n periode van een jaar afwesig was. Daar word ook onderskei tussen twee soorte menopause, naamlik die natuurlike- en die kunsmatige menopause. Die natuurlike menopause is wanneer die menstruasiesiklus op 'n natuurlike wyse ophou, terwyl die kunsmatige menopause 'n aanduiding is van 'n operasie waar die ovarium verwyder is of die ovarium beskadig is weens bestraling/chemoterapie.

Hoofstuk 3: Die fase van die vroeë middeljare

Louw (1994:486) en Prinsloo (1994:51) noem dat die menopouse nie ouderdomsgebeure is nie, maar eerder fisiese gebeure wat nie aan ouderdom gekoppel kan word nie. Hunter en Sundel (1989:53) noem dat indien daar wel 'n ouderdom aan menopouse gekoppel moet word, is dit waarskynlik dat een en vyftig die huidige gemiddelde ouderdom is vir die menopouse, alhoewel dit vanaf vyf en veertig reeds kan intree. Daar is gevind dat hoe vroeër die vrou begin menstrueer, hoe later sal sy deur haar menopouse beweeg.

Menopouse dui ook op die vrou se onvrugbaarheid. Onvrugbaarheid begin 'n moontlike trauma vir die vrou word, omdat jeugdigheid aan swangerskap gekoppel word. Die aanbreek van die menopouse het nie 'n fisiese invloed op die seksuele funksionering van die vrou nie, maar dikwels eerder 'n emosionele invloed. Die psigiese implikasies van die menopouse is depressie, uitputting, slaaploosheid, gevoelens van angs, buigigheid en verwarring. (Prinsloo, 1994:259 en 264.) Rogers (1979:148); Hunter & Sundel (1989:54) en Prinsloo (1994:53) verwys na bepaalde simptome wat die aanvang van menopouse aandui. Die universele identifiserende simptome is die sogenaamde "*hot flashes*" of warm gloede. Hierdie warm gloede word soos volg omskryf: "*A sudden brief wave of heat sometimes accompanied by sweating and chills*". Warm gloede wat snags voorkom, staan ook bekend as "*night sweats*". Daar is gevind dat hierdie gloede geassosieer word met laer vlakke van estrogeen, alhoewel Benokraitis (1999:165 en 166) konstateer dat slegs 10% van die vroulike geslag die warm gloede ervaar. Vrouens kan die menopouse as 'n positiewe gebeure beleef, aangesien die vrese vir 'n moontlike swangerskap uitgeskakel word. Hierdie verligting van vrees gee daartoe aanleiding dat die vrou haar seksualiteit meer geniet.

Aangesien die menopouse eers werklik in laat-volwassenheid (middeljare) voorkom, word dit nie so in diepte bespreek nie. Vir die doel van hierdie studie fokus die navorser op die vroeë middeljarige wat die menopouse voorafgaan. Die navorser is egter van mening dat die menopouse wel bespreek moet word, aangesien die tendens van kunsmatige menopouse al meer in die huidige samelewing teenwoordig is, byvoorbeeld as gevolg van 'n histerektomie.

3.3.3 Sosiale ontwikkeling

Tydens die fase van die middeljare kan sosiale ontwikkeling op verskeie fasette plaasvind. Vervolgens word die sosiale veranderinge as 'n ontwikkelingstaak bespreek, in terme van:

- die huwelik-,
- beroepsbeoefening-, en
- ander sosiale verhoudinge in die vroeë middeljare.

3.3.3.1 Die huwelik in die vroeë middeljare

Die konsep 'om getroud te wees' is 'n populêre status, alhoewel dit al later in die gemiddelde persoon se lewe plaasvind. Daar word oor die algemeen verwag dat die huwelik se huweliksbevrediging hoog moet wees, as in ag geneem word hoeveel mense steeds trou, ondanks die hoë egskeidingsyfer (Statistics South Africa: Marriages and divorces, 2000: PO307). Vervolgens word die huwelik van die vroeë middeljarige bespreek in terme van die huweliksbevrediging en egskeidings in die fase.

- **Huweliksbevrediging in die fase van die middeljare**

Volgens Hunter & Sundel (1989:184) en Benokraitis (1999:292) sal egmaats wat hulle huwelik as gelukkig beskou, drie basiese aspekte in hulle huwelik ervaar. Eerstens handhaaf die egmaats 'n positiewe gesindheid jeens mekaar. Tweedens wil beide die huwelik as 'n langtermynverbintenis (tot die dood ons skei) met mekaar beskou. Derdens verskaf egmaats emosionele ondersteuning aan mekaar. Roach, Frazier & Bowden (in Prinsloo 2001:47) verwys na huweliksbevrediging as:

“Marital satisfaction becomes the process of creating a climate where the often conflicting desires for differentiation and belongingness are balanced and growthproducing for the entire system.”

Hoofstuk 3: Die fase van die vroeë middeljare

Tradisioneel was daar in die veld van huweliksnavorsing gefokus op die teenwoordigheid van kinders as 'n bron van stres vir die ouers. Hierdie navorsing het bewys dat kinderlose huweliksmaats 'n hoër vlak van huweliksbevrediging ervaar as huweliksmaats wat wel ouers geword het (Wilkins, 2001). Dit word toegeskryf aan die feit dat kinders die huwelikstabieliteit kan ondermyn. Lamanna & Riedman (1991:141 en 360) beweer dat kinders druk op 'n huwelik plaas. Kinders, selfs in die fase van die adolessensie, kan 'n huwelik wel stabiel maak. Tog is 'n stabiele huwelik nie noodwendig 'n gelukkige huwelik nie. Die huweliksmaats met kinders is geneig om makliker hulle langtermynhuweliksbevrediging te bereik as kinderlose huweliksmaats. In huwelike waar die egmaats binne die eerste jaar al kinders het, het die kommunikasie tussen die huweliksmaats met 20% verminder. Dit kan 'n moontlike verklaring wees vir die vermindering van huweliksbevrediging wanneer die egmaats kinders het (Benokraitis, 1999:251). Lauer & Lauer (1997:257) beweer dat die wyse hoe kommunikasie in die huwelik plaasvind, ook sal bepaal hoe die konflik in die huwelik sal wees. Die navorser is van mening dat die fase van die adolessensie egter ook positiewe skakeling in die ouer-adolesent verhouding kan bewerk aangesien doeltreffende kommunikasie op 'n meer volwasse vlak plaasvind om interaksie te verbeter. Miller & Nancy (1993:33) beweer dat ouers en kinders mekaar wederkerig beïnvloed. Die gesin se geluk word volgens Noller & Callon (1991:76) eerder bepaal deur die ouers se huweliksbevrediging. Ambert (1997:24) meld dat daar onsekerheid is oor die presiese impak van adolessente se gedrag op die ouers se huweliksbevrediging. Dit is wel duidelik dat die omgekeerde, naamlik dat ouers wel 'n rol speel by die adolessent se ontwikkeling, wel waar is.

Hunter & Sundel (1989:186 en 187) en Sanders, Nicholson & Floyd in Halford & Markman (1997:227) noem dat huweliksbevrediging deur 'n U-vormige proses gaan. Die U-vorm stel die huweliksbevrediging van die huwelik voor. Tydens huweliksluiting is die huweliksbevrediging hoog. Wanneer die kinders arriveer, neem hierdie bevrediging egter af en daar word 'n laagtepunt ervaar tydens die kinders se fase van adolessensie. Soos wat die kinders die huis verlaat, en die ouers in hulle leë-nes fase beweeg, styg die huweliksbevrediging (Prinsloo, 2001:48). Voorskoolse kinders stabiliseer dikwels die huwelik, maar adolessente intensifiseer probleme in die huwelik. (Vgl. Almeida, 1991:58, Lamanna & Riedman, 1991: 40 en Lauer & Lauer, 1997:307.) Die hoeveelheid adolessente in die huis plaas ook groter druk op die egmaats en gesin, aangesien meer mense dieselfde ruimte, huistake en verantwoordelikhede deel.

Hoofstuk 3: Die fase van die vroeë middeljare

Die moeder se verhouding met die adolessent is meer kompleks en ryker met kommunikasie, en vandaar beleef die moeder soms meer spanning asook belonings as 'n ouer in die gesin. (Vgl. Lauer & Lauer, 1997:325 en Rogers & White, 1998:305.)

Vrouens rapporteer ook 'n hoër vlak van ouerlike satisfaksie.

Daar is gevind dat die vader se huweliksbevrediging styg as die oudste kind die huis verlaat, terwyl die moeder se bevrediging eers styg as al die kinders die huis verlaat het. (Vgl. Noller & Callon, 1991:34.) Rogers & White (1998:295) sluit aan deur te meld dat die ouer-kind verhouding die huweliksbevrediging van die ouers kan beïnvloed, en dus speel die adolessent in die huishouding 'n definitiewe rol ten opsigte van die huweliksbevrediging.

'n Tekort aan huweliksbevrediging is gewoonlik teenwoordig in huwelike waar daar konstant probleme is. Greyvenstein (1989:50) meld dat die fase van die middeljare gekenmerk word as die fase met die meeste verantwoordelikhede en is probleme dus onafwendbaar. Hierdie probleme is dikwels gekoppel aan faktore wat verband hou met die kinders. Dit blyk dat egmaats wat in konflik is met hulle kinders, ook geneig is om in konflik met mekaar betrokke te raak. (Vgl. Almeida, *et al.* 1991:28 en Lauer & Lauer, 1997:307.) Hunter & Sundel (1989:188) beweer dat daar vier moontlike redes kan wees waarom daar 'n afname in die huweliksbevrediging van die middeljarige ouers se huwelik kan wees.

- Soos wat die middeljarige ouers se kinders groei, beweeg die kinders deur fases met bepaalde ontwikkelingstake. Hierdie fases dwing die ouers om elke keer bepaalde verantwoordelikhede en rolle aan te neem. Hierdie konstante verandering en die oorlaaide rolverantwoordelikheid plaas groot druk op die huweliksbevrediging van die middeljarige ouers, en verminder eers nadat die middeljarige ouer deur die leë-nes fase beweeg het.
- Oorlaaide rolverantwoordelikhede tussen die ouers spoel oor na roluitputting waar die ouers dit bykans onmoontlik vind om in die bepaalde rolle te funksioneer.
- Roluitputting lei tot swak kwaliteit roluitvoering en –aanvoeling van die rolverantwoordelikhede, dus vind die egmaats dit moeilik om in mekaar se wedersydse behoeftes te voorsien.

Hoofstuk 3: Die fase van die vroeë middeljare

- Swak roluitvoering en –aanvoeling van die rolverantwoordelikhede, lei tot 'n daling in die huweliksbevrediging by die egmaats.

Dit wil dus voorkom dat die rolverantwoordelikheid van die ouers, rakende kinders, die huweliksverhouding kan demp en dus tot 'n afname in die huweliksbevrediging kan lei. Daar is egter gevind dat indien die kind stres veroorsaak ten opsigte van die ouers se tyd, finansies, fisiese toestand en emosionele ondersteuning, dit logies is dat die kind die ouers se huweliksbevrediging kan beïnvloed. Hierdie tendens is veral merkbaar by egmaats wat nie hulleself sosiaal voorberei het op ouerskap nie, indien die ouers onbeplan ouers geword het of indien die ouers meer kinders het as wat hulle beplan/verlang het (Wilkins, 2001). Hunter & Sundel (1989:188) beweer verder dat egmaats wat 'n gevoel van oorlaaide rolverantwoordelikhede het, nie noodwendig sal skei nie, ondanks die spanning wat in die huwelik ervaar word. Tans is die kostes van egskedings hoog en die begin van 'n tweede lewe baie moeilik - ekonomies, fisies en emosioneel - en dus bly egmaats eerder getroud, ondanks die minimale of geen huweliksbevrediging. (Vgl. Wilkins, 2001.) Egmaats kan dus huwelikstabieliteit handhaaf, ondanks minimale huweliksbevrediging wat ervaar word. Dit wil dus voorkom dat huwelikstabieliteit nie net op grond van die egmaats se huweliksbevrediging bepaal kan word nie.

Huweliksbevrediging binne die huwelik van die middeljarige egmaats is kompleks. Gunter (2001) is van mening dat kinders, en spesifiek adolessente, nie noodwendig tot die vermindering van huweliksbevrediging hoef te lei nie, maar dat daar eerder 'n gevoel van bevrediging in die huwelik ervaar kan word. Parker & Kellam (1994:51) noem dat enige huwelik op die kontinuum huweliksbevrediging gemeet kan word, wat dus kan aandui of die egmaats gelukkig is, of eerder op die drumpel van 'n egskeding staan. Vervolgens word egskedings bespreek in terme van die middeljarige.

- **Egskeding in die fase van die middeljare**

In Amerika is daar 'n tendens dat egmaats wat tussen tien en twintig jaar in die eg verbind is, 'n hoër egskedingsyfer toon. In die later middeljare neem egskedings egter weer af. Rogers & White (1998:296) beweer verder dat huwelike waar die ouers seuns het, minder in 'n egskeding sou eindig.

Hoofstuk 3: Die fase van die vroeë middeljare

Tog is die egskeidingsyfer onder Amerikaanse mans gemiddeld die hoogste tydens een en dertigjarige ouderdom terwyl die gemiddelde Amerikaanse vrou op nege en twintigjarige ouderdom sal skei. Die egskeidingsyfer onder Suid Afrikaanse mans is die hoogste by mans dertig jaar tot vyf-en-dertig jaar (Statistics South Africa: Marriages and divorces, 2000: PO307). Lauer & Lauer (1997:327) beweer dat daar sommige gevalle is waar die huwelik in die vroeë fase van die middeljare as stadies voorkom, en egmaats voel dat daar geen groei of opwinding meer plaasvind nie en dus is die huweliksbevrediging laag. Een van die egmaats kan selfs aan 'n egskeiding dink om so nuwe verhoudinge elders te begin. Prinsloo (1994:258) is van mening dat kinders van middeljarige ouers die huwelik wel aanmekaar kan hou, en sodra die kinders die huis verlaat die ouers geen verbintenis met mekaar meer ervaar nie, en dus 'n egskeiding as 'n oplossing sien.

Carter & McGoldrick (1999:385,386 en 293) is van mening dat 'n egskeiding ook een van die mees kenmerkende gebeurtenisse is in 'n individu wie se lewe stresvol is. Die besluit om wel 'n huwelik te beeindig, is heelwat moeiliker as die keuse om in die huwelik te tree. In die VSA is 85% van alle egskeidings in die middeljare deur die vrou geïnisieer. Hierdie skeiding vind gewoonlik plaas tydens die leë-nes fase wanneer egmaats uitvind hulle is vreemdelinge vir mekaar of wanneer hulle beseft dat alle verantwoordelikhede in die huwelik (soos die kinders) afgehandel is. Ondanks hierdie sosiale ontwikkeling in terme van die huwelik, moet die egmaats ook aanpas by die sosiale ontwikkeling van beroepsbeoefening in die fase van die middeljare.

3.3.3.2 Beroepsbeoefening soos in die fase van die vroeë middeljare

Die verkryging en besteding van geld speel 'n groot rol in die menslike lewensgang. Die egmaats moet vooraf bepaal hoe hulle hul finansies sal bestuur en begroot, wie daarvoor verantwoordelik is en of hulle dit gesamentlik sal doen. (Alpaslan, 1994:42) Greyvenstein (1989:49) konstateer dat finansiële druk toeneem gedurende die middeljare. Die jonger kinders asook bejaarde ouers word soms 'n finansiële las, wat die middeljarige moet dra. Terselfdertyd wil die middeljarige geld eenkant sit vir hul eie aftrede. Die navorser beweer dat die vroeë middeljarige egmaats, waar daar adolessente in die huishouding is, ook gekenmerk kan word aan addisionele finansiële druk weens die adolessent se teenwoordigheid. Die adolessent vra meer geld soos wat hy/sy ouer word.

Hoofstuk 3: Die fase van die vroeë middeljare

Die adolessent is finansiëel 'n groot uitgawe, ten opsigte van die kos wat genuttig word, klere, mediese versorging, vervoer en opvoeding. (Vgl. Aldous, 1978:129 en Lauer & Lauer, 1997:325.) Weens hierdie aspekte herevalueer die middeljarige egmaats hulle posisie ten opsigte van inkomste en beroepsverwagtinge.

Greyvenstein (1989:48) meld dat die middeljare 'n periode is waar die individu konstant sy beroep evalueer. Die tradisionele rolle, waar die man die broodwinner was, terwyl die vrou haar rol tuis vervul het, is bykans heeltemal uitgewis. Hierdie tradisionele rolle is vervang met die meer post-moderne tipe rolle. Daar word duidelik onderskei tussen egmaats waar net die man 'n beroep beoefen, waar beide 'n voltydse beroep beoefen, waar die man voltyds werk en die vrou deeltydse werk en dan egmaats wat 'n tweepersoonberoep beoefen. Volgens Benokraitis (1999:367) is 'n tweepersoonberoep 'n enkel beroep waarby beide egmaats gesamentlik hulle energie in die beroep ingooi, byvoorbeeld politici en predikante. Verskeie redes dra daartoe by dat beide egmaats die beroepe of individuele beroepe beoefen, byvoorbeeld vir finansiële redes, individuele vryheid, om mekaar te ondersteun in verskillende roloverpligtinge, vir persoonlike groei, vir die verligting van sekuriteit en verantwoordelikhede asook om die druk op die alleen broodwinner te verminder. (Vgl. Hunter & Sundel, 1989:195; Benokraitis, 1999:370 en 371; Johnson, 2001 en Prinsloo, 2001:64.) Dit blyk dat die tradisionele huwelik tans minder sigbaar is, aangesien daar in die huidige samelewing beide die man en vrou in die arbeidsmark kan staan en vandaar kan die huwelik op een van twee wyses geklassifiseer word, naamlik 'n dubbelloopbaanhuwelik of 'n dubbelinkomstehuwelik.

Vervolgens word die beroepsbeoefening soos in die fase van die vroeë middeljare bespreek in terme van:

- die dubbelloopbaanhuwelik teenoor dubbelinkomstehuwelik, en
- die persoonlike ervaring van beroepsbeoefening vir die man en vrou.

- **Dubbelloopbaanhuwelik teenoor dubbelinkomstehuwelik**

- **Dubbelloopbaanhuwelik**

In Amerika het daar rondom 1969 'n sosiale verandering ingetree, waar die dubbelloopbaanhuwelik ontstaan het. In hierdie tydperk het die regte van die vrou al sterker na vore gekom, en was vrouens meer aanvaar in die professionele wêreld.

Hoofstuk 3: Die fase van die vroeë middeljare

Die werkende vrou het ook 'n finansiële bydrae gelewer wat vir die gesinne van die sewentigerjare tot groot voordeel was. Hunter & Sundel (1989:197) omskryf die begrip dubbelloopbaanhuwelik soos volg:

“It is a family where both spouses are committed to occupational work and to a family life together, and that they support each other’s desire to combine roles that traditionally were viewed as incompatible. These goals not only are out of step with traditional views of work and marriage but also are inconsistent with how many women and men, now at midlife, as teenagers and young adults thought they would live their lives.”

Op grond van hierdie definisie beweer Hunter & Sundel (1989:197) dat hierdie huwelik bestaan uit ouers waar beide die man en vrou buite die huis 'n bepaalde professionele beroep beoefen en terselfdertyd gesins- en werksgeoriënteerd is. (Vgl. Lauer & Lauer, 1997:275 en Benokraitis, 1999:370.) Hierdie egmaats verdien meestal 'n bo-gemiddelde inkomste. Aangesien die vrouens dikwels voltyds in 'n beroep staan, soos die regte of medies, het die egmaats dikwels gladnie kinders nie of het wel, maar eers heelwat later in hulle lewens.

i) Voordele van 'n dubbelloopbaanhuwelik

Daar is verskeie voordele van die dubbelloopbaanhuwelik. Benokraitis (1999:295) beweer dat tradisioneel die man se inkomste voldoen het aan die vereistes van die afhanklike vrou en kinders. Terselfdertyd het die man tuis geen huishoudelike insette of -rolle vervul nie. Benokraitis (1999:371) beweer dat die middeljarige man 'n werkende vrou eerder as 'n bate ervaar. (Vgl. Hunter & Sundel, 1989:198 en Lauer & Lauer, 1997:279.) Die finansiële druk is minder op die man en hy kan selfs minder ure werk, tyd kry vir vryetydaktiwiteite of selfs verder studeer. 'n Verdere voordeel is dat die man as pa ook meer tyd met die gesin kan spandeer en dus so beter gesinsverhoudinge opbou. Die kinders uit die dubbelloopbaanhuwelik het meer blootstelling aan beide ouers en word nie groot in die konteks van rolstereotipering nie.

Die vrou kry die geleentheid om professioneel te ontwikkel, om so haarself onafhanklik van haar man en kinders te kan sien, en ekonomies meer onafhanklik te wees terwyl sy 'n finansiële bydrae maak tot die gesin. Die beroepsvrou is ook 'n groter intellektuele metgesel. Aangesien hierdie beroepsvrou sowel 'n beroepsverhouding as 'n gesinsverhouding het om hulle volwasse lewe te vervul, kan hierdie vrou makliker deur die veranderinge van die verskillende ontwikkelingsstake van die fase van die middeljare beweeg (Hunter & Sundel, 1989:198; Lauer & Lauer, 1997:279 en Prinsloo, 2001:65). Ondanks hierdie voordele, is daar ook bepaalde nadele vir die tipe huwelik.

ii) Nadele in 'n dubbelloopbaanhuwelik

Stres binne die middeljarige dubbelloopbaanhuwelik is onvermydelik. Alhoewel daar baie ooreenkomste en kohesie tussen die dubbelloopbaanhuwelik en die tradisionele huwelik is, is daar tog baie spanning op die gesin waar beide egmaats die verantwoordelikheid van 'n professionele beroep het wat ook gepaard gaan daarmee dat gesins- en huwelikspatrone daarby moet aanpas. Hunter & Sundel (1989:199) en Lauer & Lauer (1997:277) beweer dat die mens geskape is om te funksioneer op grond van erkenning. Hierdie erkenning binne die beroep vind gewoonlik plaas in die vorm van geld, outonomieit of die gevoel van ek het 'n verskil gemaak. Die middeljarige se gemoedstoestand ten opsigte van die beroep word grootliks bepaal deur die ooreenkomste van die verlangde erkenning in vergelyking met die realiteit van wat die middeljarige verlang. Dit is belangrik, omdat die fase van die middeljare gekenmerk word aan die middeljarige wat sy beroep in die hele konteks herevalueer. Indien die middeljarige sou vind dat hy/sy nie die verlangde erkenning en vordering getoon het nie, kan dit bepaalde stres binne die middeljarige as individu, asook in sy verhoudinge, teweeg bring.

Hunter & Sundel (1989:199) en Lauer & Lauer (1997:277) beweer verder dat die gesin- en beroepsaspekte 'n direkte interaksie op mekaar het. Baie middeljariges sou tydens huweliksluiting saam besluit het oor wanneer daar kinders sou wees, indien wel.

Hoofstuk 3: Die fase van die vroeë middeljare

Tog, tydens die middeljare evalueer die middeljarige hom-/haarsel op grond van bepaalde *'indien ek nooit/later/vroeër kinders sou hê'* vrae, om so vas te stel of die regte besluite geneem is ten einde 'n beter beroep te kan hê. So sal middeljariges wat eers later ouers geword het, tydens hulle laat middeljare met adolessente of selfs kleuters sit, wat op enige beroep stres sou plaas. Egmaats wat vroeg in hulle huwelik kinders sou hê, sal byvoorbeeld wonder oor hoe hulle beroepsituasie sou wees indien hulle later ouers sou geword het. Dit blyk dat die middeljarige wat in 'n dubbelloopbaanhuwelik staan, wel nadele sal ervaar as gevolg van hulle beroepe.

➤ **Dubbelinkomstehuwelik**

Benokraitis (1999:370) en Prinsloo (2001:64) omskryf die dubbelinkomstehuwelik as 'n huwelik waar albei egmaats 'n inkomste verdien, maar nie noodwendig opgelei is vir die werk wat hulle verrig nie.

i) Voordele van 'n dubbelinkomstehuwelik

Lauer & Lauer (1997:281) meld dat in gesinne waar beide egmaats 'n werk beoefen, meestal finansiële sterker staan. Hierdie gesinne kan dan 'n hoër lewenstandaard handhaaf wat dan ook lei tot 'n beter geestesgesondheid en algemene geluk. (Vgl. Benokraitis, 1999:370 en Prinsloo, 2001:66.) Die egmaats kan voel dat daar 'n balans en gelykheid gehandhaaf word. Tog blyk dit dat die nadele groter is as die voordele.

ii) Nadele van 'n dubbelinkomstehuwelik

Lauer & Lauer (1997:281) beweer dat dié vrou aan meer veranderinge blootgestel is as die egmaats in 'n dubbelinkomstehuwelik. Die man is geneig om tydens swak persoonlike prestasies te voel dat hy nie genoeg ondersteuning van sy vrou ontvang nie, en dus swakker presteer. Die vrou ervaar terselfdertyd 'n gevoel dat indien haar man net meer ambisieus was, hy 'n groter inkomste kan hê wat haar kon verlos het van die deeltydse werk wat sy moet verrig. Die egmaats in 'n dubbelinkomstehuwelik moet konstant onderhandel oor werksure en verantwoordelikhede, wat baie spanning teweeg bring.

Hoofstuk 3: Die fase van die vroeë middeljare

Hierdie werkspanning word deur beide by die werkplek onderdruk, en kan dan in die vorm van irritasie, moegheid en frustrasie tuis voorkom (Lauer & Lauer, 1997:281-284 en Prinsloo, 2001:65). Die waarskynlikheid van konflik is dus hoog in die dubbelinkomstehuwelik.

Benokraitis (1999:371) beweer verder dat baie vrouens skuldig voel om te werk, omdat sy nie voltyds haar plig as vrou tuis kan verrig nie. Daar is dikwels nie genoegsame tyd om na die kinders se behoeftes om te sien nie. Die dubbelinkomstehuwelik het ook 'n groter risiko vir 'n egskeiding. Die moontlikheid vir 'n egskeiding in die dubbelloopbaanhuwelik is wel teenwoordig, maar dit wil voorkom of die dubbelloopbaanhuwelik beter kommunikasie handhaaf om rolverdeling en probleme vroegtydig te bespreek en dus 'n hoër vorm van huweliksbevrediging handhaaf. Dit wil dus voorkom dat die beroeps-/arbeidswêreld, in die sosiale ontwikkeling van die middeljarige, 'n belangrike rol in die lewensfase speel.

- **Persoonlike ervaringe van beroepsbeoefening vir die man en vrou**

- **Beroepsbeoefening van die man**

Benokraitis (1999:367) verwys na die huisman as die man wat tuis bly en die huistake vervul. Hierdie is dikwels slegs 'n tydelike reëling, veral indien die man periodiek werkloos is. Die vrou van 'n huisman is dan die broodwinner en werk dus voltyds. Die navorser is van mening dat huismans in die Suid-Afrikaanse konteks toeneem, weens 'n tekort aan werksgeleenthede en toename in personeelverminderinge in firmas.

Mans is volgens Carter & McGoldrick (1999:296) in hul vroeë veertigerjare sterk werksgeoriënteerd, maar hier teen die vyftigerjare, wil die middeljarige man eerder 'n toename in huweliksbevrediging as werksbevrediging ervaar. Tog bly die beroep en 'n inkomste 'n onafwendbare taak tot en met ouderdom sestig. Vir die man is dit 'n stresvolle tydperk aangesien hy dan sy beroep en sukses evalueer. Die vroeë middeljarige man sal waarskynlik vind dat hy nou die limiet in sy inkomste bereik het. 'n Vrees dat sy werkgever hom moontlik nie meer nodig het nie, ontstaan dikwels (Aldous, 1978:129 en Carter & McGoldrick, 1999:280). Die middeljarige man is geneig om selfs in sy middeljare sy beroep as 'n krisis te beleef. Hy werk harder, maar ervaar dat hy minder energie het.

Hoofstuk 3: Die fase van die vroeë middeljare

Dit mag vir hom voel dat hy nie sy ideale bereik het nie, en te min tyd oor het om dit te kan bereik. Die middeljarige man wat gelukkig is in sy beroep en huwelik sal nie probleme ervaar nie. Die vrou dink weer daaraan om haar eie beroep te hervat.

Bergler (1985:2) beweer dat die middeljarige man 'n gevoel beleef dat die jonger generasie hom as konserwatief met oudmodiese tegnieke beleef. Die jonger vrouens admireer hom weer vir sy kennis en wysheid. Carter & McGoldrick (1999:296) noem dat in Amerika bewys is dat 68% van mans tydens hulle middeljare voel dat hulle hulle gesinne afgeskeep het, om so meer sukses in die beroepsveld te kon bereik. Uit hierdie aantal is 50% seker dat hulle eerder meer gesinsgeoriënteer sou optree indien hulle hulle lewens oor kon hê. Die navorser vind dus dat mans eers tydens die middeljare die belangrikheid van gesinskohesie beleef.

- **Beroepsbeoefening van die vrou**

Rice (1990:179); Prinsloo (1994:260) en Benokraitis (1999:369) is van mening dat daar slegs twee sosiale redes vir 'n vrou is om buite die huis 'n beroep te vind. Hierdie redes is dieselfde as vir 'n man, naamlik:

- vir individuele bevrediging, en/of
- vir finansiële ondersteuning aan die gesin en individu self.

Tradisioneel was die middeljarige vrou so gesosialiseer dat sy haar gesinslewe hoër moes ag as 'n beroep. Carter & McGoldrick (1999:295) beweer dat die sosiale veranderinge, soos bo genoem, die vrou tans dwing om tot die beroeps-/arbeidswêreld toe te tree. In Amerika is daar tans 67% van die vroulike populasie van vyftig jaar en ouer, in diens van 'n firma. Sodra die kinders die huis verlaat, hervat die vrou weer haar beroep, aangesien dit haar 'n sin van eie waarde en plesier verskaf. Tog word die vrou by die werkplek weer blootgestel aan seksuele diskriminasie. Aanvanklik, tot en met die sewentigerjare, het die vrou 'n aansienliker laer inkomste verdien as die man. Die afgelope dertig jaar is hierdie verskil verklein en is beide geslagte nou bykans op 'n gelyke skaal rakende die inkomste. (Carter & McGoldrick, 1999:296.) Benokraitis (1999:251) beweer dat 'n vrou, wat toegewyd is aan haar beroep, nie noodwendig minder toegewyd is aan haar gesin nie.

Hoofstuk 3: Die fase van die vroeë middeljare

Volgens Hunter & Sundel (1989:142) en Lasswell & Lasswell (1991:377) ervaar die werkende middeljarige meer stres as gevolg van werkspanning. Blykbaar verkies die man in die middeljarige huwelik dat sy vrou werk aangesien hy minder ure hoef te werk, kan studeer en nie al die finansiële laste dra nie.

Benokraitis (1999:351) het gevind dat in huwelike waar beide egmaats voldag werk, die egmaats gekonfronteer word met werkstres en beroepsdruk wat veroorsaak dat hulle nie voldoende gesins- en werksfunksies kan verrig nie. Die sosiale ontwikkeling van die middeljarige sluit ook in alle ander verhoudinge wat die middeljarige het, waarin daar veranderinge plaasvind.

3.3.3.3 Ander sosiale verhoudinge in die fase van die vroeë middeljare

- **Ouer-kind verhouding**

Egmaats moet met mekaar uitklar wat hul motief vir ouerskap is (Alpaslan, 1994:40). Die meerderheid egmaats beskou die begin van 'n gesin as 'n minder belangrike komponent in huweliksbevrediging (Benokraitis, 1999:243). Halford & Markman (1997:225) is van mening dat ouerskap veeleisend en stresvol is en die individu se psigiese welstand asook die huweliksbevrediging kan beïnvloed. Wilkins (2001) beweer dat dit duidelik is dat ouerskap 'n gereelde onderwerp van konflik is by huweliksmaats wat presenteer vir huweliksterapie. Heelwat egmaats meld dat hulle huweliksgeluk die hoogste was voordat enige kinders gearriveer het (Aldous, 1978:171; Lamanna & Riedmann, 1991 en Halford & Markman, 1997:227). Daar word selfs verwys dat die eerste kind die einde van die wittebrood aandui – en dui dus op 'n negatiewe effek op die huweliksverhouding.

Wilkins (2001) noem dat die aantal adolessente en hulle spasiëring ook 'n effek op die huweliksbevrediging kan hê. Die huweliksbevrediging daal waar adolessente naby mekaar gespasiëer is in ouderdom, teenoor adolessente wat ouderdomsgewys ver van mekaar is. Dit kan in kort saamgevat word dat huweliksmaats 'n U-vorm patroon volg. Huweliksbevrediging is hoog tydens die geboorte van die eerste kind. Die huweliksbevrediging verlaag soos wat die kind ouer word en het 'n laagtepunt as die kind in die fase van die adolessensie is. (Vgl. ook Farrell & Rosenberg, 1981:145; Hunter & Sundel, 1989:186 en 187 en Halford & Markman, 1997:227.) Die huweliksbevrediging styg weer as die kind die huis verlaat.

Hoofstuk 3: Die fase van die vroeë middeljare

'n Goeie ouer-kind verhouding verander gewoonlik as die kind die fase van die adolessensie betree. Wanneer die kinders die fase ingaan, raak die ouers se verhouding met hulle adolessent meer gekompliseerd terwyl die adolessent 'n warboel van emosies ervaar. Konflik rondom verhoudings, geld en vryheid neem toe. Die ouers ervaar dikwels 'n gevoel van verwerping of suspisie wanneer hulle adolessent privaatheid en onafhanklikheid nastreef (Rice, 1979:129; Farrell & Rosenberg, 1981:145; en Benokraitis, 1999:305). Konflik kan egter ook ontstaan as ouers 'n beleid van reg tot toegang aanhang. Dit beteken dat die ouers eers iets van die adolessent verwag voor hy mag voortgaan in 'n betrokke situasie. As voorbeeld kan genoem word, die adolessent wat eers 'n rybewys moet hê voor hy/sy mag bestuur, hy/sy moet 'n sekere ouderdom bereik voor hy/sy alkohol mag gebruik of selfs grimeer (Lauer & Lauer, 1997:328).

McHale, Updegraff, Tucker & Crouter (2000:747) is van mening dat die middeljarige ouer wat meer tyd met sy adolessent spandeer, 'n hoër vlak van gesins-kohesie handhaaf wat lei tot 'n positiewe ouer-kind verhouding. Halford & Markman (1997:226) en Wilkins (2001) beweer dat die stand van die huweliksverhouding en ouerlike ervaringe grootliks afhang van die tipe adolessent (ouderdom, ontwikkelingsvlak, gesondheid, kenmerkende gedrag) en die ouers se individuele motivering as 'n ouer.

Die fase van die adolessensie, in 'n gesin, is die fase waar potensiële konflik hoog loop. Dit is hier waar die adolessent homself as volwasse beskou en die ouers hulself evalueer op grond van wat hulle reeds in die lewe bereik het. (Vlg. Halford & Markman, 1997:225 en Wilkins, 2001.) Hierdie verskillende behoeftes en ontwikkelingsstake in die gesin lei tot ouer-kind konflik. Daar is gesinne waar adolessente deelneem aan hulle ouers se konflik met mekaar. Robin & Foster (1989:27) noem dat patrone van adolessente wat betrokke is in huweliksconflik toeneem, soos wat die familie verder in hulle lewensiklus vorder. Daar is bevind dat ouers soms die kinders betrek in hulle geskille rondom dissipline.

Robin & Foster (1989:180) verklaar dat huweliksconflik altyd deur die hele gesin gevoel en geraak word. Die adolessent kan swak gedrag toon om so sy ouers te forseer om meer aandag aan hom en sy gedrag te gee as aan hulle eie konflik. In sekere opsigte kan daar selfs beskou word dat die adolessent homself opoffer vir die behoud van sy ouers se huwelik. In sommige gesinne kan 'n adolessent se swak gedrag dus tot voordeel van sy ouers se huwelik wees en selfs skeiding voorkom.

Hoofstuk 3: Die fase van die vroeë middeljare

Noller & Callon (1991:61) omskryf dieselfde problematiek deur te beklemtoon dat adolessente verkieslik nie betrokke moet raak by hulle ouers se argumente nie. Betrokkenheid kan op verskeie maniere plaasvind, byvoorbeeld, die adolessent moet as bemiddelaar optree tussen die egmaats of die adolessent ondersteun ten volle 'n betrokke ouer en spreek dit uit of die adolessent ondersteun 'n ouer, maar onttrek hom dan uit die situasie. Laasgenoemde lei dikwels tot adolessente, soos bo genoem, wat doelbewus probleemgedrag toon om so die ouers se fokus van hulle eie rusie weg te neem.

Rice (1990:209) en Prinsloo (2001:44) meld dat huwelikskonflik ook tot die omgekeerde kan lei, naamlik spanning in die huis te verminder en twee mense nader aan mekaar te bring. Dit hang egter af van die omstandighede, die fokus van die konflik, die metode van hantering en die algemene uitkoms. Rice (1990: 210) se navorsing het getoon dat huwelikskonflik toeneem wanneer daar meer as twee kinders in die huishouding is. Lindahl & Malik (1999:327) beweer dat vrouens egter makliker die lyn trek tussen ma-wees en eggenoot-wees, terwyl mans dit moeiliker kan doen. Dus word huwelikskonflik makliker verbind met die vader se ouerskapstyl as die moeder se ouerskapstyl. Daar is wel 'n verband tussen huwelikskonflik en adolessente met probleemgedrag. Die volgende bevindinge ten opsigte van ouer-adolessent konflik is deur Robin & Foster (1989:180) gemaak, naamlik:

- i) langtermyn openlike huwelikskonflik by die egmaats word geassosieer met adolessente wat probleemgedrag toon,
- ii) huweliksontevredenheid het 'n noue verband met onbeheerde probleemgedrag onder adolessente,
- iii) huweliksontevredenheid het 'n groter effek op seuns as op dogters, en
- iv) 'n besonderse goeie verhouding tussen die adolessent en een betrokke ouer kan oorspoel tot huwelikskonflik.

Dit blyk dat die sigbare probleem in gesinne gedefinieer kan word as ouer-adolessente konflik (Robin & Foster, 1989:180). 'n Gedragsanalise sal egter ook kan bepaal dat huwelikskonflik en/of persoonlike probleme net so sterk teenwoordig is in die gesinne wat ouer-adolessent konflik ervaar.

Hoofstuk 3: Die fase van die vroeë middeljare

Halford & Markman (1997:229) en Gunter (2001) konstateer dat egmaats egter hulle kinders ook as positief ervaar. Adolessente bring ouers nader aan mekaar aangesien die ouers leer om verantwoordelikhede te deel, die kinders gee 'n gemeenskaplike doel vir die huweliksmaats en verskaf vreugde. In die algemeen word daar makliker gefokus op die negatiewe aspekte, en so vergeet mense van die positiewe aspekte. Huweliksmaats met kinders onder die ouderdom van ses jaar, beleef meer positiewe aspekte met kinders in die huis. Maar soos wat die kind ouer word, ervaar hulle meer negatiewe aspekte. Huweliksbevrediging verhoog weer soos die kinders die huis verlaat. As die negatiewe- en positiewe aspekte met mekaar vergelyk word, dan is dit duidelik dat die negatiewe aspekte heelwat meer is. Die grootste negatiewe aspekte van ouerskap is die gevoel van die ouer dat hulle huweliksvreugde afneem, en hulle bekommernisse toeneem. Hierdie negatiewe aspekte het die laaste twintig jaar ook toegeneem en daar word verwag dat dit verder sal toeneem omdat die moeder voltyds werk en daar meer konflik oor geslagsverwante rolle in die huwelik is.

➤ **Wyse waarop kinders die huwelik beïnvloed**

Om kinders groot te maak, affekteer die ontwikkeling en welstand van die ouers op verskillende vlakke en het 'n invloed op die individuele ontwikkeling en emosionele aanpassing, sosiale rolle en die ekonomiese welstand (Halford & Markman, 1997:232, Johnson, 2001 en Wilkins, 2001). Met kinders in die huis vind daar gewoonlik vier basiese veranderinge plaas.

- i) Die geboorte van die eerste kind dwing die vrou om tydelik/permanent die tradisionele rol van moeder by die huis te vervul.
- ii) Die huweliksmaats se persoonlike tyd wat aan mekaar spandeer was, neem drasties af en nou is dit gesamentlike aktiwiteite wat die kinders insluit.
- iii) Die huweliksmaats se liefdesbetuiging is geneig om af te neem wanneer die huweliksmaats ouers word.
- iv) Die huweliksmaats is geneig om hulle rol van man en vrou te verminder om so plek te maak vir die pa en ma rolle.

Hoofstuk 3: Die fase van die vroeë middeljare

Almeida, *et al.* (1991:28) en Halford & Markman (1997:232) meld dat relatiewe min navorsingsdokumente beskikbaar is oor hoe kinders die ouers se huwelik beïnvloed in die latere stadium van die gesin se lewensiklus. Gedurende die periode waar die ouers se kinders die fase van die adolessensie bereik het, neem die ouers se bekommernis toe ten opsigte van die adolessent se veiligheid en welstand en dus fokus hulle nie op die effek wat die adolessent op die ouers se huwelik het nie. Tog is daar bewys dat adolessente die ouers meer privaatheid gun as jonger kinders. Ouers wat 'n relatiewe gedistansieerde verhouding met dieselfde geslag adolessent handhaaf, toon 'n relatiewe groter afname in huweliksbevrediging oor 'n periode van twee jaar. Wanneer die kinders die huis verlaat, dan begin die huweliksmaats weer fokus op hulle verhouding en gee hulle ook meer aandag aan mekaar se individuele behoeftes. Dit is dus duidelik dat dit voorkom asof 'n gevoel van eenheid die primêre komponent van huweliksbevrediging is vir die middeljarige, alhoewel die verhouding met die kinders 'n invloed regdeur die ouers se lewe het.

➤ **Rol van die kindergefokusde behandeling in huweliksberaad**

As daar in ag geneem word hoe belangrik ouerskap is ten opsigte van die invloed op die huwelik, dan is dit verstommend dat so min aandag nog gegee is aan die behandeling en hulpverskaffing aan ouers met probleme in die konteks van huweliksberaad. Halford & Markman (1997:233) beweer dat die literatuur ten opsigte van huweliksberaad en ouerlike intervensie relatief onafhanklik van mekaar is. Wanneer die huweliksmaats presenteer met ouerskapprobleme, moet die terapeut eerste diagnoseer of ouerskap 'n probleemarea by die huweliksmaats is, en vandaar word die gepaste huweliks- en ouerskapsintervensie toegepas. Carter & McGoldrick (1999:284) sluit hierby aan deur te meld dat in die algemeen dit aanvaar word dat die literatuur oor behandeling gefaal het om die behoefte vir 'n groter gesinsfokus met behandeling in huweliksprobleme te kan erken. Navorsing het wel bewys dat voorkomende intervensie wat fokus op die ouers se ervaringe 'n positiewe effek het op die huweliksaanpassing.

Halford & Markman (1997:246 en 247) beweer dat daar duidelike bewyse is dat alle huweliksmaats hulle verhouding met hulle kinders 'n belangrike rol laat speel om die kwaliteit van hulle gesinsverhouding te bepaal. Ouerskap bring verskeie aanpassing in die huweliksverhouding mee. Alhoewel daar heelwat kennis is oor die verhouding tussen die huwelik en kinders, is daar egter nog verskeie leemtes.

Hoofstuk 3: Die fase van die vroeë middeljare

Die funksionele verhouding tussen huweliks-, ouerskaps- en aanpassingsprobleme moet nog spesifiek geassesseer word. Daar is baie onbeantwoorde vrae na die verhouding tussen die ouers se huwelik en kinders se aanpassings. Klaarblyklike rigting vir toekomstige navorsing sluit in die ontwikkeling en evaluasie van teorie aangedrewe intervensiekomponente ontwerp om aspekte van huweliksmaats se ouer-kind verhouding te assesseer wat 'n direkte effek op die huweliksmaats se verhouding het. Dit is egter duidelik dat daar nog onduidelikheid is watter strategie gevolg moet word wanneer huwelikskonflik ontstaan in die teenwoordigheid van kinderhanteringsprobleme.

Wilkins (2001) is van mening dat drie fasette sal bepaal hoe die adolessent sy middeljarige ouers se huwelik beïnvloed, naamlik: die stabiliteit van die ouers se huweliksverhouding, die ouerskapstyle en die ouerskapstyle wat gehandhaaf word. 'n Kind sal nooit die oorsaak wees vir 'n egskeiding nie, maar eerder die spreekwoordelike kersie op die koek.

➤ **Verhouding met bejaarde ouers**

Benokraitis (1999:113 en 297) noem dat ongeag die tradisionele beeld van 'n bejaarde in 'n versorgingsoord, die meeste bejaardes wel instaat is om tog onafhanklik vir 'n lang tydperk te kan lewe. (Vgl. Farrell & Rosenberg, 1981:17 en Lasswell & Lasswell, 1991:392.) Meeste bejaardes wat wel 'n siektetoestand ontwikkel het, word dikwels deur hulle middeljarige kinders tuis versorg. Die middeljarige vrou is meestal in hierdie situasie die emosionele ondersteuner, terwyl die man finansiële ondersteuning bied. Weens die uitputtende rol as emosionele tuisversorger, ly die middeljarige vrou, wat die bejaarde ouer/skoonouer versorg, dikwels self aan stresverwante siektes.

Lasswell & Lasswell (1991:392) beweer verder dat die verhouding met die ouers dikwels tydens die middeljare verdiep, aangesien die middeljarige 'n mortaliteitsbewuswording ervaar, en dus vrede wil handhaaf met hulle bejaarde ouers/skoonouers. In hierdie tyd sal die middeljarige dikwels probeer om geskille te vermy en probleme diplomaties te hanteer.

Hoofstuk 3: Die fase van die vroeë middeljare

➤ **Broer en/of suster verhouding**

Carter & McGoldrick (1999:162) en Allen, *et al.* (2000:912) is van mening dat broers en susters dikwels weer 'n intiemer verhouding met mekaar vorm, omdat hulle dieselfde ervaring beleef rondom hulle bejaarde ouers en dié se versorging. Tog kan hierdie verhouding baie gekompliseerd raak indien daar 'n negatiewe verhouding gehandhaaf word, veral as die broer en/of suster 'n gesamentlike rol, byvoorbeeld rondom 'n ouer se versorging, moet verrig. Susters is geneig om die emosionele ondersteuning aan die bejaarde ouers te verskaf, terwyl die broer eerder die finansiële hulp sal voorsien. Die navorser is van mening dat al die spanning rondom die verskillende interaksies in die verskillende verhoudinge tydens die middeljare, tog moeisam moet wees.

3.4 SAMEVATTING

- 3.4.1 Die vroeë middeljare is deel van 'n verouderingsproses wat 'n bepaalde invloed het op elke individu se psigiese-, emosionele-, fisiese- en sosiale komponente van sy lewe.
- 3.4.2 Vroeë middeljare is die lewensfase wat voorkom by ouers wat waarskynlik 'n gesin het met adolessente en waar die ouers tussen die ouderdom vyf en dertig en vyf en veertig is.
- 3.4.3 Die fase van die vroeë middeljare word omskryf in terme van drie ontwikkelingsstake, naamlik: kognitiewe-, fisiese- en sosiale veranderinge.
- 3.4.4 Tydens die middeljarige se kognitiewe ontwikkeling word die individu met verskeie denke ten opsigte van die toebroodjie generasie, moraliteit, leë-nes fase, skoonouers/grootouers, broers/susters en voorraadopname gekonfronteer.
 - 3.4.4.1 Die toebroodjie generasie verwys na kommer wat die middeljarige egmaats ervaar aangesien hulle verantwoordelik is vir hulle eie kinders, sowel as hulle bejaarde ouers.

Hoofstuk 3: Die fase van die vroeë middeljare

3.4.4.2 Die middeljarige ervaar dat die term, dood (mortaliteit), 'n realiteit is, veral waar bejaarde ouers sieklik is, en begin dus eerder dink aan hoeveel tyd hulle oor het om te lewe, as hoeveel tyd hulle al gehad het.

3.4.4.3 Die leënes fase verwys na die periode waar die eerste kind die huis begin verlaat en duur voort tot een of albei ouers sterf.

3.4.4.4 Soos wat die middeljarige ouers se kinders die huis verlaat, moet die middeljarige aanpas en verander rondom 'n gesin wat later weer groter word met skoonkinders en kleinkinders.

3.4.4.5 Voorraadopname is die proses waar die middeljarige die lewe in oënskou neem ten opsigte van dit wat reeds bereik is en dit wat nog nagestreef word.

3.4.5 Die middeljarige ervaar verskeie fisiese veranderinge (liggaamlike-, seksuele- en hormonale veranderinge) en dit gee dikwels aanleiding tot angs, vrese en probleme.

3.4.5.1 Liggaamlike veranderinge impliseer 'n afname van die sintuie, gehoor, reuk en visie. Elastisiteit van die vel verminder terwyl die haar kleur vaal word. Die immuunsteem word swakker en siektes is meer algemeen.

3.4.5.2 Mans en vrouens vrees dat tydens hulle middeljare hulle seksualiteit sal afneem, alhoewel dit nie die geval by die meeste vrouens is nie. Mans neig om 'n probleem rakende impotensie te ontwikkel.

3.4.5.3 Elke vrou beweeg deur 'n menopouse. Die menopouse verwys na die tydperk waar die vrou se menstruasie siklus ongereeld raak en later verdwyn.

3.4.6 Sosiale ontwikkeling tydens die vroeë middeljare, word beskou in terme van die huwelik-, beroepsbeoefening en ander sosiale verhoudinge in die fase van die vroeë middeljare.

3.4.6.1 In die huwelik kom huweliksbevrediging voor in 'n U-vorm. Tydens huweliksluiting is die bevrediging hoog. Soos wat die kinders verander, neem dit af en vorm 'n laagtepunt tydens die kinders se fase van adolessensie. Wanneer die kinders die huis verlaat, neem die huweliksbevrediging weer toe.

Hoofstuk 3: Die fase van die vroeë middeljare

3.4.6.2 Dit blyk dat gedurende die middeljare, die vrou gewoonlik 'n egskeiding sal inisier. Egskeiding is baie meer algemeen sodra die middeljarige egmaats die leë-nes fase betree.

3.4.6.3 Deel van die sosiale konteks, gedurende die middeljare, is om 'n bepaalde beroep of inkomste te verkry. Op grond daarvan kan die huwelik in een van twee kategorieë geplaas word, naamlik 'n dubbelloopbaanhuwelik of dubbelinkomstehuwelik. Dit word ook belangrik geag om die beroepsbeoefening van die man en vrou onderskeidelik te erken.

3.4.6.4 'n Dubbelloopbaan huwelik verwys na 'n gesin waar beide man en vrou in 'n beroep staan en terselfdertyd hulle gesin- en huweliksrolle vertolk. Die vrou kan so haarself as individu laat groei en 'n finansiële bydrae maak. Dit kan wel lei tot botsende verantwoordelikhede en kompetisie in die huwelik.

3.4.6.5 'n Dubbelinkomste huwelik verskyn in 'n huwelik waar albei egmaats 'n inkomste verdien, maar nie noodwendig opgelei is vir die werk wat hulle verrig nie. In die tipe huwelik kan die vrou ook 'n finansiële bydrae lewer, alhoewel die nadele al die voordele oorskry.

3.4.6.6 Tydens die middeljare beleef die man en vrou hulle beroepsbeoefening heeltemal verskillend. Vir die vrou is dit 'n uitdaging en stimulasie. Teenstrydig is dit vir die man 'n bron van stres en onsekerheid.

3.4.6.7 Die middeljarige ervaar groot veranderinge rakende die verhouding wat gehandhaaf word met sy kind, die bejaarde ouers en die middeljarige se broer en/of susters.

HOOFSTUK 4

EMPIRIESE NAVORSING

4.1 INLEIDING

In hoofstuk twee is 'n volledige literatuurstudie oor die fase van adolessensie gedoen, terwyl in hoofstuk drie 'n volledige literatuurstudie oor die fase van die vroeë middeljare gedoen is. Hierdie twee temas is van groot belang, aangesien die interaksie tussen die twee lewensfases verstaan en omskryf moet word. Beide lewensfases is betrokke in die studie, deurdat die adolessent asook die middeljarige ouer aan die navorsing deelgeneem het. In hierdie hoofstuk, naamlik die empiriese ondersoek, word die inligting, soos verkry vanaf die adolessent asook die vroeë middeljarige ouers, deurgegee. Hierdie data is bekom met behulp van kwantitatiewe- asook kwalitatiewe data-insamelingsmetodes. Die navorser het 'n kwantitatiewe-kwalitatiewe gekombineerde benadering gevolg, volgens die dominante-minder dominante model. Die model erken die gekombineerde data insamelingsmetodes, alhoewel slegs een benadering se navorsingsproses gevolg kon word. (Vgl. Creswell in De Vos, 1998:360 en 361.) Vir die doel van hierdie studie het die navorser die kwantitatiewe navorsingsproses gevolg.

4.2 DIE NAVORSINGSPROSES

Garbers (1997:293) en De Vos (1998:39) omskryf vyf fases waarin kwantitatiewe navorsing plaasvind. Hierdie stappe is sinoniem met ander kundiges se uiteensetting en word vervolgens bespreek. (Vgl. Mouton & Marais, 1996:24.)

4.2.1 Keuse van navorsings onderwerp

4.2.1.1 Navorsingsonderwerp

Voor enige navorsing kan plaasvind, moet daar eers op 'n onderwerp besluit word. Newman (1998:119) meld dat die onderwerp gebaseer moet word op 'n onderwerp van belangstelling vir die navorser.

Hoofstuk 4: Empiriese navorsing

De Vos (1998:40) is van mening dat hierdie onderwerp bepaal word deur 'n bepaalde/monotone probleem wat ervaar word en navorsing word benodig om die probleem te verbeter. Daar kan aanvaar word dat 'n probleem die kern van 'n navorsingstudie is. Indien daar geen probleem is nie, is navorsing ook nie van toepassing nie. Die navorser het in hierdie ondersoek, volgens haar belangstelling, die huwelik as sentrale onderwerp geselekteer. Die huwelik is egter 'n baie breë onderwerp, en is daarom afgebaken na die huwelik in die vroeë middeljare, waar adolessente in die huishouding teenwoordig is.

4.2.1.2 Probleem-identifisering

Bless & Higson-Smith (1995:21) konstateer dat, na afloop van die seleksie van 'n onderwerp, daar uit hierdie onderwerp 'n probleem geïdentifiseer word. Hierdie navorsing moet nie net 'n akademiese waarde hê nie, maar veel eerder ook 'n sosiale waarde. Die navorser is van mening dat die verkennende studie wel akademiese asook sosiale waarde vir professionele hulpverleners in die veld sal hê. Die navorser het 'n probleem geïdentifiseer op grond van 'n besondere belangstelling in die funksionering van huwelike. Weens die navorser se gereelde blootstelling aan middeljarige huweliksmaats wat met huweliksprobleme presenteer, was dit moontlik om die vroeë middeljarige huwelike waar adolessente in die huishouding is, te identifiseer as 'n fase waar baie huwelikskonflik voorkom. Die navorser is van mening dat daar 'n spesifieke vorm van interaksie in hierdie tipe gesinne voorkom, aangesien die vroeë middeljarige ouers, asook die adolessent deur twee aparte lewensfasies beweeg en hierdie kontrasterende fasies geleenthede vir probleme en konflik skep.

Volgens Statistics South Africa (2000:PO307) was die egskeidingsyfer onder mans, in 1997 en 1998, die hoogste in die fase van die vroeë middeljare. Die waarskynlikheid is ook groot dat die gemiddelde egmaats wat in hulle vroeë middeljare is, ook kinders in die fase van adolessensie het. Die navorser is van mening dat die geïdentifiseerde probleem die invloed, wat die adolessent op sy ouers se huweliksverhouding het, is. Op grond van hierdie probleemidentifisering, het die navorser die probleem geformuleer.

4.2.2 Probleemformulering

Garbers (1997:293) konstateer dat die probleem slegs geformuleer kan word as die navorsingsonderwerp eers deur 'n siftingsproses was. Hierdie siftingsproses word aan die gang gesit deur na te gaan watter navorsing reeds oor die onderwerp gedoen is. Die proses behels 'n bestudering van die literatuur en die vra van vrae soos wie of wat wil ek bestudeer, hoekom, hoe en waar? Newman (1998:11) en De Vos (1998:41) sluit hierby aan deur te noem dat hierdie proses om die probleem te formuleer in drie fassette verdeel kan word, naamlik die literatuurstudie, die definiëring van die formele probleem en die indiening van 'n navorsingsvoorstel.

4.2.2.1 Literatuurstudie

Die literatuurstudie handel oor die perspektief wat daar oor die onderwerp bestaan. Die individu wat die navorsings uitvoer, moet 'n breedvoerige oorsig oor die onderwerp kry deur 'n literatuurstudie te doen, kundiges te nader en na vorige asook huidige navorsing te kyk (Bless & Higson-Smith, 1995:23-25; De Vos, 1998:41 en Newman, 1998:11). Dit sal die probleemformulering vergemaklik en duplisering voorkom.

Die navorser het vir hierdie ondersoek alle bekombare literatuur bestudeer. Geen soortgelyke navorsing kon opgespoor word nie. Die literatuurstudie het ook aangedui dat minimale inligting rakende die onderwerp, tans bestaan. Halford & Markman (1997:225) en Noller & Callon (1991:60) verwys na 'n U-vormige patroon in ouers se huweliksbevrediging. Hierdie U-vorm toon aan dat egmaats se huweliksbevrediging tydens huweliksluiting hoog is. Soos wat die kinders ouer word, neem hierdie huweliksbevrediging af en bereik selfs 'n laagtepunt tydens die kind se fase van adolessensie. Wanneer die adolessent ouer word en die huis verlaat, neem die huweliksbevrediging weer toe. Die navorser het uit die literatuurstudie gevind dat die adolessent waarskynlik 'n invloed kan uitoefen op sy ouers se huweliksbevrediging. Die navorser het verskeie kundiges genader. Hierdie kundiges was almal van mening dat die adolessent 'n definitiewe invloed moet uitoefen op die ouers se huwelik. (Vgl. Johnson, 2001; Gunter, 2001; Kruger, 2001 en Wilkins, 2001.) Die meerderheid van die kundiges konstateer dat die invloed waarskynlik eerder negatief as positief sal wees.

4.2.2.2 Formele probleemformulering

Mouton & Marais (1996:37) noem dat die stap van formele probleemformulering gepaardgaan met 'n volledige uiteensetting van die onderwerp. (Vgl. Garbers, 1997:294 en 295.). Om die probleem egter formeel te kan formuleer, moet die universum, navorsingsdoelwitte en navorsingstrategieë bestudeer word.

- **Universum**

Babbie (1992:93); Mouton & Marais (1996:38) en Garbers (1997:293 en 294) omskryf die universum as die individue of groepe wat ondersoek word. Die universum wat in hierdie ondersoek geselekteer is, is vroeë middeljarige egmaats (ouderdom 35-45 jaar) wat 'n adolessent (ouderdom 11-18 jaar) in die huis het.

- **Navorsingsdoelwitte**

Mouton & Marais (1996:42) is van mening dat die navorsingsdoelwit 'n aanduiding is van wat die navorser in die studie wil bereik. Hierdie doelwitte kan gefokus wees op verkenning, beskrywing of verklarings. (Vgl. Babbie, 1992:90 en Bless & Higson-Smith, 1995:41-43.) Die navorser is van mening dat hierdie ondersoek verkennend van aard is, aangesien die navorser 'n onderwerp bestudeer waarvoor daar nog weinig of geen navorsing spesifiek was nie en en minimale literatuur oor die onderwerp bestaan.

Garbers (1997:295) is van mening dat 'n verkennende studie ten doel het om insigte oor die verskynsel in te win, sentrale konsepte en konstruksies te ekspliseer asook prioriteite vir verdere navorsing vas te stel. Die navorser wil dus insig en konsepte ekspliseer oor die invloed wat die adolessent op die ouers se huweliksverhouding het. (Vgl. Bless & Higson-Smith, 1995:42; Mouton & Marais, 1996:43 en De Vos, 1998:19.) Indien hierdie invloed vasgestel kan word, kan daar deure oopgaan vir toekomstige beskrywende- en verklarings navorsing. Die doelwitte word stapsgewys in hoofstuk 1 omskryf en word kortliks hier herhaal.

- **Navorsingstrategieë**

Verskynsels en gebeure word daagliks vanweë die verskynsel se intrige bestudeer. Hierdie intrige ontstaan as gevolg van die konteks waarin die verskynsel plaasvind of as gevolg van die waarde wat hierdie verskynsel het vir die groter gemeenskap. Mouton & Marais (1996:49) en Garbers (1997:296) noem dat 'n verskynsel vir 'n bepaalde belangstelling wetenskaplik vir twee redes bestudeer word, naamlik:

- kontekstuele belang (die verskynsels en gebeurtenisse word bestudeer in die belang van die navorser) of,
- universele belang (die verskynsel en gebeurtenisse word bestudeer vir die belang wat dit as 'n verteenwoordigende voorbeeld het vir 'n groter groep of populasie van soortgelyke verskynsels of gebeure).

Die navorser sal vir die doel van die ondersoek 'n universele belang as navorsingstrategieë aanhang. Die resultate uit hierdie studie is van belang vir middeljarige in dieselfde konteks asook hulpverleners in die veld van huweliksberaad/-terapie/-verryking.

Die navorser het die huwelik van die vroeë middeljarige egmaats bestudeer om so te verken of die adolessent enige invloed op die ouers se huwelik het. Hierdie inligting het ten doel om insig te verskaf oor die interaksie tussen egmaats en hulle adolessente, asook 'n basis vir toekomstige studies daar te stel. Op grond van hierdie formele probleemformulering het die navorser 'n navorsingsvoorstel geskryf en voorgelê.

4.2.3 Konseptualisering en operasionalisering

Garbers (1997:298) noem dat konseptualisering en operasionalisering volgende in die proses moet plaasvind. Konseptualisering beteken dat die belangrikste betekenisdimensies van sentrale teoretiese konsepte op 'n logiese wyse georden en gesistematiseer word deur middel van teoretiese definiëring. Operasionalisering behels weer die verkryging van indikatore vir die konsepte. Konseptualisering en operasionalisering moet plaasvind in terme van die sentrale konsepte, navorsingsvraag, navorsingsontwerp en data-insamelingsmetodes.

4.2.3.1 Sentrale konsepte

De Vos (1998:41) noem dat in maatskaplike werk terme soms vaag kan voorkom. Dit is belangrik dat alle belangrike konsepte en terme wat in die navorsing gebruik word, goed gedefinieer word ten einde verwarring te voorkom. Hierdie definiëring van terme is reeds deur die navorser in hoofstuk 1 uiteengesit.

4.2.3.2 Navorsingsvraag

Bless & Higson-Smith (1995:37 en 38) en De Vos (1998:41) beweer dat die navorser die navorsingsprobleem tydens hierdie fase in terme van 'n hipotese herdefinieer. Aangesien hierdie ondersoek verkennend van aard is, is daar geen voorafgaande hipotese nie (Mouton & Marais, 1996:43 en De Vos, 1998: 124). Daar word dus eerder 'n navorsingsvraag geformuleer, ten einde 'n hipotese daar te kan stel. Die navorser stel 'n vraag na die invloed wat die fase van adolessensie op die huweliksverhouding van die vroeë middeljarige ouers het.

4.2.3.3 Navorsingsontwerp

Newman (1998:2) is van mening dat 'n navorsingsontwerp 'n plan verskaf om so die navorsingsvraag te kan beantwoord. Die ontwerp is dus 'n stel besluite wat gegee word as riglyn vir die navorser. Aangesien hierdie studie verkennend van aard was, het die navorser die verkennende navorsingsontwerp geselekteer. De Vos (1998:126) erken vier vorme van verkennende navorsingsontwerpe.

Hoofstuk 4: Empiriese navorsing

Een van die vorms is die een-groep-natoets alleen. Hierdie ontwerp bepaal dat die navorser slegs een groep vir die doel van die studie gebruik. Die groep in hierdie studie is die vroeë middeljarige egmaats wat 'n adolessent in die huis het.

4.2.3.4 Data-insamelingsmetode

Die navorser het vir hierdie verkennende studie 'n kombinasie van 'n kwantitatiewe en kwalitatiewe benadering gevolg en sowel kwantitatiewe as kwalitatiewe data-insamelingsmetodes gebruik. Gestandaardiseerde skale is as kwantitatiewe data-insamelingmetode geselekteer. Volgens Bless & Higson-Smith (1995:100) is hierdie metode betroubaar en 'n hoë terugvoer persentasie is verkry. Aangesig-tot-aangesig onderhoude is na afloop van die skale uitgevoer om meer direkte verklarings te kon kry.

4.2.4 Data-insameling

4.2.4.1 Loodsstudie

Alvorens data van respondente verkry kan word, moet die navorser eers 'n loodsstudie doen (toets op klein groep). De Vos (1998:42, 178-184) is van mening dat hierdie loodsstudie die navorser sal oriënteer ten opsigte van:

- bruikbaarheid van die data-insamelingsmetode,
- metingsinstrument,
- praktiese aspekte van data-insamelingsprosedures,
- bepaal of navorsingsmetodes geskik is vir die respondente,
- data-analiseringsmetode te toets, en
- die studie te evalueer.

Die navorser het 'n loodsstudie uitgevoer waar vier gesinne die gestandaardiseerde Hudsonskale volgens die beplande proses voltooi het. Hierdie Hudsonskale is die Indeks vir Huwelikstevredenheid, Indeks vir ouergesindheid en die Indeks vir gesinsverhoudinge. Die man en vrou moes onderskeidelik elkeen 'n skaal voltooi in terme van hulle huwelikstevredenheid, ouergesindheid en gesinsverhouding.

Hoofstuk 4: Empiriese navorsing

Die adolessent uit elke huishouding het slegs 'n skaal in terme van hulle gesinsverhouding voltooi. Die navorser het hierdie skale self verwerk volgens die gestandaardiseerde verwerkingspakket. Na afloop van die verwerking van die skale, het die navorser drie gesinne genader vir die aangesig-tot-aangesig onderhoudvoering. Op grond van hierdie loodsstudie het die navorser bepaalde leemtes en tekortkominge waargeneem uit beide metodes, maar terselfdertyd waargeneem dat die twee metodes mekaar aanvul.

4.2.4.2 Steekproef

Volgens De Vos (1998:191) is die steekproef 'n klein verteenwoordigende hoeveelheid van die totale universum. Vir die doel van hierdie ondersoek het die navorser vyf-en-twintig egpare, met adolessente uit die universum geselekteer. Die navorser het van 'n doelbewuste nie-waarskynlikheidsteekproeftrekking gebruik gemaak. In totaal het die navorser dus honderd-vyf-en-sewentig (175) individuele skale aan die respondente oorhandig. Na afloop van een week is die skale aan die navorser terugverskaf. Die skale is deur die Universiteit van Pretoria se Statistiese Departement verwerk. Uit hierdie data het die navorser drie gesinne wat aangedui het dat hulle probleme ervaar rakende hulle huwelikstevredenheid en/of ouergesindheid en/of gesinsverhouding geselekteer. Die gesinne (wat dus steeds deel uitmaak van die oorspronklike steekproef) is genader vir die aangesig-tot-aangesig onderhoud.

4.2.5 Analisering en interpretering van data

Tydens hierdie fase interpreteer die navorser die data ten einde sekere gevolgtrekkings daar te kan stel. Die kwantitatiewe biografiese data asook die kwalitatiewe data is deur die navorser self verwerk. Al die gestandaardiseerde skale is deur die Universiteit van Pretoria se Statistiese Departement verwerk. Vervolgens word hierdie data weergegee.

4.3 KWANTITATIEWE DATA

4.3.1 Afdeling 1: Biografiese gegewens

Steekproef

Vyf en twintig egpare (vyf-en-twintig vroulike- en vyf-en-twintig manlike egmaats) met 'n adolessent elk, is genader om elkeen individueel die skale te voltooi. Elke egmaat het 'n vraelys ontvang wat bestaan uit twee afdelings waarvan afdeling een die biografiese gegewens was. Afdeling twee is in drie kategorieë verdeel, naamlik die Indeks vir huwelikstevredeheid, Indeks vir ouergesindheid en Indeks vir gesinsverhoudinge. Die vraelys vir die adolessent het een verskil gehad deurdat hulle afdeling twee slegs die Indeks vir gesinsverhouding bevat het. Die totale respondente wat betrokke was, was vyf-en-sewentig. Van die respondente het egter nie alle vrae of skale voltooi nie, en dus wissel die n-waarde van plek tot plek.

- **Geslag van al die respondente**

Die middeljarige egmaats was onderskeidelik vyf-en-twintig mans en vyf en twintig vrouens. Dertien van die adolessente was dogters, terwyl twaalf seuns was.

Hoofstuk 4: Empiriese navorsing

• Ouderdomsverspreiding

Tabel 6: Ouderdomsverspreiding van die egmaats (N=47)


Ouderdom	Mans		Vrouens	
	Frekwensie	Persentasie	Frekwensie	Persentasie
31	0	0.0	1	4.0
32	0	0.0	2	8.0
33	0	0.0	0	0.0
34	2	9.1	0	0.0
35	0	0.0	0	0.0
36	1	4.5	2	8.0
37	1	4.5	2	8.0
38	1	4.5	4	16.0
39	2	9.1	4	16.0
40	6	27.3	4	16.0
41	2	9.1	1	4.0
42	2	9.1	1	4.0
43	1	4.5	3	12.0
44	2	9.1	1	4.0
45	2	9.1	0	0.0
TOTAAL	N=22	100%	N=25	100%

Uit die groep respondente was twee mans jonger as die verwagte vyf-en-dertigjarige ouderdom. Hulle was beide vier-en-dertig jaar oud. Een van die vrouens was een-en-dertig en twee vrouens twee-en-dertig jaar oud. Daar was geen volwasse respondente bo die ouderdomspeil van vyf-en-veertig nie. Uit die individuele huweliksmaats was 6 (12.8%) uit die sewe-en-veertig (47), in die ouderdomsgroep van die vroeë middeljare (35-45 jaar). (Vgl. Hoofstuk 3 – 3.2.1.) Die adolessente het almal in die ouderdomskaal van twaalf tot agtien geval. Die gemiddelde ouderdom vir die mans was veertig jaar en vir die vrouens nege-en-dertig jaar.

- **Huwelikstatus**

Tabel 11: Huwelikstatus van die egmaats (N=48)

Huwelikstatus	Man		Vrou	
	Frekwensie	%	Frekwensie	%
1e Huwelik	20	86.96	20	80.0
2e Huwelik	3	13.0	4	16.0
3e Huwelik	0	0.0	0	0.0
4e Huwelik	0	0.0	1	4.0
Totaal	N=23	100%	N=25	100%

Figuur 11: Huwelikstatus (N=48)

Twintig (86.96%) egmaats was in hulle eerste huwelik, terwyl drie manlike respondente (13%) en vier vroulike respondente (16%) in hulle tweede huwelik was. Daar is een vroulike respondent (4%) wat in haar vierde huwelik was.


Hoofstuk 4: Empiriese navorsing

• **Opvoedkundige kwalifikasies**

Tabel 8: Opvoedkundige kwalifikasies (N=44)

KWALIFIKASIE	MAN		VROU	
	F	%	F	%
Graad 10	3	13.04	2	10.0
Graad 11	1	4.35	3	14.0
Graad 12	4	17.4	12	56.0
N1-N6	10	43.5	1	5.0
T1-T6	0	0.0	0	0.0
Diploma	3	13.0	1	5.0
B-graad	1	4.35	1	5.0
M-graad	1	4.35	1	5.0
D-graad	0	0.0	0	0.0
Spesiale skool	0	0.0	0	0.0
TOTAAL	N=23	100%	N=21	100%


Figuur 6: Opvoedkundige kwalifikasies van die man (N=23)



Hoofstuk 4: Empiriese navorsing

Drie manlike respondente (13.04%) beskik oor 'n graad 10 kwalifikasie, terwyl een manlike respondent (4.35%) oor 'n graad 11 beskik en vier manlike respondente (17.4%) 'n graad 112 kwalifikasie het. Die meeste mans (43.5%) 10 van die twee-en-twintig (22), het 'n N1-N6 kwalifikasie. Slegs drie mans (13.04%) het 'n diploma. Daar is verder een manlike respondent (4.35%) wat 'n B-graad en nog 'n man (4.35%) wat 'n M-graad het.

Figuur 7: Opvoedkundige kwalifikasie van die vrou (N=21)



Twee vroulike respondente (8%) het 'n graad 10 kwalifikasie terwyl drie vrouens (12%) 'n graad 11 kwalifikasie het. Die meerderheid vroulike respondente, naamlik 48%, (12) uit die vyf-en-twintig (25), het 'n graad 12 kwalifikasie. Slegs een vroulike respondent (4%) het 'n N1-N6 kwalifikasie. Die hoogste kwalifikasie onder die vroulike respondente was 'n M-graad en net een vroulike respondent (4%) beskik daarvoor.

Hoofstuk 4: Empiriese navorsing

- **Opvoedingskwalifikasie van die adolessent**

Tabel 9: Opvoedkundige kwalifikasie van die adolessent (N=25)

Opvoedkundige kwalifikasie	Frekwensie	%
Graad 5	2	8.0
Graad 6	1	4.0
Graad 7	1	4.0
Graad 8	5	20.0
Graad 9	4	16.0
Graad 10	5	20.0
Graad 11	5	20.0
Graad 12	2	8.0
Totaal	N=25	100%

Figuur 8: Opvoedkundige kwalifikasie van die adolessent (N=25)



Hoofstuk 4: Empiriese navorsing


Twee van die adolessente (8%) het 'n graad vyf kwalifikasie, terwyl een adolessent (4%) 'n graad ses kwalifikasie het en nog een 'n graad sewe kwalifikasie het. Vyf van die adolessente (20%) het 'n graad agt kwalifikasie terwyl vier adolessente (16%) 'n graad nege kwalifikasie het. Daar is vyf adolessente (20%) wat onderskeidelik 'n graad tien en graad elf kwalifikasie het, terwyl slegs twee adolessente (8%) 'n graad twaalf kwalifikasie het.

- **Huidige beroep**

Tabel 10: Huidige beroep van die egmaats(N=48)

<i>Beroep</i>	<i>Man</i>		<i>Vrou</i>	
	N	%	N	%
Professioneel	1	4.35	6	24.0
Klerklik	0	0.0	10	40.0
Tegnies	16	69.57	0	0.0
Werkloos	1	4.35	5	20.0
Ander	5	21.74	4	16.0
Totaal	N=23	100%	N=25	100%


Figuur 9: Huidige beroep van die man (N=23)



Hoofstuk 4: Empiriese navorsing

Slegs een manlike respondent (4.35%) staan in 'n professionele beroep, terwyl die meerderheid mans, naamlik 69.57% (16) van die twee-en-twintig (22), 'n tegniese beroep beoefen. Een van die manlike respondente (4.35%) is werkloos, terwyl vyf manlike respondente (21.74%) 'n ander vorm van beroep beoefen, soos om 'n eie besigheid te bestuur.

Figuur 10: Huidige beroep van die vrou (N=25)




Ses van die vroulike respondente (24%) beoefen 'n professionele beroep, terwyl die meerderheid van die vroulike respondente, naamlik 10 (40%) 'n klerklike pos beklee. Geen vroulike respondent (0%) is in die tegniese veld nie, terwyl vyf vrouens (20%) tans werkloos is. Vier van die vroulike respondente (16%) beoefen 'n alternatiewe beroep waarvan die aard nie gemeld is nie.

- **Huwelikstatus**

Tabel 11: Huwelikstatus van die egmaats (N=48)

Huwelikstatus	Man		Vrou	
	Frekwensie	%	Frekwensie	%
1e Huwelik	20	86.96	20	80.0
2e Huwelik	3	13.0	4	16.0
3e Huwelik	0	0.0	0	0.0
4e Huwelik	0	0.0	1	4.0
Totaal	N=23	100%	N=25	100%

Figuur 11: Huwelikstatus (N=48)

Twintig (86.96%) egmaats was in hulle eerste huwelik, terwyl drie manlike respondente (13%) en vier vroulike respondente (16%) in hulle tweede huwelik was. Daar is een vroulike respondent (4%) wat in haar vierde huwelik was.

Hoofstuk 4: Empiriese navorsing


- **Duur van huidige huwelik**

Tabel 12 Duur van egmaats se huidige huwelik (N=25)

DUUR VAN HUIDIGE HUWELIK	FREKWENSIE	PERSENTASIE
2 jaar	1	4.0
3 jaar	1	4.0
4 jaar	1	4.0
5 jaar	1	4.0
6 jaar	0	0.0
7 jaar	1	4.0
8 jaar	0	0.0
9 jaar	0	0.0
10 jaar	0	0.0
11 jaar	0	0.0
12 jaar	1	4.0
13 jaar	0	0.0
14 jaar	0	0.0
15 jaar	0	0.0
16 jaar	3	12.0
17 jaar	1	4.0
18 jaar	5	20.0
19 jaar	1	4.0
20 jaar	4	16.0
21 jaar	2	8.0
22 jaar	2	8.0
23 jaar	1	4.0
TOTAAL	N=25	100%

Hoofstuk 4: Empiriese navorsing

Figuur 12: Duur van huidige huwelik (N=25)



Twintig (80%) van die egpare was langer as 15 jaar in die huwelik met mekaar verbind, terwyl vyf egpare (20%) minder as 15 jaar getroud was.


Hoofstuk 4: Empiriese navorsing

- Totale aantal kinders per gesin

Tabel 13: Totale aantal kinders per gesin (N=59)

Gesin	1ste kind	2de kind	3de kind	4de kind	Frekwensie
Gesin 1	13	0	0	0	1
Gesin 2	14	12	0	0	2
Gesin 3	13	10	0	0	2
Gesin 4	20	14	0	0	2
Gesin 5	15	13	0	0	2
Gesin 6	20	18	17	0	3
Gesin 7	17	14	0	0	2
Gesin 8	15	12	0	0	2
Gesin 9	17	16	12	5	4
Gesin 10	15	14	0	0	2
Gesin 11	16	13	0	0	2
Gesin 12	16	9	0	0	2
Gesin 13	18	16	0	0	2
Gesin 14	17	15	0	0	2
Gesin 15	17	16	12	0	3
Gesin 16	12	9	8	3	4
Gesin 17	19	17	15	0	3
Gesin 18	14	10	0	0	2
Gesin 19	17	15	11	0	3
Gesin 20	17	16	12	0	3
Gesin 21	21	19	17	0	3
Gesin 22	17	16	0	0	2
Gesin 23	17	14	0	0	2
Gesin 24	12	10	0	0	2
Gesin 25	14	11	0	0	2
Gemiddelde ouderdom	15.6 N=25	13.6 N=24	13 N=8	6.3 N=2	N=59

Figuur 13: Gemiddelde ouderdom van egmaats se kinders (N=59)



Die egmaats se eerste kinders handhaaf 'n gemiddelde ouderdom van 15.6 jaar, terwyl die tweede kind 13.6 jaar was. Daar was slegs een gesin wat nie 'n tweede kind het nie. Die gemiddelde ouderdom van 'n derde kind was dertien jaar en 6.3 jaar vir die jongste kind.


Hoofstuk 4: Empiriese navorsing

- **Betrokke adolessent se posisie in huis**

Tabel 14: Adolessente se posisie in huis (N=25)

Posisie van adolessent	Frekwensie	Persentasie
Eerste kind	15	60.0
Tweede kind	8	32.0
Derde kind	2	8.0
TOTAAL	N=25	100%

Figuur 14: Adolessent se posisie in huis (N:25)



Vyftien (60%) van die adolessente wat deelgeneem het aan die studie, was die eerste kind van die middeljarige egmaats. Agt (32%) van die adolessente was die tweede kind, terwyl slegs twee (8%) die jongste kind was.

4.3.2 Afdeling 2: Resultate van die Hudsonskale

Volgens Hudson (1990) is die Hudsonskale so ontwerp dat die tellings varieer tussen 0 en 100. Hierdie tellings is in kleurcodes aangedui. 'n Telling meer as 35 toon aan dat daar 'n definitiewe verbetering nodig is en word in die tabelle in **rooi** aangedui. 'n Telling tussen 25 en 35 toon 'n gevaarzone aan en dat aandag daaraan gegee word. Hierdie telling sal in die tabelle in **geel** uitgelig word. Enige telling onder 25 is 'n aanbevole telling wat op bevredigende funksionering dui en sal in die tabelle normaal voorkom.

Vervolgens word die resultate van die volgende drie Hudsonskale weergegee.

- Indeks van huwelikstevredenheid
- Indeks van ouergesindheid
- Indeks van gesinsverhoudinge

• **Afdeling 2.1 Hudsonskaal: Indeks van huwelikstevredenheid**

Die individuele tellings van al die respondente (N=46) in terme van die meting van die Hudsonskale: Indeks vir huwelikstevredenheid, word vervolgens weergegee. Daar is slegs melding gemaak van ses-en-veertig respondente omdat vier egmaats nie die skaal voltooi het nie. Die navorser het dit belangrik geag om die huwelikstevredenheid te meet, aangesien die huweliksbevrediging deur 'n U-vormige proses gaan weens die teenwoordigheid van kinders (Halford & Markman, 1997:227 en Hoofstuk 3 – 3.3.3.1.1).

Hoofstuk 4: Empiriese navorsing

Tabel 15: Indeks van huwelikstevredenheid: Individuele tellings van die egmaats saam gegroepeer (N=46)

Gesin	Man	Vrou
Gesin 1	2	6
Gesin 2	3	6
Gesin 3	12	14
Gesin 4	19	36
Gesin 5	55	24
Gesin 6	-	13
Gesin 7	31	28
Gesin 8	13	27
Gesin 9	22	13
Gesin 10	5	17
Gesin 11	9	13
Gesin 12	10	15
Gesin 13	2	2
Gesin 14	15	15
Gesin 15	-	52
Gesin 16	9	13
Gesin 17	24	11
Gesin 18	9	1
Gesin 19	26	15
Gesin 20	-	-
Gesin 21	48	29
Gesin 22	9	4
Gesin 23	9	8
Gesin 24	1	1
Gesin 25	0	0
TOTAAL	15.14	15.13
	N=22	N=24
	N=46	

Hoofstuk 4: Empiriese navorsing

Gesinne 1-3 presenteer met die aanbevole tellings (almal onder 25). Die vrou in gesin 4 (telling=36) dui aan dat daar definitief verbetering nodig was, terwyl haar man se genoegsame tevredeheid (telling=19) ervaar. Die man in gesin 5 (telling=55) het 'n baie hoë telling wat 'n definitiewe verbetering aandui, terwyl sy vrou (telling=24) net-net genoegsaam tevrede was. Beide man (telling=31) en vrou (telling=28) in gesin 7 dui aan dat hulle huwelikstevredenheid aandag nodig het, terwyl die vrou in gesin 8 (telling=27) ook die dieselfde aandui in terme van haar huwelikstevredenheid. Haar man (telling=13) toon egter aan dat hy genoegsame huwelikstevredenheid ervaar. Gesin 9-14, 16, 18, 22-25 toon almal tellings van genoegsame huwelikstevredenheid. Die vrou in gesin 15 (telling=52) het 'n baie hoë aanduiding dat sy 'n definitiewe verbetering benodig in terme van haar huwelikstevredenheid. Die man het nie die skaal voltooi nie. Die huwelikstevredenheid van die man (telling=26) in gesin 19 toon aan dat sy tevredenheid aandag nodig het alhoewel sy vrou (telling=15) totale tevredenheid ervaar. Die huwelikstevredenheid van gesin 21 se man (telling=48) en vrou (telling=29) benodig merkbaar aandag.

Ondanks hierdie individuele verskille was die gemiddelde telling vir die mans ($m=15.14$) en die vrouens ($m=15.13$) byna kongruent. Die vrouens se huwelikstevredenheid is in hierdie skaal effens beter as die mans.

- **Wilcoxon toets: Indeks van huwelikstevredenheid: Verskil tussen metings tussen man en vrou**

Die **Wilcoxon toets** is 'n nie-parametriese toets wat twee onafhanklike veranderlikes se mediaan met mekaar vergelyk om vas te stel of een veranderlike beter is as die ander een (Burns, 2000:209). Die Wilcoxon toets was gedoen vir die evaluasie van die huweliksbevrediging van twee-en-twintig (22) mans (mediaan=9.50) en -vrouens (mediaan=13.00) wat in die eg verbind is. Die resultate was soos volg:

- die gemiddelde verskil tussen die telling van die man en die telling van die vrou was 10.80, en
- die P-waarde vir die gemiddelde verskil tussen die telling van die man en die telling van die vrou was 0.68.

Hoofstuk 4: Empiriese navorsing

Die P-waarde is groter as 0.05 en daar is met ander woorde geen betekenisvolle verskil tussen die man en die vrou se huwelikstevredenheid nie. Die resultate van die Wilcoxon toets toon geen statistiese waardevolle verskil tussen die man en vrou aan nie.

- **Verskeie stellings uit die Indeks van huwelikstevredenheid**


Sinvolle individuele weergawes vanuit die stellings uit die indeks word soos volg weergegee. Hierdie weergawes is nie wetenskaplike bevindinge nie, maar wel interessante tendense wat uit die wetenskaplike data deur die navorser waargeneem is.

Stelling A: Ek voel ek sou 'n ander lewensmaat gekies het as ek weer die kans sou kry.

Tabel 16: Ek voel ek sou 'n ander lewensmaat gekies het as ek weer die kans sou kry (N=46)

	MAN		VROU		TOTAAL
	F	%	F	%	
Nooit	16	34.78	21	45.65	80.42%
Selde	3	6.52	2	4.35	10.87%
Soms	2	4.35	1	2.17	6.52%
Helfte van die tyd	0	0.00	0	0.00	0.00%
Dikwels	0	0.00	0	0.00	0.00%
Meestal	0	0.00	0	0.00	0.00%
Altyd	1	2.17	0	0.00	2.17%
TOTAAL	N=22	47.83%	N=24	52.17%	100%

Figuur 15: Ek voel dat ek 'n ander lewensmaat sou kies as ek weer die kans sou kry (N=46)




Die meerderheid respondente, naamlik 80.42%, (37) uit die ses-en-veertig (46), voel dat hulle nooit 'n ander lewensmaat sou gekies het as hulle weer die kans sou kry nie, terwyl vyf respondente (10.87%) selde so voel. Daar was drie respondente (6.52%) wat soms 'n ander lewensmaat sou gekies het as hulle die kans sou kry. Een man (2.17%) voel dat indien hy weer 'n kans sou kry, hy altyd sou kies om 'n ander lewensmaat te kon hê.

Stelling B : Ek voel ons verhouding verbrokkel.

Tabel 17: Ek voel ons verhouding verbrokkel (N=46)

	MAN		VROU		TOTAAL
	F	%	F	%	
Nooit	15	32.61	15	32.61	65.22%
Selde	4	8.70	5	10.87	19.57%
Soms	1	2.17	1	2.17	4.35%
Helfte van die tyd	0	0.00	0	0.00	0.00%
Dikwels	1	2.17	2	4.35	6.52%
Meestal	0	0.00	0	0.00	0.00%
Altyd	1	2.17	1	2.17	4.35%
TOTAAL	N=22	47.83%	N=24	52.17%	100%

Figuur 16: Ek voel ons verhouding verbrokkel (N=46)



Die mans en vrouens het soortgelyke frekwensies getoon in terme van die verbrokkeling van hulle verhouding. Die meerderheid, naamlik 65.22%, (30) uit die ses-en-veertig (46), voel dat hulle verhouding nooit verbrokkel nie, terwyl nege respondente (19.57%) selde so voel. Twee respondente (4.35%) voel wel soms so. Drie respondente (6.52%) voel dikwels dat hulle huwelik verbrokkel, terwyl een man (2.17%) en een vrou (2.17%) altyd so voel. Slegs 'n klein persentasie het dus aangedui dat hulle verhouding verbrokkel. Hierdie verbrokkeling kan waarskynlik toegeskryf word aan geen groei of minimale opwinding in die huwelik. (Vgl. Lauer & Lauer, 1997:327.)


Hoofstuk 4: Empiriese navorsing

Stelling C: Ek voel dat ons nie genoeg belangstellings deel nie.

Tabel 18: Ek voel dat ons nie genoeg belangstellings deel nie (N=46)

	MAN		VROU		TOTAAL
	F	%	F	%	
Nooit	6	13.04	5	10.87	23.91%
Selde	9	19.57	11	23.91	43.48
Soms	3	6.52	3	6.52	13.04%
Halfte van die tyd	2	4.35	3	6.52	10.87%
Dikwels	1	2.17	1	2.17	4.35%
Meestal	1	2.17	1	2.17	4.35%
Altyd	0	0.00	0	0.00	0.00%
TOTAAL	N=22	47.83%	N=24	52.17%	100%

Figuur 17: Ek voel dat ons nie genoeg belangstellings deel nie (N=46)



Elf respondente (23.91%) ervaar nooit 'n gevoel dat hulle nie genoeg belangstellings deel nie, terwyl die meerderheid, naamlik 43.48%, (20) uit die ses-en-veertig (46), selde so voel.

Hoofstuk 4: Empiriese navorsing


Daar is ses respondente (13.04%) wat soms so voel, terwyl vyf respondente (10.87%) die helfte van die tyd voel dat hulle nie genoeg belangstellings deel nie. Dit blyk dat daar dus wel egmaats is wat ervaar dat hulle as egmaat nie genoeg belangstellings met mekaar deel nie.

Stelling D: Ons verhouding is baie stabiel.

Tabel 19: Ons verhouding is baie stabiel (N=46)

	MAN		VROU		TOTAAL
	F	%	F	%	
Nooit	0	0.00	0	0.00	0.00%
Selde	0	0.00	0	0.00	0.00%
Soms	2	4.35	1	2.17	6.52%
Helfte van die tyd	0	0.00	0	0.00	0.00%
Dikwels	1	2.17	1	2.17	4.35%
Meestal	10	21.74	9	19.57	41.30%
Altyd	9	19.57	13	28.26	47.83%
TOTAAL	N=22	47.83%	N=24	52.17%	100%

Figuur 18: Ons verhouding is baie stabiel (N=46)



Hoofstuk 4: Empiriese navorsing

Slegs drie respondente (6.52%) ervaar dat hulle verhouding soms baie stabiel is, terwyl twee respondente (4.35%) dikwels so voel. 'n Groot hoeveelheid respondente, naamlik 41.30%, (19) uit die ses-en-veertig (46), voel dat hulle verhouding meestal baie stabiel is, terwyl die meerderheid, naamlik 47.83%, (22) uit die ses-en-veertig (46) altyd 'n stabiele verhouding het. Die meerderheid egmaats voel dat hulle 'n stabiele huwelik het, alhoewel 'n stabiele huwelik nie noodwendig 'n gelukkig huwelik is nie.

SENTRALE TEMAS UIT BOGENOEMDE DATA:

- Die vrouens se huwelikstevredenheid is effens beter as die mans alhoewel daar geen betekenisvolle verskil is volgens die Wilcoxon toets nie.
- Die meerderheid egmaats voel dat hulle huwelik nie verbroekel nie, alhoewel daar egmaats is wat dit wel ervaar. (Vgl. Lauer & Lauer, 1997:327; en Hoofstuk 3 – 3.3.3.1.2.)
- Die egmaats ervaar meer onsekerheid in terme van die hoeveelheid belangstellings wat hulle deel (Prinsloo, 1994:258 en Hoofstuk 3 – 3.3.3.1.2).
- Die meerderheid egmaats voel dat hulle huwelik stabiel is, alhoewel dit nie 'n aanduiding is dat hulle gelukkig is nie. (Vgl. Wilkins 2001 en Hoofstuk 3 – 3.3.3.1.1.)

➤ **Afdeling 2.2 Hudsonskaal: Indeks van ouergesindheid**

Die individuele tellings van al die respondente (N=46) in terme van die meting van die Hudsonskale: Indeks vir ouergesindheid, word vervolgens weergegee.

Hoofstuk 4: Empiriese navorsing

Tabel 20: Indeks vir ouergesindheid: Individuele tellings van die egmaats saam gegroepeer (N=46)

Gesin	Man	Vrou
Gesin 1	5	4
Gesin 2	3	6
Gesin 3	5	5
Gesin 4	7	5
Gesin 5	17	12
Gesin 6	-	15
Gesin 7	4	17
Gesin 8	1	8
Gesin 9	12	16
Gesin 10	5	15
Gesin 11	0	0
Gesin 12	8	10
Gesin 13	1	1
Gesin 14	8	7
Gesin 15	-	27
Gesin 16	8	1
Gesin 17	3	3
Gesin 18	6	1
Gesin 19	7	17
Gesin 20	-	-
Gesin 21	14	6
Gesin 22	14	6
Gesin 23	11	3
Gesin 24	1	1
Gesin 25	0	2
TOTAAL	6.36	7.83
	N=22	N=24
	N=46	

Hoofstuk 4: Empiriese navorsing

Al die gesinne, met die uitsondering van gesin 15, het aangedui dat hulle ervaring van hulle eie gesindheid as ouers bevredigend was. Die vrou in gesin 15 (telling=27) het aangedui dat haar ouergesindheid aandag nodig het, terwyl haar man gladnie die skaal voltooi het nie. Die gemiddelde telling van die vrouens ($m=7.83$) was effens hoër as die telling van die mans ($m=6.36$). Tog is beide hierdie tellings heelwat laer as die gemiddelde tellings van die egmaats se huwelikstevredenheid wat dus aandui dat die egmaats meer tevredenheid ervaar ten opsigte van hulle ouergesindheid as huwelikstevredenheid.

- **Wilcoxon toets: Indeks van ouergesindheid: Verskil tussen metings tussen man en vrou**

Die **Wilcoxon toets** is 'n nie-parametriese toets wat twee onafhanklike veranderlikes se mediaan met mekaar vergelyk om vas te stel of een veranderlike beter is as die ander een (Burns, 2000:209). Die Wilcoxon toets is gedoen vir die evaluasie van die huweliksbevrediging van twee-en-twintig (22) mans (mediaan=5.50) en -vrouens (mediaan=6.00) wat in die eg verbind is. Die resultate was soos volg:

- die gemiddelde verskil tussen die telling van die man en die telling van die vrou was 5.96 en
- die P-waarde vir die gemiddelde verskil tussen die telling van die man en die telling van die vrou was 0.89.

Die P-waarde is groter as 0.05 en daar was met ander woorde geen betekenisvolle verskil tussen die man en die vrou se huwelikstevredenheid nie. Die resultate van die Wilcoxon toets toon geen statistiese betekenisvolle verskil tussen die man en vrou aan nie.

- **Verskeie stellings uit die Indeks van ouergesindheid**

Sinvolle individuele weergawes vanuit die stellings uit die indeks word soos volg weergegee. Hierdie weergawes is nie wetenskaplike bevindinge nie, maar wel interessante tendense wat uit die wetenskaplike dat deur die navorser waargeneem is.

Hoofstuk 4: Empiriese navorsing

Stelling E en F: Ek hou nie van my kind nie en ek wens ek het nie hierdie kind gehad nie.

Tabel 21: Ek hou nie van my kind nie en ek wens ek het nie hierdie kind gehad nie (N=46)


	Ek hou nie van my kind nie				Ek wens ek het nie hierdie kind gehad nie			
	Man		Vrou		Man		Vrou	
	F	%	F	%	F	%	F	%
Nooit	22	47.83	20	43.48	22	47.83	24	52.17
Selde	0	0.00	4	8.70	0	0.00	0	0.00
Totaal	N=22	47.83%	24	52.17%	N=22	47.83%	N=24	52.17%

Figuur 19: Ek hou nie van my kind nie (N=46)



Al die manlike respondente, naamlik 47.83%, (22) uit die ses-en-veertig (46) voel dat hulle nooit 'n gevoel ervaar dat hulle nie van hulle kind hou nie. Die meerderheid vrouens, naamlik 43.48%, (20) uit die ses-en-veertig (46) voel dat hulle ook nooit 'n gevoel ervaar dat hulle nie van hulle kind hou nie, terwyl vier vrouens (8.70%) wel selde 'n gevoel ervaar dat hulle nie van hulle kinders hou nie.

Figuur 20: Ek wens ek het nie hierdie kind gehad nie (N=46)




Al die mans, naamlik 47.83%, (22) uit die ses-en-veertig (46) en al die vrouens, naamlik 52.17%, (24) uit die ses-en-veertig (46) het nog nooit gewens dat hulle nie hulle kind gehad het nie.

Stelling G en H: Ek het 'n weersin in my kind en ek haat my kind

Tabel 22: Ek het 'n weersin in my kind en ek haat my kind (N=46)


	Ek het 'n weersin in my kind				Ek haat my kind			
	Man		Vrou		Man		Vrou	
	F	%	F	%	F	%	F	%
Nooit	22	47.83	24	52.17	22	47.83	24	52.17
Totaal	N=22	47.83%	24	52.17%	N=22	47.83%	N=24	52.17%

Figuur 21: Ek het 'n weersin in my kind (N=46)



Al die mans, naamlik 47.83%, (22) uit die ses-en-veertig (46) en al die vrouens, naamlik 52.17%, (24) uit die ses-en-veertig het nog nooit gewens dat hulle nie hulle kind gehad het nie.

Figuur 22: Ek haat my kind (N=46)



Al die mans, naamlik 47.83%, (22) uit die ses-en-veertig (46) en al die vrouens, naamlik 52.17%, (24) uit die ses-en-veertig (46) het nog nooit gevoel dat hulle hulle kind haat nie.

SENTRALE ASPEKTE UIT DIE BOGENOEMDE DATA:

- Die vrouens se ouergesindheid is meer bevredigend as die mans s'n. Hierdie verskil het volgens die Wilcoxon toets geen betekenisvolle verskil nie.
- Nie een ouer het ooit 'n weersin in die kind gehad nie.
- Nie een ouer het die kind al ooit gehaat nie.

➤ **Afdeling 2.3 Hudsonskaal: Indeks van gesinsverhoudinge**

Die individuele tellings van al die respondente (N=72) in terme van die meting van die Hudsonskale: Indeks vir gesinsverhoudinge, word vervolgens weergegee.

Hoofstuk 4: Empiriese navorsing

Tabel 23: Indeks vir gesinsverhoudinge: Individuele tellings van die respondente as gesin saam gegroepeer (N=72)

Gesin	Man	Vrou	Adolessent
Gesin 1	8	5	9
Gesin 2	7	3	4
Gesin 3	19	25	21
Gesin 4	13	41	19
Gesin 5	43	32	20
Gesin 6	-	21	29
Gesin 7	13	18	28
Gesin 8	10	21	21
Gesin 9	39	19	27
Gesin 10	12	15	21
Gesin 11	1	1	8
Gesin 12	14	14	19
Gesin 13	3	1	4
Gesin 14	6	5	3
Gesin 15	-	45	31
Gesin 16	9	5	5
Gesin 17	15	11	16
Gesin 18	10	1	15
Gesin 19	10	13	11
Gesin 20	53	-	67
Gesin 21	25	12	23
Gesin 22	5	4	9
Gesin 23	10	8	10
Gesin 24	4	5	10
Gesin 25	12	8	7
TOTAAL	14.83	13.88	17.48
	N=23	N=24	N=25
	N=72		

Hoofstuk 4: Empiriese navorsing

Gesin 1,2 en 3 dui aan dat hulle gesinsverhouding bevredigend is. Die man (telling=13) en adolessent (telling=19) in gesin 4 toon 'n bevredigende telling in terme van hulle gesinsverhouding, terwyl die vrou (telling=41) 'n definitiewe verbetering verlang.

Die adolessent (telling=20) in gesin 5 ervaar die gesinsverhouding bevredigend, maar die man (telling=43) verlang 'n definitiewe verbetering, terwyl die vrou (telling=32) ook voel dat die gesinsverhouding aandag benodig. Gesin 5 is ook die enigste gesin waar die ouers verbetering aandui, terwyl die adolessent tevrede is.

Die adolessent (telling=29) in gesin 6 toon dat die gesinsverhouding aandag moet kry, alhoewel die vrou (telling=21) aandui dat sy tevrede is. Die man het nie die skaal voltooi nie. In gesin 7 voel die adolessent (telling=28) ook dat die gesinsverhouding aandag moet kry, alhoewel die man (telling=13) en vrou (telling=18) tevredenheid ervaar in terme van die gesinsverhouding.

Gesin 12-14, 16-19 en 22-25 het almal, man, vrou en adolessent 'n bevredigende telling rakende die gesinsverhoudinge aangedui. Die man (telling=39) in gesin 9 verlang definitief 'n verbetering, terwyl die adolessent (telling=27) dit beaam. Die vrou (telling=19) in die gesin ervaar egter 'n bevredigende gesinsverhouding. In gesin 15 het beide adolessent (telling=31) en vrou (telling=45) aangedui dat hulle 'n definitiewe verbetering verlang. Die man in hierdie gesin het nie die skaal voltooi nie. Gesin 20 is die gesin waar die man (telling=53) en die adolessent (telling=67) onderskeidelik die hoogste tellings verskaf het en dus 'n definitiewe verbetering in hulle gesinsverhouding aandui. Die vrou het nie die skaal voltooi nie. Die vrou (telling=12) en adolessent (telling=23) in gesin 21 ervaar 'n bevredigende gesinsverhouding, alhoewel die man (telling=25) net-net aandui dat hulle wel aan die gesinsverhouding aandag kan gee.

Die gemiddelde telling van die vrouens ($m=13.88$) was die laagste, dan volg die mans ($m=14.83$) se gemiddeld kort op die vrouens s'n. Die adolessent ($m=17.48$) se gemiddelde telling was die hoogste. Dit beteken dat die vrou 'n sterker gevoel van tevredenheid ervaar in terme van gesinsverhoudinge, as die man of die adolessent. (Vgl. Lindahl & Malik, 1999:327).

Hoofstuk 4: Empiriese navorsing

- **Friedman twee-rigting toets: Indeks van gesinsverhoudinge: Verskil tussen metings tussen man en vrou**

Die **Friedman twee-rigting toets** is 'n nie-parametriese toets wat drie of meer gekombineerde veranderlikes se gemeenskaplike gemiddelde met mekaar vergelyk (Burns, 2000:331). Die Friedman twee-rigting toets was gedoen vir die evaluasie van die gesinsverhoudinge van twee-en-twintig (22) mans (mediaan=10.00) en twee-en-twintig (22) vrouens (mediaan=11.50) in die eg verbind met 'n adolessent (mediaan=16.00) in die huis. Die resultate is soos volg:

- die Kendall koëffisiënt van ooreenkoms is 0.109, wat aandui dat daar 'n redelike verskil is tussen die drie veranderlikes en
- die p-waarde vir die gemiddelde verskil tussen die man, vrou en adolessent was 0.0909.

Die p-waarde was groter as 0.05 en daar is met ander woorde geen betekenisvolle verskil tussen die man, vrou en adolessent nie.

- **Individuele stellings uit die Indeks vir gesinsverhoudinge**


Sinvolle individuele weergawes vanuit die stellings uit die indeks word soos volg weergegee. Hierdie weergawes is nie wetenskaplike bevindinge nie, maar wel interessante tendense wat uit die wetenskaplike dat deur die navorser waargeneem is.

Stelling I: Dis regtig vir my onbelangrik om by my gesin te wees.

Tabel 24: Dis regtig vir my onbelangrik om by my gesin te wees (N=72)

	MAN		VROU		ADOLESSENT		TOTAAL
	F	%	F	%	F	%	
Nooit	15	20.83	20	27.78	13	18.06	66.67%
Selde	4	5.56	2	2.78	8	11.11	19.44%
Soms	1	1.39	2	2.78	0	0.00	4.17%
Helfte van die tyd	0	0.00	0	0.00	1	1.39	1.39%
Dikwels	0	0.00	0	0.00	1	1.39	1.39%
Meestal	0	0.00	0	0.00	0	0.00	0.00%
Altyd	3	4.17	0	0.00	2	2.78	6.94%
TOTAAL	N=23	31.94%	N=24	33.33%	N=25	34.72%	100%

Figuur 23: Dis regtig vir my onbelangrik om by my gesin te wees (N=72)



Die meerderheid mans, naamlik 20.83%, (15) uit die twee-en-sewentig (72), die meerderheid vrouens, naamlik 27.78%, (20) uit die twee-en-sewentig (72) en die meerderheid adolessent, naamlik 18.06%, (13) uit die twee-en-sewentig (72) voel dat hulle gesin nooit vir hulle onbelangrik was nie. Daar was vier mans (56%), twee vrouens (2.78%) en agt adolessente (11.11%), wat selde voel dat hulle gesin vir hulle onbelangrik was. Een man (1.39%) ervaar wel soms die gevoel dat hulle gesin onbelangrik was, terwyl twee vrouens (2.78%) die gevoel deel. Verder is daar een adolessent (1.39%) onderskeidelik wat dikwels en meestal voel dat dit vir hulle onbelangrik is om by hulle gesin te wees. Ironies het twee adolessente (2.78%) asook drie mans (4.17%) gevoel dat dit vir hulle altyd onbelangrik is om by hulle gesin te wees.

Stelling J: Ek wens ek was nie deel van hierdie gesin nie.

Tabel 25: Ek wens ek was nie deel van hierdie gesin nie (N=72)

	MAN		VROU		ADOLESSENT		TOTAAL
	F	%	F	%	F	%	
Nooit	18	25.00	20	27.78	17	23.61	76.39%
Selde	4	5.56	2	2.78	3	4.17	12.50%
Soms	0	0.00	2	2.78	5	6.94	9.72%
Halfte van die tyd	0	0.00	0	0.00	0	0.00	0.00%
Dikwels	0	0.00	0	0.00	0	0.00	0.00%
Meestal	0	0.00	0	0.00	0	0.00	0.00%
Altyd	1	1.38	0	0.00	0	0.00	1.39%
TOTAAL	N=23	31.94%	N=24	33.33%	N=25	34.72%	100%

Figuur 24: Ek wens ek was nie deel van hierdie gesin nie (N=72)




Die meerderheid mans, naamlik 25.00% (18) uit die twee-en-sewentig (72), die meerderheid vrouens, naamlik 27.78% (20) uit die twee-en-sewentig (72) en die meerderheid adolessente, naamlik 23.61% (17) uit die twee-en-sewentig (72) het nooit 'n wens dat hulle nie deel van die gesin was nie. Daar was vier mans (5.56%), twee vrouens (2.78%) en drie adolessente (4.17%) wat selde wens dat hulle liever nie deel van hulle gesin was nie.

Hoofstuk 4: Empiriese navorsing

Twee vrouens (2.78%) en vyf adolessente (6.94%) het wel soms die wens dat hulle nie deel sou wou wees van hulle gesin nie. Daar was egter een man (1.38%) wat altyd wens dat hy nie deel van sy gesin was nie.

Stelling K: My gesinslede argumenteer te veel.
Tabel 26: My gesinslede argumenteer te veel (N=72)

	MAN		VROU		ADOLESSENT		TOTAAL
	F	%	F	%	F	%	
Nooit	2	2.78	2	2.78	2	2.78	8.33%
Selde	9	12.50	7	9.72	12	16.67	38.89%
Soms	8	11.11	5	6.94	3	4.17	22.22%
Helfte van die tyd	0	0.00	1	1.39	2	2.78	4.17%
Dikwels	4	5.56	8	11.11	3	4.17	20.83%
Meestal	0	0.00	1	1.39	3	4.17	5.56%
Altyd	0	0.00	0	0.00	0	0.00	0.00%
TOTAAL	N=23	31.94%	N=24	33.33%	N=25	34.72%	100%

Figuur 25: My gesinslede argumenteer te veel (N=72)


Twee mans (2.78%), twee vrouens (2.78%) en twee adolessente (2.78%) voel dat hulle gesinslede nooit te veel argumenteer nie. Daar is wel nege mans (12.50%), sewe vrouens (9.72%) en twaalf adolessente (16.67%) wat voel dat die gesin selde te veel argumenteer.

Hoofstuk 4: Empiriese navorsing

Agt mans (11.11%) voel dat die gesinslede soms te veel argumenteer, terwyl vyf vrouens (6.94%) en drie adolessente (4.17%) ook so voel. Slegs een vrou (1.39%) en twee adolessente (6.78%) voel die helfte van die tyd so. Daar was wel vier mans (5.56%), agt vrouens (11.11%) en drie adolessente (4.17%) wat voel dat hulle gesinslede dikwels te veel argumenteer. Een vrou (1.39%) en drie adolessente (4.17%) voel dat die gesinslede meeste van die tyd te veel argumenteer.

SENTRALE TEMAS UIT BOGENOEMDE DATA:

- Die vrou ervaar die meeste bevrediging in terme van hulle gesinsverhouding in vergelyking met die man en die adolessent. Dit kan wees omdat sy makliker 'n lyn trek tussen 'ma-wees' en 'eggenoot-wees' (Lindahl & Malik, 1999:327).
- Die meerderheid adolessente en mans voel dat hulle nie deel wil wees van hulle gesin nie. Die adolessent se soeke na onafhanklikheid sal waarskynlik hierdie gevoel by hom ondersteun (Hoofstuk 2 – 2.3.4.5).
- Die vrou en adolessent voel dat hulle as gesin te veel argumenteer. Dit kan wees omdat die adolessent en die vrou se verhouding baie meer kompleks is (Hoofstuk3 - 3.3.3.1.1).

- **Vergelyking tussen al die Hudsonskale: Indeks vir huwelikstevredenheid, -ouergesindheid en -gesinsverhoudinge**

Hoofstuk 4: Empiriese navorsing

Tabel 27: Gesamentlike tabel vir die vergelyking van die Indeks vir Huwelikstevredenheid, -Ouergesindheid en -Gesinsverhoudinge

	Huweliks- tevreedenheid		Ouergesindheid		Gesinsverhoudinge		
	Man	Vrou	Man	Vrou	Man	Vrou	Ad
Gesin 1	2	6	5	4	8	5	9
Gesin 2	3	6	3	6	7	3	4
Gesin 3	12	14	5	5	19	25	21
Gesin 4	19	36	7	5	13	41	19
Gesin 5	55	24	17	12	43	32	20
Gesin 6	-	13	-	15	-	21	29
Gesin 7	31	28	4	17	13	18	28
Gesin 8	13	27	1	8	10	21	21
Gesin 9	22	13	12	16	39	19	27
Gesin 10	5	17	5	15	12	15	21
Gesin 11	9	13	0	0	1	1	8
Gesin 12	10	15	8	10	14	14	19
Gesin 13	2	2	1	1	3	1	4
Gesin 14	15	15	8	7	6	5	3
Gesin 15	-	52	-	27	-	45	31
Gesin 16	9	13	8	1	9	5	5
Gesin 17	24	11	3	3	15	11	16
Gesin 18	9	1	6	1	10	1	15
Gesin 19	26	15	7	17	10	13	11
Gesin 20	-	-	-	-	53	-	67
Gesin 21	48	29	14	6	25	12	23
Gesin 22	9	4	14	6	5	4	9
Gesin 23	9	8	11	3	10	8	10
Gesin 24	1	1	1	1	4	5	10
Gesin 25	0	0	0	2	12	8	7
TOTAAL	15.14	15.13	6.36	7.83	14.83	13.88	17.48
	N=22	N=24	N=22	N=24	N=23	N=24	N=25
	N=68		N=47		N=49		

Gesin 4:

Die vrou se huwelikstevredenheid (telling=36) asook haar gesinsverhouding (telling=41) dui aan dat daar 'n definitiewe verbetering nodig was. Haar ouergesindheid (telling=5) was egter weer baie bevredigend. Dis ironies dat die res van hierdie gesin, op al die skale 'n bevredigende telling het. Dit blyk dus dat die vrou se lae huwelikstevredenheid nie haar ouergesindheid beïnvloed nie.

Gesin 5:

Die man se huwelikstevredenheid (telling=55) en gesinsverhouding (telling=43) dui aan dat daar 'n definitiewe verbetering nodig was. Sy ouergesindheid (telling=17) was egter bevredigend. Die vrou se huwelikstevredenheid (telling=24) was net-net bevredigend, alhoewel sy voel dat die gesinsverhouding (telling=32) wel aandag nodig het. Die adolessent se gesinsverhouding (telling=20) was bevredigend, asook beide die man en vrou se ouergesindheid. Dit blyk dus dat die gesin wel probleme ervaar in terme van hulle huwelikstevredenheid en gesinsverhoudinge, maar geen probleme het met hulle ouergesindheid nie.

Gesin 7:

Die huwelikstevredenheid van die man (telling=31) dui daarop dat daar definitief 'n verbetering nodig was, teenoor die vrou (telling=28) wat ook voel dat die huwelikstevredenheid aandag moet geniet. Die man en vrou vind hulle ouergesindheid en gesinsverhoudinge egter bevredigend. Die adolessent (telling=28) voel wel dat die gesinsverhoudinge aandag moet kry. Dit blyk dat die onbevredigende huwelik nie die ouergesindheid of gesinsverhouding beïnvloed nie.

Gesin 15:

In hierdie gesin het die man nie een skaal voltooi nie. Die vrou het op al haar skale hoë tellings getoon. Haar huwelikstevredenheid (telling=52) asook gesinsverhoudinge (telling=45) dui op 'n definitiewe verbetering wat nodig was.

Hoofstuk 4: Empiriese navorsing

Haar ouergesindheid (telling=27) sal ook aandag moet geniet, terwyl die adolessent ook voel dat die gesinsverhouding (telling=31) verbeter moet word. Hier blyk dit dat die gesin op al drie skale probleme ervaar.

Gesin 20:

In hierdie gesin het die man slegs een skaal voltooi, naamlik die Indeks vir gesinsverhouding. Hier het die man (telling=53) asook die adolessent (telling=67) aangedui dat daar 'n definitiewe verbetering nodig was. Dit blyk dat die gesin op al drie skale moontlike probleme kan ervaar.

Gesin 21:

Die huwelikstevredenheid van die man (telling=48) benodig definitief 'n verbetering, terwyl die vrou (telling=29) ook aandui dat hulle huwelikstevredenheid aandag moet geniet. Tog is beide se ouergesindheid bevredigend. Die gesinsverhouding was volgens die vrou en adolessent bevredigend, alhoewel die man (telling=25) voel dat dit ook aandag kan kry. Hier blyk dit dat die egmaats se huwelikstevredenheid nie die ouergesindheid beïnvloed nie.

Die navorser is van mening dat al die moontlike probleemgesinne aandui dat hulle in hulle huwelik nie die nodige tevrendeheid ervaar nie, maar dat dit nie hulle gesinsverhouding of ouergesindheid noodwendig beïnvloed nie. Dit was wel duidelik dat gesinne wat wel probleme ervaar in terme van die ouergesindheid of gesinsverhouding ook presenteer met 'n gebrek aan huwelikstevredenheid. Dit verklaar waarskynlik waarom egmaats wat in konflik is met hulle kinders, ook geneig is om in konflik te wees met mekaar (Almeid, *et al.* 1991:28 en Lauer & Lauer, 1997:307).

- **Pearson se korrelasie koëffisiënt in terme van die Indeks vir huwelikstevredenheid, -ouergesindheid en -gesinsverhoudinge**

Volgens Burns (2000:233 en 234) is die perfekte positiewe korrelasie koëffisiënt 1.0, terwyl die perfekte negatiewe korrelasie koëffisiënt -1.0 is. Die Pearson Korrelasie koëffisiënt (r) meet dus die sterkte van 'n verhouding tussen die twee veranderlikes.

Tabel 28: Pearson se korrelasie koëffisiënt (N=72)

Korrelasie koëffisiënt = r; Oorskrydings waarskynlikheid = p

		Huwelikstevredenheid		Ouergesindheid		Gesinsverhouding		
		Man	Vrou	Man	Vrou	Man	Vrou	Adolesseent
Huwelikstevredenheid Man	r	1.00	0.67	0.63	0.47	0.73	0.53	0.57
	p	-	0.01	0.01	0.03	0.01	0.01	0.01
	N	22	22	22	22	22	22	22
Huwelikstevredenheid Vrou	r	0.67	1.00	0.47	0.63	0.40	0.83	0.66
	p	0.01	-	0.03	0.01	0.06	0.01	0.01
	N	22	22	22	22	22	24	24
Ouergesindheid Man	r	0.63	0.29	1.00	0.35	0.64	0.30	0.29
	p	0.01	0.18	-	0.11	0.01	0.17	0.19
	N	22	22	22	22	22	22	22
Ouergesindheid Vrou	r	0.47	0.65	0.35	1.00	0.49	0.65	0.71
	p	0.02	0.01	0.11	-	0.02	0.01	0.01
	N	22	24	22	22	22	24	24
Gesinsverhouding Man	r	0.73	0.40	0.64	0.49	1.00	0.61	0.81
	p	0.01	0.06	0.01	0.02	-	0.01	0.01
	N	22	22	22	22	23	22	24
Gesinsverhouding Vrou	r	0.53	0.83	0.31	0.65	0.61	1.00	0.74
	p	0.01	0.01	0.17	0.01	0.01	-	0.01
	N	22	24	22	24	22	24	24
Gesinsverhouding Adolesseent	r	0.57	0.66	0.29	0.71	0.81	0.74	1.00
	p	0.01	0.01	0.19	0.01	0.01	0.01	-
	N	22	24	22	24	23	24	25

Hoofstuk 4: Empiriese navorsing

Burns (2000:235) verskaf die volgende bruikbare aanwysings om die sterkte van die verhouding te bepaal volgens die korrelasie koëffisiënt.

0.90 – 1.00	= Baie hoë korrelasie	= Baie sterk verhouding
0.70 – 0.90	= Hoë korrelasie	= Merkbare sterk verhouding
0.40 – 0.70	= Gemiddelde korrelasie	= Aanvaarbare verhouding
0.20 – 0.40	= Lae korrelasie	= Swak verhouding
minder as 0.20	= Swak korrelasie	= Baie swak verhouding

Die korrelasie tussen die huwelikstevredenheid van die man en die huwelikstevredenheid van die vrou was 0.67. Dit was 'n gemiddelde korrelasie wat op 'n aanvaarbare verhouding dui. Die oorskrydingswaarskynlikheid tussen die huwelikstevredenheid van die man en huwelikstevredenheid van die vrou was 0.07. Aangesien die p-waarde groter as 0.05 was daar geen betekenisvolle verskil tussen die huwelikstevredenheid van die man en die huwelikstevredenheid van die vrou nie.

Die korrelasie tussen die ouergesindheid van die man en die ouergesindheid van die vrou is 0.35. Dit was 'n lae korrelasie wat op 'n swak verhouding dui. Die oorskrydingswaarskynlikheid tussen die ouergesindheid van die man en die ouergesindheid van die vrou was 0.11. Aangesien die p-waarde groter as 0.05 was, was daar geen betekenisvolle verskil tussen die ouergesindheid van die man en die ouergesindheid van die vrou nie.

Die korrelasie tussen die gesinsverhouding van die man en die gesinsverhouding van die vrou is 0.67. Dit was 'n gemiddelde korrelasie wat op 'n aanvaarbare verhouding dui. Die oorskrydingswaarskynlikheid tussen die gesinsverhouding van die man en gesinsverhouding van die vrou was 0.01. Aangesien die p-waarde laer as 0.05 was, was daar 'n betekenisvolle verskil tussen die gesinsverhouding van die man en die gesinsverhouding van die vrou.

Die korrelasie tussen die gesinsverhouding van die man en die gesinsverhouding van die adolessent was 0.81. Dit was 'n hoë korrelasie wat op 'n merkbare sterk verhouding dui. Die oorskrydingswaarskynlikheid tussen die gesinsverhouding van die man en die gesinsverhouding van die adolessent was 0.01.

Hoofstuk 4: Empiriese navorsing

Aangesien die p-waarde kleiner as 0.05 was, was daar 'n betekenisvolle verskil tussen die gesinsverhouding van die man en die gesinsverhouding van die adolessent. Die korrelasie tussen die gesinsverhouding van die vrou en die gesinsverhouding van die adolessent was 0.74. Dit was 'n hoë korrelasie wat op 'n merkbare sterk verhouding dui. Die oorskrydingswaarskynlikheid tussen die gesinsverhouding van die vrou en die gesinsverhouding van die adolessent was 0.01. Aangesien die p-waarde kleiner as 0.05 was, was daar 'n betekenisvolle verskil tussen die gesinsverhouding van die vrou en die gesinsverhouding van die adolessent.

SENTRALE KONSEPTE UIT DIE BOGENOEMDE DATA:

- Dit blyk dat egmaats met onbevredigende huwelikstevredenheid nie noodwendig onbevredigende gesinsverhoudinge of ouergesindheid ervaar nie.
- Dit wil voorkom dat egmaats wat wel 'n onbevredigende gevoel ervaar in terme van hulle gesinsverhoudinge en ouergesindheid ook met onbevredigende huwelikstevredenheid presenteer.

4.4 KWALITATIEWE DATA

Na afloop van die verwerking van die kwantitatiewe data, is die moontlike probleemgesinne geïdentifiseer. Hierdie geïdentifiseerde gesinne was hoofsaaklik gesin 4, 5, 6, 7, 15, 20 en 21. Uit hierdie gesinne is drie gesinne – wat bereid was om verder aan die studie deel te neem – genader vir 'n aangesig-tot-aangesig onderhoud. Die doel van hierdie onderhoud was om vrae in terme van die navorsingsvraag direk aan hierdie gesinne te stel om sodoende gedetailleerde inligting te bekom. Die vrae in hierdie aangesig-tot-aangesig onderhoude was soos volg.

Vraag 1: Watter invloed het die adolessent op die atmosfeer in die huis?

Vraag 2: Hoe beïnvloed die adolessent die huweliksverhouding van die ouers?

Hoofstuk 4: Empiriese navorsing

Vir die doel van hierdie onderhoude is gesin 4, 6 en 15 genader en word die data vervolgens weergegee. Hierdie data is nie taalkundig korrek nie aangesien dit die direkte transkribering is van die onderhoude.

4.4.1 Aangesig-tot-aangesig onderhoude

GESIN 4

- Navorser** : Watter invloed het die adolessent op die atmosfeer in die huis?
- Vrou** : Hulle verander die hele huis.
- Man** : Sjoe, baie dinge is positief en baie dinge is negatief.
- Navorser** : Ja.
- Man** : Dit hang baie af van wat die dag gebeur het, hoe was hulle dag – dit kom terug na die huis toe.
- Navorser** : Imm.
- Man** : Daar kom dae, dan kom pak hulle af; pa, dit het verkeerd geloop – en jy voel dit ook aan, want hulle probleem is jou probleem. Jy kan nie wegdraai van dit af nie. Dis tog jou probleem ook. Jy kyk net vir mekaar, dan voel jy dit byt haar en dit byt hom. Aan die einde van die dag dan kyk jy wat jy kan maak met daardie probleem. Om weg te draai, is net die verkeerde ding. Jy moet die ding in die oë kyk en help – om vir hom of haar sukses te kan bereik.
- Navorser** : Dit klink dat die probleme waarmee hulle huis toe kom die atmosfeer beïnvloed?
- Man** : Ja, jy kan dit voel
- Vrou** : Gelukkig is ons maar 'n lawwe familie. Alles vat ons mooi rustig. Hulle musiek is ook soms 'n ding. Hulle het so rak met CD daar's wat hulle na luister – en almal moet altyd daarna luister. Die huis draai om 'n tiener. By my kom my kinders eerste.
- Navorser** : Ja?
- Vrou** : En dan my man, waar die ander mense dit seker anders doen. My kinders sal dit kan beaam. Hulle is altyd eerste. So, ek weet nie in ander huise – hoe gaan dit daar nie, maar ek probeer my bes.
- Man** : Ek sal ook sê jou kinders se probleme, is tog jou probleme.

Hoofstuk 4: Empiriese navorsing

Jy tel dit op. Baie keer lyk dit of jy nie luister nie, maar dan sien jy hulle kla en dan sorteer jy daardie ding uit.

Vrou : Gelukkig is hulle oop, jy weet – dat hulle oor alles kom praat.

Man : Ja, jy hoor dit. Jy weet presies wat aangaan.

Navorser : Klink daar is oop kommunikasie.

Vrou : Ja, ons berispe mekaar. Dis lekker nou dat hulle groot is. Jy kan gesels en jy kan argumenteer – saam alles bespreek.

SENTRALE TEMA VIR VRAAG 1 UIT BOGENOEMDE IS SOOS VOLG:

- Die adolessent se ervaringe weg van die huis – veral negatief – word deur die ouers aangevoel weens die adolessent se gemoedstoestand.
- Die adolessent se probleme word die gesin se probleme.
- Alles in die huis, veral vir die vrou, sentreer om die adolessent. (Vgl. Prinsloo, 1994:43 en 72.)
- Kommunikasie en argumente word meer aangenamer beleef met adollesente in die huis. (Vgl. Rice 1990:209 en Hoofstuk 3 – 3.3.3.3.1.)

Navorser : Die tweede vraag, hoe raak die tiener, hoe beïnvloed die tiener die ouers se huwelik?

Vrou : Hulle vat baie van 'n mens se tyd saam. Partykeer kom ek uit die bad uit, dan sit hulle by pa op die bed – in die kamer, jy weet, by ons – so, ek en hy het nie baie tyd saam nie, omrede hy werk in skofte, as hy inkom, dan gaan ek weer werk toe, en altyd as ons bietjie tyd alleen saam kan hê – dan het die kinders weer iets aan. So hulle vat baie van ons tyd.

Man : Ons lê ook soms wakker en wag totdat hulle by die huis kom. Sy lê meer wakker as ek. Dan sê vir haar luister, slaap, hy gaan mos huis toe kom.

Vrou : Ja ons vrouens bekommer mos maar meer.

Man : Sy sê ek gee niks om nie, dan sê ek nee.

Navorser : Enige ander maniere hoe hulle 'n huwelik kan beïnvloed?

Hoofstuk 4: Empiriese navorsing

- Man** : Ja, hulle het mos hulle eie maniertjies. Ma het haar manier van dinge doen, nou verskil dit, maar sy wil nie met hom gaan baklei nie, dan baklei sy nou maar met my 'Jy moet jou gedra, kom bietjie vroeër terug in die huis.' Nou ek verstaan dat kinders ook hulle vryheid wil hê.
- Vrou** : Ja, ek verstaan ook.
- Man** : Hy het sy eie verantwoordelikheid.
- Navorsers** : So dit klink of julle bekommernisse oor die adolessent tot konflik tussen julle kan lei.
- Man** : Maklik. Dit veroorsaak maklik, want jy dink nie soos sy dink nie. Sy dink net soos 'n ma en ek dink soos 'n pa. Ek sien dat ek moet so nou en dan die outjie begin los, sodat hy sy eie goed moet verstaan. Nie omdat jy enigsins nie omgee of iets nie, maar ek was ook jonk gewees. Hy wil ook dinge op sy eie manier beleef en doen. Dit kry jy mos nie sommer in 'n vrou se kop nie. Hulle wil mos ure sit en gesels.
- Vrou** : Ja, ons moet saam winkel toe, -dis vir my lekker. Maar ons tieners is meer alleen, sy raak losser van ons. En ek wil dit nie aanvaar nie.
- Man** : Dit is wat ek nou weer aanvaar. Hy raak nou los. Hy gaan nou op sy eie, en dit is nou een se manier van dinge doen. Hy raak....
- Vrou** : Die aardigste is om in die aand te gaan slaap, en almal is nie daar nie. Ek is net vir altwee lief. Saterdagand het ons hier gebraai, en dit was so lekker, want ek het geweet, hulle altwee is hier. Die kinders is maar tog 'n vreugde in ons lewe.
- Man** : Party dae is ek so vies vir hulle, en ander dae is dit te lekker.
- Vrou** : Ek het al daaraan gedink om vir hulle elkeen 'n plekkie hier by die huis aan te bou – sodat hulle hier kan bly.

SENTRALE TEMAS VIR VRAAG 2 UIT BOGENOEMDE IS SOOS VOLG:

- Die adolessent neem baie van die egmaats se tyd alleen saam in beslag.
- Ouers se bekommernisse oor die adolessent lei dikwels tot huwelikskonflik (Halford & Markman, 1997:232 en Hoofstuk 3 – 3.3.3.3.1 (a).
- Die ma vermy dikwels konflik met die adolessent, en tree eerder in konflik met haar man.
- Die vrou vind dit moeilik om haarself los te maak van die adolessent (Hoofstuk 3 – 3.3.1.3).

GESIN 6

- Navorser** : Watter invloed het die adolessent op die atmosfeer in die huis?
- Man** : Dit werk na twee kante, positief en negatief. Sy gemoedstoestand as hy by die huis kom, die manier hoe hy opstaan in die oggend, en as hy van die skool af kom, en of sy pëlle hom omgekrap het, dan loop hy dikbek by die huis rond en nou-nou is almal kwaad. Dit is oor die algemeen wat gebeur!
- Vrou** : Imm, ja.
- Man** : Positiewe sin, as hy inkom, fluit-fluit en singerig dan
- Vrou** : Dan voel almal sommer lekker.
- Man** : Dan kyk ek bietjie skepties na hom.
- Navorser** : Ja?
- Man** : Ja wat nou?
- Vrou** : Wat het hy nou weer gedoen?
- Man** : Dit mos nou te goed om waar te wees. Dan voel dit dat dit dalk net te goed is om waar te wees. Maar dis hoe hulle 'n verskriklike groot invloed het in ons huis. Hy skep eenvoudig 'n atmosfeer. Hy kan 'n atmosfeer breek ook. Ons almal kan by die huis wees – lekker rustig, geen probleme nie. Volgende oomblik stap een van hulle in en dan is dit *'hel to play'* – om dit nou reguit te sê.

Hoofstuk 4: Empiriese navorsing

Daar is 'n bakleiery en alles. Ek weet nie om watter rede nie en waarom dit gaan nie. En dan veral as dit kom by straf.

Navorsers : Met ander woorde dissipline?

Man : Dissipline. Dit is die grootste pyn vir hulle. By skole word lyfstraf nie meer gedoen nie. By die huis mag jy hulle nie meer slaan nie, want dan gaan hulle jou by die polisie verkla vir aanranding en elke ding. Ek dink dit is verkeerd.

Navorsers : So mens se hande word afgekap?

Man : Ja, dit word afgekap. Ek sal baie keer net wil inklim met die lat en nie bietjie die 'wax treatment' toepas. Die sielkunde toepas op kinders is 'n klomp 'crap'. Al wat hulle soms soek is 'n goeie pak slae – self 'n meisiekind, al is sy sestien jaar oud. Vandag se tieners kruip weg agter sielkunde. Hulle dink hulle kan maak en breek soos hulle wil, maar dit werk nie so nie. Die tiener het baie komplikasie. As daar nie dissipline is nie, dan maak en breek hulle soos hulle wil en dis dan wanneer dit 'n baie groot invloed in die huis het.

Vrou : Die tiener wil sy eie identiteit probeer uitleef, ongeag op wie hy trap.

Man : As hulle rebels raak dan sê dit vir my hulle wil nie meer onder dissipline staan nie. Ek het dit al soveel keer gesien. As jy in 'n huis instap, waar die atmosfeer lekker is, dan bring almal hulle deel in daardie huis. Almal kom pligte na in so huis. Ja, die tiener kan baie maklik die atmosfeer in die huis maak of breek. So ek sal sê dat die atmosfeer in die huis geraak word. Dit hang net af wat het by die skool of kerk met die kind gebeur, hoe hy oor dissipline in die huis voel en waarvan hy nie hou nie, en.....

Navorsers : Ja.

Man : En dan ook as hy instap by die huis – die gemoedstoestand van die mense in die huis – die hele gesin.

Vrou : Almal het dan 'n invloed op die atmosfeer.

Man : Ja.

SENTRALE TEMAS VIR VRAAG I UIT BOGENOEMDE IS SOOS VOLG:

- Die adolessent se gemoedstoestand bepaal die atmosfeer in 'n huis, hetsy positief of negatief.
- Indien hy/sy 'n negatiewe ervaring by die skool gehad het, word die negatiewe in die huis ingebring.
- 'n Ongeruime adolessent maak almal vrolik.
- Die adolessent se strewe na onafhanklikheid, selfsug en eie identiteit weg van dissipline maak dat ander huislede seergemaak voel. (Vgl. Hoofstuk 2 –2.3.4.5.)

Navorsers : Tweede vraag, wat dink u is die invloed wat 'n adolessent het op die ouers se huwelik.

Vrou : Ja hulle het 'n invloed op die huwelik. Baie meer as wat ons altyd dink.

Man : Dit hang ook af van interverhoudings. Kom ons vat 'n gewone gesin. As die man en vrou saam besluit oor wat die dissipline en reëls in die huis is

Navorsers : Imm.

Man : Gaan die tieners nie 'n baie groot invloed op hulle hê nie. Hulle sal nie ma en pa teen mekaar kan afspeel nie. Ma is gewoonlik sag teenoor die seun, en pa sag met die dogters. Dit is maar hoe dit normaalweg werk. Maar as die ouers saam ooreenkom oor die dissipline, die straf, die toepassings van die straf, dan sal hulle geen invloed hê nie. Hulle sal geen invloed hê op die huwelik nie. Jy kan dan sit en gesels en probleme uitpraat. Maar, die ouers wat nie saamstem oor sekere reëls en regulasies nie, daar gaan die tieners, definitief pa en ma afspeel en op die einde van die dag gaan jy struweling kry tussen mekaar. Dit is wat gaan gebeur.

Hoofstuk 4: Empiriese navorsing

- Vrou** : Ja, as ek nou dink in ons geval. Omdat hulle weet ek stem saam met wat my man voel, gaan hulle nooit 'n kans vat nie. Hulle gaan probeer – 'n tiener sal altyd 'n kans probeer vat. Maar, imm, hulle weet dan – dis hoe ons besluit het, 'sorry' – maar dis hoe ons besluit het. Klaar. Hulle 'try' nie weer hulle 'luck' nie.
- Navorsers** : Dit klink dus dat as ouers nie uit een mond praat nie, die tiener hulle dan kan manipuleer?
- Man** : Ja.
- Vrou** : Definitief.
- Man** : Nee, maar ma het so gesê, nee pa het so gesê – hulle kan lieg en dan daarmee wegkom.
- Vrou** : Ja, ek kan baie keer, as my man nie hier is nie, 'n besluit neem, en weet - dis hoe hy dit ook sou wou gehad het. Dit maak dit dan maklik. Maar, dan moet jou verhouding so wees dat jy dit kan doen.
- Navorsers** : Enige ander manier hoe die tiener harmonie of konflik binne die huwelik kan veroorsaak?
- Man** : Ja, die harmonie is wanneer jy sien dat jou seun sy meisie ook hanteer soos ek my vrou hanteer.
- Vrou** : Ja, dit is so.
- Man** : Dan is dit 'n lekker gevoel as jy sien dat hy sy meisie ordentlik hanteer. Maar, ons weet ons twee is lief vir mekaar en as hy kom en hy praat met sy meisie baie sleg, dan beïnvloed dit my en ek sal met hom daarvoor praat. Dit hang dus af oor hoe jou huwelik is, en waarop dit gebaseer is. Of julle saam praat, of julle uit twee monde praat, die man die sterk een is, die vrou die sterk een is. Aan die harmonie kant is dit dat as ouers saam werk, dit dan die huwelik baie makliker maak. Maar as hulle ons kan manipuleer, dan veroorsaak dit struweling tussen my en haar – en op die einde van die dag is dit 'n groot bakleiery wat eintlik nie ons skuld was nie – en hy staan terug en lag. Omrede, as hy sy sin wil hê..... As sy ma vir my kwaad is, dan sal hy dit kry. So deur konflik tussen ons twee te veroorsaak, gaan hy sy sin kry.

Hoofstuk 4: Empiriese navorsing

- Vrou** : Ja hulle doen dit. Hulle manipuleer ons. Ons laat ook nie toe dat hulle ons finansiële raak nie. Ons volg nie die modeslaaf na nie. Ek gaan nie vir hom 'n *'Billabong'* hemp koop net omdat hy een wil hê nie. Vir daardie prys koop ek by *'Mr. Price'* vier hemde vir die prys van een. So hulle weet. Hulle probeer nie eens hulle *'luck'* nie. As hulle self gewerk het vir geld, wat hulle met daardie geld maak is hulle saak. As hulle dit alles wil spandeer op een *'Billabong'* dan is dit sy saak.
- Man** : Ek laat nie toe dat hy my druk vir geld nie. Dit is wel soms moeilik om aan hulle te verduidelik hoekom hy nie die geld kry nie – of hoekom ek nie iets toelaat nie.
- Navorsers** : Dit klink of die adolessent dus soms moeilik insig ontwikkel?
- Man** : Baie beperkte insig. Hulle het klaar hulle eie *'minds'* opgemaak.
- Vrou** : Die waardesisteme en dissipline in die skole val ook. Dit is nie meer daar nie en jy kry van die ouer onderwysers, wat nog 'n bietjie dissipline kan toepas en vir die kinders waardes kan leer. Maar ek is....., met my jongste seun in graad 11 kan ek dit sien. Dit val al meer weg. Jy kan dus nie meer staat maak op die onderwyser om jou te help nie – om die dissipline en waardesisteme by die skole ook toe te pas nie. As ons sukkel, wat 'n Christelike grondslag het, hoe moet die kinders wat dit nie het nie, sukkel.
- Man** : Al daardie slegte waardes en dissipline wat hy dan by die skool sien, bring hy dan in jou huis in. Vervalle, en slegte norme. Daar vorm dus nou 'n groot skeiding tussen die huis en skool.
- Navorsers** : So dit maak dit moeilik om 'n tiener te hê?
- Vrou** : Ja.
- Man** : Ja, hulle breek die dissipline af, terwyl jy dit weer probeer opbou.
- Vrou** : By die skool is hulle gemeng met ander groepe, wat geen Christelike grondslag het nie. Ons is gelukkig as ons kinders wel 'n maat kies wat 'n Christelike grondslag het. Maar as hy sien hoe die ander rebels raak, hoekom kan hy dan nie ook nie. Hulle kry ook nie meer daardie riglyn by die skole nie, en ons as ouers het nie altyd al daardie kennis om te weet nie. Die ouers moet dan daardie inligting soek.

SENTRALE TEMAS VIR VRAAG 2 UIT BOGENOEMDE IS SOOS VOLG:

- Egmaats bevestig dat adolessent wel hulle huweliksverhouding beïnvloed (Hoofstuk 3 – 3.3.3.1.1 asook 3.3.3.3.1).
- Egmaats het onderling konflik weens adolessent wat hulle teen mekaar afspeel of nie onder dissipline wil staan nie (Hoofstuk 2 –2.3.4.3 en Hoofstuk 3 – 3.3.3.1.1).
- Egmaats ervaar vreugde as adolessente die waardes/normes uitleef wat die egmaats hulle leer en wys.
- Egmaats wat ooreenstem rakende ouerskapstyle sal 'n sterker huwelik daarstel. (Vgl. Hoofstuk 2.3.4.5.)

GESIN 15

Navorsers : Hoe beïnvloed 'n tiener die atmosfeer in die huis?

Vrou : Oo, op baie maniere.

Man : Hulle doen dit gereeld, want hulle het hulle eie sienswyse van die ding.

Navorsers : Imm.

Man : Nou veral, die een laaitie is nou al groot en die ander een is 'n laatlam, maar wat hy wil doen is nie wat hulle wil doen nie – dis nie reg nie en dit eindig in 'n helse bakleiery. Dis 'n mal plek in hierdie huis. Die een boetie wil iets doen wat die ander boetie nie wil nie. Die een is 'n, 'n, baie terggees.

Navorsers : Imm.

Man : En hulle kan dit nie hanteer nie.

Navorsers : Die ouer kinders?

Man : Ja, want hulle twee is in die hoërskool en hy is in graad 6. Hulle kan dit nie hanteer as hy so aangaan nie. Ooo, soos nou vanmiddag, ek het gevoel ek wil hom net gryp. Want nou sit hy op die dak en hy vlieg sy 'kite', en nou sit hy hier op die dak en 'kwa-kwa-kwa'.

Hoofstuk 4: Empiriese navorsing

- My vrou wil vrektes vang in hierdie huis. So gaan dit.
- Navorser** : So dit klink my daar's baie lewe in so huis.
- Man** : Ooo, ja.
- Vrou** : Ja, ja.
- Man** : Ja, ons is elke dag besig.
- Vrou** : Veral as hulle opgewonde is oor 'n ding. Dan maak dit heeltemal jou dag anders.
- Navorser** : As hulle nie opgewonde is oor 'n ding nie?
- Vrou** : Dan is die dag omgekrap.
- Man** : Dan is daar moeilikheid. Dan het almal net so kort humeurtjie.
- Vrou** : En dan moet niemand op mekaar se tone trap nie.
- Man** : Veral die oudste een wat nou matriek is, hy het nou op daardie stadium gekom waar hy nou dink, ek is nou groot.
- Navorser** : Imm.
- Man** : Ons het takies wat almal moet doen. Skottelgoed was, ek weet nie, julle het dit seker ook gehad. Ons het so groot geword – skottelgoed was en afdroog, matte uitsuig. Nou het hy op daardie stadium gekom waar hy nou klaarmaak met skool, dan wil hy niks doen nie, niks meer doen nie. En nou is dit maar altyd die kleintjie wat deurloop. En dan word dit 'n helse bakleiery.
- Navorser** : Dit klink my die eie wil speel 'n groot rol.
- Man** : Ooo, die eie wil. Dit speel 'n helse groot rol.
- Vrou** : Die meisiekind is die staatmaker. Sy bring haar kant.
- Man** : Sy het nie 'n probleem nie.
- Vrou** : Sy doen als.
- Man** : Ek weet nie, sy het seker 'n ander mama en papa want ek weet nie waar kom sy vandaan nie. Jy kan vir haar enige ding sê, sy is elke dag aan die gang. Vrou werk tot laat, 6 uur in die aand. En as sy hier kom, dan het die kind klaar kos gemaak.
- Navorser** : Sjoë, so sy help baie.
- Vrou** : Ja die afgelope 2-3 jaar se tyd, het sy begin leer kos maak. Baie pasta's en goed. Regtig in daai opsigte is sy goed.
- Man** : Dis hoekom al daardie beeldjies daar staan, en al die medaljes. Die meisiekind gaan net aan. Sy is baie sterk. Sy behoort eendag vêr te kom in die lewe. As sy nou net die skool kan deurkom.

Hoofstuk 4: Empiriese navorsing

Navorsers : Enige ander manier hoe die adolessent die huis se atmosfeer kan beïnvloed?

Vrou : Hulle kan baie opgewonde wees, dan luister almal, en dan is dit lekker.

SENTRALE TEMAS VIR VRAAG 1 UIT BOGENOEMDE IS SOOS VOLG:

- Die adolessent se unieke sienwyse beïnvloed die atmosfeer.
- Die adolessent se strewe na onafhanklikheid lei tot gesinskonflik (Hoofstuk 2 – 2.3.4.5 en Hoofstuk 3 – 3 en Benokraitis, 1999:305).
- Die adolessent se opgewondenheid word aan die hele gesin oorgedra.
- As adolessente negatief voel, raak die hele huis negatief.
- Konflik ontstaan as die adolessent nie meer onder die ouers se reëls en regulasies staan nie (Bernt, 1997:442 en Hoofstuk 3 – 3.3.3.3.1).
- As die adolessent hom by die huisreëls hou, dan is hy/sy 'n vreugde.

Navorsers : Hoe dink julle kan die tiener julle huwelik beïnvloed?

Vrou : Ja, baie.

Man : Baie, baie.

Vrou : Want ma stem nie saam met pa nie en pa stem nie saam met ma nie.

Man : Nee, maar as jy dit so vat. Dan is ma in die kombuis en pa sit hier voor die TV. Dan gaan vra hulle vir ma goed en ma sê ja, maar dan het pa al gister nee gesê. Dan sê ma vandag ja, maar sy weet nie daarvan nie. Maar ons probeer dit keer.

Navorsers : Voel dit of hulle julle afspeel teen mekaar?

Man : Ja, ja, maar pa het gesê nee en dan gaan hulle 'try' vir ma en sy sê ja dis 'okay'. As pa net weer sien, dan is hulle weg. Waar nou? Dan word dit nou 'n helse besigheid.

Hoofstuk 4: Empiriese navorsing

- Vrou** : Ja, maar nou oor die algemeen sê ek vir hulle, wat het julle pa gesê, dan los ek dit vir hom nou. Dan is daar nie 'n gestryery en bakleiery nie, so ek sê net, nee 'sorry', as pa gesê het nee, dan is dit nee. Want ons stry en baklei al reeds klaar genoeg, dat ons nie nog lus het vir die kinders wat ons teen mekaar afspeel nie.
- Navorsers** : Enige ander maniere hoe hulle julle huwelik kan beïnvloed?
- Vrou** : Vir my, hulle bring vir my oplewing in die huis.
- Man** : Jong, dis 'n moeilike storie.
- Vrou** : Vir my is dit so, vir hom kan dit seker anders wees, maar vir my is dit so.
- Man** : Maar daar kom die laaitie nou. Hy is in matriek en hy het nog nie 'n lisensie nie, maar dan vra hy pa ek wil gou hierheen ry. As jy nou vir hom mooi verduidelik dat hy kan dit nie doen, dan is hy baie suur. Ons kan ook sê finansiële raak hulle ons ook 'n bietjie.
- Vrou** : Ja, ons het dit nie goed daarna toe nie, en partykeer sukkel ons maar om hulle goedjies by te bring – want hulle wil graag goed gaan doen, maar jy kan nie altyd vir hulle toelaat om te gaan doen wat hulle wil nie.
- Man** : Hulle weet nie waar kom geld vandaan nie.
- Vrou** : Ons sit nou in daardie bootjie, waar ons nie altyd kan gee nie.
- Man** : Die dogter is baie, baie, hoe kan ek sê, baie selfstandig met haar geld. Sy werk by die SPAR baie naweke en vakansies. So, sy verstaan. Maar die matriek laaitie – die kind kry nie werk vir homself nie....., sodat hy kan sien waar kom geld vandaan. Waar die meisie baie suinig is. Jy kan haar nou R20 gee. Volgende jaar hierdie tyd sal sy nog steeds die R20 hê.
- Vrou** : En sy gebruik haar geld op ordentlike goed. Klere, en sulke goed.
- Man** : Maar hulle verstaan nie as jy sê daar is nie geld nie. Dan is hulle sommer die hel in. Dan wil hulle nie eers met jou praat nie. Dan moet jy ook weer agterna, ek weet nou nie of julle 'n beter woord het nie, maar in Afrikaans dan moet jy weer sy gat lek – en so ... want nou's hy kwaad. Ek is so bly die oudste maak klaar. Dan is dit nog net die meisiekind en dan die laatlammetjie.
- Vrou** : Vir my is dit bietjie moeilik as hulle sal moet weggaan.
- Man** : Dan sal ek en die ou vroultjie seker meer tyd hê vir mekaar.
- Vrou** : Ons sal nie weet wat om met ons eie tyd te maak nie.

SENTRALE TEMAS VIR VRAAG 2 UIT BOGENOEMDE IS SOOS VOLG:

- Die adolessent kan die huwelik baie beïnvloed.
- As die ouers verskil, buit die adolessent dit uit. Volgens Noller & Callon (1991:61) kan die adolessent selfs die bemiddelaar word. (Vgl. Hoofstuk 3 – 3.3.3.3.1.)
- Die adolessent speel ouers teen mekaar af. Volgens Robin & Foster (1989:27) begin die adolessent self deelneem aan die konflik.
- Ouers kan huwelikskonflik vermy, indien hulle 'n ooreenkoms aangaan oor die ouerskapstyl.
- Die adolessent kan ook baie oplewing veroorsaak.
- Finansiële egmaats dit moeilik om altyd aan die adolessent se behoeftes te voorsien (Hoofstuk 3 – 3.3.3.1.1).
- Die man is verlig dat die oudste adolessent die huis gaan verlaat (Noller & Callon, 1991:34 en Hoofstuk 3 – 3.3.3.1.1).
- Die vrou vind dit moeiliker om die adolessente te laat gaan (Hoofstuk 3 – 3.3.1.3).

- **Samevatting van aangesig-tot-aangesig onderhoude**

Vervolgens word al die sentrale temas vanuit die kwalitatiewe data in die volgende tabel saamgevat.

Tabel 29: Getabuleerde samevatting van die invloed wat die adolessent op die atmosfeer in die huis het

Die invloed wat die adolessent op die atmosfeer in die huis het	
Positief	Negatief
<ul style="list-style-type: none">Adolessent se positiewe gemoedstoestand maak die atmosfeer in die huis positief.	<ul style="list-style-type: none">Adolessent se negatiewe gemoedstoestand maak die atmosfeer in die huis negatief.Negatiewe ervaringe buite die huis beïnvloed atmosfeer.Adolessent se onafhanklikheid lei tot gesinskonflik.Adolessent se selfgesentreerdheid lei tot gesinskonflik.

Tabel 30: Getabuleerde samevatting van die wyse hoe die adolessent die ouers se huweliksverhouding kan beïnvloed

Die wyse hoe die adolessent die ouers se huweliksverhouding kan beïnvloed	
Positief	Negatief
<ul style="list-style-type: none">▪ Adolessent kan baie oplewing in gesin bring.	<ul style="list-style-type: none">▪ Adolessent neem baie van ouers se alleen tyd in beslag.▪ Ouers se bekommernisse oor die adolessent lei tot huwelikskonflik.▪ Huwelikskonflik ontstaan dikwels omdat vrou eerder konflik met adolessent vermy.▪ Adolessent buit huwelikskonflik uit.▪ Adolessent speel ouers teen mekaar af.▪ Finansiële vind ouers dit moeilik om altyd in die adolessent se behoeftes te voorsien.▪ Vrou vind dit moeilik om haar los van die adolessent te maak.▪ Man is verlig as eerste kind die huis verlaat.

Vanuit die bogenoemde tabelle is dit duidelik dat die egmaats wat betrokke was by die aangesig-tot-aangesig onderhoude, hulle adolessent se invloed op die huishouding meer negatief as positief beleef. Netso het hierdie egmaats ook aangedui dat hulle adolessent hulle huweliksverhouding meer negatief as positief beïnvloed. Dit verklaar die U-vormige proses waarna Hunter & Sundel (1989:186 en 187) en Halford & Markman (1997:227) verwys.

SENTRALE KONSEPTE UIT BOGENOEMDE DATA:

- Die adolessent beïnvloed die atmosfeer in die huis meer negatief as positief.
- Die adolessent beïnvloed die huwelikstevredenheid van die ouers meer negatief as positief (Halford & Markman, 1997:227).

4.5. SAMEVATTING

4.5.1 Hierdie hoofstuk handel oor die empiriese studie en verskaf die volledige resultate van die kwantitatiewe- asook kwalitatiewe data.

4.5.2 Die kwanitatiewe-kwalitatiewe gekombineerde benadering is gevolg omdat beide benaderings se navorsingsmetodes benut was. Die navorser het slegs een benadering se navorsingsproses gevolg, naamlik die kwantitatiewe navorsingsproses.

4.5.2.1 Die navorsingsonderwerp is geselekteer op grond van die navorser se belangstelling in huwelike en is afgebaken na die vroeë middeljarige se huwelik, waar adolessente teenwoordig in die huishouding is.

4.5.2.2 Na afloop van die literatuurstudie, het die navorser die universum afgebaken na egpare in die vroeë middeljare (35-45 jaar oud) met 'n adolessent (11-18 jaar oud) in die huishouding. Hierdie universum was doelbewus geselekteer vir die doel van verkenning.

4.5.2.3 Die navorsingsvraag, naamlik: Wat is die invloed wat die adolessent op die huweliksverhouding van die middeljarige ouers het. Die vraag is nagevors deur middel van 'n verkennende navorsingsontwerp deur middel van gestandaardiseerde skale (kwantitatiewe data-insamelingsmetode) en aangesig-tot-aangesig onderhoude (kwalitatiewe data-insamelingsmetode).

4.5.3 Die kwantitatiewe data se resultate bestaan uit die verwerking van die biografiese gegewens, asook die gestandaardiseerde skale vir huwelikstevredenheid, -gesinsverhouding en -ouergesindheid. Volgens die

Indeks vir huwelikstevredenheid is die vrouens effens meer tevrede in hulle huwelik as die mans, alhoewel daar geen betekenisvolle verskil volgens die Wilcoxon toets is nie. Die meerderheid egmaats voel wel dat hulle 'n stabiele huwelik het.

4.5.3.1 Volgens die Indeks vir ouergesindheid is die vrouens effens meer positief in hulle gesindheid as ouers in vergelyking met hulle mans, alhoewel daar geen betekenisvolle verskil is volgens die Wilcoxon toets.

4.5.3.2 Volgens die Indeks vir gesinsverhoudinge is die vrouens meer tevrede as die man of adolessent in terme van die gesin se verhouding, alhoewel daar geen betekenisvolle verskil volgens die Friedman twee-rigting toets is nie.

4.5.3.3 Volgens al drie hierdie gestandaardiseerde skale blyk dit dat die egmaats se lae huwelikstevredenheid nie die gesinsverhoudinge of ouergesindheid beïnvloed nie. Dit blyk wel dat indien die gesinsverhoudinge of ouergesindheid laag is, die ouers ook 'n lae huwelikstevredenheid het.

4.5.4 Die kwalitatiewe data se resultate bestaan uit die verwerking van die aangesig-tot-aangesig onderhoude.

4.5.4.1 Volgens die onderhoude beïnvloed die adolessent die atmosfeer in die huis meer negatief as positief.

4.5.4.2 Volgens die onderhoude beïnvloed die adolessent die huweliksverhouding van hulle middeljarige ouers meer negatief as positief.


HOOFSTUK 5

ALGEMENE SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

5.1 INLEIDING

Na afloop van die inleiding van die ondersoek, literatuurstudies en empiriese studie kan die navorser die navorsingsverslag afsluit met die samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings. Vervolgens word die inhoud van die navorsingsverslag kortliks uiteengesit.

Figuur 26: SKEMATIESE VOORSTELLING VAN DIE NAVORSINGSVERSLAG



5.2 HOOFSTUK 1: ALGEMENE INLEIDING TOT DIE ONDERSOEK

5.2.1 Samevatting

Navorsing oor die invloed van die fase van adolessensie (en die ouers se invloed) op die huweliksbevrediging en huweliksverhouding van die ouers is volgens alle literatuur beperk. Die probleem is geformuleer op grond van die gesin wat deur twee veranderinge, naamlik die fase van adolessensie en die fase van die vroeë middeljare terselfdertyd beweeg. Hierdie tydperk in die gesin word ook aan 'n hoë egskedingsyfer in die Suid-Afrikaanse konteks waargeneem.

Die studie het ten doel gehad om 'n ondersoek in te stel na die invloed van die fase van adolessensie op die huweliksbevrediging van die ouers in hulle vroeë middeljare. Die navorsingsvraag in die studie is gestel na die invloed wat die fase van adolessensie het op die huweliksbevrediging van die ouers in hulle vroeë middeljare. Hierdie studie is deur middel van die gekombineerde kwalitatiewe-kwantitatiewe benadering uitgevoer. Die kombinasie wat metodologies van aard is, is volgens die dominante minder-dominante model uitgevoer. Die soort navorsing vir hierdie ondersoek is 'n toegepaste navorsing, aangesien die navorser ten doel het om 'n oplossing te soek 'n spesifieke probleem wat praktykgerigte take kan bevorder.

Die studie is uitgevoer deur middel van 'n verkennende navorsingsontwerp. Die navorser het die verkennende navorsingsontwerp bespreek. Die kwantitatiewe data-insamelingsmetode was vraelyste en skale, terwyl die kwalitatiewe data-insamelingsmetode 'n aangesig-tot-aangesig onderhoud was. Die beperkinge en leemtes is deur die navorser uitgelig aangesien dit 'n groot bydrae kan lewer vir toekomstige studies.

5.2.2 Gevolgtrekkings

Die volgende gevolgtrekkings kan na aanleiding van die voorlopige ondersoek gemaak word.

- Die respondente, naamlik die vroeë middeljarige egmaats met adolessente, het 'n behoefte getoon om oor hulle ervaringe as egmaats en gesin te gesels. Navorsing met die respondente was dus ideaal op grond van die bereidwilligheid om betrokke te wees.

Hoofstuk 5: Algemene samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings

- Hierdie studie was verkennend van aard. Verkennende studies het 'n navorsingsvraag en nie 'n hipotese nie. Dit is egter moeilik om nie onbewustelik 'n hipotese daar te stel nie, omdat dit menslik is om antwoorde op vrae te formuleer.
- Gekombineerde kwantitatiewe-kwalitatiewe benaderings is baie funksioneel. In hierdie studie het die gekombineerde benadering dit moontlik gemaak dat die navorser gestandaardiseerde objektiewe data deur middel van kwantitatiewe data-insamelingsmetodes kon bekom, alhoewel dit beperkte data verskaf. Deur middel van die kwalitatiewe data-insamelingsmetodes is subjektiewe eerstehandse kennis weer bekom.
- Die kwantitatiewe data-insamelingsmetode, naamlik gestandaardiseerde skale, was baie effektief vir die meting van wetenskaplike data. Die navorsingsvraag kon egter nie direk aangespreek word deur hierdie data nie, en dus was 'n addisionele kwalitatiewe meting baie effektief.

5.2.3 Aanbevelings

Die volgende aanbevelings kan na aanleiding van die voorlopige ondersoek gemaak word, naamlik:

- Alvorens die respondente gefinaliseer kan word, moet die navorser dit nodig ag om die bereidwilligheid van die respondentegroep in ag te neem. Die vroeë middeljarige egmaats met adolessente het 'n sigbare behoefte getoon om te kommunikeer, en dit vergemaklik die hele navorsingsproses.
- Die menslike natuur lei die mens dikwels om oplossings vir probleme uit te redeneer. Navorsers wat 'n verkennende studie volg, moet waak om nie vooropgestelde idees en hipoteses te vorm nie aangesien dit die navorser se objektiwiteit kan beïnvloed.

5.3 HOOFSTUK 2: DIE FASE VAN ADOLESSENSIE

5.3.1 Samevatting

Die fase van adolessensie is een van die lewensfases waardeur elke individu beweeg. Dit is moeilik om die fase van adolessensie aan 'n kronologiese ouderdom te koppel, alhoewel daar twee duidelike periodes onderskei kan word, naamlik 'n vroeë adolessensie vanaf elfjarige ouderdom en 'n laat adolessensie vanaf vyftien/sestienjarige ouderdom. Die fase van adolessensie is bespreek in terme van vier ontwikkelingstake wat die adolessent moet voltooi. Hierdie ontwikkelingstake fokus op kognitiewe-, fisiese-, normatiewe- en sosiale ontwikkelinge.

Die hoogste vlak van kognitiewe ontwikkeling van die mens vind plaas gedurende die fase van adolessensie. Die kognitiewe proses in die fase van adolessensie verwys na die wyse hoe die adolessent oor homself dink en lewenskwessies benader. Die adolessent vorm 'n persoonlikheid op grond van die som van wat 'n persoon is, hoe hy/sy hom-/haarself uitleef en hoe ander mense hom/haar beleef. Vanaf elf- tot veertienjarige ouderdom begin die adolessent hom-/haarself vrae vra oor wie en wat hy/sy is. Hierdie denke oor die self vorm die adolessent se identiteit. Die kognitiewe ontwikkeling kan egter beïnvloed word deur kulturele en omgewingsfaktore soos aggressie, sensitiwiteit, verbale-, visuele- en wiskundige vermoëns. Vanweë die adolessent se persoonlikheidsontwikkeling, kan hy/sy met 'n idealistiese rebellie, hipokritiese egotisme of met die ontwikkeling van 'n lewensplan presenteer.

Fisiese ontwikkeling is een van die ontwikkelingstake wat die adolessent met skok, verbasing en onsekerheid beleef aangesien daar bepaalde seksuele-, hormonale- en skeletveranderinge is. Seksuele veranderinge tree vanaf agtjarige ouderdom by dogters in en vanaf elfjarige ouderdom by seuns. Puberteit is die aanduiding dat die adolessent se liggaam homself voorberei op die vermoë om te kan voortplant. Die adolessent se skeletveranderinge veroorsaak aanvanklik swak koördinasie en lompheid. Die adolessente seun ontwikkel spiere om die bors, arms, skouers en bene, terwyl die adolessente dogter vet om die heupe en breër heupe ontwikkel. Estrogeen, testosteroon en androgeen is van die hormone wat veranderinge in die fase van adolessensie veroorsaak. Hierdie hormonale veranderinge wat intree, is menstruasie, ejakulasie, veranderde stemfrekwensies en aknee. Die adolessent wat vroeër deur die fisiese ontwikkeling beweeg, toon 'n hoër intelligensie koëffisiënt as die adolessent wat later ontwikkel.

Hoofstuk 5: Algemene samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings

Adolesente seuns wat vroeër ontwikkel, neig om meer selfvertroue en leiereienskappe te hê en sodoende ook beter te presteer teenoor die adolessente seun wat later ontwikkel. Die adolessente dogter wat vroeër ontwikkel, neig om meer teruggetrokke en skaam te wees. As gevolg van die fisiese ontwikkeling, word die adolessent gekonfronteer met verskeie probleme, soos depressie, dwelms, selfmoordneigings, eetversteurings, seksuele oordraagbare siektes en tienerswangerskappe.

Normatiewe ontwikkeling is die ontwikkelingstaak wat fokus op morele- en geestelike ontwikkeling, met ander woorde die adolessent fokus om sy manier van dinge te doen, aanvaar en te herdefinieer en selfs sy eie opinie oor hierdie normas te vorm. Daar is egter verskeie aspekte soos wette, reëls, persoonlike rolverdelings, outoriteit, siviele reg, vertroue en oordeel, straf, eiendomsreg, waarde van lewe en waarheid wat die wyse hoe 'n adolessent oor sy normas dink, kan beïnvloed. Geestelike ontwikkeling het 'n waardevolle bydrae tot die fase van adolessensie, aangesien geestelike ontwikkeling sekuriteit, hoop en sekerheid aan die adolessent verskaf.

Sosiale ontwikkeling is die ontwikkelingstaak wat direk deur al die ander ontwikkelingstake beïnvloed word. Die adolessent se sosiale ontwikkeling vind binne vyf sosiale verhoudinge plaas, naamlik die broer/suster verhouding, verhouding met ander volwassenes, die verhouding met die portuurgroep, die verhouding met 'n individuele vriend en die verhouding wat die adolessent met sy ouers het. Die adolessent se redeneringsvermoë skep meer situasies vir konflik tussen die ouer en die adolessent. Die strewe na onafhanklikheid by die adolessent, is die hoofkonsep waarrondom die ouer-adolessent konflik draai. Die adolessent gaan deur die fase van adolessensie en die ouer beweeg deur die fase van die vroeë middeljare. Hierdie gesamentlike proses om deur fases te beweeg, word gekenmerk aan ontwikkeling en groei by beide adolessent en sy ouers. Hierdie ontwikkeling en groei vind plaas in terme van seksuele identiteit, rolverdeling, outoriteit, emosionele-, waarde- en finansiële aanpassings.

Die sosiale ontwikkeling word egter deur die ander ontwikkelingstake beïnvloed. Die kognitiewe ontwikkeling lei tot egosentrisiteit, denkbeeldige gehooroptredes en persoonlike idealiseringsituasies. Masturbasie, vroeë seksuele aktiwiteite en homseksualiteit is aspekte van die fisiese ontwikkeling wat 'n effek op die sosiale ontwikkeling het. Die adolessent se normatiewe ontwikkeling dwing die adolessent om sy/haar normas en waardes van alle sosiale fasette te herdefinieer.

Hoofstuk 5: Algemene samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings

Die sosiale ontwikkeling kan ook direk deur sy eie ontwikkeling beïnvloed word, deur byvoorbeeld die interaksie van die portuurgroep.

5.3.2 Gevolgtrekkings

Die volgende gevolgtrekkings kan na aanleiding van die literatuurstudie oor die fase van adolessensie gemaak word, naamlik:

- Dit is baie moeilik om die aanvang en beëindiging van die fase van adolessensie kronologies volgens 'n ouderdom te onderskei. Hierdie lewensfase het sy eie unieke individuele aanvang- en beëindigingstyd vir elke adolessent.
- Vanweë die adolessent se intellektuele veranderinge, kry die ouers as egmaats 'n derde persoon by wat saam wil redeneer en besluite wil maak. Rondom die ouderdom 13-14 jaar redeneer die adolessent vanuit 'n idealistiese perspektief. Aangesien die adolessent op 'n nie-logiese en onrealistiese wyse redeneer, kan konflik in die huis toeneem.
- Die adolessent beleef seksuele veranderinge gewoonlik met skok of verbasing. Gevoelens soos opgewondenheid, onsekerheid, skaamheid en teruggetrokkenheid word ervaar. Hierdie variasie van belewenisse kan aanleiding gee dat die adolessent meer spanning en stres ervaar wat weer oorspoel na die gesin.
- Gedurende die fase van adolessensie is die adolessent meer abstrak, krities en rasioneel oor morele benaderings. Dit wat die adolessent as kind geleer het, is nie noodwendig steeds vir hom of haar in orde nie. Die adolessent bevraagteken die ouers se ouerskapstyl, normes en waardes en dit kan oorspoel tot ouer-kind konflik.
- Verskillende ouers handhaaf verskillende ouerskapstyle, byvoorbeeld outoritêre-, gesaghebbende-, permissiewe- en die onbetrokke ouerskapstyle. Die egmaats kan enige vorm van ouerskapstyl toepas. Daar sal altyd 'n vorm van konflik in die huishouding wees. Sekere ouerskapstyle, soos die gesaghebbende ouer, sal waarskynlik meer sukses met tieners hê.

Hoofstuk 5: Algemene samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings

- Die fase van adolessensie word in twee periodes verdeel. Dit blyk dat die laat adolessensie (vanaf 15/16 jaar tot volwassenheid) 'n meer komplekse periode ervaar as die vroeë adolessensie (11 jaar tot 15/16 jaar) vanweë die meer gevorderde ontwikkelinge in die periode.
- Adolessente seuns is meer bekend om fisies aggressief te wees, terwyl dogters nie oor die algemeen fisiese aggressie toon nie. Daar is egter geen geslagsverskil as daar na verbale aggressie gekyk word nie. Daar kan dus nie 'n afleiding gemaak word dat adolessente seuns meer as dogters neig om betrokke te raak in aggressiewe konflik nie.
- Daar is 'n beduidende ooreenkoms dat die fase van adolessensie soortgelyk is as die fase van die vroeë middeljare aangesien beide deur seksuele- en identiteitskrisisse gaan, rolverdeling, emosionele aanpassing, herassessering van waardes en finansiële probleme ervaar.
- Die adolessent se eie wil en egosentrisiteit gesamentlik met die verskille tussen ouer en adolessent gee aanleiding tot diverse invloede op die ouer-adolessent verhouding asook op die ouers se verhouding afsonderlik.

5.3.3 Aanbevelings

Die volgende aanbevelings kan na aanleiding van die literatuurstudie gemaak word.

- Die adolessent moet nooit net omskryf word as 'n kind in nog 'n fase nie. Hierdie fase is divers en gekompliseerd aangesien elke ontwikkelingstaak so omvattend is.
- Die aard en omvang van die fase van adolessensie moet bestudeer word om so meer kennis te kry oor die fase van adolessensie. Hierdie kennis oor die lewensfase vergemaklik die navorser se insigontwikkeling in terme van die navorsingsvraag.
- Vir toekomstige studies sal dit raadsaam wees om die ouers se ouerskapstyle in ag te neem, indien die fase van adolessensie die onafhanklike veranderlikes is, aangesien dit 'n aanduiding sal wees van gesindhede in die huishouding.

- Vir toekomstige studies kan navorsers dit oorweeg om eerder 'n periode in die fase van adolessensie te selekteer aangesien daar 'n groot verskil is tussen die vroeë en laat fase van adolessensie.

5.4 HOOFSTUK 3: DIE FASE VAN DIE VROEË MIDDELJARE

5.4.1 Samevatting

Die vroeë middeljare is deel van 'n verouderingsproses wat 'n bepaalde invloed het op elke individu se psigiese-, emosionele-, fisiese- en sosiale komponente van sy lewe. Die lewensfase is 'n fase wat voorkom by ouers wat waarskynlik 'n gesin het met adolessente en waar die ouers tussen die ouderdom vyf-en-dertig en vyf-en-veertig is.

Tydens die middeljarige se kognitiewe ontwikkeling word die individu met denke ten opsigte van die toebroodjie-generasie, mortaliteit, leë-nes fase, skoonouers/grootouers, broers/susters en voorraadopname gekonfronteer. Die toebroodjie-generasie verwys na kommer wat die middeljarige egmaats ervaar aangesien hulle verantwoordelik is vir hulle eie kinders, asook hulle bejaarde ouers. Die middeljarige ervaar dat die term "dood" (mortaliteit) 'n realiteit is, veral waar bejaarde ouers sieklik is, en begin dus eerder dink aan hoeveel tyd hulle oor het om te lewe, as hoeveel tyd hulle al gehad het. Die leë-nes fase verwys na die periode waar die eerste kind die huis begin verlaat en duur voort tot een of albei ouers sterf. Soos wat die middeljarige ouers se kinders die huis verlaat, moet die middeljarige aanpas en verander rondom 'n gesin wat later weer groter word met skoonouers en kleinkinders. Voorraadopname is die proses waar die middeljarige die lewe in oënskou neem ten opsigte van dit wat reeds bereik is en dit wat nog nagestreef word.

Die middeljarige ervaar verskeie fisiese veranderinge (liggaamlike-, seksuele- en hormonale veranderinge) en dit gee dikwels aanleiding tot angs, vrese en probleme. Liggaamlike veranderinge impliseer 'n afname van die sintuie (gehoor, reuk en visie) elasticiteit van die vel en haarkleur wat vaal word. Die immunitêtsisteam word swakker en siektes is meer algemeen. Mans en vrouens vrees dat tydens hulle middeljare hulle seksualiteit sal afneem, alhoewel dit nie die geval is by die meeste vrouens nie. Mans neig om 'n probleem rakende impotensie te ontwikkel. Elke vrou beweeg deur 'n menopouse. Die menopouse verwys na die tydperk waar die vrou se menstruasiesiklus ongereeld raak en later verdwyn.

Hoofstuk 5: Algemene samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings

Sosiale ontwikkeling tydens die vroeë middeljare, word beskou in terme van die huwelik-, beroepsbeoefening en ander sosiale verhoudinge in die fase van die vroeë middeljare. In die huwelik kom huweliksbevrediging voor in 'n U-vorm. Tydens huweliksluiting is die bevrediging hoog. Soos wat die kinders verander, neem dit af en vorm 'n laagtepunt tydens die kinders se fase van adolessensie. Wanneer die kinders die huis verlaat, neem die huweliksbevrediging weer toe. Dit blyk dat gedurende die middeljare, die vrou soms 'n egskeiding sal inisieer. Egskeiding is baie meer algemeen sodra die middeljarige egmaats die leë-nes fase betree.

Deel van die sosiale konteks nie net in middeljare, is om 'n bepaalde beroep of inkomste te verkry. Op grond daarvan kan die huwelik in een van twee kategorieë geplaas word, naamlik 'n dubbelloopbaanhuwelik of dubbelinkomstehuwelik. Dit word ook belangrik geag om die beroepsbeoefening van die man en vrou onderskeidelik te erken. 'n Dubbelloopbaanhuwelik verwys na 'n gesin waar beide man en vrou in 'n beroep staan en terselfdertyd hulle gesinne- en huweliksrolle vervul. Die vrou kan so haarself as individu laat groei en 'n finansiële bydrae maak. Dit kan wel lei tot botsende verantwoordelikhede en kompetisie in die huwelik. 'n Dubbelinkomstehuwelik is 'n huwelik waar albei egmaats 'n inkomste verdien, maar nie noodwendig opgelei is vir die werk wat hulle verrig nie. In die tipe huwelik kan die vrou ook 'n finansiële bydrae lewer, alhoewel die nadele al die voordele oorskry. Tydens die middeljare beleef die man en vrou hulle beroepsbeoefening heeltemal verskillend. Vir die vrou is dit 'n uitdaging en stimulasie. Vir die man is dit 'n bron van stres en onsekerheid. Die middeljarige ervaar groot veranderinge rakende die verhouding wat gehandhaaf word met sy kind, die bejaarde ouers en die middeljarige se broers en/of susters.

5.4.2 Gevolgtrekkings

Die volgende gevolgtrekkings kan na aanleiding van die literatuurstudie oor die fase van die vroeë middeljare gemaak word, naamlik:

- Nes die fase van adolessensie kan daar teoreties na verskeie ouderdomme verwys word as poging om die middeljare af te baken. Hierdie lewensfase kan egter ook nie in 'n presiese kronologiese ouderdom afgebaken word nie.
- Dit blyk dat die vroeë middeljarige egmaats nie direk geraak word deur die sogenoemde toebroodjie-generasie nie, omdat die vroeë middeljarige se ouers dikwels self nog selfonderhoudend is en nie afhanklik van hulle kinders is nie.

Hoofstuk 5: Algemene samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings

- Dit was kenmerkend hoe die literatuur aandag skenk aan die leënes fase. Dit wil dus voorkom dat hierdie aspek 'n groot invloed uitoefen op die fase van die vroeë middeljare.
- Die literatuur verwys telkens na die sogenaamde U-vormige proses. Dit is 'n beduidende aanduiding dat die huweliksbevrediging van die egmaats in die fase van die vroeë middeljare wel meer negatief beïnvloed kan word deur die fase van adolessensie.
- Die beheptheid met beroepsbeoefening van die vroeë middeljarige speel 'n groot rol by die ontwikkeling van die sosiale ontwikkelingstake. In die huidige Suid-Afrikaanse konteks waar die werkloosheidsyfer baie hoog is, skep hierdie beheptheid dus meer onsekerheid en vrese by die middeljarige.

5.4.2 Aanbevelings

Die volgende aanbevelings kan na aanleiding van die literatuurstudie oor die fase van die vroeë middeljare gemaak word, naamlik:

- Die aard en omvang van die fase van die vroeë middeljare moet deeglik bestudeer word om so kennis te bekom oor die lewensfase. Hierdie kennis verskaf insigontwikkeling vir die navorsingsvraag.
- 'n Individu wat in die teoretiese ouderdomsgroep van die vroeë middeljare val, kan waarskynlik in realiteit nog nie op 'n vroeë volwassenheids- of laat middeljarigevlak wees nie. Die uniekheid van elke middeljarige kan die studie dus wel beïnvloed. Dit kan waardevol wees om met meer indiepte studies die middeljarige addisioneel te assesser in terme van al die ontwikkelingstake om so te verseker dat die individue aan die kriteria volgens die ontwikkelingstake voldoen.

5.5 HOOFSTUK 4: EMPIRIESE ONDERSOEK

5.5.1 Samevatting

Hierdie hoofstuk handel oor die empiriese studie en verskaf die volledige resultate van die kwantitatiewe- asook kwalitatiewe data. Die kwantitatiewe-kwalitatiewe gekombineerde benadering is gevolg omdat beide benaderings se navorsingsmetodes benut was. Die navorser het slegs een benadering se navorsingsproses gevolg, naamlik die kwantitatiewe navorsingsproses. Die navorsingsonderwerp is geselekteer op grond van die navorser se belangstelling in huwelike en is afgebaken na die vroeë middeljarige se huwelik, waar adolessente teenwoordig is in die huishouding.

Na afloop van die literatuurstudie het die navorser die universum afgebaken na die vroeë middeljarige (35-45 jaar oud) met 'n adolessent (11-18 jaar oud) in die huishouding. Hierdie universum was doelbewus geselekteer vir die doel van verkenning. 'n Navorsingsvraag is ook gestel en is soos volg: "wat is die invloed wat die fase van adolessensie het op die huweliksverhouding van die middeljarige ouers?" Die vraag was nagevors deur middel van 'n verkennende navorsingsontwerp met behulp van gestandaardiseerde skale (kwantitatiewe data-insamelingsmetode) en aangesig-tot-aangesig onderhoude (kwalitatiewe data-insamelingsmetode). Die kwantitatiewe data se resultate bestaan uit die verwerking van die biografiese gegewens, asook die gestandaardiseerde skale vir huwelikstevredenheid, -gesinsverhouding en -ouergesindheid.

Volgens die Indeks vir huwelikstevredenheid het die vrouens aangedui dat hulle effens meer tevrede in hulle huwelik as die mans is, alhoewel daar geen betekenisvolle verskil is volgens die Wilcoxon toets nie. Die meerderheid egmaats het aangedui dat hulle 'n stabiele huwelik het. Volgens die Indeks vir ouergesindheid toon die vrouens effens meer positiwiteit in hulle gesindheid as ouers in vergelyking met hulle mans, alhoewel daar geen betekenisvolle verskil is volgens die Wilcoxon toets nie. Volgens die Indeks vir gesinsverhouding is die vrouens meer tevrede as die man of adolessent in terme van die gesin se verhouding, alhoewel daar geen betekenisvolle verskil is volgens die Friedman twee-rigting toets nie. Volgens al drie hierdie gestandaardiseerde skale blyk dit dat die egmaats se lae huwelikstevredenheid nie die gesinsverhouding of ouergesindheid beïnvloed nie.

Hoofstuk 5: Algemene samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings

Dit blyk wel dat indien die gesinsverhoudinge of ouergesindheid laag is, die ouers dan ook 'n lae huwelikstevredenheid het. Al drie die gestandaardiseerde meetinstrumente is wel bruikbaar en geldig.

Die kwantitatiewe data se resultate bestaan uit die verwerking van die aangesig-tot-aangesig onderhoude. Volgens die onderhoude beïnvloed die adolessent die atmosfeer in die huis meer negatief as positief.

5.5.2 Gevolgtrekkings

Die volgende gevolgtrekkings kan na aanleiding van die empiriese ondersoek gemaak word, naamlik:

- Die gemiddelde ouderdom van die manlike huweliksmaats was 40 jaar en vir die vroulike huweliksmaats 39 jaar. Die gemiddelde ouderdom vir die adolessente was 15 jaar. Die meerderheid manlike egmaats het 'n tegniese kwalifikasie terwyl die meerderheid vrouens 'n graad 12 kwalifikasie het. Die meerderheid van die egmaats was in hulle eerste huwelik. Vyf van die egmaats (20%) was minder as 12 jaar getroud. Dit blyk dus dat 20% van die respondente waarskynlik hersaamgestelde gesinne was. Al die respondente het 'n adolessent in die huishouding soos die kriteria bepaal.
- Die huwelikstevredenheid van die egmaats is deur middel van die gestandaardiseerde Hudsonskaal, Indeks vir huwelikstevredenheid, gemeet. Hierdie gestandaardiseerde meetinstrument is bruikbaar en geldig vir die meting van die huwelikstevredenheid van die individuele vroeë middeljarige egmaats.
- Die Hudsonskaal vir huwelikstevredenheid het aangedui dat beide die man en vrou bykans soortgelyke huwelikstevredenheid ervaar. Die man het 'n effense hoër telling as die vrou, wat dus aandui dat die mans 'n effens laer huwelikstevredenheid aandui. Daar word dus aangeneem dat die vrouens 'n sterker huwelikstevredenheid ervaar as mans.
- Uit die huwelikstevredenheidskaal het 4.35% van die huweliksmaats aangedui dat hulle voel dat hulle huwelik altyd verbrokkel, alhoewel nie een huweliksmaat gevoel het dat hulle verhouding nooit stabiel is nie. Dit blyk dus dat huweliksmaats dikwels stabiliteit ervaar ondanks ander negatiewe ervarings.

Hoofstuk 5: Algemene samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings

- Die ouergesindheid van die egmaats is deur middel van die gestandaardiseerde Hudsonskaal, Indeks vir ouergesindheid, gemeet. Hierdie gestandaardiseerde meetinstrument is bruikbaar en geldig vir die meting van die ouergesindheid van die individuele vroeë middeljarige egmaats.
- Die ouergesindheidskaal het getoon dat al die egmaats, met die uitsondering van een respondent, bevredigende ouergesindheid aandui. Dit is 'n duidelike aanduiding dat die huweliksmaat hulle ouerskap bevredigend beleef/ervaar.
- Die gesinsverhoudinge van die egmaats asook die adolessente is deur middel van die gestandaardiseerde Hudsonskaal, Indeks vir gesinsverhoudinge, gemeet. Hierdie gestandaardiseerde meetinstrument is bruikbaar en geldig vir die meting van die individuele vroeë middeljarige egmaats asook die adolessente.
- Volgens die Hudsonskaal vir gesinsverhoudinge het die adolessente die laagste bevrediging ten opsigte van hulle gesinsverhouding aangedui, daarna die mans en derdens die vrouens. Dit wil dus voorkom of die adolessente neig om hulle gesinne meer negatief te ervaar as die res van die gesin.
- Die egmaats het duidelik aangedui in al drie Hudsonskale dat die ouers wat onbevredigende huwelikstevredenheid ervaar, nie noodwendig onbevredigende gesinsverhoudinge of ouergesindheid ervaar nie.
- Dit blyk dat die huweliksmaats wat wel 'n onbevredigende gevoel ervaar in terme van hulle gesinsverhoudinge en ouergesindheid, ook presenteer met onbevredigende huwelikstevredenheid. Daar kan dus gesê word dat die adolessent, wat deel vorm van die gesinsverhoudinge asook die ouergesindheid, 'n beduidende invloed op die huwelikstevredenheid van die ouers kan hê, indien hierdie ouers reeds 'n lae huwelikstevredenheid in hulle huwelik ervaar.
- Die kwalitatiewe data het aangedui dat die adolessente die atmosfeer in die huis, volgens die ouers, meer negatief as positief beïnvloed. Netso beïnvloed die adolessent ook die ouers se huweliksverhouding meer negatief as positief. Dit is dus 'n subjektiewe aanduiding dat die adolessent wel 'n invloed – meer negatief as positief – uitoefen op die ouers se huwelik. Dit verklaar ook die U-vormige proses wat in die gesin plaasvind.

Hoofstuk 5: Algemene samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings

- Die kwalitatiewe data het aangedui dat die adolessent se negatiewe invloed op die ouers sterk teenwoordig is, omdat die adolessent meer tyd van die ouers in beslag neem. Ouers tree ook dikwels in konflik met mekaar uit kommer vir hulle adolessent. Die adolessent buit ook dikwels die konflik uit wat tussen die ouers teenwoordig is en speel selfs die ouers af teen mekaar.
- Op grond van die huweliksmaats se ervaring dui hulle aan dat 'n positiewe adolessent die huishouding positief beïnvloed, terwyl 'n negatiewe adolessent die huishouding negatief maak, kan daar dus aanvaar word dat die adolessent die hartklop van 'n huishouding is.
- Die kwantitatiewe data-insamelingsmetodes, naamlik die Hudsonskale was baie doeltreffend om betroubare en geldige data te bekom alhoewel dit slegs beperkte data weergegee het. Die kwalitatiewe data-insamelingsmetodes, naamlik die aangesig-tot-aangesig onderhoude, was effektief vir die verkryging van eerstehandse inligting en antwoorde op die navorsingsvraag. Daar kan dus gesê word dat vir die doel van hierdie verkennende studie, kwalitatiewe data-insamelingsmetodes meer van waarde was.
- Tydens die kwantitatiewe data-insameling het van die respondente nie al die skale voltooi nie. Tydens die kwalitatiewe data-insameling was daar 'n 100% responskoers. Dit blyk dus dat kwalitatiewe data-insamelingsmetodes 'n hoër responskoers het as kwantitatiewe data-insamelingsmetodes.
- Die studie was verkennend van aard weens die beperkte data wat beskikbaar was. Dit is duidelik dat hierdie veld 'n moeilike terrein is om hipoteses te vorm, aangesien elke gesin en huwelik uniek is. Die ouers ervaar hulle huweliksverhouding asook die ouer-kindverhouding as baie belangrik. Weens die gemeenskapsnorme, waar egskedings tussen huweliksmaats aanvaarbaar is, maar die skeiding tussen ouer-kind onaanvaarbaar is, toon ouers 'n groter lojaliteit teenoor hulle kinders as teenoor hulle huweliksmaats.

5.5.3 Aanbevelings

Die volgende aanbevelings kan na aanleiding van die empiriese ondersoek gemaak word, naamlik:

Hoofstuk 5: Algemene samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings

- **Verskeie hersaamgestelde gesinne ervaar die kinders in die huishouding as uniek en kan selfs die stiefkinders as hulle eie aanvaar. Toekomstige navorsers moet 'n duidelike onderskeid tref tussen hersaamgestelde gesinne en eerste gesinne, aangesien die twee verskillende gesinne verskillende interaksies en dinamika verteenwoordig.**
- **Aangesien daar in die literatuur onderskei kan word tussen vroeë- en laat adolessensie, sal dit waarskynlik wetenskaplik meer waardevol wees om die adolessente uit een betrokke periode te selekteer vanweë die diversiteit van die twee periodes.**
- **'n Respondent het na afloop van die aangesig-tot-aangesig onderhoude die opmerking gemaak dat sy gesin wel hersaamgestel is, maar dat hy die gesin as 'n eenheid ervaar. Die behoefte was uitgespreek dat meer navorsing rakende hersaamgestelde gesinne moet plaasvind om hierdie gesinne so te ondersteun en te lei.**
- **Gestandaardiseerde skale is betroubaar en geldig. Dit kan egter nie in diepte gespesifiseerde data ondersoek nie, maar slegs 'n oorliggende statistiese meting bepaal. Dit is dus waardevol om meer as een meetinstrument te benut, soos aangesig-tot-aangesig onderhoude om so kruisidentifikasie moontlik te maak.**
- **Manlike respondente is meer skepties teenoor navorsing en die voltooiing van skale. Toekomstige navorsers moet dus in ag neem dat manlike respondente weerstand kan bied, veral by kwantitatiewe data-insamelingsmetodes. Die respondente moet dus deeglik ingelik word van die doel en metode van navorsing.**
- **Die navorser beveel aan dat vir toekomstige studies daar gebruik gemaak moet word van indiepte gevallestudies om so waardevolle data te bekom, veral met studies wat fokus op 'n lewensfase. Dit is aan te beveel aangesien die navorser dan direkte eerstehandse data sal kan bekom.**
- **Verdere navorsing word aanbeveel in terme van die volgende:**

Hoofstuk 5: Algemene samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings

- **Beskrywende navorsing met behulp van kwalitatiewe data insamelingsmetodes na die invloed van die vroeë fase van adolessensie op die huweliksverhouding van die ouers in hersaamgestelde gesinne.**
- **Beskrywende navorsing met behulp van kwalitatiewe data-insamelingsmetodes na die invloed van die laat fase van adolessensie op die huweliksverhouding van die ouers in hersaamgestelde gesinne.**
- **Beskrywende navorsing met behulp van kwalitatiewe data-insamelingsmetodes na die invloed van die vroeë fase van adolessensie op die huweliksverhouding van die ouers in eerste gesinne.**
- **Beskrywende navorsing met behulp van kwalitatiewe data-insamelingsmetodes na die invloed van die laat fase van adolessensie op die huweliksverhouding van die ouers in eerste gesinne.**
- **Die ontwikkeling van programme wat die vroeë middeljarige huweliksmaats ondersteun, help en lei om hulle adolessente te hanteer.**
- **Hipoteses vir die doel van toekomstige navorsing is soos volg:**
 - **Die vroeë middeljarige huweliksmaats – met adolessente – wat met 'n lae huweliksbevrediging presenteer, het dikwels 'n hoër ouergesindheid omdat hulle kompenseer in die ouer-kindverhouding vir hulle swakker huweliksverhouding.**
 - **Die laat fase van adolessensie het 'n groter invloed op die huweliksbevrediging van die vroeë middeljarige ouers, omdat dit 'n meer komplekse periode in die fase is.**
 - **Ondanks die invloed wat die fase van adolessensie het op die huweliksverhouding van die ouers, sal die adolessent nie noodwendig die oorsaak wees vir 'n egskending tussen die huweliksmaats nie, omdat ouers altyd meer lojaal staan teenoor hulle kinders as teenoor hulle huweliksmaats.**

5.6 TOETS VAN DOELSTELLING EN DOELWITTE

5.6.1 DOELSTELLING

Die doel van hierdie ondersoek was om verkennende navorsing uit te voer na die invloed wat die fase van adolessensie het op die huweliksbevrediging van die ouers in hulle vroeë middeljare.

Die navorser het in hierdie doel geslaag. 'n Verkennende navorsingstudie het plaasgevind. In die studie is die invloed van die fase van adolessensie op die huweliksverhouding van die ouers in die fase van die vroeë middeljare verken.

5.6.2 DOELWITTE

5.6.2.1 Doelwit 1

Om 'n ondersoek in te stel na die ontwikkelingstake van die fase van adolessensie asook die fase van die vroeë middeljare en die invloed van die fase van adolessensie op die huweliksverhouding van die ouers.

'n Breedvoerige literatuurstudie oor beide die fase van adolessensie asook die vroeë middeljare is uitgevoer. Die invloed van die fase van adolessensie op die huweliksverhouding van die ouers is ook deur middel van 'n literatuurstudie ondersoek. Hierdie ondersoek het die respondente se konteks meer insiggewend gemaak vir die navorser. Verskeie professionele deskundiges is op nasionale vlak genader om hulle teoretiese asook praktiese menings te huldig in terme van die navorsingsvraag. Dit het algemeen geblyk dat al die deskundiges 'n soortgelyke mening huldig.

5.6.2.2 Doelwit 2

Om deur middel van 'n ondersoek vas te stel wat die aard van die invloed van die fase van adolessensie op die huweliksverhouding van die ouers is.

Die adolessent beïnvloed die huwelikstevredenheid van die ouers meer negatief in terme van hulle finansies, huwelikskonflik, gesinskonflik asook ouers se persoonlike tyd. Daar word dus aanvaar dat as die adolessent die huwelikstevredenheid van die ouers negatief beïnvloed, hulle dus ook die huweliksbevrediging negatief beïnvloed.

5.6.2.3 Doelwit 3

Om aan die hand van die teoretiese en die empiriese ondersoek gevolgtrekkings en aanbevelings te maak vir die gebruik van multi-professionele kundiges in praktykbeoefening.

Vanuit elke hoofstuk het die navorser gevolgtrekkings en aanbevelings daargestel om so die maatskaplike werker te ondersteun tydens terapeutiese toetrede of selfs vir toekomstige verdere navorsing.

5.6.2.4 Doelwit 4

Om nuwe hipoteses te vorm vir toekomstige studies in die veld.

Verskeie hipoteses is gevorm op grond van die gevolgtrekkings en samevatting uit die studie.

5.7 TOETS VAN DIE NAVORSINGSVRAAG

5.7.1 NAVORSINGSVRAAG

Hierdie studie is gegrond op die volgende navorsingsvraag:

Wat is die invloed wat die fase van adolessensie op die huweliksbevrediging van die ouers in die fase van die vroeë middeljare het?



Die navorsingsvraag is beantwoord. Die invloed wat die fase van adolessensie op die huwelikstevredenheid van die ouers het, is beduidend meer negatief as positief.

Die statistiese beduiding het aangedui dat die huweliksmaats wat nie 'n sterk huwelikstevredenheid ervaar nie, wel as ouers 'n positiewe gesindheid handhaaf, asook 'n positiewe gesinsverhouding. Tog was dit statisties duidelik dat by gesinne waar daar minimale gesinsverhoudinge of positiewe ouergesindhede was, ook minimale huwelikstevredenheid by die ouers was. Dit is dus 'n aanduiding dat die adolessent, wat deel vorm van die gesinsverhoudinge, asook die ouergesindheid, 'n bepaalde beduidende invloed het op die huwelikstevredenheid op die vroeë middeljarige ouers wat reeds probleme ervaar. Die subjektiewe data het aangedui dat die adolessent baie van die ouers se tyd in beslag neem. Die adolessent speel ook dikwels die ouers teen mekaar af, of buit huwelikskonflik uit.

6.8 SLOTOPMERKING

Die ouer-kind verhouding was deur dekades heen 'n punt van professionele-, akademiese- en sosiale bespreking. Egmaats wat nie net 'n ouer is nie, maar ook 'n vroeë middeljarige is, word blootgestel aan dinamiese interaksies, hetsy direk of indirek. In hierdie studie is daar aangedui dat die vroeë middeljarige wat 'n ouer is, waarskynlik 'n ouer van 'n kind in die fase van adolessensie is. Dit het die vraag laat ontstaan na die invloed van die fase van adolessensie op die ouers se huweliksverhouding. Hierdie studie het aangedui dat beide hierdie lewensfases kompleks is. Die studie het tot 'n slotsom gekom dat die adolessent wel 'n invloed op die ouers se huweliksverhouding het. Hierdie invloed blyk om meer negatief te wees.

Aangesien die studie slegs verkennend van aard is, en die oorsake slegs subjektief waarneembaar was, kan daar deur middel van beskrywende navorsing breedvoerige uiteensettings verskaf word. Dit was wel die navorsers se belewenis dat ouers 'n groter lojaliteit teenoor hulle kinders handhaaf, as teenoor hulle huweliksmaats omdat die gemeenskap egskeidings en konflik tussen huweliksmaats meer aanvaar as tussen ouers en kinders. Beskrywende- en intervensienavorsing sal kan voortbou op hierdie verkennende studie om so verklarings vir die verskynsel te kan weergee asook hulpverleningsprogramme vir gesinne in die konteks te kan opstel.

BRONNELYS

- 1.) Aldous, J. 1978. **Family careers. Development change in families.** New York: Chapman & Hall.
- 2.) Allen, K.R.; Blieszner, R. & Roberto, K.A. 2000. Familie in the middle and later years: a review and critique of research in the 1990s. **Journal of Marriage and the family.** 62(4), November: 911-926.
- 3.) Almeida, D.M.; Wethington, E. & Chandler, A.L. 1991. Daily Transmission of Tension between Marital dyads and Parent-child dyads. **Journal of Marriage and the family,** 61(1), February: 49-61.
- 4.) Alpaslan, N. 1994. **Hoop en hulp op die huwelik.** Goodwood: Nasionale Boekdrukkery.
- 5.) Ambert, A. 1997. **Parents, children and adolescents: Interactive relationships and development in contex.** New York: Haworth.
- 6.) Babbie, E. 1992. **The practice of social research.** Sixth Edition. California: Wadsworth.
- 7.) Benokraitis, N.V. 1999. **Marriages and Families.** Third Edition. New Jersey: Prentice Hall.
- 8.) Berk, K.N. 2000. **Data analysis with Microsoft Exel.** California: Duxbery Press.
- 9.) Bergler, E. 1985. **The revolt of the middle aged man.** New York: International Universities Press.
- 10.) Berndt, T.J. 1997. **Child Development.** Madison: Brown & Benchmark Publishers.

- 11.) Bigner, J.J. 1998. **Parent-child relations**. New Jersey: Prentice Hall.
- 12.) Bless, C. & Higson-Smith, C. 1995. **Fundamentals of social research methods: An African perspective**. Second Edition. Cape Town: Juta.
- 13.) Burns, R.B. 2000. **Introduction to research methods**. Fourth Edition. California: Sage Publications Inc.
- 14.) Carter, B. & McGoldrick, M. 1999. **The expanded family life cycle**. Third Edition. Boston: Allyn and Bacon.
- 15.) Creswell, J.W. 1998. Combining Quantitative and Qualitative perspectives. In De Vos, A.S. (Ed) 1998. **Research at grass roots: A primer of the caring professions**. Pretoria: J L van Schaik.
- 16.) Crockett, L.J. & Crouter, A.C. 1995. **Pathways through adolescence**. New Jersey: Lawrence Erlbaum Associates, Inc, Publishers.
- 17.) Cunnings, R. 1995. **Adolescence: a developmental perspective**. Orlande: Harcourt Brace & Company.
- 18.) De Vos, A.S. 1998. **Research at grass roots: A primer of the caring professions**. Pretoria: J L van Schaik.
- 19.) Duffy, M.E. 1998. Combining Quantitative and Qualitative perspectives. In De Vos, A.S. (Ed) 1998. **Research at grass roots: A primer of the caring professions**. Pretoria: J L van Schaik.
- 20.) Du Preez, E. 2002. **Onderhoud met Mev. E. du Preez, sielkundige praktisyn en –akademiкус aan die Universiteit van Pretoria**. 19 Junie, Centre for Human Development: Witbank.
- 21.) Engelsman, J.C. 1994. **The queen’s clock: A Myth for midlife**. Wilmette: Chiron.
- 22.) Farrell, L & Rosenberg, S.T. 1981. **Men at midlife**. Boston: Auburn House Publishing company.

- 23.) Featherstone, M.; Hepworth, M. & Turner, B.S. 1991. **The Body: Social process and cultural theory**. California: Corwin Press.
- 24.) Garbers, J.G. 1997. **Doeltreffende geesteswetenskaplike navorsing**. Goodwood: Nasionale boekdrukkery.
- 25.) Gouws, E. & Kruger, N. 1994. **The adolescent. An educational perspective**. Johannesburg: Butterworths.
- 26.) Greyvenstein, L.M.G. 1989. **Midlife experiencing the change**. Ongepubliseerde M.A. (Clinical Psychology) verhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- 27.) Gunter, R. 2001. **Senior psigoterapeut van die Centre of Human Development**. 13 Maart, Centre for Human Development: Witbank.
- 28.) Gunter, R. 2002. **Senior psigoterapeut van die Centre of Human Development**. 18 Junie, Centre for Human Development: Witbank.
- 29.) Halford, W.K. & Markman, H.J. 1997. **Clinic Handbook of marriage and couples intervention**. West Sussex: John Wiley & sons.
- 30.) Hattingh, J. 2002. **Onderhoud met Dr. Hatting, kantoorbestuurder van die Centre of Human Development**. 20 Junie, Centre for Human Development: Witbank.
- 31.) Hopkins, J.R. 1983. **Adolescence: The transitional years**. London: Academic Press.
- 32.) Hudson, W.W. 1990. **Walmyr Assesement Scale Scoring Manual**. Tempe, AZ: Walmyr Publishing Co.
- 33.) Hunter, S. & Sundel, M. 1989. **Midlife Myths: Issues, findings and practice implications**. California: Sage publications.

- 34.) Johnson, P. 2001. **Onderhoud met sielkundige praktisyn en –akademikus aan die Universiteit van Suid-Afrika.** 13 Maart, Centre for Human Development: Witbank.
- 35.) Kruger, H. 2001. **Onderhoud met privaat praktiserende sielkundige.** 14 Maart, Centre for Human Development: Witbank.
- 36.) Lamanna, M.A. & Riedman, A. 1991. **Marriages and families.** California: Wandsworth Publishing Company.
- 37.) Lasswell, M. & Lasswell, T. 1991. **Marriage and the family.** Belmont: Wadsworth.
- 38.) Lauer, R.J. & Lauer, J.C. 1997. **Marriages and family.** New York: McCraw Hill Companies.
- 39.) Levy, C.S. 1993. **Social work ethics on the line.** New York: Haworth.
- 40.) Lindahl, K.M. & Malik, N.M. 1999. Observations of marital conflict and power: relations with parenting in the triad. **Journal of Marriage and the families.** 61(2), May: 320-330.
- 41.) Louw, D.A. 1994. **Menslike ontwikkeling.** Tweede uitgawe. Durban: Colorgraphic.
- 42.) McHale, S.M.; Updegraff, K.A.; Tucker, C.J. & Crouter, A.C. 2000. Step in or stay out? Parents' roles in adolescent siblings' relationships. **Journal of Marriage and the family.** 62(3), August: 746-760.
- 43.) Meyer, W.F.; Moore, C. & Viljoen, T. 1988. **Personality theories: From Freud tot Frankl.** Johannesburg: Lexicon.
- 44.) Miller, B. & Nancy, B. 1993. Externalizing in preschoolers and adolescents. A cross-study replication of a family model. **Developmental Psychology,** 29(1), January: 3-18.

- 45.) Mouton, J. & Marais, H.C. 1996. **Basic concept in the methodology of the social sciences**. Pretoria: Human Sciences Research Council Publishers.
- 46.) **New Dictionary of social work**. 1995. Revised and comprehensive edition. Terminology committee for social work. Pretoria: State printers.
- 47.) Newman, W.L. 1998. **Social research methods: Qualitative and Quantitative approaches**. Third Edition. Boston: Allyn and Bacon.
- 48.) Newman, P.R. & Newman, M. 1997. **Childhood and adolescence**. California: Brooks/Cole Publishing Company.
- 49.) Noller, A.L. & Callon, V. 1991. **The adolescent in the family**. New York: Chapman and Hall.
- 50.) Parker, D. & Kellam, S.G. 1994. **Exploring family relationships with other social contexts**. Hillsdale: Erlbaum.
- 51.) Prinsloo, C.E. 1994. **Die invloed van die middeljare op die huwelik – 'n maatskaplikewerk-perspektief**. Ongepubliseerde M.A. verhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- 52.) Prinsloo, C.E. 2001. **Huweliksverryking in die middeljare deur middel van groeigeoriënteerde maatskaplike groepwerk**. Ongepubliseerde D.Phil Proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- 53.) Reid, W.J. & Smith, A.D. 1998. Combining Quantitative and Qualitative perspectives. In De Vos, A.S. (Ed) 1998. **Research at grass roots. A primer for the caring professions**. Pretoria: J.L. van Schaik.
- 54.) Rice, F.P. 1990. **The adolescent**. Sixth Edition. Massachusetts: Allyn & Bacon.
- 55.) Roach, A.J.; Frazier, L.P. & Bowden, S.R. 2001. The Marital Satisfaction Scale. In Prinsloo, C.E. 2001. **Huweliksverryking in die middeljare deur middel van groeigeoriënteerde maatskaplike groepwerk**. Ongepubliseerde Ongepubliseerde D.Phil Proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

- 56.) Robin, A.L. & Foster, S.L. 1989. **Negotiating parent-adolescent conflict: a behavioural-system approach.** New York: Gouldford Press.
- 57.) Rogers, D. 1979. **The adult years.** London: Pretice-Hall International Inc.
- 58.) Rogers, S.J. & White, L.K. 1998. Satisfaction with parenting: the role of marital happiness, family structure, and parents' gender. **Journal of Marriage and the family.** 60(2), May: 293-308.
- 59.) Grinnel, R.M.; Rothery, M. & Tutty, L.M. 1996. **Qualitative research for social workers: phase, steps and tasks.** Boston: Allyn & Bacon.
- 60.) Sanders, M.R.; Nicholson, J.M. & Floyd, F.J. 1997. Couples' relationships and children. In Halford, W.K. & Markman, H.J. (Eds.) 1997. **Clinical handbook of marriage and couples intervention.** Chichester. John Wiley & Sons.
- 61.) Scanzoni, L.D. & Scanzoni, J. 1988. **Men, women and change. A sociology of marriage and the family.** Third Edition. New York: McGraw-Hill.
- 62.) **Statistic South Africa. 2000. Marriages and divorces 1997 and 1998.** Statistical Release P0307. Pretoria: Stats SA.
- 63.) Stein, M. 1994. **In midlife.** Texas: Spring Publications Inc.
- 64.) Steinberg, L. 1985. **Adolescence.** New York: Alfred A. Knopf, Inc.
- 65.) Van Staden, S. 1992. **Om heel te word.** Pretoria: HAUM-de Jager Uitgewers.
- 66.) Wilkens, R. 2001. **Onderhoud met Dr. Wilkens, akademikus aan die Universiteit van Vista.** 8 Oktober, Brooklyn: Pretoria.

15 Februarie 2002

Geagte Gesin,

Ek is tans besig met 'n navorsing vir 'n Meestersgraad in Maatskaplike Werk aan die Universiteit van Pretoria. My tema is soos volg: ***Die invloed van adolessensie op die huweliksbevrediging van die ouers in die fase van die vroeë middeljare.*** Die doel van hierdie navorsing is om te probeer vasstel of die fase van adolessensie (tieners) 'n invloed op die huweliksbevrediging van die ouers het. Die navorsing is slegs verkennend van aard. Geen ander Suid Afrikaanse navorsing ten opsigte van hierdie kon opgespoor word nie. Daar is met ander woorde nog nie vasgestel of u tiener 'n positiewe of negatiewe invloed op u as huweliksmaats het nie.

Vir die doel van hierdie navorsing word beplan om van 'n doelbewuste steekproef gebruik te maak waar 25 ouers (50 egmaats) tussen die ouderdom 35 tot 45, met 'n adolessent/e (tussen die ouderdom 11 tot 18) in die gesin, genader word.

U as ouer en adolessent word vriendelik versoek om hierdie vraelys tuis te voltooi. Graag wil ek u versoek dat u die vraelyste in die verskafte koevert verseël. Ek sal u kontak vir 'n gepaste tyd om dit af te haal. Die doel is nie om u bloot te stel aan enige persoonlike betrokkenheid nie, maar om slegs die invloed van adolessensie op die huweliksverhouding te verken.

Daar is aparte vraelyste vir die ouers en vir die adolessent. U as ouer word versoek dat beide man en vrou afsonderlik 'n vraelys sal voltooi. Na voltooiing kan u, u vraelys in die verskafte gemerkte koevert verseël. Al drie die geseëde vraelyste kan dan in die verskafte groot gemerkte koevert verseël word. Alle inligting word vertroulik hanteer en rekenaarmagtig verwerk deur die Universiteit van Pretoria. U word wel versoek om u naam en telefoonnommer te verskaf sodat ek met u kan kontak maak indien ek 'n verdere opvolg wil loods. Ek is aan 'n etiese raad verbonde, en kan u dus verseker dat alle inligting vertroulik hanteer sal word. Ek neem alle vraelyste, geseëld in ontvangs, vanaf die betrokke skool. Die data asook die resultate sal anoniem gepubliseer word en sal daar dus nersens van u, in persoon van melding gemaak word nie.

U kan my vir enige verdere navrae kontak by: 082 5633 635 (of 'n boodskap los).

U samerwerking in hierdie verband word werklik gewaardeer.

Die uwe

CJ EVERT
(Magisterkandidaat)

Hiermee verklaar ek, Mnr en Mev _____,

Tel: _____,

Adres:

_____ my bereidname om deel te vorm
van

die studie. Ek is bewus dat alle inligting vertroulik hanteer en anoniem
gepubliseer sal word.

_____ / _____ / 2002
Meneer **Mevrou**

15 Februarie 2002

Geagte Respondent; die adolessent

Ek is tans besig met 'n navorsing vir 'n Meestersgraad in Maatskaplike Werk aan die Universiteit van Pretoria. My tema is soos volg: ***Die invloed van adolessensie op die huweliksbevrediging van die ouers in die fase van die vroeë middeljare.*** Die doel van hierdie navorsing is om te probeer vasstel of die fase van adolessensie (tieners) 'n invloed op die huweliksbevrediging van die ouers het. Die navorsing is slegs verkennend van aard. Geen ander Suid Afrikaanse navorsing ten opsigte van hierdie kon opgespoor word nie.

Vir die doel van hierdie navorsing word beplan om van 'n doelbewuste steekproef gebruik te maak waar 25 ouers (50 egmaats) tussen die ouderdom 35 tot 45, met 'n adolessent/e (tussen die ouderdom 11 tot 18) in die gesin, genader word.


Jy as adolessent word vriendelik versoek om hierdie vraelys tuis te voltooi. Die doel is nie om jou bloot te stel aan enige persoonlike betrokkenheid nie, maar om slegs die invloed van adolessensie op die huweliksbevrediging te verken.

Daar is aparte vraelyste vir die ouers en vir die adolessent. Jy as adolessent word versoek om die vraelys sal voltooi. Alle inligting word vertroulik hanteer en rekenaarmagtig verwerk. Die data asook die resultate sal anoniem gepubliseer word. Na voltooiing word jy versoek om jou vraelys in die verskafte gemerkte koevert te verseël. Al drie die geseëde vraelyste kan dan in die verskafte gemerkte koevert verseël word. Ek sal 'n gepaste tyd reël om die vraelyste af te haal.

Jou samewerking in hierdie verband word hoog op prys gestel.

Die uwe

CJ EVERT
(Magisterkandidaat)



INDEX OF MARITAL SATISFACTION (IMS)

Name: _____ Date: _____

This questionnaire is designed to measure the degree of satisfaction you have with your present marriage. It is not a test, so there are no right or wrong answers. Answer each item as carefully and as accurately as you can by using the following scale:



Hierdie vraelys is ontwerp om die mate van huwelikstevredenheid wat u tans in u huwelik ervaar, te meet. Dit is nie 'n toets nie, dus is daar nie regte of verkeerde antwoorde nie. Beantwoord asseblief elke item so noukeurig en akkuraat moontlik deur die bostaande skaal te gebruik:

My partner is affectionate enough.	1. _____	My maat is liefdevol genoeg.
My partner treats me badly.	2. _____	My maat behandel my sleg.
My partner really cares for me.	3. _____	My maat gee regtig vir my om.
I feel that I would not choose the same partner if I had to do it over again.	4. _____	Ek voel ek sou 'n ander lewensmaat gekies het as ek weer die kans sou kry.
I feel that I can trust my partner.	5. _____	Ek voel ek kan my maat vertrou.
I feel that our relationship is breaking up.	6. _____	Ek voel ons verhouding verbrokkel.
My partner really doesn't understand me.	7. _____	My maat verstaan my regtig nie.
I feel that our relationship is a good one.	8. _____	Ek voel ons het 'n goeie verhouding.
Ours is a very happy relationship.	9. _____	Ons verhouding is baie gelukkig.
Our life together is dull.	10. _____	Ons lewe saam is oninteressant.
We have a lot of fun together.	11. _____	Ons het baie pret saam.
My partner does not confide in me.	12. _____	My maat neem my nie in sy/haar vertroue nie.
Ours is a very close relationship.	13. _____	Ons verhouding is baie intiem.
I feel that I cannot rely on my partner.	14. _____	Ek voel ek kan nie op my maat staat maak nie.
I feel that we do not have enough interests in common.	15. _____	Ek voel dat ons nie genoeg belangstellings deel nie.
We manage arguments and disagreements very well.	16. _____	Ons hanteer argumente en verskille baie goed.
We do a good job of managing our finances.	17. _____	Ons bestuur ons finansies baie goed.
I feel that I should never have married my partner.	18. _____	Ek voel ek moes nooit met hom/haar getrou het nie.
My partner and I get along very well together.	19. _____	My lewensmaat en ek kom baie goed oor die weg.
Our relationship is very stable.	20. _____	Ons verhouding is baie stabiel.
My partner is a real comfort to me.	21. _____	My maat is 'n groot troos vir my.
I feel that I no longer care for my partner.	22. _____	Ek voel ek gee nie meer om vir my maat nie.
I feel that the future looks bright for our relationship.	23. _____	Ek voel ons verhouding het 'n rooskleurige toekoms.
I feel that our relationship is empty.	24. _____	Ek voel ons verhouding is leeg.
I feel there is no excitement in our relationship.	25. _____	Ek voel daar is geen opwinding in ons verhouding nie.

In order to ensure professional service of outstanding quality, this questionnaire is printed in blue on a white background. Should you suspect that you are given a pirate copy of the original form, please contact us at the following address. It is in your own interest to guard against copyright infringement of this nature.

Copyright (c) 1990, Walter W. Hudson

Illegal to photocopy or otherwise reproduce


1, 3, 5, 8, 9, 11, 13, 16, 17, 19, 20, 21, 23.

Distributed through Walmyr Publishing Company
Represented by Perspective Training College, P.O. Box 1658, Silverton, 0127, Tel: (012) 804-8289, Fax: (012) 804-7412

INDEX OF PARENTAL ATTITUDES (IPA)

This questionnaire is designed to measure the degree of contentment you have in your relationship with your child. It is not a test, so there are no right or wrong answers. Answer each item as carefully and as accurately as you can by placing a number beside each one as follows:

Hierdie vraelys is ontwerp om te meet tot watter mate jy tevredenheid beleef in jou verhouding met jou kind. Dit is nie 'n toets nie, dus is daar nie regte of verkeerde antwoorde nie. Beantwoord asseblief elke item so noukeurig en akkuraat moontlik deur een van die volgende nommers langs elkeen te skryf:



My child gets on my nerves	1	My kind werk op my senuwees.
I get along well with my child	2	Ek kom goed oor die weg met my kind.
I feel that I can really trust my child	3	Ek voel ek kan my kind regtig vertrou.
I dislike my child	4	Ek hou nie van my kind nie.
My child is well behaved	5	My kind is goed-gemanierd.
My child is too demanding	6	My kind is te veeleisend.
I wish I did not have this child	7	Ek wens ek het nie hierdie kind gehad nie.
I really enjoy my child	8	Ek geniet regtig my kind.
I have a hard time controlling my child	9	Dis vir my moeilik om my kind te beheer.
My child interferes with my activities	10	My kind meng in met my aktiwiteite.
I resent my child	11	Ek het 'n weersin in my kind.
I think my child is terrific	12	Ek dink my kind is wonderlik.
I hate my child	13	Ek haat my kind.
I am very patient with my child	14	Ek is baie geduldig met my kind.
I really like my child	15	Ek hou regtig van my kind.
I like being with my child	16	Ek hou daarvan om by my kind te wees.
I feel like I do not love my child.	17	Ek voel asof ek nie my kind liefhet nie.
My child is irritating	18	My kind is irriterend.
I feel very angry toward my child	19	Ek voel baie kwaad teenoor my kind.
I feel violent toward my child	20	Ek voel gewelddadig teenoor my kind.
I feel very proud of my child	21	Ek voel baie trots op my kind.
I wish my child was more like others I know	22	Ek wens my kind was meer soos ander kinders wat ek ken.
I just do not understand my child	23	Ek het bitter min begrip vir my kind.
My child is a real joy to me	24	My kind is 'n wate vreugde vir my.
I feel ashamed of my child	25	Ek skaam my vir my kind.

In order to ensure professional service of outstanding quality, this questionnaire is printed in red on a white background. Should you suspect that you are given a pirate copy of the original form, please contact us at the following address. It is in your own interest to guard against copyright infringement of this nature.

Copyright (c) 1992, Walter W. Hudson


Illegal to photocopy or otherwise reproduce

2,3,5,8,12,14,15,16,21,24.

Distributed through Walmyr Publishing Company
Represented by Perspective Training College, P.O. Box 1658, Silverton, 0127, Tel: (012) 804-8289, Fax: (012) 804-7412



INDEX OF FAMILY RELATIONS (IFR)



Naam / Name: Datum / Date:

This questionnaire is designed to measure the way you feel about your family as a whole. It is not a test, so there are no right or wrong answers. Answer each item as carefully and as accurately as you can by using the following scale:



Hierdie vraelys is ontwerp om te bepaal hoe jy oor die algemeen oor jou gesin voel. Dit is nie 'n toets nie, dus is daar nie regte of verkeerde antwoorde nie. Beantwoord asseblief elke item so noukeurig en akkuraat moontlik deur die bostaande skaal te gebruik:

The members of my family really care about each other.	1. _____	My gesinslede gee regtig om vir mekaar.
I think my family is terrific.	2. _____	Ek dink my gesin is wonderlik.
My family gets on my nerves.	3. _____	My gesin werk op my senuwees.
I really enjoy my family.	4. _____	Ek geniet regtig my gesin.
<i>I can really depend on my family.</i>	5. _____	Ek kan regtig staatmaak op my gesin.
		<i>Dis regtig vir my onbelangrik om by my gesin te wees.</i>
I really do not care to be around my family.	6. _____	Ek wens ek was nie deel van hierdie gesin nie.
I wish I was not part of this family.	7. _____	Ek kom goed oor die weg met my gesin.
I get along well with my family.	8. _____	My gesinslede argumenteer te veel.
Members of my family argue too much.	9. _____	Daar is 'n gebrek aan intimiteit tussen my gesinslede.
	10. _____	Ek voel soos 'n vreemdeling in my gesin.
There is no sense of closeness in my family.	11. _____	My gesin verstaan my nie.
I feel like a stranger in my family.	12. _____	Daar is te veel haatdraendheid in my gesin.
My family does not understand me.	13. _____	
There is too much hatred in my family.	14. _____	My gesinslede is regtig goed vir mekaar.
Members of my family are really good to one another.	15. _____	Mense wat ons ken, respekteer my gesin.
My family is well respected by those who know us.	16. _____	Dit is asof daar baie wrywing in my gesin is.
There seems to be a lot of friction in my family.	17. _____	Daar is baie liefde in my gesin.
There is a lot of love in my family.	18. _____	Lede van my gesin kom goed oor die weg met mekaar.
	19. _____	My gesinslede is oor die algemeen onaangenaam.
Members of my family get along well together.	20. _____	My gesin is vir my 'n bron van groot vreugde.
Life in my family is generally unpleasant.	21. _____	Ek voel trots op my gesin.
My family is a great joy to me.	22. _____	Ander gesinne kom beter oor die weg met mekaar as ons s'n.
I feel proud of my family.	23. _____	My gesin is vir my 'n bron van troos.
	24. _____	Ek voel uitgesluit uit my gesin.
Other families seem to get along better than ours.	25. _____	Ons is 'n ongelukkige gesin.
My family is a real source of comfort to me.		
I feel left out of my family.		
My family is an unhappy one.		

In order to ensure professional service of outstanding quality, this questionnaire is printed in blue on a white background. Should you suspect that you are given a pirate copy of the original form, please contact us at the following address. It is in your own interest to guard against copyright infringement of this nature.

Illegal to photocopy or otherwise reproduce

Copyright (c) 1992, Walter W. Hudson

1, 2, 4, 5, 8, 14, 15, 17, 18, 20, 21, 23

Distributed through Walmyr Publishing Company

Represented by Perspektief Training College, Posbus 20842, Noordbrug, 2522, Tel: (018) 297 3716, Fax: (018) 297 4775

E-mail: info@perspektief.com, Web page: www.perspektief.com